Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg



Prof dr AD Pont

DIE HISTORIESE AGTERGRONDE VAN ONS KERKLIKE REG

Opgedra aan my goeie vriend
Albert Herbst,
as blyk van waardering

Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg

Prof A D Pont

AKADEMIESE HANDBOEKE

DEEL 1

HAUM

PRETORIA . KAAPSTAD

© HAUM Uitgewery, Pretoria, Kaapstad
Eerste uitgawe, eerste druk 1981
ISBN 0 7986 0522 7
Geset en gedruk deur Heer Drukkers, Pretoria

KITAL

Inhoudsopgawe

Woord vooraf 1
Inleidende opmerkings 3
1 Wat is die sin van die verlede? 5
2 Skrif en kerkorde 6
(a) Die negatiewe standpunt 6
(b) Die positiewe standpunt 7
(c) Die kerkbegrip of leer in verband met die kerk 9
(d) Skrif en orde 13
(e) Samevattende opmerkings 15
Aantekeninge 17

AFDELING 1
DIE PRESBITERIAAL-SINODALE KERKREGTELIKE TRADISIE IN NEDERLAND

Hoofstuk 1
Die Londense kerkorde van 1554 19
Aantekeninge 20

Hoofstuk 2
Die Ordonnances Ecclésiastiques van Genève 21
Die teks van die Geneefse orde 22
Inhoudsopgawe van die Geneefse orde 00
Aantekeninge 47

Hoofstuk 3
Die Discipline Ecclésiastique van 1559 48
Inleiding 48
Die teks van die Discipline Ecclésiastique 50
Aantekeninge 54

Hoofstuk 4
Die voorspel tot die convent van Wezel, 1563–1566 55
Kerkordelike reëls van die Waalse sinodes onder die kruis 57
Aantekeninge 69

Hoofstuk 5
Die convent van Wezel 1568 70
Die inhoud van die Wezelse Artikels 71
1 Die meerdere vergaderings 71

2 Die dienaars (van die Woord) en die doktore 72
3 Die kategismus 72
4 Die ouderlinge 73
5 Die diakens 73
6 Die sakramente 73
7 Die huwelik 73
8 Die dissipline 73
Die teks van die Artikels van Wezel 74
Die deurwerking van die Wezelse Artikels 91
Aantekeninge 91

Hoofstuk 6
Die nasionale sinode van Emden 1571 92
1 Inleidend 92
2 Die oorwegende Franse, Calvinistiese invloed 93
3 Leiersfigure wat hierdie sinode bygewoon het 95
Caspar Heidanus 95
Johannes Polyander 96
Hermanus Moded 96
Johannes Taffinus 96
4 Die kerkorde self 97
Die anti-hiërargiese artikel 97
bepalings vir die vergaderings van die ampte 98
Bepalings ten opsigte van die dissipline 101
5 Die teks van die kerkorde 102
6 Die betekenis van die Emdense kerkorde 110
Aantekeninge 112

Hoofstuk 7
Die provinsiale sinode van Holland en Zeeland, gehou te Dordrecht 1574 . . 114
1 Historiese opmerkings 114
2 Die provinsiale sinode 115
Arnoldus Cornelius 1547–1605 115
3 Die inhoud van die kerkorde 116
Aantekeninge 117

Hoofstuk 8
Die kerklike orde wat deur die provinsiale staten van Holland en Zeeland ontwerp is, 1576 119
Die inhoud van die kerkelijke wetten 120
(a) Die predikant 120
(b) Die ouderlinge 121
(c) Die diakens 121

Aantekeninge 122

Hoofstuk 9
Die nasionale sinode van Dordrecht, 2–18 Junie 1578 123
1 Samestelling van die sinode 124
Petrus Datheen 1531/1532—1588 124
Guillaume Feugueray 125
2 Die sinode self 125
3 Die inhoud van die kerkorde 126
4 Die teks van die kerkorde 130
Aantekeninge 143

Hoofstuk 10
Die nasionale sinode van Middelburg, 1581 144
1 Inleidend 144
2 Die samestelling van die sinode 146
3 Die inhoud van die kerkorde 146
(a) Die dienste 147
(b) Die vergaderings van die ampte 150
(c) Die seremonies 150
(d) Die tug 151
4 Aanvaarding deur die owerheid 152
Aantekeninge 152

Hoofstuk 11
Kerkelijke wetten deur die staten van Holland ontwerp 1583 153
1 Inleidend 153
2 Die inhoud van die kerkelijke wetten 153
Aantekeninge 155

Hoofstuk 12
Die nasionale sinode van Den Haag, 1586 156
1 Inleidend 156
2 Die kerkorde self 159
(a) Die dienste of ampte. 159
(b) Die vergaderings 160
(c) Die leer, die sakramente en die ander seremonies 161
(d) Die dissipline 162
3 Die nawerking van die kerkorde 163
Aantekeninge 163

Hoofstuk 13
Kerkelijke wetten te Den Haag ontwerp, 1591
1 Inleidend 164

2 Die inhoud van die voorgestelde wette 165
(a) Die beroep van predikante 165
Aantekeninge 167

Hoofstuk 14
Die nasionale sinode van Dordrecht, 1618–1619 168
1 Inleidend 168
Johannes Bogerman 168
Hermannus Faukelius 169
Festus Hommius 169
2 Die inhoud van die kerkorde 171
(a) Die dienste of ampte 171
(b) Die vergaderings 172
(c) Die leer, sakramente en seremonies 173
3 Die teks van die kerkorde 176
4 Opmerkings oor die Dordtse kerkorde 186
5 Die ontwikkeling op kerkregtelike vlak na Dordrecht 1619 188
Aantekeninge 188

AFDELING 2
OORSIG VAN DIE BELANGRIKSTE BEGINSELS VAN DIE PRESBITERIAAL-SINODALE SISTEEM VAN KERKREGERING

Hoofstuk 15
Die uitgangspunt
1 Die historiese agtergrond 190
2 Jesus Christus as Hoof en Heer van sy kerk 192
Aantekeninge 195

Hoofstuk 16
Die dienste of ampte
1 Die amp van ouderling 199
(a) Die dienaar van die Woord of predikant 199
(b) Die amp van die doktor of professor in die teologie 207
(c) Die amp van regerende ouderling 209
(i) Die regering en die handhawing van die dissipline of orde . . 210
(ii) Die opsig oor die ander ampsdraers 210
(iii) Huisbesoek deur die ouderling 211
(iv) Die verkiesing tot die amp 212
2 Die amp van diaken 213
(a) Die verkiesing 213
(b) Die konstituerende elemente van die dienswerk 214
(i) Die insameling van aalmoese 215

(ii) Die uitdeel van aalmoese 215
(iii) Die besoek en vertroosting van die armes 215
(iv) Die verantwoording 216
Aantekeninge 216

Hoofstuk 17
Die vergaderings
1 Inleidend 220
2 Plaaslike gemeente en algemene kerk 221
3 Die kerkraadsvergadering 224
(a) Die totstandkoming 224
(b) Die arbeidsveld 225
(c) Die samestelling of lede van die kerkraad 226
(d) Die gesag van die kerkraad 228
4 Die meerdere vergaderings 228
5 Die verhouding van die kerkraad tot die meerdere vergaderings . . 229
(a) Die afvaardiging 229
(b) Die amp 230
6 Die klassikale vergadering 231
(a) Die instelling 231
(b) Arbeidsveld 232
(c) Samestelling 233
7 Die provinsiale of partikuliere sinode 234
(a) Samestelling 234
(b) Arbeidsveld 235
8 Die nasionale sinode 235
(a) Samestelling 236
(b) Arbeidsveld 236
Aantekeninge 237

Hoofstuk 18
Die leer, die sakramente en die ander seremonies
1 Die leer en die belydenis 239
(a) Historiese opmerkings 239
(b) Die funksie van die belydenisskrifte 242
2 Die doop 243
3 Die nagmaal 245
(a) Die toelating 245
(b) Die nagmaalsviering 246
(c) Reëlmaat van die nagmaal 246
4 Begrafnisdienste of lijkpredicatiën 247
5 Vas- en biddae 248
6 Die Sondag en die Christelike feesdae 249

7 Die huweliksbevestiging 254
Aantekeninge 255

Hoofstuk 19
Die sensuur en die kerklike vermaning
1 Inleidende opmerkings 256
2 Begripsomskrywing 257
3 Die doel van die tug 259
4 Die ampte belas met die tuguitoefening 259
5 Die heimlike en openbare sondes 260
6 Versoening 261
7 Ontsegging van die gebruik van die nagmaal 262
8 Die afsnyding of ekskommunikasie 262
9 Sensuur oor die ampte 264
10 Die Censura Morum of Christelike sensuur 266
Aantekeninge 266

Hoofstuk 20
Die verhouding tussen kerk en owerheid volgens die Nederlandse kerkregtelike opvattings
1 Inleidend 267
2 Die heerskappy van God en wat dit in die kerklike en burgerlike wêreld beteken 269
3 Die ordening van die burgerlike gemeenskap 272
4 Die onderskeid tussen kerk en owerheid 273
5 Die plig en taak van die owerheid ten opsigte van die kerk . . . 274
6 Die reg van die kerk om hom teen 'n onderdrukkende owerheid te verset 276
Aantekeninge 278

Woord vooraf

Die studie van die vak Kerkreg, asook die vraag na die orde van die kerk, is sake wat van akademiese sowel as kerklike belang is. In ons akademiese opleiding was die studie van die Kerkreg vir baie jare grotendeels bepaal deur 'n bespreking en ondersoek van die kerkordenende reëls, soos dit in die *Kerkwet* voorkom. Hoewel besef is dat die *Kerkwet* self die resultaat van 'n lang ontwikkeling is, was en is dit nie so eenvoudig om die historiese agtergronde van die *Kerkwet* sonder meer na te gaan nie. Verskillende buitelandse publikasies het wel tekste van die ou kerklike ordes gebied, maar vanweë die feit dat die publikasies nie altyd so maklik bekombaar en beskikbaar is nie, is die studie en die verstaan van die historiese agtegrond van ons *Kerkwet* dikwels bemoeilik. Dit het dan ook beteken dat dié studie of navraag maar alte dikwels van sekondêre bronne gebruik moes maak.

In ons kerklike lewe word ook dikwels vrae gevra na die herkoms en die vormgewing van bepaalde kerklike reëls en standpunte. Die vrae is nie altyd so maklik beantwoordbaar nie, omdat die historiese agtergrond nie tot die vlak van algemene of maklik bekombare kennis behoort nie.

Om aan hierdie behoefte, op akademiese en op kerklike vlak, te voldoen, is hierdie versameling van ou kerkordes gemaak. Uit die aard van die saak is nie al die sestiende-eeuse Nederlandse kerkordes hier opgeneem nie, maar alleen dié wat vir die verstaan van die historiese agtergrond van ons *Kerkwet* noodsaaklik geag is.

Slegs die kerkorde van Genève 1561 en die samevatting van die kerkordenende reëls van die Nederlandse provinsiale sinodes uit die jare 1563 tot 1566, word hier in Afrikaans aangebied. Die ander ordes word in Nederlandse vorm aangebied. Ter wille van die verstaanbaarheid is die sestiende-eeuse tekste nie gebruik nie, maar meer moderne Nederlandse weergawes wat vir die Afrikaanse student en leser lees- en verstaanbaar sal wees. Terselfdertyd is daar 'n historiese inleiding en ander historiese materiaal by elkeen van dié ordes gegee, sodat die vormgewing van die kerklike lewe in sy historiese raamwerk gesien en waardeer kan word. As afsluiting is daar dan ook 'n bespreking van die belangrikste uitgangspunte en beginsels van hierdie reeks kerklike ordes. Dit is 'n poging om die kerkordenende reëls saam te vat en te sistematiseer sodat 'n oorsig van die geheel gekry kan word.

Dit is vanselfsprekend en duidelik dat die kerkordes wat aangehaal word nie die geheel van die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike tradisie verteenwoordig nie. Hierdie kerkordes stel die beginsels van die kerklike orde. Die toepassing daarvan word in die handelinge van die provinsiale sinodes, die klassikale en kerkraadsvergaderings gevind. Uit die aard van die saak kan daardie materiaal nie hier weergegee word nie. Daarom maak die uiteensetting wat hier gegee word ook nie aanspraak op volledigheid nie, maar is dit slegs 'n uitgebreide inleiding

tot die presbiteriaal-sinodale vormgewing van die kerk. Die hoop bestaan dat hierdie gegewens sowel by die universiteit in die opleiding as in die lewe van die kerk, 'n sekere bruikbaarheid sal hê.

Ten slotte is dit vir my 'n voorreg om hierdie werk op te dra, as blyk van waardering, aan my goeie vriend Albert Herbst. Reeds van die middel van die vyftigerjare het ek die voorreg om op bepaalde vlakke met hom saam te werk. Baie van sy vrae, en die vele indringende gesprekke wat ons kon voer, het my gestimuleer om aan sommige van die sake wat hier behandel word, aandag te gee. Ek is daarvan oortuig dat sonder sy steun, aanmoediging en belangstelling hierdie werk nooit sou verskyn het nie.

A D Pont
Departement Kerkgeskiedenis
Universiteit van Pretoria
Februarie 1981

Inleidende opmerkings

Die historiese agtergrond of die wortels van ons kerklike orde of leefwyse met sy reëls en gebruike, is nie altyd so voor-die-hand-liggend nie, want dit gaan ver terug. Wanneer in die sestiende eeu die vadere die kerk hervorm na leer en lewe, kom hulle ook voor die vraag te staan hoe die organisasie van *die kerk*, die gemeenskap van die gelowiges, die liggaam van Christus op aarde, moet wees. Allerweë het hulle erken dat Jesus Christus die enige Hoof en Heer van sy kerk is en dat Hy, tot vandag toe, sy kerk deur sy Woord en Gees regeer. Die vraag was hoe daardie saak kerkordelik in die lewe van die gemeente verwerklik moet word. Dié vraag is deur verskillende hervormers verskillend beantwoord.

Martin Luther in Duitsland, Huldrych Zwingli in Duitssprekende Switserland en Martin Bucer in Straatsburg probeer elkeen, op sy eie manier, om 'n antwoord op dié vraag te gee. Tog is dit duidelik dat vir hierdie hervormers die vraag na die leer van die kerk méér gewig dra as die vraag na die ordening of organisasie van die kerk. Dit is eers Johannes Calvyn, die geniale hervormer van die tweede generasie, wat duidelik besef dat die kerklike orde van die hervormde kerk net so belangrik is as die hervormde leer. Die kerk is en moet immers die draer wees van die ware evangelie en om daardie taak reg te kan doen, moet die kerk ook 'n regte organisasie of struktuur hê. Calvyn word deur beginselvaste dinkwerk wat hy op die vlak van die ordening van die kerk doen, die vader van die Bybels-reformatoriese presbiteriaal-sinodale kerklike orde. Hierdie presbiteriaal-sinodale kerklike orde het oral waar die Calvinisme getriomfeer het, die grondpatroon van die orde van die hervormde kerke geword. Waar in Nederland die Calvinisme die heersende teologiese stroming word, is dit vanselfsprekend dat die kerk daar ook volgens hierdie presbiteriaal-sinodale orde ingerig is.

Wat ons kerk betref, lê die beginpunte van ons kerklike orde by die convent van Wezel 1568 waar ook in sekere sin die beginpunt lê van die geordende Nederlandse Hervormde Kerk. Uit daardie kerk, wat deur Jan van Riebeeck in April 1652 op ons vaderlandse bodem oorgeplant is, het ons kerk gegroei en is ook ons kerkordelike denke baie lank deur die kerklike reg, soos dit in Nederland ontplooi het, bepaal. As die convent van Wezel 1568 as 'n beginpunt geneem word, dan is dit egter duidelik dat die vadere wat daar vergader reeds 'n taamlike kerkordelike tradisie het om op terug te val. Om daardie kerkordelike tradisie enigsins te kan evalueer, word daar ook aan vier stukke kerkordelike arbeid uit die sestiende eeu aandag gegee. Dit is dan die *Londense kerkorde*, die orde wat die oudste georganiseerde Nederlandssprekende gemeente opgestel het. Hoewel dié kerkorde nie in die lyn van die Calvinistiese kerkordes lê nie, het dit tog invloed gehad op die convent van Wezel. Dan volg die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1561 uit Genève. Dit is die kerkordelike vorm waarin Johannes Calvyn, vir sover die burgerlike owerheid van Genève dit toegelaat het, sy ekklesiologiese opvattings gegiet het. Hier word die grondlyne vir ál die daaropvolgende Calvinistiese ordes

getrek en hieruit blyk Calvyn se geniale organisatoriese sin. Met sy kerkorde skep Calvyn 'n kerklike organisasie wat feitlik onveranderd ten opsigte van sy hoofmomente bly voortbestaan het. Omdat die Geneefse kerkorde so belangrik is, word hier 'n vertaling van die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1561 aangebied. Die 1561-uitgawe van die *Ordonnances* is effens uitgebreider as die ouer uitgawe van 1541, maar wat die wesenlike sake betref, is dit dieselfde. Calvyn was immers een van daardie begenadigde kerkleiers en geleerdes wat nooit nodig gehad het om wat hy eenmaal geskryf het ooit daarna weer werklik te wysig nie.

Dan word ook die vertaalde teks van die *Discipline Ecclésiastique* van 1559 wat deur die Franse Hugenotekerk opgestel is, weergegee. Dié kerkorde het 'n groot invloed gehad op die eerste hervormde gemeentes wat in die suidelike Franssprekende deel van die destydse Nederlande (wat vandag België is) ontstaan het. Omdat dit ook 'n kerkorde was wat vir al die hervormde gemeentes in Frankryk gegeld het, is dit die eerste Calvinistiese kerkorde waar die meerdere vergadering voorkom. As sodanig het dit in Nederland groot invloed uitgeoefen.

Die Nederlandse gemeentes in die suide, die sogenaamde Waalse of Franssprekende gemeentes, het in die jare 1563–1566 'n aantal provinsiale sinodes gehou waar belangrike kerkordelike besluite geneem is. As dié gemeentes, onder die geweldige druk van die Roomse vervolging in die jare 1565–1567 feitlik ondergaan, bly hulle sinodale *acta* behoue. Dié tradisie speel óók 'n rol wanneer by Wezel 'n nuwe begin gemaak word.

Daarna word die convent van Wezel 1568 aan die orde gestel en bespreek en die teks van die ontwerp-kerkorde word in 'n meer verstaanbare Nederlands as die sestiende-eeuse vorm, hier opgeneem. Daarvandaan kom die eerste nasionale sinode wat in 1571 te Emden gehou is aan die beurt. Vandaar loop die kerkordelike tradisie dan min of meer reglynig deur na die nasionale sinode van Dordrecht 1618–1619, wat die klassieke formulering gee van die Nederlandse kerkordelike denke, soos dit in die sestiende eeu ontstaan het.

Op grond van hierdie tekste én materiaal word dan 'n karakteristiek gegee van die presbiteriaal-sinodale vorm van kerkregering soos dit in die Nederlandse Calvinistiese kerk ontwikkel het. Hierdie presbiteriaal-sinodale kerkordelike tradisie vorm die één groot lyn van ons kerkregtelike agtergrond. Die ander, minder bepalende lyn, word gevorm deur die kollegiale kerkreg wat in 1816 in Nederland na vore kom en wat in baie opsigte verwoestend op die presbiteriaal-sinodale kerkordelike tradisie met sy noue verbintenis aan die belydenisskrif en die Heilige Skrif ingewerk het. Daardie invloed word ook, wat ons kerk betref, nagegaan. Die beginpunt van die kollegiale kerkregtelike tradisie lê, wat ons kerk betref, by die kerkordonnansie van kommissaris-generaal J A de Mist wat in 1804 geldigheid gekry het. Op grond daarvan het die eerste Suid-Afrikaanse kerkwet tot stand gekom, naamlik die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika* van 1824. Die kerkwet wat ook in die Voortrekkerkerk gebruik is vir sover dit toepasbaar was, is wat ons kerk betref in 1862 vervang deur die *Reglementen voor de Neder-*

duitsche Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Daardie *Reglementen* het vir 'n groot deel die grondpatroon van ons kerk se kerkordelike strukturering gebly totdat in 1950, in navolging van die Nederlandse Hervormde Kerk, 'n nuwe kerkwet opgestel is. Die 1950-kerkwet het die sterk administratief-bestuurlike element van die kollegiale tradisie weer gereduseer en meer ruimte gelaat vir die uitbou van die presbiteriaal-sinodale tradisie in ons kerk.

1 Wat is die sin van die verlede?

Die vraag kan met 'n mate van reg gevra word, waarom die hele kerkregtelike tradisie van ons kerk, wat uiteindelik teruggevoer kan word tot by Calvyn se *Ordonnances Ecclésiastiques*, ter sake is wanneer oor die kerklike orde besin word. Daarvoor kan in die eerste plek verwys word na die convent van Wezel wat in 1568 verklaar het dat die kerklike orde van dié kerk wat inderdaad liggaam van Christus op aarde met Jesus Christus as sy enige Hoof en Heer is, op drie grondslae berus, naamlik die Heilige Skrif, die voorbeeld van die apostels én "de gestadige gewoonten der kerken" of die kerkregtelike tradisie wat in die kerk geld. Juis in die voortdurende gewoonte of tradisie lê daar 'n ryk bron van materiaal wat nie alleen baie van ons kerklike reëls en gebruike verklaar nie, maar ook fundeer.

Onder invloed van die kollegiale kerkreg en ook die Duitse kerklike reg het daar 'n gewoonte ontstaan om die kerk bloot as '*n vrywillige vereniging* te beskou wat struktureel en juridies nie anders is as enige ander vrywillige vereniging, klub of genootskap nie. Vanuit dié gesigspunt word dan geoordeel dat kerkregtelike probleme wat opduik opgelos kan en moet word deur slegs na die burgerlike reg te gaan en daar kers op te steek. Hoewel die burgerlike reg en die owerheid 'n *ius circa sacra* het, het die Calvinistiese kerk nog altyd ontken dat die owerheid seggenskap in die kerk het of dat enige ander reg binne die kerk kan geld as net die kerk se eie reg wat 'n *ius sui generis* of wel 'n eiesoortige reg is.

Terwyl die kerk sy eie kerklike reg primêr op die Heilige Skrif baseer en ook op sy eie, voortdurende gewoonte, is dit nie minder as reg dat daar behoorlik kennis geneem sal word van die agtergronde van die kerklike reg nie. Daaruit en nié uit die burgerlike reg nie, moet die kerk sy kerkregtelike wysheid put. Dit is soms 'n vraag of die presbiteriaal-sinodale tradisie of die kollegiale tradisie, wat later is, die belangrikste element in ons tradisie is. Dit wil voorkom dat waar ons kerk gekies het om nie vas te hou aan één of ander sestiende-eeuse kerkorde en dit byna kanoniseer, soos met die Dordtse kerkorde van 1619 gebeur het, dit tog so is dat die Calvinistiese kerkregtelike tradisie en begingsels swaarder moet weeg as die kollegiale tradisie wat uit 'n teologiese standpunt voortvloei wat nooit in ons kerk as skriftuurlik of bepalend aanvaar is nie. Uiteindelik sal die Skrif en die belydenisskrif die toetssteen wees om te bepaal welke tradisie of gegewens uit die tradisie aanvaarbaar is of nie. Terwyl die Calvinisitiese kerkordes, anders as dié uit die kollegiale kerkregtelike tradisie, die duidelike pretensie het om op die Woord van God te berus, terwyl daardie tradisie ook in die praktyk

nagevors kan word en sy bruikbaarheid beoordeel kan word, sal daar altyd méér gewig aan die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike tradisie gegee moet word.

Wat hier aangebied word, is nie 'n volledige beeld of weergawe van dié twee tradisies wat in ons kerkregtelike lewe 'n rol speel nie, maar slegs die hooflyne en steunpunte van daardie tradisies. Die prentjie sal nog verder uitgewerk kan word deur uitvoerige navorsing van hoe die beginsels in die praktyk van die kerklike lewe toegepas is. Tog behoort slegs die trek van die hooflyne wel duidelik te maak hoe ook die Calvinistiese kerke voortdurend geworstel het om trou te bly aan Gods Woord én trou te bly aan die primêre taak van die kerk om 'n lewende getuie van Jesus Christus in die wêreld te wees. Uit daardie worsteling, kerkregtelik gesproke, kan ons van vandag heelwat leer en behoort dit ons ook in staat te stel om met geloof en wysheid die struktuur van die kerk altyd so te hou dat dit diensbaar is aan die evangelie van Jesus Christus wat sy loop in die wêreld moet hê.

Om die saak van die agtergrond van die kerklike reg ook 'n oomblik vanuit 'n meer teologiese hoek te bekyk, moet ook 'n oomblik gelet word op die noodsaaklike samehang tussen Skrif en kerkorde.

2 Skrif en kerkorde

Wanneer hierdie saak van Skrif en kerklike orde of organisasie ter sprake kom, dan word dit betreklik gou duidelik dat dit 'n taamlik netelige vraagstuk is. Die vraag of 'n kerklike organisasie-vorm uit die Skrif afgelees kán word, word dan ook al vir baie jare skerp negatief beantwoord. Andersyds is dit tog weer so dat ons reformatoriese vadere, teenoor die papale kerk, baie duidelik met 'n beroep op die Skrif die presbiteriale, sinodale kerklike organisasie opgebou het. Hier is dus 'n botsing van opvattings en dit in die geledere van teoloë en ook kerkregtelike deskundiges wat hulle argumente primêr uit die Skrif alléén wil haal. Miskien is dit tog goed om, al is dit baie kortliks, net 'n paar voorbeelde te gee van die verskillende opvattings wat hier heers.

(a) *Die negatiewe standpunt*

Baie bekend is miskien die uitspraak van die Duitse kanonikus, Rudolph Sohm, wat in 1892 reeds gesê het:[2]

> "Das Christentum ist in die Welt hereingekommen, überirdisch, überweltlich . . . Gerade diese Welt des Geistlichen gilt es zu erschauen, wenn die Erzeugung von Kirchenrecht und seine ganze fernere Geschichte verstanden werden soll.
>
> Aber diese Welt des Geistlichen kann nicht mit juristischen Begriffen erfasst werden. Noch mehr, ihr Wesen steht zu dem Wesen des Rechtes im Gegensatz. Das geistliche Wesen der Kirche schliesst jegliche kirchliche Rechtsordnung aus. In Widerspruch mit dem Wesen der Kirche ist es zur Ausbildung von Kirchenrecht gekommen. Diese Thatsache beherrscht die Geschichte des Kitchenrechts von der ersten Zeit bis heute".

Hierdie duidelike én negatiewe standpunt oor die verhouding van Skrif en kerklike

orde, het na Sohm nogal taamlik navolging gevind. In die Duitssprekende wêreld was dit veral Emil Brunner wat aan hierdie argument verder vaart gegee het. Hy maak byvoorbeeld die stelling:[3]

> "Die Ekklesia des Neuen Testaments, die Gemeinde Jesu Christi, ist reine Personsgemeinschaft und hat nichts vom Charakter einer Institution an sich; es ist darum irreführend, irgend eine der historisch gewordenen Kirchen, die alle den Charakter von Institutionen haben, mit der Christusgemeinde zu identifizieren".

Die georganiseerde, sigbare kerklike instituut, so stel Brunner dit, is nie en kan nooit die ekklesia van die Nuwe Testament wees nie en is maar 'n middel, op sy beste, om op 'n gebrekkige wyse 'n sigbare gestalte aan die ekklesia te gee.[4] Skerp is dan ook sy afwysing van die papale kerklike organisasie wat hy sien as die konsekwente oorwoekering van die geestelike gemeenskap wat die ekklesia is deur die juridies-institusionele wat die kerk is.[5] Hierdie argument is in die Nederlandse kerklike wêreld in die veertiger- en vyftigerjare, toe die Nederlandse Hervormde Kerk besig was met die opstel van 'n nuwe kerkorde, weer met klem na vore gebring, onder andere deur manne soos A M Brouwer, die destydse Utrechtse Nuwe Testamentikus, A A van Ruler en nog andere.[6] Dit het op sy beurt weer aanleiding daartoe gegee dat 'n hele reeks publikasies in hierdie verband die lig gesien het. Die omvattendste is dan seker die proefskrif van A J Bronkhorst, *Schrift en Kerkorde*, wat in 1947 verskyn het.

In hierdie negatiewe beoordeling van die verhouding Skrif en kerklike orde, wat hierbo genoem is, lê daar tog 'n paar argumente verskuil wat nie dadelik na die oppervlakte kom nie. Sowel Sohm as Brunner redeneer vanuit die kerklike posisie soos dit in Duitsland bestaan het, terwyl Brouwer en sy landgenote uit 'n min of meer gelykwaardige standpunt redeneer. In al dié gevalle het ons te make met kerke en kerklike organisasies wat nogal nou verknoop was en is aan die staat én die regsorde wat deur die betrokke owerhede gehandhaaf is. Daar was die owerheid-staat die juridies-organisatoriese faktor, terwyl die kerk dan gesien kan word as die suiwer geestelike. Omdat nòg in Duitsland, nòg in Nederland die staat se regsorde op 'n positiewe, Christelike basis gebou is, was daar en kon daar ook 'n kloof ontstaan tussen die juridies-organisatoriese vorm, waarin die kerk deur die owerheid-staat gevoeg is én die kerk se eie verstaan van homself op grond van Skrif en soos uitgedruk in die belydenis.

(b) *Die positiewe standpunt*

Dit is dan ook nie so vreemd dat, veral in die Calvinisties-gereformeerde teologie van meet af 'n positiewe moontlikheid gesien is om 'n kerklike orde uit die Heilige Skrif af te lees nie. Feitlik oral waar Calvinistiese, hervormde kerke in die sestiende eeu na vore gekom het, het dié kerk immers los van die owerheid-staat gestaan. Dit het beteken dat die kerklike reg as eiesoortige reg, afgelees en afgelei uit die Skrif, na vore kon kom en dat 'n kerklike organisasie gebou kon word wat,

minstens wat sy groot grondlyne betref, op die aanwysings van die Skrif gebou is. Hier is Calvyn se stelling seker van primêre waarde waar hy stel:[7]

> ". . . dat ek slegs dié menslike ordeninge goedkeur wat op die gesag van God gebou is en afgelei is uit die Skrifte sodat hulle geheel en al as goddelik beskou kan word."

Hoewel Calvyn nié bedoel dat elke kerklike reël of ordening dus direk met 'n Skriftuurbewysplaas moet korreleer nie, beskou hy die kerklike orde as goddelik "in so verre as wat dit 'n deel is van die betaamlikheid (decorum), wat ons volgens die opdrag van die apostel moet bewaar en in ag neem."[8] Daardie uiterlike ordenende reëls moet daar wees ter wille van die ordelike struktuur wat die gemeente van God op aarde moet handhaaf.[9]

Dit bring mee, in die reformatoriese tyd, dat die kerklike orde as 'n onderdeel en selfs aanhangsel van die belydenisskrif gesien moet word. Byvoorbeeld by die Geneefse Kategismus en die Confessio Gallicana word die kerkorde as 'n aanhangsel van die belydenisskrif toegevoeg. By die Confessio Helvetica posterior word die kerkorde in die belydenisskrif opgeneem. By die Confessio Scotica word die kerkorde net genoem net soos in die Confessio Belgica (art 30). Die Heidelbergse Kategismus, op sy beurt, kan alléén vanuit die Paltze kerkorde, wat die ontstaan daarvan nodig gemaak het, verstaan word. Van hieruit is dit verstaanbaar dat in die Calvinistiese Hervorming die kerkorde altyd verstaan is as 'n saak wat met die Skrif in ooreenstemming moet wees. So sterk was hierdie opvatting, dat selfs Richard Hooker 15541-600, een van die grondlêers van die Engelse kerkreg stel:[10]

> "Wherefore taking unto him (Calvyn) two of the other ministers . . . they moved and in the end persuaded with much ado, the people (of Genève) to bind themselves by a solemn oath . . . to live in obedience unto such orders concerning the exercise of their religion, and the form of their ecclesiastical government, as those their true and faithful ministers of God's word had, *agreeably to scripture*, set down for that end and purpose."

Nieteenstaande Hooker se groot waardering vir Calvyn en sy kerkordende werk, stel Hooker óók dat die totale kerkorde nié in die Heilige Skrif voorkom nie,[11] en hy maak dan ook 'n duidelike onderskeid tussen "matters of doctrine" wat volledig skriftuurlik verantwoord móet wees én "matters of discipline".[12] Met hierdie argument, waarmee hy die Anglikaanse kerkregtelike standpunt téén die Calvinistiese Puriteine verdedig, raak hy 'n saak aan wat meegebring het dat die kerkorde tóg 'n ander waardering ontvang het as die belydenisskrif. Selfs H Bouwman wat die stelling neerlê "de organisatie der Kerk (is) van Goddelijken oorsprong",[13] stel ook:[14]

> "Daarmee wordt niet uitgesproken, dat Gods Woord een wetboek is, waaruit de Kerk alles, wat voor de regering der Kerk noodig is, kan aflezen maar dat

de hoofdbeginselen der Kerkregering duidelijk in het N Testament word geleerd. Deze algemeene regelen, welke voor alle tijden gelden, zijn door Christus in zijn Woord gegeven en hij liet aan zijne Kerk de vrijheid, om de beginselen toe te passen naar de behoefte der tijden en de omstandigheden".

Dit is dus duidelik dat selfs die positiewe standpunt, naamlik dat 'n kerklike orde uit die Heilige Skrif afgelees en afgelei kan word, 'n gekwalifiseerde standpunt is. 'n Mens kan hier gerus na die opvatting van Koopmans luister:[15]

"Blijkbaar behoort naar de opvatting van de Confessie de kerkorde een minimum te zijn. Er staat geen woord over 'meerdere vergaderingen' of over 'lastbrieven' en andere zaken, die in het latere gereformeerde Kerkrecht een belangrijke plaats innamen. Er wordt slechts gezegd, dat er wel zooiets als een algemeene Kerkorde moet zijn – maar er wordt terstond gewaarschuwd, dat wij daarin gemakkelijk afwijken van hetgeen Christus geordineerd heeft. Eenige eenvoudige regels voor het kerkelijk samenleven volstaan; tot een reglement moet men de Kerkorde eigenlijk niet laten uitgroeien. Het moet niet te politiek toegaan in de Kerk. De Kerk is geen staat en zij is geen gemenebest."

Dit word dus wél duidelik dat dit glad nie so 'n enkelvoudige saak is om die kwaliteit van die kerkorde te bepaal nie en ook die verhouding én die verband van die Heilige Skrif met die kerkorde is nie sonder meer duidelik of voor-die-handliggend nie.

(c) *Die kerkbegrip of leer in verband met die kerk*

As ons nou enkele opmerkings oor die kwaliteit van die kerkorde maak, dan is dit ook reeds uit die vóórgaande duidelik, dat die verband tussen die Heilige Skrif en die kerkorde 'n betreklike verband is. Dit is dan in dié sin dat die Skrif self geen pasklaar kerklike orde in die Nuwe Testament gee nie. Oor dié punt bestaan daar geen diskussie nie.

Calvyn stel in hierdie verband, in sy Kommentaar op 1 Korintiërs 11: 12, dat die kerkorde self ontstaan vanweë die Communi consensu van die lidmate, omdat daar geen uitvoerige ordinationes Dei hiervoor bestaan nie, want, sê hy:

"ons weet dat elke kerk die vryheid het om vir homself 'n orde van regering (politiae formam) op te stel wat vir daardie kerk paslik en bruikbaar is omdat die Heer nie iets bepaalds voorgeskryf het nie".

As daar dus géén pasklaar kerkorde in die Nuwe Testament gegee word nie, dan beteken dit egter nie dat die moontlikheid van 'n skriftuurlike orde nou verval nie. Die Nuwe Testament, hoewel die organisasie van die kerk daar nòg voltooi is, nòg volledig is, gee wél baie duidelike uitsprake oor die nuwe gemeenskap van die gelowiges, die liggaam van Christus op aarde. Dáárdie uitsprake, sistematies saamgevat, vind ons in die kerklike belydenis, die bondige samevatting van die essensiële wat die Heilige Skrif ons leer.

Dit beteken dat die kerkorde as't ware sekondêr gesien moet word ten opsigte van die belydenis. Dit wil sê, die kerkorde is afhanklik van die kerklike leer, die kerklike belydenis oor die kerk soos dit uit die Skrif gesistematiseer word. Die verskil, kerkordelik gesproke, wat daar bestaan tussen die hooflyne van die Lutherse en die Calvinistiese kerkordelike reëlings, die verskil wat daar bestaan tussen die Rooms-papale en die Protestantse kerklike orde, is in die diepste grond geleë in die verskil in opvatting oor die inhoud, betekenis en opdrag van die Godsopenbaring soos in die Skrif gegee. Die waarheidsvraag ten opsigte van die Skrif en die openbaring, sal die ekklesiologie, die locus de ecclesia in die dogmatiek bepaal en eers van daaruit word die moontlikheid van 'n kerklike orde gegee. Die belydenis moet, struktureel gesproke, vóóraf gaan aan die kerklike orde.

Dit beteken dus dat 'n verskil in ekklesiologie, 'n verskil in opvatting oor wat en hoe die kerk, volgens die Skrif is, vanselfsprekend 'n verskil in die kerklike orde na vore sal bring. Hier lê die diepste grond vir die groot verskil tussen die Rooms-papale en die Calvinistiese presbiteriaal-sinodale kerklike ordening. Dit is ook die rede waarom Rudolph Sohm en Emil Brunner 'n ander voorstelling van die kerklike orde het as byvoorbeeld Johannes Calvyn of H Bouwman.

Hoewel dit miskien meebring dat daar nie so iets bestaan soos 'n "algemeen-geldende kerkorde" nie, net so min as wat daar 'n werklike algemeen-geldende belydenisskrif bestaan, lyk dit tog vanuit die Calvinistiese teologie onmoontlik om te poneer dat daar 'n kerklike orde sal kan wees wat vir sy afhanklikheid en interpretasie van die Skrif nie deur die geldende belydenisskrif genormeer word nie. Hiermee kom nou wel die vraag na vore van die funksie en plek van die belydenisskrif in die kerklike orde, maar vir die doeleindes van hierdie uiteensetting, word hierdie vraag nie nou beantwoord nie.[16] Uitgaande van die standpunt dat die belydenisskrif die verstaan van die begrip kerk en sy orde in die breë lyne bepaal, is dit verder noodsaaklik om kortliks aandag te gee aan die ekklesiologie van die belydenisskrifte. Vir ons doeleindes word hier in hoofsaak verwys na die Calvinistiese belydenisskrifte van die sestiende eeu. Uit die aard van die saak sal dit nie moontlik wees om hier volledig op die saak in te gaan nie. Tog is dit wel moontlik om by wyse van illustrasie een faset 'n oomblik van naderby te bekyk.

Die belydenisskrifte gee in hoofsaak twee kenmerke van die kerk of wel notae ecclesiae aan, naamlik die regte Woordverkondiging en die bediening van die sakrament volgens hulle instelling.[17] Die Nederlandse Geloofsbelydenis noem nog 'n derde kenmerk, naamlik die gebruik van die kerklike tug wat grotendeels vanselfsprekend is omdat Woordverkondiging en sakramentsbediening uiteraard alleen binne 'n bepaalde kerklike ordening plaasvind.

As gelet word op die ekklesiologie van die Calvinistiese belydenisskrifte wat dus die kerklike orde bepaal, dan kan vir die doeleindes van hierdie uiteensetting die volgende na vore gebring word:

Die primêre stelling en uitgangspunt is dat Jesus Christus die enige en enigste Hoof en Heer van sy kerk, sy liggaam op aarde is.[19] Die stelling is dan ook al gemaak:[20]

" 'n Kerk wat in sy kerkregering nie konsekwent die grondbeginsel handhaaf dat Jesus, Seun van God, die enigste, lewende en reële Hoof is van sy Kerk nie, vergryp hom aan die kenmerke van die ware Kerk."

Met hierdie argument word 'n toevoeging gemaak tot die notae ecclesiae van die belydenisskrifte. Tog is dié argument wél sinvol as die skriftuurlik-bepaalde omskrywing van die kerk as liggaam van Christus, soos dit in die belydenisskrifte aangetref word, onverkort gehandhaaf word.

Daarby is dit wel duidelik, veral ook met inagneming van artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis én die ander Calvinistiese geloofsbelydenisse dat dit één van die belangrikste voorveronderstellings van die kerklike ordening is. Dit kan selfs so gestel word dat die kerkordes die antwoord is op die vraag: Hoe moet die feit dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van sy kerk is prakties hier op aarde verwerklik word? Selfs die Rooms-papale orde is 'n antwoord op hierdie vraag, hoewel die antwoord wat daar gevind word, naamlik dat die pous die onfeilbare vicarius Christi is, hartgrondig as volkome in stryd met die Skrif deur die Bybels-reformatoriese teologie verwerp word.

Dit gaan dus in die kerklike orde om die vraag hoe die Hoof- of Koningskap van Jesus Christus in en van sy kerk 'n gestalte moet kry. Die éérste antwoord wat op dié vraag gegee word, is: deur die prediking van die evangelie.

Van hieruit volg dan die primêre belangrikheid van die verkondigde Woord, want die kerk is op Christus gegrondves deur die prediking van die Woord, om vir 'n oomblik op Calvyn se spraakgebruik terug te val.[21] Dit is deur middel van die prediking dat die kerk die waarheid proklameer en handhaaf en dit is deur die prediking dat God self die gelowiges roep en die getalle in die kerk vermenigvuldig want, so stel Calvyn dit, as die lewende verkondiging van die Woord sou moes ophou, dan sal die godsdiens gou in verval raak.[22] Die prediking, die uitleg en verkondiging van die Woord staan nooit los van die Woord nie, want dit is die Woord wat eis dat daar in die kerk prediking moet wees. Omdat dit so is, daarom het God ook profete en leraars in die kerk gestel om die draers, die verkondigers van die Woord te wees.[23] Hier lê die wortel van die amp in die kerk, want die opdrag van die amp is om die Woord te verkondig en as sodanig is die amp 'n instrument (organum) van God, 'n middel waardeur Hy werk,[24] waardeur Hy die kerk in aansyn roep.

Van hieruit is dit dan ook weer verstaanbaar waarom die reformatoriese kerklike ordes, byna sonder uitsondering, begin om die skriftuurlike reëls vir die amp neer te lê. Die amp is die éérste pilaar waarop die skriftuurlikverbonde kerkorde gebou word.

As die belydenisskrifte nou nagegaan word, is dit opvallend dat die begrip *amp* baie selde daar gebruik word. Dáár word hoofsaaklik van *diens* en *dienaar* gepraat en wanneer dan méér spesifiek na die verskillende dienste verwys word, is daar sprake van herder (=predikant), leraar (=teologiese professor), ouderling en diaken. Dit is veral die amp van herder wat spesifiek 'n diens, 'n

dienswerk genoem word en die predikant is by voorkeur verbi divini minister, dienaar of bedienaar van die Woord.

Hier word die Nuwe-Testamentiese ampsbegrip gegee. Die ampsdraer is dienaar en daarin lê sy volmag, sy waardigheid én sy gesag. Dienaar van die Woord, dienaar van Jesus Christus, 'n middel waardeur die Hoof en Heer van die kerk dié wat aan Hom behoort versorg, opbou en lei. Daarom is die amp 'n funksionele amp en is daar vir die papale ampsopvatting byvoorbeeld géén ruimte nie, want die amp soos in die belydenisskrifte beskryf, is niks méér as 'n opdrag van die Heer nie en in hierdie diens word deur prediking en tuguitoefening regeer en alleen hy kan regeer wat dien, en alleen hy wat só dien kan dan ook regeer. Soos die Tweede Switserse geloofsbelydenis dit so mooi stel:[25]

> ". . . sed malvit agere cum hominibus per ministerium hominum. Proinde spectandi sunt ministri, non ut ministri duntaxat per se, sed sicut ministri Dei, ut pote per quos Deus salutem hominum operatur".

Die belydenisskrifte gaan dan verder en stel dat nie net die diensamp van die begin af deur die Heer in sy kerk ingestel is nie, maar dat terselfdertyd saam met hierdie instelling die ordening van die gemeentelik-kerklike lewe gegee is . . . "volgens die orde wat ons Heer Jesus ingestel het", sê die Franse geloofsbelydenis.[26]

Rondom die amp word veral gedurende die laaste klompie jare baie diskussie gevoer. As die Nuwe Testament én die sendingsituasie waarin die kerk dan is, in ag geneem word, dan is dit duidelik dat daar 'n baie meer vloeibare situasie heers as vandag by ons. As slegs Efesiërs 4: 11–12 nagelees word, dan word dit al duidelik dat daar meer ampte, dienste of funksies in die Nuwe-Testamentiese gemeente bestaan het as die drietal wat ons vandag ken.

Nou is dit moontlik om ook hier 'n lang ekskursie oor die amp en die ampsteologie na vore te bring, maar dit is vir die doeleindes van hierdie uiteensetting nié noodsaaklik nie. Die vraag is eerder of daar, in die reformatoriese tyd 'n verband tussen die Skrif en die kerkorde op hierdie punt gesien is. Daarop word hier, net vir 'n oomblik gewys op die besluite wat Calvyn in hierdie verband op grond van die Skrif geneem het. Sy keuse word dan grotendeels beslissend vir die opvatting wat ons weer in die belydenisskrifte terugvind.

Die diens-amp wat deur Christus ingestel is, word nou deur Calvyn en op sy voetspoor onderskei in drie ampte en die drie ampte is die pastores ac doctores, die ouderling en die diaken.[27] 'n Mens kan ook, uit die *Institusie* aflei dat daar drie dienste of ampte is en vier funksies van die amp. Andersyds, omdat Calvyn die pastores ac doctores saamvoeg met die seniores en hulle onderskei van die diakens, kan daar ook van 'n tweedeling in die amp gepraat word.[28] Die onderskeiding in drie ampte kom egter in die meeste belydenisskrifte voor én, op grond daarvan, ook in die vroeë kerkordes. Die "sentrale amp", as mens dit so wil noem, is dié van die herder of die minister verbi divini, want hy funksioneer saam met die seniores in die regering van die kerk en ook weer saam met die doctores in die onderwysing van die gelowiges. Die diakensamp staan enigsins daar buite,

maar ook dié dienswerk word onder leiding van die pastor[29] gedoen en is in 'n sekere sin 'n voorbereidende dienswerk vir die ouderlingsamp, aldus Calvyn.[30] Hierdie diens-amp met sy onderskeidings en funksies, is nié hiërargies gestruktureer nie,[31] want dit sou die enige Hoofskap van Christus in die gedrang bring en daarom word die regeertaak van die diens-amp in die hande van die vergaderings van die ampte gelê.[32]

Hierdie diens-amp word dan, onder andere, deur die Heidelbergse Kategismus afgelei uit die drievoudige amp van Christus[33] en vandaar word die diensamp dan met die leer van die algemene priesterskap van die gelowiges gekorreleer. Tog word die amp nié uit die gemeente afgelei nie, maar eerder gesien as 'n gawe van God aan die gemeente,[34] hoewel die gemeente by verkiesing of beroep en bevestiging wel 'n rol speel. Hier is dus nié sprake van 'n demokratiese beginsel nie, maar van 'n Christokratiese ordening, want as dan na die verdere organisasie van die gemeente-kerk gekyk word met sy vergadering van die ampte, word dit duidelik dat dit nié 'n polities-demokratiese orde is nie, maar 'n Christelik-geestelike lewensorde van die liggaam van Christus op aarde.

Hierdie ampsleer van Calvyn wat bepalend geword het vir die kerkordes, het Calvyn self sorgvuldig skriftuurlik verantwoord. Hoewel daar miskien 'n vraagteken gestel kan word agter die opvatting dat die Heidelbergse Kategismus die drie ampte in die kerk in verband bring met die drie ampte van Christus, en hoewel vandag eerder uitgegaan word van die gedagte dat die apostelamp die "oer-amp" in die kerk is en ons ampte daarvan afgelei moet word, bly die feit staan dat die kerkordelike reëls wat vir en rondom die ampte opgestel word, as skriftuurlike reëls gesien en waardeer word. Die ampte, soos ons hulle vandag nog in ons Calvinistiese kerke besit, het baie duidelik deur middel van die belydenisskrif in die kerkorde gekom.

(d) *Skrif en orde*

Met hierdie kort uiteensetting slegs ten opsigte van prediking en amp, word dit duidelik dat die redelik eenvoudige stelling dat die regte verkondiging van die Woord één van die hoofkenmerke van die kerk is, die beginpunt word vir 'n hele uitgebreide beredenering van die amp én die orde van die kerk. Dit gebeur omdat Calvyn self die nadruk daarop lê dat die regte verkondiging van die Woord vanselfsprekend gevolg moet word deur die regte hoor van die Woord. Geloof en gehoorsaamheid moet die onmisbare vrugte van die regte verkondiging wees. Die prediking is die "moeder van die geloof" en die doel daarvan is dat "die gelowiges goeie werke sal doen".[35] Dit kan egter alléén geskied binne 'n bepaalde lewensorde waar die prediking én die effek van die prediking, naamlik die regte lewenstyl, deur die diens-amp gelei sal word.

Uit hierdie opmerking word dit wéér duidelik dat die kerkordelike reël vooráfgegaan (moet) word deur die leerstellige vasstelling van wat die gesistematiseerde inhoud én omvang van die Heilige Skrif is. Dit stel Bronkhorst ook, as hy sê:

". . . maar het is ons gebleken, dat deze NTische gegevens beheerscht worden door de geheel aparte positie, die het apostolaat in de verhoudingen der eerste eeuw inneemt. Om verder te komen zullen wij dus moeten trachten te bepalen welke instantie de met het wegvallen der apostelen opengekomen plaats mag innemen. Tevens moet daarbij worden gerekend met de NTische zendingssituatie."

Maar terselfdertyd bly ook waar wat Calvyn met soveel nadruk stel, dat die kerkorde nié net saamhang met die dogmaties-leerstellige vasstelling van die Skrifwaarheid nie, maar dat die kerkorde *die hele Skrif* in ag moet neem en moet ooreenkom met die reël van 1 Korintiërs 14: 40: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan".

Aan hierdie stellings gemeet, word byvoorbeeld die vraagstuk van die vrou en die amp, besonder interessant. Dit is duidelik dat die kerklike belydenisskrif oor dié saak geen uitspraak gee nie omdat dit nie werklik as 'n moontlikheid in die sestiende eeu gesien is nie.[36] In ons tyd word die moontlikheid om die vrou in die amp te stel, veral vasgeknoop aan die figuur van Fébé, Romeine 16: 1–2, en aan die gegewens van 1 Timoteus 5 en 3: 11. As daarteenoor die Bybelse siening van die vrou en haar plek in die gemeente en samelewing na vore gebring word, word dit duidelik dat dit tog nie so eenvoudig is om die vrou langs die man in die amp te stel nie.[38]

Aan die ander kant, om maar wéér 'n voorbeeld te neem, is die Calvinistiese kerkordelike gebruik dat 'n ouderling en diaken net deeltyds tot die amp geroep word en dan verder net vir 'n tydperk van twee jaar of hoogstens twee termyne van twee jaar, volledig sonder enige Bybelse gronde. Tog is dit in die samehang van die amp, die kerklike orde as 'n geheel en die duidelike anti-hiërargiese bou van die diens-amp en kerkregering 'n volkome logiese en selfs 'n voortreflike reëling. Die behoud van hierdie reëling is, juis in die lig van Calvyn se siening van die kerkorde, van baie groter waarde as die vervanging daarvan deur die lewenslang-dienende ouderling. Laasgenoemde moontlikheid sal juis die anti-hiërargiese tendens van die kerkorde wat die Christokrasie in en van die Calvinistiese kerk beklemtoon, deurkruis. Juis omdat die vadere vanuit die geheel van die Skrif, soos dit ook saamgevat word in die belydenisskrif, die kerklike orde opgestel het, is dit nié so maklik om maar verstellings aan die kerklike orde te maak net omdat op 'n bepaalde punt die nuwere eksegese ons tot ander insigte sou kan bring nie. So het die vadere byvoorbeeld, op grond van die Woord in Lukas 9: 62 en ook Johannes 10: 12 geoordeel dat die predikant lewenslank tot die amp geroep is. Vandag is daardie Skrifverwysings vir ons waarskynlik nie baie oortuigend nie, maar as dit gesien word in die lig van Calvyn se opvatting van dié amp, dan word die saak minder enkelvoudig. 'n Samevatting van Calvyn se siening lui so:[39]

"Quite simply, that essential structure consists in the divine appointment of pastors, or ministers, in whose hands the government of the church is placed. By their agency the church is held together: they are 'the principal sinew by

which the faithful cohere in one body', and without them – indeed, without good pastors, – the church soon falls into ruin. And since the church is the history of the restoration of the original order of creation, we may ascribe to ministers the salvation of the world . . .

Because he does the work of God himself, the minister may be regarded as 'a father to the church', for 'the church of God is not only begotten by means of holy and pious pastors, but . . . its life is also cherished, nourished and confirmed by them to the end."

Geen wonder dat die vadere geoordeel het dat die predikant wat sy diensamp verlaat, 'n droster en verraaier is wat noodwendig onder sensuur geplaas moet word nie.[40]

Dit is dus wél waar dat die kerkorde 'n mengsel is van goddelike reg en menslike reg, soos Karl Barth betoog,[41] maar dit beteken nié dat die menslike reg uit die kerkorde gelig kan word en nou as veranderlik en sonder meer veranderbaar beskou kan word nie. Ook daardie menslike deel van die kerklike orde en reg is nie willekeurig reg nie, maar die resultaat van 'n sorgvuldige luister na die geheel van die Skrif. Eers nádat na die Skrif geluister is én om die leiding van die Heilige Gees gevra is, het die vergaderings van die ampte die kerkorde opgestel. Dáárom kan die convent van Wezel van 1568 die voortdurende gewoonte van die kerke óók as 'n bron vir en van die kerklike orde en reg aandui.[42]

(e) *Samevattende opmerkings*

Dit alles wil nog lank nie sê dat die kerkorde, die belydenis en die Heilige Skrif op dieselfde vlak staan of kan staan nie. Uit die aard van die saak is en bly die Skrif alléén die primêre én die bron van alle kerklike reg en orde. Die belydenis is suiwer kerklik-menslike spreke, die sistematiese samevatting van die geloof van die mens wat deur die Woord en Gees van God gewek is.[43] Dáárdie geloof, daardie verstaan van die geheel van die Skrif bepaal egter ook die kerkordenende, kerkregtelike uitsprake van die kerk. Daarom vloei uit elke nota ecclesiae, soos genoem in die belydenisskrif, vanselfsprekend 'n hele reeks kerkordenende besluite voort. Want die geloof skep juis self orde, die orde van die Hoof en die liggaam. So gesien is en word die belydenis die bron, die wortel, die norm van die kerklike orde, maar dan tog in betreklike sin, want agter die belydenis staan die Woord van God as finale bron, wortel en norm van die kerkorde.

Hierdie organisatoriese samehang van Skrif, belydenis en kerkorde is van fundamentele waarde vir die kerk en as dit versteur word, soos byvoorbeeld in Nederland waar die owerheid in 1816 sy eie kerkorde op die kerk afgedwing het sonder inagneming van òf die Skrif òf die belydenis, dan is die kerk en alles wat die kerk is en wil wees die lydende party. Juis in die geskiedenis van die Nederlandse Hervormde Kerk en sy innerlike worstelstryd vanaf 1816 met ál die ellende wat daaruit voortgevloei het, word duidelik dat die kerklike reg en orde sui generis is en dat dit nie straffeloos vervang kan word met die denke of

opvattings wat nié beheers word deur die waarheid van die Skrif as 'n geheel en die geloof wat uit die belydenisskrifte spreek nie. Dit blyk dan ook verder ten oorvloede dat baie van die "geleentheidswetgewing", wat veels te dikwels in ons kerke voorkom, op die lang duur meer skade as goed doen, en hoewel dit op die kort termyn wel allerlei voordele mag bring, is en was dit nog nooit tot die werklike opbouing van die liggaam van Christus nie.

Uitgaande uit die verhouding dat Christus die enige Hoof en Heer van sy liggaam op aarde is, stel die belydenis die drie bekende notae ecclesiae vas. Daaruit volg die kerkordenende werk van die vadere wat die kerkordes bou rondom die drie gegewenhede van die amp, die godsdiensoefening en die dissipline. Die dissipline omvat die lewe van die gemeente in die ritme van godsdiensoefening tot godsdiensoefening. Dit beteken dat die godsdiensoefening, waar die Woord reg verkondig word en die sakramente na hulle instelling bedien word, slegs die oefening vir die diens van God is wat uitgeleef moet word in die huwelik en familie, in die lewe van die volks- en staatsgemeenskap. Die kerkorde wil dus, vanuit die Skrif soos verstaan deur die belydenisskrif, die lewe van die liggaam van Christus in 'n verantwoorde orde plaas. Dáárom gaan dit in die kerklike orde óók om die lewe van die lede van die liggaam van Christus, die lewe van die lidmaat in die wêreld, in sy huis én in die openbaar.

Die vraag kan 'n oomblik gestel word of dit beteken dat die "klassieke" kerkordes soos in Nederland geformuleer gedurende die sestiende en sewentiende eeu onveranderd gehandhaaf moet word. Daar is destyds, vanuit die reformatoriese verstaan van die Skrif, nie alleen die Nederlandse Geloofsbelydenis geformuleer nie maar ook, op grond van die belydenis én die Skrif, die kerkordes vanaf Emden 1571 tot by Dordt 1619. Dit het, vir sover die kerkordes toegepas kon word én uitgeleef is, aanleiding gegee tot 'n hegte kerklike struktuur wat in staat was om in Nederland 'n diepgaande en selfs blywende invloed uit te oefen.[41] Daardie invloede het ook in ons vaderland 'n vormende invloed op ons Afrikaanse kerklike en openbare lewe uitgeoefen. Dit hoef egter nié te beteken dat die Dordtse formulerings van die sentrale kerkordelike beginsels net so gehandhaaf moet word nie, want die kerkorde, hoewel skriftuurlik van aard, is nog lank nie 'n belydenisskrif nie. Nuwe, eie vormgewing van die kerklike orde, met inagneming van die verbande wat reeds genoem is, moet in 'n reformatoriese kerk in beginsel altyd moontlik wees én bly. Daarby kan in ag geneem word dat ons hedendaagse verstaan van die hele Skrif en sy boodskap, binne die raamwerk van die belydenisskrifte wat onverkort gehandhaaf word, tog wat aksente en klemtone betref, sal verskil van byvoorbeeld die klassieke *Synopsis Purioris Theologiae* van 1624. As dit so is, dan kan en sal daar, binne die raamwerk van die kerklike orde, óók verskille met die klassieke ordes na vore kan kom.

Dit alles toon dat dit wél moontlik is, selfs dwingend is, om 'n duidelike verband tussen die Heilige Skrif via die belydenisskrif na die kerkorde te konstateer. Dit sal beteken dat in die kerkorde die regering van Christus, die Hoof en Heer van sy liggaam, die kerk, volledig verdiskonteer moet word en dat 'n orde wat sy

regering deur sy Woord en Gees formuleer nie anders as skriftuurlik, in die breë sin van die woord, genoem kan word nie. Daarom kan ons ten slotte met Bronkhorst saamstem:[45]

> ". . . dat we niet zullen moeten ophouden, maar onvermoeid voort zullen moeten gaan met te spreken over een schriftuurlijke organisatie. Voor mij is dat . . de presbiteriaal-synodale organisatie. Omdat daarin naar mijn meening nog altijd het beste tot uitdrukking komt, dat Jezus Christus en Hij alleen de kerk regeert, in den onvoltooid tegenwoordigen tijd, in den vollen, eigenlijken en directen zin, door Zijn Geest en Woord."

AANTEKENINGE

1 Artikels van die convent van Wezel 1658, Hoofstuk 1, par 11 soos aangehaal by G H Kersten, *Kerklijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 13. Die Latynse teks stel: in ecclesiarum perpetua. Vgl daarvoor F L Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende Eeuw*, Den Haag, 1889, p 12.
Vgl ook G Voetius, *Politica Ecclesiastica*, 1663, Tom 1 par 1, p 3.
2 Rudolph Sohm, *Kirchenrecht*, Bd 1, Leipzig 1892, *Vorrede*, p x.
3 E Brunner, *Das Missverständnis der Kirche*, Zürich 1951, p 21.
4 E Brunner, *a.a. O.*, p 17.
5 E Brunner, *a.a. O.*, p 19: Die ganze Geschichte der römischen Kirche ist die Geschichte von der forstschreitenden und bis zur letzten Konsequenz folgerichtigen und vollkommenen Institutionalisierung, genauer der Verrechtlichung der Kirche. . . . Im Vaticanum und im Codex iuris canonici wird alles, was die Kirche ist, hat und gibt, dem Kirchenrecht untergeordnet; auch das Aufstellen von Dogmen ist ein Teil der papstlichen potestas iurisdictionis. Darin aber hat die Bewegung, die schon am Ende des ersten Jahrhunderts begann, ihr letztes Ziel erreicht: Die Ersetzung der Persongemeinschaft durch die rechtliche Institution.
6 A J Bronkhorst, *Schrift en Kerkorde*, Den Haag 1947, p 11–14.
7 Joh Calvinus, *Institutio christianae religionis*, iv.x.30 (my vertaling).
8 Joh Calvinus, *l.c.* iv.x.30.
9 Joh Calvinus, *l.c.*, iv.x.31.
10 R Hooker, *Of the Laws of Ecclesiastical Polity* (heruitgawe) London 1963, p 80.
11 R Hooker, *l.c.*, p 283 verv. Hy wy die hele boek 3 van sy uiteensetting aan die bespreking van hierdie vraag.
12 R Hooker, *l.c.*, p 300. So stel hy byvoorbeeld op p 33: The rule of faith, saith Tertullian, is but one, and that alone immoveable and impossible to be framed or cast anew. The law of outward order and polity not so. There is no reason in the world wherefore we should esteem it as necessary always to do, as always to believe, the same things, seeing every man knoweth that the matter of faith is constant, the matter contrariwise of action daily changeable, especially the matter of action belonging unto church polity.
13 H Bouwman, *Gereformeerd Kerkrecht*, Kampen 1970, p 53–74.
14 H Bouwman, *a.w.*, p 324.
15 J. Koopmans, *De Nederlandse Geloofsbelijdenis*, Amsterdam 1939, p 208.
16 Oor hierdie saak is daar heelwat gediskusseer en daar bestaan heelwat publikasies oor hierdie aangeleentheid, nie alleen oor die vraag hoe dit is nie maar ook hoe dit moet wees. Afgesien van A A van Ruler, *Hoe functioneert de belijdenis*? bestaan daar ook nog G P van Itterzon, *Belijnd Belijden*, Kampen 1971 waar in enkele opstelle sorgvuldig oor die saak gehandel word, dan C Augustijn, *Kerk en Belijdenis* Kampen 1969, en ten slotte ook nog D Nauta, *De Verbindende Kracht van de Belijdenisschriften*, Kampen 1969.
19 Daar bestaan natuurlik die moontlikheid, soos by Luther, om méér kenmerke van die ware kerk te poneer, vgl F Brunstad, *Theologie der Lutherischen Bekenntnisschriften*, Gutersloh 1951, S 114 f. Die Calvinistiese notae ecclesiae moet dus nié as absoluut en eksklusief waardeer word nie.

20 In hierdie verband is dit sinvol om kennis te neem van J J van der Walt, *Christus as Hoof van die Kerk en die presbiteriale kerkregering*, Potchefstroom 1976.
21 Joh Calvinus, *Comm Eph* 2.20 en ook Comm. *I Tim* 5: 17.
22 Joh Calvinus, *Comm Deut* 31.9.
23 Joh Calvinus, *Comm Joel* 1: 1–4.
24 Joh Calvinus, *Comm Ps* 105: 31.
25 2 *Helv.* 18 (Ek vertaal): "God wil . . . met mense handel deur die diens van mense. Daarom moet die dienaar nie net as dienaar uit eie volmag nie maar as dienaar van God beskou word, naamlik so 'n dienaar waardeur God sy heil aan die mense skenk."
Vgl in hierdie verband A D Pont, *Amp en Roeping*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jg 32, Pretoria 1977, p 168–180.
26 *Confessio Gallicana* 29: ". . . selon la police que notre Seigneur Jesus Christ a establie: c'est qu' il y ait des Pasteurs, des Surveillans et Diacres (Art 6: 3,4,5; Ef 4; 1 Tim 3) . . ."
27 Joh Calvinus, *Institutio christianae religionis*, IV.iv.1.
28 Vgl hier *Institutio*, IV.iii.8 en ook *Comm Jac* 5: 14 en *Comm I Cor* 12: 18.
29 Joh Calvinus, *Institutio*, IV.iv.5.
30 Joh Calvinus, *Comm I Tim* 3: 13.
31 Oor die vraag of daar by Calvyn die moontlikheid gegee word van 'n ouderling of biskop wat in gesag en bevoegdheid bo sy kollegas sou staan, is daar al heelwat gepubliseer. J Pannier, *Calvin et l'épiscopat*, Strasbourg 1927 meen wel so, maar J McNeill, *The History and Character of Calvinism*, New York 1967, p 217 weerspreek dit.
32 Hier is van kardinale belang die reël wat neergelê word in die *Discipline ecclésiastique*, 1559, art 1 en die bekende "anti-hiërargiese artikel" van die *Emdense Kerkorde* 1571, art 1 wat ook in die DKO teruggevind word.
33 *Heidelbergse Kategismus*, vraag en antwoord 31 en 32.
34 Die uitgangspunt bly hier Ef 4: 11 verv.
35 Joh Calvinus, *Comm Tit* 2: 1.
36 Vgl hier A D Pont, *Aantekeninge rondom die Ampsopdrag van die Diaken*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria sj, Jg, 27, p 8 verv. Hier wys ek op die paar gegewens wat in die sestiende- en sewentiende-eeuse kerkordes en kerkordelike diskussie na vore kom rondom die vraag na die vrou en die diakensamp.
37 Vgl E Engelbrecht, *Diakonein*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria sj, Jg 27, p 76 verv.
38 J L Ainslie, *The Doctrines of Ministerial Order in the Reformed Churches of the 16th and 17th Century*, Edinburgh 1940, p 196.
39 B C Milner, *Calvin's Doctrine of the Church*, Leiden 1970, p 134–135.
40 J L Ainslie, *l.c.*, p 196–197.
41 Karl Barth, *Kirchliche Dogmatik*, Zürich 1955, Bd IV/2, S 765–824.
42 F L Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende Eeuw*, Den Haag, 1889, p 12, dit wil sê *Acta Wezel*, Cap I, 11.
43 C J Mans, *Die Verhouding van Belydenis en Kerkorde*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Pretoria sj, Jg 28, P 134.
44 K Doornbos, *De Synode van Dordrecht* 1618–1619 *getoets aan het Recht der Kerk*, Amsterdam 1967, betoog dat die sentrale beginsels van die Nederlandse kerkordes nie altyd uitgeleef is nie omdat steeds aan die owerheid 'n groot seggenskap in kerklike sake gegee is.
45 A J Bronkhorst, *a.w.*, p 277.

AFDELING 1

Die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike tradisie in Nederland

HOOFSTUK 1

Die Londense kerkorde van 1554[1]

Die Londense kerkorde wat die orde van die oudste Nederlandssprekende gemeente is[2], was in hoofsaak die werk van die predikante Johannes á Lasco, wat reeds in 1551 'n kerkordelike geskrif *Forma ac Ratio etc* die lig laat sien het, Martin Micron en die ouderling Jan Utenhove[3]. Die agtergronde van hierdie Londense kerkorde lê sowel in die opvattings van die Switserse hervormer Huldrych Zwingli, wat deur sowel á Lasco as Micron hoog geag is, as in die kerkordelike reëlings wat deur Martin Bucer vir Straatsburg opgestel is en ten slotte ook die Geneefse praktyk van Calvyn, hoewel dié invloed betreklik is. Die *Ordonnances Ecclésiastiques* is reeds in 1541 uitgegee, maar die invloed op die Londense orde wat in 1554 gepubliseer is, was nie groot nie.[4]

Die inhoud van die Londense kerkorde moet kortliks aangedui word. Dit begin met 'n hoofstuk *Van de Dienaren der Ghemeynte*. Dié ampte is dié van ouderling en diaken. Die ouderlinge word dan verdeel in dié wat in die Woord en leer arbei, naamlik die biskoppe of herders en leraars. Daarnaas is daar die regerende ouderlinge, waaronder die superintendent gereken word. Die *superintendent* is eintlik 'n vreemde figuur wat deur die Engelse koning in sy charter aan die gemeente benoem is. Hoewel hy gereken word tot die regerende ouderlinge, bedien hy ook die Woord en sakrament en is sy taak om toesig en opsig oor die ander ampsdraers te hou.[5] *Die verkiesing van ampsdraers* geskied deur die gemeente wat vooraf 'n vas- en biddag hou. Daarná word die ampsdraers bevestig met die gebruikmaking van 'n formulier waarin die omvang van die amp uiteengesit word, vrae aan die verkose ampsdraer gestel word, die handoplegging, ook vir ouderlinge en diakens gestel word, en ten slotte 'n bevestigingsformule aangegee word. Dan volg hoofstuk 8 *Van den dienste des Wordts*, terwyl die daaropvolgende hoofstuk sorgvuldig die orde van diens in die gemeentelike godsdiensoefening aandui en omskrywe. By die deur, na afloop van die godsdiensoefening, ontvang die diakens die aalmoes vir die armes.[6] Slegs 'n aanduiding hoe oud hierdie gebruik is wat tot vandag toe nog in ons kerk te vinde is.

Hoofstuk 10 handel oor die kategese en daar word bepaal dat veertienjarige kinders toegelaat word tot die nagmaal na die aflegging van belydenis. Besonder interessant is hoofstuk 12 wat handel oor *Van de wyse der Prophetien*, wat elke Donderdagaand gehou word en waar "profete" vrae aan die predikante stel wat dié vrae dan uit die Heilige Skrif antwoord. Die bedoeling van die profesie was die "openbare beprovinghe der leeringhe der predicanten".[7] Hierdie "profesie" is 'n oorname van 'n Zürichse gebruik wat deur Calvyn nié hoog geag is nie.[8]

Die doop en nagmaal en wat daarmee saamhang, word in hoofstukke 13–18 behandel en daarna kom die tug tot en met die afsnyding van die gemeente aan die beurt in hoofstukke 19–25. 'n Hoofstuk oor die buite-kerklikes (28), oor vas- en biddae (29), oor die huwelik (30), siekebesoek (31) en die begrafnis (32) voltooi die Londense kerkorde.

Die Londense kerkorde en veral die liturgiese bepalings daarin vervat, het heelwat invloed uitgeoefen in die Nederlandssprekende kerklike wêreld. Die invloed van hierdie bepalings is dan ook deeglik te Wezel ervaar.

Tog moet daarop gelet word dat die Londense kerkorde, net soos die *Ordonnances Ecclésiastiques*, opgestel was vir die gebruik van 'n stadsgemeente wat maar 'n geringe uitgebreidheid gehad het. Daarom is hier ook nie sprake van bepalings vir meerdere vergaderinge van die kerk nie. Ten opsigte van die reëlings vir meerdere vergaderings wat beslis te Wezel aandag moes geniet, was die Londense kerkorde dus nie van enige hulp nie.

AANTEKENINGE

1 Die teks van hierdie orde word gevind by Martin Micron, *De Christelicke Ordinancien der Nederlantscher Ghemeinten te Londen* (1554), opnieuw uitgegeven en van een inleiding voorzien door dr W F Dankbaar, Den Haag, 1956.
2 Vgl J Lindeboom, *Austin Friars. Geschiedenis van de Ned Hervormde Gemeente te London* 1550–1950, Den Haag 1950.
3 W F Dankbaar, *a.w.*, p 6 verv.
4 Vgl W F Dankbaar, *a.w.*, p 17–23.
5 Vgl W F Dankbaar, *a.w.*, p 44–45.
6 Vgl W F Dankbaar, *a.w.*, p 67.
7 Vgl W F Dankbaar, *a.w.*, p 72. Omdat die Woordverkondiging of die prediking so 'n sentrale plek in die reformatoriese kerklike lewe inneem, was die kontrole van die prediking, dat dit Skrifgetrou sou wees, 'n saak waaraan baie aandag gegee is. Veral voordat daar behoorlike universiteite was en predikante daar opgelei is, het die vraag na die regte prediking steeds bly staan. Calvyn los hierdie saak op deur die ouderling opdrag te gee om toe te sien dat daar reg gepreek sal word.
8 Vgl W F Dankbaar, *a.w.*, p 19. In hierdie verband is besonder interessant die artikel van T F Dreyer, *Die Profetisme tydens die Sestiende Eeu*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, 4e Jaargang, Pretoria 1948, p 20 verv.

HOOFSTUK 2

Die Ordonnances Ecclésiastiques van Gèneve

Na Calvyn se terugkeer in Genève uit Straatsburg, het hy dadelik aandag gegee aan die opstel van 'n behoorlike kerkorde. Calvyn was daarvan oortuig dat as die kerk nie volgens die Woord van God leef nie, sal die openbare lewe óók nie deug nie.

Vir die opstel van die kerkorde het Calvyn saam met ses lede van die Klein Raad gewerk om 'n ontwerp op te stel. Die ontwerp is in 'n betreklike kort tydjie opgestel en daarna is dit voorgelê aan die burgemeesters, die Klein Raad en die Groot Raad van Tweehonderd. Elkeen van dié liggame het groter en kleiner wysigings in die konsep aangebring. Tog was die kerkorde basies 'n skepping van Calvyn wat volkome in lyn met sy denke lê. Op 20 November 1541 is die burgery van Genève met trompetgeskal en klokgelui opgeroep na die St Pierre-kerk en daar is die kerkorde plegtig voorgelees. Calvyn se opvatting was dat die owerheid en die kerk saam moet staan. Die kerk moes die riglyne trek vir die godsdienstige én maatskaplike lewe van die volk, wat kragtens die doop, ook volk van die verbond is. Die owerheid moes die riglyne van die kerk volg en met die owerheidsgesag en die swaardmag die ware diens van God bevorder en beskerm. Dit het in Genève soos elders in die Calvinistiese wêreld egter altyd 'n lastige punt gebly hoe ver die owerheidsgesag gaan en waar die grense van die vryheid van die kerk lê.

Die *Ordonnances Ecclésiastiques* het één van die belangrikste kerkordes van die sestiende eeu geword, omdat die beginsels van die Calvinistiese presbiteriale kerkorde hierin saamgevat word. Opgestel na die aanwysings in die Skrif en met inagneming van die destydse gebruike, het dit op 'n wye vlak navolging gevind, veral ten opsigte van die ampte of dienste, die vergaderings, en die dissipline of tug.

Die *Ordonnances Ecclésiastiques* word in drie hoofdele verdeel. Enersyds handel dit oor *die vier ampte*, naamlik die predikante, hulle opdrag en hulle dienswerk, art, 4–42; die doktore of hoogleraars, art 43–47; die ouderlinge, art 48–55; en die diakens, art 56–68. Die diakens is volgens Calvyn nié deel van die kerkraad nie en hy onderskei hulle ook weer in twee groepe, naamlik diégene wat die armes versorg en diégene wat die siekes moet versorg. Hierdie onderskeiding het egter nie veel navolging gevind nie. Hierdie ampsdraers word almal op 'n vaste wyse tot die amp geroep en daarin bevestig. Die regerende ouderlinge wat saam met die predikant(e) die kerkraad vorm, het die belangrike taak om in die gemeente opsig te hou oor die goeie orde, welvaart en vroomheid van die gemeente.

Die tweede hoofdeel van die *Ordonnances Ecclésiastiques* handel oor die sakramente, art 69–79; die huweliksluiting, art 83–135; die begrafnis, art 136–138; die noodsaaklikheid om siekte aan te meld, art 139; die geestelike versorging van die gevangenes, art 140. Die derde hoofdeel handel oor die opsig en tug, art 141–166. Hierdie orde is ook, volgens die hele inhoud daarvan, duidelik net bedoel vir

die gebruik in die stad Genève. Daarom word hier ook nie gehandel oor meerdere vergaderings nie. Wil mens die Calvinistiese opvattings hieroor nalees, dan is die oudste formulering daarvan die Franse kerkorde van 1559.

Uit hierdie kerklike orde word dit duidelik dat Calvyn hier in samewerking met die stadsowerheid van Genève, soos dit ook in die kerkorde geformuleer word, 'n gemeente wil opbou rondom die konstituerende elemente van die gemeente, naamlik Woordverkondiging en sakramentsbediening. Om die gemeente in hierdie orde, soos dit uit die Heilige Skrif gelees word, te bewaar, word die tugreëlings toegevoeg om te voorkom dat die sakramente ontheilig word en die suiwere leer verbaster word, en om die gemeente te hou by die Christelike lewenswandel.

Die besondere omstandighede waarmee Calvyn te Genève rekening moes hou, bring mee dat die stadsowerheid eintlik te veel seggenskap in die kerklike lewe toegeken is. In die meeste ander reformatoriese kerklike ordes word 'n plek vir die owerheid in die kerklike bedeling nié as gewens geag nie. Dit is egter selde dat daar volmondig in geslaag word om die owerheid slegs 'n gesag rondom die kerk te laat aanvaar. Slegs waar daar 'n vyandige owerheid teenoor die kerk gestaan het, soos in Frankryk, was die Calvinistiese kerk in staat om die rol van die owerheid in die kerklike lewe uitgeskakel te kry.

Dat hierdie *Ordonnances Ecclésiastiques* by Wezel 'n belangrike invloed uitgeoefen het, kan met sekerheid aanvaar word. Haitjema wys daarop dat Hermanus Moded, die sekretaris van die convent, op sy terugreis van Genève na Norwich was en dat dit byna vanselfsprekend was dat hy 'n eksemplaar van die *Ordonnances* by hom sou gehad het.[1] Afgesien hiervan is dit ook duidelik, volgens Haitjema, dat die opsomming van die ampte by Wezel ooreenkom met die formulering in die *Ordonnances*, asook die lyste van "domineeszonden" wat "geenszins te verdragen zijn" (= tolerari nequaquam debent) en dié wat verdra kan word,[2] asook die woorde van die belofte wat die dienaar van die Woord by sy bevestiging moet aflê.

Daar is nie veel verskil tussen die Geneefse kerkorde van 1541 en 1561 nie. Laasgenoemde is slegs 'n uitbreiding met geringe wysigings van die oorspronklike kerkorde. In die 1561 kerkorde is die volgende artikels net so uit die orde van 1541 oorgeneem:

Art 1–10, 13–30, 39, 40, 43–45, 47–50, 55–65, 67–70, 73–82, 136–147, 151–159, 164–166.

Nuwe artikels wat nie in 1541 voorkom nie, is art 11, 12, 31–38, 42, 46, 51–54, 66, 71, 83–135, 148–150, 160–163, 167–173.

Omdat in alle waarskynlikheid die 1561-uitgawe by die convent van Wezel geraadpleeg is, word dié teks in vertaling hier opgeneem.

DIE GENEEFSE KERKORDE VAN 1561[3]

In die Naam van die almagtige God!

1 Ons die burgemeesters van die Klein en Groot Raad het, nadat ons die hele burgery

volgens ons ou tradisies (deur trompet en die groot klok), saamgeroep het, besluit dat dit voor alles noodsaaklik is om:

- die leer van die heilige evangelie van ons Here suiwer te bewaar.
- die Christelike kerk deur 'n goeie orde en inrigting, soos dit hoort in stand te hou;
- die jeug in die toekoms getrou te onderrig; en
- die hospitaal vir die onderhoud van die armes, reg te bestuur.

Al hierdie dinge kan egter alleen dan gebeur as 'n vaste orde en lewenstyl daarvoor opgestel is sodat elkeen op sy plek sy diensopdrag kan nakom. Daarom het dit vir ons goed gelyk om die geestelike leiding weer in 'n goeie orde te bring soos ons Here dit in sy Woord uiteengesit en neergelê het en wat Hy wil hê ons gehoorsaam moet wees. So het ons dan besluit en vasgestel dat in ons stad en ons gebied die volgende kerkorde sal geld omdat ons kan sien dat dit uit die evangelie van Jesus Christus geneem is.

AFDELING I

DIE VIER DIENSTE

2 Ten eerste is daar vier ordes en soort van dienste wat ons Here vir die leiding van sy kerk ingestel het, naamlik die herders (les Pasteurs), dan die doktore (van die Heilige Skrif), vervolgens die ouderlinge en ten vierde die diakens.

3 Verder, as ons die kerk goed georden en ongeskonde wil bewaar, moet ons die volgende vorm van regering handhaaf.

DIE OPDRAG AAN DIE HERDERS

DIE AMP

Die eksamen

4 Die opdrag van die herders, wat deur die Skrif soms ook opsieners, ouderlinge en dienaars genoem word, is om die Woord van God tot lering, tot vermaning, teregwysing en bestraffing in die openbaar en aan die enkelinge te verkondig; om die sakramente uit te deel en om saam met die ouderlinge (en verteenwoordigers van die Raad) die broederlike teregwysing te hanteer.

5 Sodat daar geen wanorde in die kerk sal wees nie, mag niemand sonder 'n beroep hom in hierdie diens indring nie. Daarby moet drie dinge in ag geneem word:

- naamlik die eksamen, en dit is die hoofsaak;
- dan dié sake met betrekking tot die bevestiging van die dienaar;
- derdens, in watter vorm die bevestiging in die diens (of amp) moet geskied.

6 Die eksamen bestaan uit twee dele. Die eerste staan in verband met die leer, naamlik of die beroepene 'n goeie en heilige (in 1541 kom die wisselwoord: *deeglik* hier voor) kennis van die Skrif het, en verder, of hy geskik en bekwaam is om die Skrif tot opbouing van die gemeente te verkondig.

7 Om elke gevaar te vermy dat die kandidaat een of ander dwaalleer aanhang, sal van hom 'n belofte geëis word dat hy hom aan die leer, wat die kerk goedgekeur het, sal hou. Hier sal die inhoud van die Kategismus normatief wees.

8 Om vas te stel of hy bekwaam is om te leer, sal daar vrae aan hom gestel word en sal, in geslote kring, geluister word hoe hy die leer van die Here (la doctrine du Seigneur) uiteensit.

9 Die tweede deel van die eksamen gaan oor sy lewenswandel. Daar moet vasgestel word of hy goeie gewoontes het en of hy hom altyd onberispelik gedra het. Die manier van optrede hier is sorgvuldig deur die heilige Paulus aangedui en dit is paslik dat ons daaraan vashou.

Die beroep

10 Dit is, volgens ons besluit, die beste om hier die orde van die vroeë kerk te volg aangesien die vroeë kerk juis dit bepaal wat die Skrif ons leer:

- die dienaars kies eers diegene wat hulle vir die dienswerk wil beroep, nadat hulle die Klein Raad daarvan kennis gegee het;
- daarna word die kandidaat aan die Raad voorgestel en as hy aanvaarbaar is, sal hy dan aangeneem en aanvaar word;
- dan sal hy 'n getuigskrif ontvang en word hy vervolgens in 'n godsdiensoefening aan die gemeente voorgestel, sodat hy deur die algemene toestemming van die gemeente van die gelowiges aangeneem kan word.

Toevoeging: Besluit van die Groot Raad van 9.02.1560 om te verduidelik hoe die voorafgaande artikel van die voorstelling verstaan moet word en om die misbruike wat hier ingesluip het, te verwyder.

11 Die eerbiedwaardige dienaars het aan ons gestel dat die besluite oor hulle voorstelling nie nagekom is nie in soverre dat diegene wat deur ons gekies en deur die Raad aanvaar is sonder meer, dit wil sê sonder om die toestemming van die gemeente te vra, in die kerkgebou voorgestel is en dat hierdeur die gemeente en die hele liggaam van die kerk in sy vryheid beperk is.

Daardeur het dit ook vir ons duidelik geword dat daar afgewyk is van wat ons vantevore goed besluit het. In samehang hiermee het die dienaars ook aan ons gestel dat hulle, in al hierdie dinge, geen voordeel vir hulleself soek nie, maar dat hulle en hulle opvolgers eintlik daardeur aan 'n korter teuel gehou word. Daarom het ons besluit om ons streng aan die formulering van die vroeëre edik te hou en om die misbruik, wat ontstaan het, te bekamp en om elke gebruik wat nie waar en eg is nie, uit ons kerk te weer.

Ons het nou die volgende reël neergelê:

Die naam van 'n dienaar sal ná sy verkiesing afgekondig word en daarby sal in die openbaar gestel word dat as iemand iets weet wat teen hom ingebring kan word, dan moet hy hom voor die dag van die voorstelling (van die dienaar) aanmeld. Indien die dienaar dan werklik ongeskik vir sy diens bevind word, sal 'n nuwe verkiesing gehou word.

12 Omdat die ouderlinge wat bevestig word om die kerk te regeer en om opsig oor die kerk te hou, 'n gemeenskaplike opdrag met die dienaars van die Woord het, het ons besluit dat ook hulle name in die kerk bekend gemaak sal word. Dit om sowel aan hulle die noodsaaklike gesag wat vir die uitoefening van hulle opdrag nodig is, te gee as om aan al die lidmate van die kerk die vryheid te gee om hulle besware teen die geskiktheid van hulle wat gekies is, by een van die bevoegde persone, naamlik een van die vier burgemeesters, aan te meld.

13 As die ongeskiktheid van 'n kandidaat bo alle twyfel bewys is, dan moet 'n nuwe verkiesing gehou word en iemand anders gekies word.

Die bevestiging

14 Omdat ten opsigte van hierdie saak die gebruike van die verlede in 'n groot mate vanweë bygelowigheid verkeerd verstaan word, sal, vanweë die swakheid van die tyd, die volgende voldoende moet wees:

Een van die dienaars sal die dienswerk, waarin die kandidaat bevestig sal word, uiteensit en hom vermaan om dit te doen en dan 'n gebed én voorbede doen dat die Here hom die genade sal skenk om sy diens goed te doen.

Die beëdiging

15 Die kandidaat sal dan in die hande van die here burgemeesters die volgende eed vir dienaars (van die Woord) aflê:

16 Ek beloof en sweer dat ek in die diens waarvoor ek beroep is, God getrou wil dien in sover dat ek sy Woord tot opbouing van hierdie kerk, waaraan ek my verbind het, suiwer sal verkondig en dat ek sy leer nié sal misbruik nie om my vleeslike behoeftes te dien nie of om 'n lewende mens welgevallig te wees nie, maar dat ek die Woord na my beste wete en volgens my gewete sal uiteensit om so die verheerliking van God en die voordeel van sy volk te dien, wie se skuldenaar ek is.

17 Ek beloof en sweer ook om die kerklike orde, soos dit deur die Klein en Groot Raad saam met die algemene burgervergadering van hierdie stad vasgestel is, te onderhou en aangesien hierin aan my die opdrag gegee word om my met hulle te bemoei wat hierin (=in die onderhouding van die ko) te kort geskiet het, beloof ek om hierdie opdrag stiptelik na te kom sonder om aan haat, begunstiging, wraaksug of enige ander vleeslike begeerte ruimte te gee en buitendien alles te doen wat 'n goeie en getroue dienaar van die Woord betaam.

18 Derdens beloof en sweer ek om die eer en voordeel van die Raad en die stad voor oë te hou en te bewaar en om na my vermoë my daarvoor te beywer dat die volk hulleself in goeie vrede en eenheid onder die leiding van die Raad stel en om glad nie hulle wat dit wil teëgaan te ondersteun nie, maar om in die bogenoemde diens, volgens my roeping, te volhard in tye van voor- en teëspoed, van vrede of oorlog, van pes en dergelike.

19 Ten slotte belowe en sweer ek om my aan die orde en reëls van die stad te onderwerp en om vir al die ander daardeur 'n goeie voorbeeld van gehoorsaamheid te wees, dat ek van my kant die wette en die owerheid onderdanig en gehoorsaam sal wees sover as wat my diens dit toelaat, dit wil sê: sonder benadeling van die vryheid wat ons moet hê om, na Gods bevel, sy Woord te leer en te doen, wat ons dienswerk is. Ek beloof ook om die Raad en die volk so te dien solank dit my op geen manier verhinder om daardie diens te doen wat ek, kragtens my beroep, aan God verskuldig is nie.

DIE AMPSOPDRAG VAN DIE HERDERS

Die sorg vir die eenheid en suiwerheid van die leer

20 Nou, soos dit noodsaaklik is, om die dienaar, vóórdat hy gekies word, sorgvuldig te toets, so moet daar ook 'n goeie ordening wees om hulle by hulle plig te hou. Daarom sal dit, in die eerste plek, nodig wees dat alle dienaars, met die doel om die suiwerheid van en die ooreenstemming (= concorde) met die leer te bewaar, elke week op 'n bepaalde dag sal saamkom vir 'n bespreking van die Skrif en dat niemand, sonder 'n wettige verskoning, afwesig sal wees nie. Indien iemand hierin nalatig is, sal hy vermaan word.

21 Hulle wat in die dorpe preek, wat van die Raad afhanklik is, sal deur ons dienaars in die stad vermaan word om so dikwels as moontlik te kom. As hulle 'n hele maand lank nie gekom het nie, moet dit as 'n onverskoonbare nalatigheid beskou word as hulle

nie deur siekte of op enige ander wettige grond verhinder is nie. Sodat vasgestel kan word met watter toewyding elkeen die studie van die Skrifte beoefen en sodat almal teen luiheid beskerm sal word, sal elke week 'n ander dienaar die Bybelgedeelte wat ter sprake is uitlê en so sal elkeen van die dienare 'n beurt kry. En wanneer aan die einde die dienaars die ruimte waar die Bybelbespreking gehou is, verlaat het sal elkeen (van die dienaars) die spreker opmerksaam maak waar hy van hom verskil en die spreker sal, in die toekoms, die kritiek ter harte neem.

(Aantekening: Die gemeente is deur klokgelui na die bespreking van die Bybel uitgenooi. Elke aanwesige kon dan aan die bespreking van die teksgedeelte deelneem. Die kritiek op die uiteensetting is egter voorbehou vir die geslote byeenkoms van die predikantevergadering.)

22 As hierby 'n leerverskil na vore kom, sal die dienaars byeenkom om die aangeleentheid te bespreek. Indien nodig, sal hulle hulle tot die ouderlinge en die Raadsverteenwoordigers wend om die verskil op te los. As hulle uiteindelik deur die hardnekkigheid van die een party nie tot 'n vriendskaplike oplossing kan kom nie, moet die saak na die owerheid verwys word om dit ordelik af te handel.

Die tugreëls vir die herders

23 Om elke vorm van 'n ergerlike lewenswandel te bekamp, moet daar tugreëls vir die dienaars wees, soos dit vervolgens hier gestel word en waaraan almal, sonder uitsondering, hulle moet onderwerp. Met behulp hiervan kan daarvoor gesorg word dat die aansien van die dienswerk van die dienaar behoue bly en kan verhinder word dat die Woord van God deur slegte gerugte oor die dienaars onteer en verag word. Verder soos hy wat hom misgaan het, getug moet word, so moet ook die laster en skinderpraatjies wat onregmatiglik teen onskuldiges verbrei word, teengegaan word.

24 Daarby moet vasgestel word: In die eerste plek is daar misdade (= crimes) wat by 'n dienaar heeltemal onaanvaarbaar is; en in die tweede plek is daar sondes (= vices) wat enigermate aanvaarbaar is wanneer die skuldige broederlik daaroor vermaan word.

25 Die eerste is: Kettery, skeuring, verset teen die kerklike orde; openbare godslastering wat ook by burgerlike owerheid strafbaar is, simonie en dergelike omkopery met geskenke, oneerlike onderkruipery om 'n ander se standplaas te kry, om sy gemeente sonder wettige verlof of beroep (na 'n ander gemeente) in die steek te laat, vervalsing (van stukke of munte edm), meineed, hoerery, diefstal, dronkenskap, strafbare manslag, woeker, wettig verbode of ergerniswekkende spele, dans en dergelike losbandighede, elke misdaad wat deur die (burgerlike) hof gestraf word, elke misdaad waarvoor 'n ander (lidmaat) uit die kerk verban sal word.

26 Die tweede is: 'n Vreemde soort Skrifuitleg wat ergernis gee, 'n eiewyse ondersoek van nuttelose vrae; die bevordering van 'n leer of 'n gebruik wat nie in die kerk ingevoer is nie; nalatigheid in die studie en veral in die lees van die Heilige Skrif; nalatigheid in die afkeuring van sondes wat op 'n goedkeuring daarvan neerkom; nalatigheid in die vervulling van alle ampspligte; die vertel van vuil grappe (= scurrilité); leuens; laster (of beswadderende gerugte); los praatjies; beledigende woorde; onnadenkende optrede; 'n geneigdheid om mense te bedrieg; gierigheid; oordrewe suinigheid; onbeheersde woede; skel en vloek; 'n slordigheid in kleredrag, gedrag en dergelike sake wat nie 'n dienaar waardig is nie.

27 In die geval van die onaanvaarbare oortredings, vir sover dit ook deur die (burgerlike) hof gestraf word, sal die Raad alleen hom daarmee besig hou. As 'n dienaar

so 'n oortreding begaan, sal die Raad hom behalwe die gewone straf wat vir die oortreding geld, ook met skorsing uit die amp straf.

28 Oor die ander misstappe waarvan die eerste ondersoek by die kerkraad (Consistoire Ecclésiastique) tuishoort, sal die afgevaardigdes van die Raad (wat lede van die kerkraad is) of die ouderlinge saam met die dienaars handel. Wanneer iemand ten opsigte van so 'n misstap skuldig bevind is, sal die kerkraad daarvan aan die Raad kennis gee met die toevoeging van hulle bevinding en straf. Die finale straf sal egter aan die Raad oorgelaat word.

29 By die geringer misstappe wat deur 'n eenvoudige vermaning reggestel kan word, sal daar volgens die voorskrif van ons Here (= Matt 18: 15–18) gehandel word. Hier sal dan die oordeel van die kerkraad die finale uitspraak wees.

30 Om hierdie dissiplinêre orde te onderhou, sal die dienaars elke drie maande met groot sorg nagaan of daar onder hulle iets is wat berispe moet word en dan sal hulle dit op 'n redelike manier regstel.

Die orde vir die visitasie (= visitation) by die dienaars en die gemeentes wat van Genève afhanklik is

Die doel van die visitasie

31 Om ook in die hele liggaam van die Geneefse kerk (l'Eglise de Genève), dit wil sê in die stad en in die kerklike gemeentes wat van die Raad afhanklik is, die goeie orde en die eenheid van die leer (union de doctrine) te bewaar, sal die Raad twee van die raadslede en net so die dienaars twee lede uit die predikantevergadering kies met die opdrag om een maal per jaar elke kerklike gemeente te besoek om vas te stel, eerstens, of die dienaar van die gemeente nie een of ander nuwe leer, wat in stryd met die suiwer evangelie is, voorgedra het nie.

32 Tweedens sal hulle vasstel of die dienaar tot opbouing (= edification) van die gemeente preek (presche) of dat hy een of ander ergerniswekkende of ongeskikte manier het om die mense (le peuple) te onderrig, byvoorbeeld dat hy onduidelik is, onnodige vrae behandel, te streng is of dergelike tekortkominge openbaar.

33 Derdens sal hulle die mense vermaan om ywerig die prediking by te woon, daarna te verlang en daaruit die noodsaaklike te haal om 'n Christelike lewe te kan lei. Hulle sal ook aan die mense duidelik maak hoedanig die dienswerk van die dienaar is, sodat die mense op die regte manier daarvan gebruik sal maak.

34 Vierdens sal hulle hulleself op die hoogte stel of 'n dienaar die nodige sorg bestee, nie alleen aan sy verkondiging nie maar ook aan siekebesoek, en die vermaning van die enkelinge wat dit op 'n besondere manier nodig het; en bowendien of die dienaar sorg dra dat daar nie êrens iets tot oneer van God gebeur nie.

Verder of die dienaar 'n eerbare lewe lei en daardeur 'n goeie voorbeeld gee of dat hy op een of ander manier losbandig of ligsinnig is en daardeur homself en sy familie veragtelik maak en of hy 'n goeie verhouding met sy (gemeente) mense handhaaf.

Die metode van die visitasie

35 Nadat die dienaar, wat met hierdie opdrag belas is, gepreek het en daarby, soos hierbo gestel, die mense vermaan het, sal hy by die wagter (= gardes = die ouderlinge van die "plattelandse gemeentes" wat ook die opdrag gehad het om die dissipline te

handhaaf. Hulle het egter effens minder bevoegdhede as die ouderlinge van die stadsgemeente gehad, vandaar die titel *garde* of *wagter*) en die diakens (= procureurs vgl art 61) van die gemeente (paroisse) op die hoogte stel oor die leer en lewe van die dienaar en net so ook oor die toewyding en die manier van sy onderrig en hulle daarby, in die Naam van God, vra om tog niks te duld of weg te steek wat die eer van Gods Naam, die voortgang van sy Woord of die welsyn van almal in die pad staan nie.

36 Die dienaar sal sy bevinding aan die predikantevergadering (congregation) meedeel. Indien daar 'n tekortkoming (faute) vasgestel word by die broeder by wie visitasie gedoen is, wat net 'n teregwysing deur die Woord verdien, sal hy op die gewone manier vermaan word. As daar egter 'n swaarder misstap (offense) wat onaanvaarbaar is, vasgestel word, moet daar volgens die vasgestelde artikels opgetree word: dit wil sê, die vier afgevaardigdes moet die aangeleentheid aan ons meedeel sodat ons volgens die reëls van reg en billikheid kan optree.

37 Hierdie visitasie sal op geen enkele manier die karakter van 'n geregtelike ondersoek of van enige geregtelike handeling dra nie. Maar dit sal niks anders as 'n geneesmiddel teen alle ergerniswekkende sake wees nie en veral daartoe dien om die dienaars van ontaarding en korrupsie te bewaar.

38 Hierdie visitasie sal ook nie op enige manier 'n geregtelike handeling verhinder of die dienaar vrystel van die aan almal voorgeskrewe onderwerping aan die reg nie. Dit sal dan ook nie verhinder dat die dienaar, soos elke ander mens, in siviele sake aanspreeklik gestel word nie, ook nie dat, vanweë 'n misdaad, 'n ondersoek teen hulle ingestel en dat hulle, indien hulle skuldig is, gestraf word nie. Kortom, hulle regsposisie bly in die toekoms dieselfde as wat dit nou is.

Die reëling ten opsigte van die prediking in die stadsgemeente van Genève

39 Die aantal, plek en die tyd van die prediking sal telkens na die eis van die tyd vasgestel word. Daar sal ten minste, op Sondag met dagbreek in die St Pierre en St Gervais en op die gewone tyd (= 8h00) in die St Pierre, Madeleine en St Gervais 'n preek gehou word.

40 Om twaalfuur sal in al drie kerkgeboue, in die St Pierre, Madeleine en St Gervais, die kategismusonderrig aan die skoolkinders gegee word.

41 Om drie-uur sal daar ook gepreek word in die kerkgebou van die drie gemeentes.
Op werksdae sal daagliks in die drie kerkgeboue, St Pierre, Madeleine en St Gervais, op dieselfde uur 'n preek gehou word en wel in die somer, van paasfees tot 1 Oktober, van ses- tot sewe-uur en in die winter van sewe- tot agtuur.
Maar die biddag (les prières) sal veral elke Woensdag gehou word, indien later nie 'n meer geskikte werksdag daarvoor bestem word nie.

42 Behalwe die genoemde preke, sal vroegmôre, vóór die reeds genoemde preke, drie maal per week, dit wil sê Maandag, Woensdag en Vrydag, in St Pierre en Woensdag in St Gervais, gepreek word.

REËLS VIR DIE ORDE OF DIE STAND VAN DIE DOKTORE

43 Die regmatige taak van die doktore (docteurs, in Nederland word na hulle verwys as *leraar*. Die gewone predikant was in die Nederlandse kerk slegs aangedui as *'n herder*. Wanneer verwys is na "herders en leraars" was dit 'n verwysing na twéé dienste of

ampte in die kerk) is om die gelowiges te onderrig in die heilige leer sodat die suiwerheid van die evangelie nie geskaad word deur onkunde of verkeerde opvattings nie.
Nietemin, soos sake vandag gesteld is, verstaan ons hieronder: hulp en instrumente om die saad vir die toekoms te bewaar sodat die kerk nie ontvolk word vanweë foute van die herders en bedienaars nie. Om 'n meer verstaanbare woord te gebruik, sal ons dit die *Skoolorde* (l'Ordre des écoles) noem.

44 Die dosering van (lesings gee in) die teologie is dié dienswerk wat die naaste is aan die amp van dienaar (van die Woord) en ten nouste verbonde is aan die regering van die kerk. Dit sal goed wees as voorlesings oor die Ou en Nuwe Testament gehou sal word.

45 Maar aangesien uit sulke voorlesings alleen voordeel behaal kan word indien 'n mens vantevore in tale en die geesteswetenskappe (sciences humaines) onderrig is, en omdat dit nodig is om op hierdie manier te sorg vir saad vir die toekoms, moet daar, om nie 'n leë kerk aan ons kinders na te laat nie, 'n Gimnasium (of skool) opgerig word waarin die skoolgangers onderrig en voorberei kan word vir sowel die amp van dienaar as vir die burgerlike regering.

46 Die wyse waarop te werk gegaan moet word, word in die Skoolorde gevind. (Die Skoolorde dateer uit 1559 en bevat die reëlings vir die Gimnasium en die Akademie van Genève).

47 In die stad sal daar nie 'n ander skool vir jong kinders wees nie maar die dogters sal, soos dit vantevore die geval was, 'n aparte skool hê.

REËLS VIR DIE DIENS VAN DIE OUDERLINGE WAT DEUR DIE RAAD VIR DIE REGERING VAN DIE KERK AFGESONDER IS

48 Die ouderlinge se taak is om oor die lewe van elkeen opsig te hou (prendre garde), om diegene wat hulle sien struikel of diegene wat 'n onordelike lewe lei, vriendelik te vermaan. Waar dit nodig blyk te wees, moet verslag gedoen word aan die raad, (compagnie) wat opdrag sal ontvang om broederlike vermanings (les corrections fraternelles) te doen en hulle sal dan saam met die ander (= die dienaars van die Woord) oor die vermanings besluit.

49 Afhangend van hoe dit met die kerk gesteld is, moet as ouderlinge twee lede van die Klein Raad, vier lede van die Raad van Sestig en ses lede van die Raad van Tweehonderd gekies word. Hulle moet mense van 'n goeie en eerbare lewenswandel wees, sonder gebreke en bo alle verdenking en wat bo alles God vrees en oor ware geestelike wysheid (bonne prudunce spirituelle) beskik. Hulle moet so gekies word dat daar in elke stadswyk verteenwoordiging is, sodat daar oral opsig is.

50 Ook het ons besluit dat die wyse van verkiesing die volgende is: Die Klein Raad sal toesien dat die mees geskikte en bekwame persone wat gevind kan word, genomineer word. Om dit te kan doen, sal hulle die dienaars van die Woord oproep en met hulle die lys bespreek. Dan sal die Klein Raad die lys (van kandidate) aan die Groot Raad voorlê. Die Groot Raad (= Raad van Tweehonderd) sal hulle goedkeur as hulle waardig bevind word.

51 Nadat hulle goedgekeur is, sal hulle 'n besondere belofte (of eed) wat soos volg lui, aflê:

Belofte van die lede van die konsistorie of kerkraad

52 "Ek sweer en beloof, ooreenkomstig die taak wat my opgelê is, om alle afgodediens, godslastering, sedeloosheid en ander dinge, teenstrydig met die eer van God en die kerkorde, te verhoed en om diegene wat hulle daaraan skuldig maak te vermaan wanneer daar vir my geleentheid daarvoor gebied word."

53 "Wanneer ek iets teenkom wat aan die kerkraad berig moet word, sal ek my plig getrou doen, sonder haat of begunstiging, maar alleen met dié doel voor oë dat die stad in goeie orde en in die vrees van die Here sal bly."

54 "Dat ek alle ampspligte pligsgetrou sal nakom en dat ek die ordonnansies wat deur Klein, Groot en Algemene Raad van Genève geproklameer is, sal handhaaf."

55 Die Raad sal, na verloop van 'n jaar, in aansluiting by die Raadsverkiesing (van 2 Februarie elke jaar) hulle weer oorweeg of hulle in hierdie diens moet bly of ontslaan moet word. Dit is egter nie gerade om die ouderlinge wanneer hulle hulle trou van hulle taak kwyt, dikwels sonder rede te verander nie.

REËLS VIR DIE DIENS VAN DIE DIAKENS

56 In die ou kerk was daar altyd twee soorte diakens. Die een soort was aangewys om goedere (les biens) vir die armes te ontvang, te verdeel en te bewaar, sowel die daaglikse aalmoese as vaste eiendom, toelaes en pensioene.

Die ander soort was aangewys om die siekes te onderhou en te versorg, en die toelae van die armes te beheer.

Dit is reg dat die Christelike kerke hulle hieraan sal hou soos ons ook gepoog het om dit te doen en ook in die toekoms wil doen. Ons het reeds penningmeesters (= armediakens) en hospitaalbestuurders (= hospitaal-diakens) (procureurs et hospitaliers).

Ter wille van die goeie orde sal een van die vier penningmeesters (of arme-diakens) alle gifte en dergelike ontvangste van die hospitaal ontvang. Hy moet ook 'n doeltreffende salaris ontvang om sy diens so beter te kan doen.

57 Soos vroeër moet daar vier penningmeesters (of arme-diakens) wees. Een van hulle sal, soos reeds vermeld, die fondse administreer sodat die voorrade op die beste tyd beskikbaar sal wees en ook sodat diegene wat die een of ander liefdadigheid aan die armes wil bewys, heeltemal seker kan wees dat die gawe nie anders gebruik sal word as waarvoor dit bestem is nie.

As die inkomste nie voldoende is nie of as daar buitengewone behoeftigheid voorkom, sal die Raad daaroor handel en genoegsame middele, ooreenkomstig die betrokke behoefte, beskikbaar stel.

58 Die verkiesing van sowel die penningmeesters (arme-diakens) as die hospitaalbestuurders (hospitaal-diakens) sal geskied soos dié van die ouderlinge en die raadsverteenwoordigers op die kerkraad. (Dit beteken dat die diakens, net soos die ouderlinge, uit die Raadslede gekies moes word). Daarby sal die reël gevolg word wat die heilige Paulus in 1 Timoteus 3 oor die diakens neerlê.

59 Wat die diens en die gesag van die penningmeesters (arme-diakens) betref, bevestig ons die artikels wat reeds deur ons neergelê is. Met die uitsondering van dringende gevalle, of wanneer daar 'n moontlikheid van verskil bestaan, is hulle oor die algemeen en wanneer daar nie groot probleme of uitgawes is nie, nie verplig om altyd vergaderings te hou nie maar kan een of twee, in afwesigheid van die ander, bepaal wat reg sal wees.

Die hospitale en die armes

60 Dit sal hulle plig wees om sorgvuldig toe te sien dat die Algemene Hospitaal goed in stand gehou sal word en dat daar siekes, ou mense wat nie meer kan werk nie, weduwees, wese en ander armes opgeneem kan word. Nietemin moet die siekes in 'n aparte gebou, weg van die ander, ondergebring word.

61 Dat die versorging van die armes in die stad sal plaasvind soos die penningmeesters (of arme-diakens) dit bepaal.

62 Daar moet behalwe die herberg vir die armes wat op deurreis is, wat onderhou moet word, óók 'n aparte moontlikheid wees om onderdak te bied aan diegene wat besondere liefdadigheid nodig het. Vir die opname van dergelike mense, moet daar 'n kamer beskikbaar wees wat deur die hospitaalmeester (of hospitaal-diaken) toegewys sal word en wat alleen daarvoor gebruik mag word.

63 In die lig daarvan dat die hospitaalmeester (of hospitaal-diaken) 'n tehuis wat aan God gewy is, moet lei, moet baie sorgvuldig daarop gelet word dat hy en sy familie 'n eerbare en 'n na God se gebod gerigte lewenswandel voer.

64 Die dienaars van die Woord en die raadsverteenwoordigers op die kerkraad of die ouderlinge sal saam met een van die burgemeesters (l'un des Seigneurs Syndiques) hulleself voortdurend op die hoogte hou of by die armversorging een of ander fout of gebrek voorkom. Indien wel, moet hulle die Raad versoek en vermaan om dit weer in orde te bring. Om dit te kan doen, sal enkele van die liggaam saam met die penningmeesters (of arme-diakens) elke kwartaal die hospitaal besoek om vas te stel dat alles daar in goeie orde is.

65 Dit is ewe-eens nodig dat daar vir die hospitaal-armes en die stads-armes wat nie oor die nodige middele beskik nie, 'n eie mediese dokter en sjirurg op koste van die stad, aangestel word. Inmiddels mag hulle wel in die stad praktiseer, maar hulle is in die eerste plek verplig om na die hospitaal om te sien en die ander armes te besoek.

66 Aangesien daar in ons hospitaal nie alleen ou en siek mense opgeneem word nie, maar ook jong kinders, as gevolg van hulle armoede, het ons die volgende bepaal: Daar sal altyd 'n onderwyser daar wees om hulle te onderrig in goeie sedes, die elementêre skoolvakke en die Christelike leer. In hoofsaak sal hy die kategismus met hulle deurwerk en ook die werknemers van die hospitaal daarin onderrig. Verder sal hy die skoolkinders na die Gimnasium neem.

67 Die pes-hospitaal moet heeltemal apart wees, veral ingeval die stad deur hierdie besoeking van God getref word.

Die bedelverbod

68 Verder, om bedelary te verhoed, wat teenstrydig met die goeie orde is, is dit nodig en daarom het ons dit bepaal dat die Raad sommige van sy amptenare opdra, om mense wat na afloop van die erediens probeer bedel, van die kerkplein te verwyder. As die bedelaars beledigend of uitdagend is, moet hulle voor een van die burgemeesters gebring word. Net so sal die wykswagte (les Dixeniers) op al die ander tye sorg dat die bedelverbod streng gehandhaaf word.

AFDELING II

DIE DIENS VAN DIE GEMEENTE ONDER WOORD EN SAKRAMENT

DIE VERNUWING EN BEVESTIGING VAN DIE GEMEENTE DEUR DIE ONTVANGS VAN DIE SAKRAMENTE EN DIE GEBED

Die doop

69 Die doop mag alleen plaasvind tydens die erediens (l'heure de la predication) en mag alleen deur 'n dienaar (van die Woord) bedien word. Die name van die kinders en dié van die ouers moet in 'n register opgeteken word. Indien daar 'n buite-egtelike kind (onder die dopelinge) is, moet die gereg daarvan verwittig word, sodat met 'n dergelike saak gehandel word soos dit reg is.

70 Vreemdelinge moet nie as peetouers (compéres) benoem word nie, behalwe as dit gelowige mense is wat aan ons geloofsgemeenskap behoort. Ander vreemdelinge is nie by magte om die belofte aan die kerk af te lê en om die kinders te onderrig soos dit vereis word nie.

71 Diegene wat die gebruik van die nagmaal ontsê is, mag ook nie as peetouers benoem word solank hulle hulle nog nie weer met die kerk versoen het nie.

72 Terwyl hier plaaslik sekere name is wat verbind is aan afgodediens of heksery, soos *Claude* en die name van Drie Konings en terwyl daar verder name is wat 'n amp aandui soos Johannes die Doper (Jean Baptiste) en *Engel*, en derdens omdat 'n naam soos *Suaire*, ondanks die dwaasheid daarvan, aan mense gegee word, het ons besluit, met die doel om dergelike lasteringe van die heilige doop te weer, om sulke verkeerdhede en misbruike te verbied.

Die nagmaal

73 Aangesien die nagmaal deur ons Here ingestel is om dikwels deur ons gebruik te word en dit so in die ou kerk gehandhaaf is totdat die duiwel alles omvergewerp het, deur die mis in die plek van die nagmaal te stel, is dit 'n fout wat reggemaak moet word dat die nagmaal so selde gevier word. Nietemin het ons vir die huidige besluit en bepaal dat dit vier keer per jaar gehou sal word, dit wil sê op die Sondag naaste aan Kersfees, paasfees en pinkster en op die eerste Sondag van September in die herfs.

74 Die dienaars (van die Woord) moet die brood ordelik en met eerbied verdeel en niemand anders mag saam met die dienaar die beker aangee, behalwe die ouderlinge (les commis = raadsverteenwoordiger op die kerkraad = ouderling) of die diakens en daarom moet daar nie 'n groot hoeveelheid bekers wees nie.

75 Die tafels moet naby die kansel staan sodat die dienaar beter en makliker by die tafels kan beweeg.

76 Die nagmaal moet net in die kerk gevier word totdat daar 'n beter geleentheid kom.

77 Die Sondag voor die viering van die nagmaal moet dit afgekondig word sodat geen kind soontoe sal kom voordat hy belydenis van geloof afgelê het, soos dit in die kategismus uiteengesit sal word. Ook sal alle vreemdelinge en nuwelinge opgeroep word om hulle eers by die kerk te kom aanmeld sodat vasgestel kan word of hulle eers onderrig moet word. Dit moet gebeur sodat niemand, tot sy veroordeling, die tafel van die Here sal nader nie.

(Aantekening: Sowel in art 73 as 76, word gestel dat dit voorlopige artikels is. Calvyn se gedagte was dat die nagmaal *maandeliks* gevier moet word soos Farel dit in 1536-1537 in sy Articuli de Regimine Ecclesiae en ook Calvyn in sy kerkorde van 1541 dit voorgestel het. Die Raad in Genève het egter geoordeel dat die kwartaallikse viering voldoende is. Daarby wou Calvyn ook 'n nagmaalsviering vir siekes én 'n nagmaal in die tronk invoer soos dit in sy gemeente te Straatsburg die geval was en soos Farel dit vanaf 1543, danksy Calvyn se hulp, te Neuchatel gedoen het.)

Gemeentesang

78 Ons het ook bepaal dat kerklike liedere ingevoer word, sowel voor as na die preek, om so die gemeente beter aan te moedig om God te loof en te prys.

79 Om te begin sal die skoolkinders die liedere geleer word en dan sal mettertyd die hele gemeente kan volg.

OOR DIE DIENS VAN DIE LIDMATE TOT EER VAN GOD

Die huwelik

80 Na publikasie van die gebruiklike gebooie, sal die huwelik in die kerk voltrek en ingeseën word. Dit kan, volgens die begeerte van die partye, sowel op Sondae of op werkdae geskied op voorwaarde dat dit aan die begin van die erediens sal gebeur.

81 Dit is aanbevelenswaardig dat voornemende egpare sal afsien daarvan om op dié dag wat die nagmaal gevier word in die huwelik te tree om sodoende eer aan die sakrament te bewys.

82 Aangesien die oplossing van huweliksprobleme nie 'n geestelike aangeleentheid is nie maar 'n saak van openbare belang, moet dit by die Raad berus. Ons het nietemin besluit dat dit die taak van die kerkraad is om die partye aan te hoor en om dan hulle besluit aan die Raad vir beoordeling voor te lê. Verder sal 'n goeie huweliksordonnansie opgestel word wat, in die toekoms, nagevolg moet word.
(Aantekening: Die huweliksordonnansie, art 83–135 van die kerkorde, is eintlik van die Raad afkomstig en is hier in die kerkorde ingevoeg. Feitlik pas dit nié in 'n kerkorde nie en dit is dan ook teen Calvyn se sin hier opgeneem. Dit word hier, ter wille van die volledigheid, opgeneem.)

Die huweliksordonnansie wat op Donderdag 13 November 1561 deur die Raad deurgevoer is

Watter persone nie sonder toestemming kan trou nie

83 Wat jong mense betref wat nog nooit getroud was nie, het niemand, hetsy seun of dogter van wie die ouers nog leef, die reg om sonder die toestemming van hulle betrokke ouers te trou nie tensy hulle mondig is, dit wil sê die seun op 20 jaar en die dogter op 18 jaar. Wanneer hulle reeds ouer is kan hulle hulle vaders vra om te trou. As laasgenoemde die versoek ignoreer, hoewel die kerkraad hulle opgeroep en vermaan het om hulle plig te doen, is dit wettig om sonder die toestemming van hulle vaders, te trou.

84 Dieselfde geld vir weeskinders wat onder die gesag van 'n voog of 'n pleegvader staan. Verder kan die moeder of die pleegvader die kinders wat hulle in hul sorg het, nie laat trou nie sonder om die raad in te win van een van die ouers wat nog leef.

85 Indien twee jong mense uit hulle eie as gevolg van dwaasheid of onverantwoordelikheid, mekaar 'n huweliksbelofte gemaak het, sal hulle gestraf en getug word. So 'n huweliksbelofte sal op versoek van diegene wat vir die jong mense verantwoordelik is, nietig verklaar word.

86 As dit vasgestel word dat iemand, sy dit man of vrou, hulle daartoe aangespoor of verlei het, moet so 'n man of vrou drie dae tronkstraf (met slegs brood en water) opgelê word. Almal wat by die optrede betrokke is, moet by die regbank verskoning vra.

87 Die getuies wat by so 'n huweliksbelofte teenwoordig was, moet ook gestraf word met een dag tronkstraf met brood en water.

88 Geen jong mense, wat nog nie getroud was nie, mag aan mekaar in die geheim, met of sonder voorwaardes, 'n huweliksbelofte maak nie. Daar moet ten minste twee getuies wees anders sal so 'n huweliksbelofte geen waarde hê nie.

89 Wanneer kinders, wat reeds die ouderdom hierbo genoem bereik het, trou sonder die toestemming van die vader of die moeder en dit deur die geregshof aanvaar word dat hulle wettig gehandel het, hoewel die ouerlike toestemming of vanweë nalatigheid of vanweë te groot strengheid ontbreek, sal die Klein Raad die mening en opvatting van die ouers aanhoor en in sy beslissing die grootte van die ouers se verpligting ten opsigte van die kinders vasstel. Daarby sal die omstandighede en posisie van die persone en hulle besittings in ag geneem word. So sal die vaders gedwing word om aan hulle kinders hulle bruidskat te gee of een of ander toewysing wat in ooreenstemming met die vader se posisie is asof die vader inderdaad sy toestemming tot die huwelik gegee het.

90 Geen vader mag sy kinders, sonder hulle toestemming, tot een of ander huwelik dwing wat vir hom goed lyk nie. Hy of sy wat nie die eggenoot wil aanvaar wat sy vader aan hom wil gee nie, kan homself van so 'n huwelik onttrek, altyd met nederigheid en eerbied voor oë, sonder dat die vader hom vir so 'n weiering mag straf.

91 Vaders of voogde mag nie 'n huwelik vir hulle kinders of pleegkinders reël voordat hulle nie die ouderdom bereik het om 'n huwelik aan te gaan nie. Wanneer dit gebeur dat 'n kind wat geweier het om na die wens van sy vader in die huwelik te tree, agterna 'n huwelik aangaan wat nòg tot sy voordeel, nòg vir hom bevorderlik is, mag die vader, as gevolg van sulke opstandigheid en minagting, nie gedwing word om so lank as wat hy leef iets aan so 'n kind te gee nie.

Persone wat sonder toestemming in die huwelik kan tree

92 Diegene wat reeds 'n keer getroud was, mans sowel as vrouens, sal, al leef hulle vaders nog, vry wees om in die huwelik te tree, op voorwaarde dat hulle die vereiste ouderdom het, die seun 20 jaar en die dogter 18 jaar. Ook sal hulle vry wees om in die huwelik te tree as hulle meerderjarig is, dit wil sê dat hulle die huis van hulle vader verlaat het en 'n eie huishouding het. In hierdie saak sal dit altyd meer eerbaar wees as hulle hulle deur die raad van hulle vaders laat lei.

93 Alle huweliksbeloftes moet eerlik en Godvresend afgelê word en nie losbandig of in ligsinnige onverantwoordelikheid, byvoorbeeld deur slegs saam uit een glas te drink nie, maar die betrokkenes moet vantevore in 'n ernstige gesprek reeds ooreengekom het. Diegene wat anders handel, moet gestraf word. Maar op versoek van een van die twee partye, wat sê dat hy mislei is, moet die huweliksbelofte ongeldig verklaar word.

94 Wanneer een van die twee partye kla dat die huweliksbelofte verbreek is, en nie in staat is om twee fatsoenlike getuies van goeie naam daarvoor te bring nie, moet die eed aan die aangeklaagde voorgelê word. As hy onder eed verklaar dat hy geen huweliksbelofte gemaak het nie, sal hy vry uitgaan.

Redes waarom 'n huweliksbelofte verbreek kan word

95 Wanneer 'n huweliksbelofte deur twee bevoegde partye gemaak is, mag die huweliksbelofte nie ongeldig verklaar word nie. Slegs in twee gevalle is dit moontlik, naamlik wanneer deur 'n voldoende ondersoek bevind word dat 'n meisie wat as maagd aanvaar is, dit nie is nie, en verder wanneer sou blyk dat een van die twee partye 'n aansteeklike, ongeneeslike siekte onder lede het.

96 Wanneer die betaling van die bruidskat nie plaasvind nie of dit nou uit geld of goedere bestaan, word die huwelik nie verhinder nie maar moet dit voltrek word aangesien die bruidskat net 'n bykomstigheid is.

Die huweliksbelofte moet in eenvoudige taal gestel word

97 Wanneer oor die huweliksbelofte gehandel of beraadslaag word, is dit wettig om voorwaardes te stel of om aan iemand se gevoelens gehoor te gee. Wanneer dit egter kom by die aflê van die belofte, moet dit duidelik en eenvoudig opgestel wees en 'n voorwaardelike voorstel sal nie as 'n huweliksbelofte geld nie.

Oor die voltrekking van die huwelik nadat die huweliksbelofte afgelê is.

98 Nadat die huweliksbelofte afgelê is, moet die huwelik nie vir meer as ses weke uitgestel word nie. Indien wel moet die partye voor die kerkraad verskyn wat hulle sal vermaan. As hulle nie gehoor gee nie, moet hulle na die Raad verwys word wat hulle sal verplig om die huwelik te voltrek.

99 Indien 'n huweliksbelofte betwis word, sal die dienaar (van die Woord) die beswaarmaker oproep om voor die eerste sitting van die kerkraad te verskyn en hom vermaan om sy besware na vore te bring. Alleen diegene sal aanvaar word as geregtig om 'n huweliksbelofte te betwis indien hy 'n inwoner van die stad is of anders bekend is of dat hy iemand by hom het wat hom ken om sodoende te verhoed dat 'n vreemdeling nie dalk een of ander eerbare meisie skade aandoen of slegmaak of die teenoorgestelde nie.

100 Indien 'n beswaarmaker nie binne die bestemde tyd sy besware aan die kerkraad voorlê nie, moet daar oorgegaan word tot die afkondiging en voltrekking van die huwelik aangesien daar dan nie 'n wettige beswaar was nie.

101 Om alle bedrog te verhoed, mag 'n buitelander wat uit 'n ver land kom alleen toegelaat word om in die huwelik te tree indien hy oor drie goeie en sekere skriftelike bewyse beskik of die nodige mondelinge getuienis van agtenswaardig en geloofwaardige mense na vore kan bring dat hy nie elders getroud is nie en dat hy fatsoenlik en eerbaar in die omgang is.

102 Dieselfde sal ook vir jongmeisies en vroue geld.

Oor die afkondigings

103 Afkondiging moet drie Sondae in die kerk gedoen word voordat die huwelik bevestig kan word. Die afkondiging kan alleen gedoen word nadat die eerste burgemeester

skriftelik toestemming vir die huwelik gegee het, terwyl die huwelik eers na die derde afkondiging voltrek kan word. Wanneer enigeen van die partye uit 'n ander kerklike gemeente kom, moet 'n amptelike toestemming van daardie instansies ook voorgelê word.

104 Gedurende die verlowingstydperk mag die twee partye nog nie as man en vrou saamwoon nie. Dit mag alleen gebeur nadat die huwelik volgens Christelike gebruik, voor die gemeente ingeseën is. As daar sommige is wat hierdie reël oortree, moet hulle drie dae tronkstraf met net brood en water opgelê word en ook voor die kerkraad geroep word om hulle sonde te bely.

Oor die voltrekking van die huwelik

105 Die bruidspaar moet op hulle huweliksdag eerbaar, sonder dromslaners en vioolspelers, na die kerk kom en hulle waardig, soos dit 'n Christen betaam, gedra. Hulle moet by die kerk wees voor die einde van die klokgelui sodat die huwelik vóór die preek ingeseën kan word. Indien hulle nalatig is en te laat kom, moet hulle teruggestuur word.

106 Die huwelik kan op alle werksdae ingeseën word, dit wil sê op werksdae waar daar gepreek word en wat die bruidspaar pas. Op Sondae kan dit slegs gedoen word tydens die diens wat met dagbreek gehou word of met die diens wat drie-uur die middag gehou word. Op die Sondae waarop die nagmaal gevier word, sal geen huwelike bevestig word nie sodat daar geen afleiding is nie en elkeen so beter voorberei is om die sakrament te ontvang.

Oor die saamwoon van man en vrou

107 Die man moet sy vrou versorg en hulle moet in dieselfde huis woon met 'n gemeenskaplike huishouding. As dit gebeur dat die een hom van die ander onttrek om apart te leef, moet hulle opgeroep word sodat hulle tereggewys kan word en moet hulle verplig word om die een na die ander terug te keer.

Oor die grade van bloedverwantskap wat 'n huwelik verhinder

108 Wat 'n direkte lyn betref, dit wil sê 'n huwelik van 'n vader met 'n dogter of van 'n moeder met 'n seun en gevolglik ook met alle ander afstammelinge, mag nie voltrek word nie omdat dit teen die natuurlike eerbaarheid ingaan en omdat dit deur Gods gebod en die burgerlike wette verbied word.

109 Dieselfde geld 'n huwelik van 'n oom met 'n niggie of kleinniggie of van 'n tante met 'n neef of 'n kleinneef, omdat die oom die vader verteenwoordig en die tante die moeder.

110 Dieselfde geld van 'n broer en suster of hulle nou volle of halwe broer en suster is.

111 Wat ander grade van bloedverwantskap betref, hoewel die Wet van God en die Romeinse burgerreg dit nie verbied nie, moet nietemin, omdat dit vir 'n lang tyd nie gewoon was nie uit vrees dat die Woord van God oneer aangedoen word deur onkundiges, die eerste neef nie met sy eerste niggie 'n huwelik aangaan nie, totdat ons anders daaroor besluit. Ten opsigte van ander grade van verwantskap bestaan daar geen verhindering nie.

Oor die grade van familieverwantskap.

112 Niemand mag tot vrou die geskeide vrou (of weduwee) van sy seun neem nie

of die gewese vrou van sy seun nie. 'n Vrou mag nie die man van haar dogter of van die dogter van haar dogter tot eggenoot neem nie, gevolglik ook nie die ander afstammelinge in 'n direkte lyn nie.

113 'n Man mag nie die dogter van sy vrou of haar dogter neem nie.

114 'n Vrou mag ook nie die seun van haar man neem nie.

115 Net so mag 'n man nie die weduwee (of geskeide vrou) van sy neef of kleinneef tot vrou neem nie en ook mag 'n vrou nie die man van haar niggie of kleinniggie neem nie.

116 'n Man mag nie die weduwee van sy broer neem nie en geen vrou mag 'n man neem wat die eggenoot van haar suster was nie.

117 Wanneer iemand owerspel gepleeg het met die vrou van iemand anders en dit bekend word, mag hy nie met haar trou nie as gevolg van die skandaal én die gevare hieraan verbonde.

118 Wanneer 'n man nie in vrede saam met sy vrou leef nie, maar hulle verskille en argumente het, moet hulle voor die kerkraad geroep word en vermaan word om in harmonie en eensgesindheid te lewe en elkeen moet tereggewys word volgens sy foute én soos die geval dit mag vereis.

119 As dit bekend is dat 'n man sy vrou sleg behandel, haar slaan en leed aandoen of dat hy dreig om haar een of ander onreg aan te doen, en hy bekend is as 'n man met 'n onbeteuelde humeur, moet hy voor die Raad verskyn en verbied word om sy vrou te slaan. Indien hy nie gehoor gee nie, loop hy die risiko om gestraf te word.

Die redes waarom 'n huwelik nietig verklaar kan word.

120 Wanneer dit gebeur dat 'n vrou kla dat haar eggenoot van nature onbekwaam is en nie met 'n vrou getroud kan wees nie, en wanneer dit vasgestel word deur sy gedrag of deur 'n doktersondersoek, sal die huwelik nietig en die vrou vry verklaar word en die man verbied word om daarna enige vrou te misbruik.

121 Dieselfde geld wanneer die man kla dat hy nie saam met sy vrou kan woon nie as gevolg van die een of ander liggaamsgebrek en sy weier om toe te laat dat dit (medies) reggestel moet word. Nadat die waarheid bevestig is, sal die huwelik nietig verklaar word.

Die redes waarom 'n huwelik ontbind kan word

122 Wanneer 'n man sy vrou van owerspel beskuldig en dit deur middel van getuies of voldoende aanduidings bewys kan word en hy 'n egskeiding aanvra, moet dit aan hom toegestaan word. Hy is dan by magte om weer te trou soos dit vir hom goed mag lyk, hoewel hy aangespoor behoort te word om sy vrou te vergewe. Tog moet daar nie op aangedring word en ook moet hy nie, teen sy wil, daartoe gedwing word nie.

123 Hoewel die vrou vroeër nie dieselfde regte ten opsigte van egskeiding as die man gehad het nie, is dat tog volgens die getuienis van die apostel (1 Kor 7: 3–5) so dat die verpligting om die huwelik in stand te hou die man sowel as die vrou geld. In hierdie saak is die vrou nie meer aan die man onderworpe as die man aan die vrou nie. Daarom, wanneer 'n man aan owerspel skuldig bevind word en sy vrou vra om van

hom te skei, sal dit net so goed aan haar toegestaan word, tensy hulle deur goeie vermanings versoen kan word.

Verder, as die vrou in owerspel verval het deur die duidelike skuld van die man of die man deur die vrou, sodat albei skuldig is, of as dit bewys kan word dat die een of ander bedrog gepleeg is met die doel om 'n egskeiding te verkry, sal hulle nie toegelaat word om 'n egskeiding aan te vra nie.

124 Wanneer 'n man op reis gegaan het, hetsy 'n handelsreis of vir 'n ander rede, sonder om weggelok of vervreem van sy vrou te wees, en hy na 'n lang tyd nie terugkeer nie en 'n mens nie weet wat van hom geword het nie, in so 'n mate dat sy dood vermoed word, is dit tog nie vir sy vrou toegelaat om weer in die huwelik te tree tensy tien jaar verbygaan het sedert die dag van sy vertrek nie. As daar egter sekere getuienis oor sy dood is, kan die vrou, nadat dit aangehoor is, vrygemaak word. Wanneer die tydperk van tien jaar verbygegaan het en daar 'n vermoede bestaan dat die betrokke man in die gevangenis is of dat hy deur een of ander terugslag verhinder is om terug te kom, moet die betrokke vrou die huwelik handhaaf.

125 Wanneer 'n man vanweë slegtigheid of een of ander slegte gesindheid weggaan en sy woning verlaat, moet die vrou ywerig ondersoek instel om uit te vind waar hy hom bevind. Indien sy dit vasgestel het, moet sy 'n hofbevel aanvra of op 'n ander manier hom probeer dwing om sy plig te doen of ten minste om hom in kennis te stel dat hy na sy huis moet terugkeer om te verhoed dat daar, in sy afwesigheid, teen hom opgetree word. As die moontlikhede om hom te dwing om terug te keer, uitgeput is, moet dit nie nagelaat word om teen hom op te tree soos dit aangekondig is nie. Dit beteken dat op drie Sondae, met 'n tussentyd van veertien dae tussen die Sondae, gedurende 'n tydperk van ses weke dus, dit bekend gemaak moet word. Dieselfde sal drie maal in die laerhof (dit is die hof van die lieutenant de justice, die polisiehoof) geskied. Terselfdertyd moet twee of drie van sy naaste vriende of familielede, as hy so iets besit, daarvan in kennis gestel word. Indien hy nie verskyn nie, sal die vrou by die eersvolgende kerkraadsvergadering, 'n egskeiding mag aanvra. Dit sal aan haar toegestaan word waarna sy na die Raad verwys sal word wat 'n wettige uitspraak daaroor sal doen. Hy wat hom sodanig verset het, moet dan ook lewenslank verban word.

As die man wel verskyn, moet hy en sy vrou in eensgesindheid en Godsvrug met mekaar versoen word.

126 As 'n man 'n gewoonte daarvan maak om so sy vrou te verlaat en in die land rond te swerf, sal hy die tweede keer tronkstraf met net water en brood ontvang en moet hy ernstig vermaan word om dit nie weer te doen nie. As dit 'n derde keer gebeur, moet daar nog strenger teen hom opgetree word. As daar geen verandering by hom kom nie, sal verklaar word dat die vrou nie meer aan so 'n man verbind is wat nòg aan haar getrou is, nòg by haar woon nie.

127 As 'n man, soos reeds gestel, vanweë slegtigheid sy vrou verlaat sonder dat sy vrou hom daartoe aanleiding gegee het of dat sy skuld daaraan het, en dit deur haar bure en familielede bevestig word en die vrou kom dan kla en vra dat haar huwelik herstel moet word, dan moet sy aangesê word om ywerig ondersoek in te stel wat van hom geword het. Terselfdertyd moet 'n beroep op sy naaste familie en vriende, as hy so iets het, gedoen word om so nuus van hom te kry. Tog sal die vrou 'n volle jaar moet wag as sy nie kan vasstel waar hy is nie en haar ook in Gods wil skik. Na afloop van die jaar mag sy na die kerkraad kom. As vasgestel word dat sy weer sal moet trou moet sy, nadat sy vermaan is, na die Raad verwys word. Die Raad sal van haar en haar man se naaste familie en vriende 'n beëdigde verklaring afneem dat hulle nie weet waar haar

man woonagtig is nie. Daarna moet die proklamasies, soos reeds vermeld is, uitgevaardig word om aan die vrou verlof te gee om weer te trou. As die afwesige daarna terugkeer, moet hy regmatiglik gestraf word.

128 As 'n vrou haar man verlaat en na 'n ander plek toe gaan, en die man kom vra om van haar te skei om weer te kan trou, moet gekyk word of sy op so 'n plek is dat sy daarvandaan teruggeroep kan word of waar sy ten minste daarvan verwittig kan word dat sy moet verskyn om op die eis van haar man te antwoord. Die man moet met briewe en op ander maniere gehelp word om aan haar hierdie kennis te laat toekom.

Nadat dit gedoen is, moet sodanige proklamasies uitgevaardig word, soos hierbo vermeld, nadat daar ten eerste 'n beroep op haar naaste familie en vriende gedoen is om as hulle kan, haar te vermaan en te oorreed om terug te kom.

As sy binne die tydperk verskyn en die man weier om haar terug te neem omdat die vermoede bestaan dat sy van haar liggaam misbruik gemaak het en omdat dit 'n skandaal is dat 'n vrou haar man so verlaat, moet daar tog gepoog word om hulle met mekaar te versoen, terwyl die man vermaan moet word om haar te vergewe.

As die man standvastig daarop aandring, moet daar ondersoek ingestel word na die plek waar sy was, watter mense sy besoek het en hoe sy haar gedra het. As daar nie aanduidings of 'n duidelike bewys was dat sy ontrou aan die huwelik was nie, moet die man gedwing word om hom met haar te versoen.

As daar egter 'n sterk vermoede bestaan dat sy daaraan skuldig is dat sy 'n sedelose lewe gelei het, byvoorbeeld dat sy in slegte en verdagte geselskap verkeer het en nie eerbare omgang met fatsoenlike vroue gehad het nie, sal aan die versoek van haar man gehoor gegee word en aan hom toegestaan word wat reg en billik is.

As sy nie voor die verloop van die bestemde tyd verskyn nie, moet dieselfde prosedure teen haar gevolg word as wat teen 'n man in 'n soortgelyke situasie gevolg word.

129 As 'n man 'n huweliksbelofte aan 'n jong meisie of 'n vrou gemaak het en hy gaan dan na 'n ander land toe en die jong meisie of vrou kla en versoek dat, vanweë die man se ontrou die huweliksbelofte ongeldig verklaar sal word, moet daar ondersoek ingestel word of die man vir een of ander eerbare rede en met medewete van sy verloofde die reis onderneem het of dat hy dit uit slegtigheid gedoen het of omdat hy nie met die huwelik wil voortgaan nie.

As daar bevind word dat hy nie 'n duidelike rede het nie en dat hy dit gedoen het uit moedswilligheid, moet daar ondersoek ingestel word na die plek waarheen hy hom teruggetrek het. Hy moet dan, indien moontlik, in kennis gestel word dat hy binne 'n bepaalde tyd moet verskyn om sy huweliksbelofte gestand te doen.

130 Indien hy, ondanks die kennisgewing, nie verskyn nie sal daar op drie Sondae in die kerk afgekondig word dat hy opgeroep word om te verskyn. Daar sal veertien dae tussen die Sondae verloop sodat dit oor 'n tydperk van ses weke sal geskied.

As hy nie binne dié tydperk verskyn nie sal die jong meisie of vrou vry verklaar word en sal hy, vanweë sy ontrou, uit die land verban word. As hy verskyn, moet hy gedwing word om die huwelik so gou as moontlik te laat bevestig.

As dit egter nie bekend is na watter land hy gegaan het nie en die jong meisie of die vrou, saam met sy naaste vriende, sweer dat hulle dit ook nie weet nie, sal dieselfde proklamasies uitgevaardig word, soos dié waarmee hy van die proses verwittig is, om so die jong meisie of vrou vry te verklaar.

131 Indien hy egter 'n goeie rede vir sy reis gehad het en ook sy bruid daaroor ingelig het, moet die jong meisie of vrou 'n jaar lank wag voordat daar teen hom, in sy

afwesigheid, opgetree kan word. Intussen moet die jong meisie of die vrou haar beywer om hom met haar eie oproepe en dié van sy vriende te oorreed om terug te keer.

Indien hy na die verloop van 'n jaar nog nie terug is nie dan sal die proklamasies, soos hierbo genoem, uitgevaardig word.

132 Dieselfde geld ten opsigte van 'n jong meisie of 'n vrou, behalwe dat die man nie 'n volle jaar hoef te wag nie, ook wanneer sy met sy kennis en toestemming op reis gegaan het, tensy hy haar toegelaat het om 'n reis te onderneem wat so 'n lang afwesigheid vereis.

133 Indien 'n jong meisie regtens deur 'n belofte gebind is, en op 'n onderduimse manier uit die land gevoer word sodat die huwelik nie voltrek kan word nie, moet vasgestel word of iemand in die stad haar nie daarin bygestaan het nie. Hy moet dan met 'n straf wat later vasgestel sal word, gedwing word om haar te laat terugkeer. As sy nog onder die sorg van 'n voog of 'n pleegvader is, moet hulle ook versoek word om, indien moontlik, haar te laat terugkeer.

134 Indien 'n man, nadat sy vrou hom verlaat het, nie daaroor 'n klag lê nie maar stilbly, of wanneer 'n vrou wat deur haar man verlaat is dit wegsteek sonder om 'n woord te sê en dit bekend word, moet die kerkraad beide oproep om te verskyn om vas te stel wat hier gebeur het. Dit moet gebeur om ergernis te voorkom.

Die egpaar kon, na 'n geheime ooreenkoms, so opgetree het (dit mag egter onder geen omstandighede geduld word nie) of die saak kan nog baie erger wees.

Nadat die kerkraad die omstandighede vasgestel het, moet die kerkraad alle middele tot sy beskikking gebruik om te voorkom dat daar geen willekeurige egskeidings so ontstaan nie, dit wil sê egskeidings slegs na die eis van die betrokke partye sonder die gesag van die reg. Die egpaar mag nie toegelaat word om geskei van mekaar te woon nie. Die vrou is verplig om op versoek van haar man, hom te volg wanneer hy van woning wil verander of as hy deur noodsaak daartoe gedwing word met dié verstandhouding egter dat dit nie 'n slegte man is wat haar op 'n dwaalspoor na 'n onbekende land neem nie. Maar die man moet die land, waar hy wil gaan woon, met verstand en met inagneming van die eerbaarheid uitsoek sodat hy daar soos 'n fatsoenlike mens kan lewe en 'n geordende huishouding kan onderhou.

135 Alle huweliksaangeleenthede moet, vir sover dit oor die persoonlike verbinding en nie oor finansiële sake gaan nie, in die eerste plek deur die kerkraad behandel word. As daar 'n vreedsame skikking bewerkstellig word, moet dit in die Naam van God gedoen word. Is dit egter nodig dat een of ander juridiese uitspraak gedoen moet word, moet die partye na die Raad verwys word. Die Raad sal met die verkryging van die instemming van die kerkraad, die definitiewe uitspraak gee.

OOR DIE DIENS VAN DIE LIDMATE TOT EER VAN GOD

Die begrafnis

136 Die ontslapenes moet op 'n eerbare manier begrawe word op 'n plek wat daarvoor bestem is. Die gevolg en die geselskap word aan elkeen se oordeel oorgelaat.

137 Verder het ons besluit en aanbeveel dat die draers (of lykbesorgers) 'n eed en 'n belofte by die Raad sal aflê om alle bygelowigheid, wat in stryd met die Woord van God is, teen te gaan, om nie op verbode tye begrafnisse te reël en om 'n skielike dood aan te meld sodat stappe teen alles wat onbehoorlik is, geneem kan word.

138 Verder mag die afgestorwene nie vóór twaalf uur en langer as vier-en-twintig

uur na die afsterwe, begrawe word nie. Voor die begrafnis moet die lyk deur hulle wat dit moet doen en deur Raadsamptenare gesien word.

(Aantekening: In Genève is, ondanks Calvyn se teenstand, die gebruik soos dit ook in Zürich, Bern en Basel was, naamlik dat die begrafnis sonder die medewerking van die predikant plaasvind, gehandhaaf. In Straatsburg het Calvyn in sy gemeente aldaar 'n kerklike begrafnis ingevoer, maar in Genève wou die stadsowerheid dit nie toelaat nie.)

Verpligting van die familie om siekte betyds by die dienaar van die Woord aan te meld

139 Aangesien baie mense nalaat om vir hulleself, in tyd van siekte, troos in Gods Woord te soek, gebeur dit dat hulle sonder vertroosting of onderrig sterf. Dit is tog vir 'n mens in daardie toestand heilsamer as enigiets anders. Daarom het ons besluit én vasgestel: niemand mag vir meer as drie dae siek in die bed bly sonder om die dienaar (van die Woord) te laat weet nie. Daarby moet elkeen dit op hom neem om die dienaar tydens sy spreekuur te roep, sodat hulle nie weggetrek word van hulle ampswerk waardeur hulle die hele gemeente dien nie.

Om enige verskoning onmoontlik te maak, het ons besluit om hierdie reëling bekend te maak sodat dit nagekom sal word. Die familie, vriende en verpleërs moet nie wag totdat die sieke feitlik sterf nie, want in so 'n geval help die vertroosting skaars.

Die geestelike versorging van gevangenes

140 Verder het ons één dag in die week bestel waarop 'n kort godsdiensoefening (collation) vir die gevangenes gehou sal word om hulle te vermaan en aan te spoor. Een van die lede van die Raad sal afgevaardig word om teenwoordig te wees sodat geen bedrog gepleeg word nie. As 'n gevangene in eensame opsluiting verkeer en geoordeel word dat hy nie uit sy sel mag kom nie, sal die Raad, na sy goeddunke, die dienaar wat die gevangene wil vertroos, toelaat om, saam met 'n raadslid, die man te besoek. Want wanneer daar gewag word totdat die oortreder na die teregstelling moet gaan, is hy gewoonlik so vreesbevange dat hy niks meer kan opneem of hoor nie.

Die dag waarop besluit is dat dit gedoen sal word is Saterdag na middagete.

AFDELING III

DIE MANIER OM DIE GEMEENTELEDE WAT GESONDIG HET ONDER DIE HEILSAME TUG VAN GODS WOORD TE STEL

Voorkomende maatreëls

Die toelating van jongmense tot die heilige nagmaal

141 Alle burgers en inwoners moet hulle kinders Sondagmiddag na die bogenoemde kategismusonderrig bring of stuur sodat hulle onderrig kan word oor die kategismus wat vir hierdie gebruik opgestel is. In samehang met die onderwysing in die leer, sal hulle oor die behandelde stof ondervra word om te sien of hulle dit goed verstaan en onthou het.

142 As 'n kind voldoende onderrig is sodat hy sonder die onderwys van die kategismus kan klaarkom, moet hy plegtig die inhoud daarvan weergee en dan ook belydenis van sy geloof in teenwoordigheid van die gemeente aflê. Vir hierdie handeling moet die vier Sondae voor die nagmaalsvierings uitgehou word.

143 Voordat dit nie gedoen is nie, mag geen kind tot die nagmaal toegelaat word nie en die ouers moet gewaarsku word om nie ontydig hulle kinders na die viering te bring nie. Dit is vir sowel die kinders as die ouers gevaarlik as hulle sonder 'n goeie en voldoende onderrig na die nagmaal gedwing word. Om vas te stel wat van hulle verwag word, is dit goed om hierdie ordereëling te gebruik.

144 Sodat die kinders nie wegbly nie, moet hulle wat reeds die skool besoek voor twaalfuur daar bymekaarkom. Die onderwysers sal hulle ordelik elkeen na sy gemeente neem.

145 Die ander kinders moet deur hulle vaders gebring of gestuur word. Sodat daar minder verwarring sal wees moet hulle, so ver moontlik, die indeling van gemeentes in hierdie stad, handhaaf – soos dit hierbo insake die sakramente gestel is.
(Aantekening: Die indeling in gemeentes word nie by artikel 69–77 genoem nie, maar wel in artikel 41 waar van die prediking sprake is. Hierdie fout het ontstaan omdat daar sekere verskille tussen die ko van 1541 en die ko van 1561 bestaan. Artikel 145 is net so uit die ko van 1541 behou, terwyl artikel 69–77 in die ko van 1561 effens gewysig is.)

146 Diegene wat nie hieraan gehoor gee nie moet voor die Raad van ouderlinge (of die raadsverteenwoordigers op die kerkraad) verskyn, en as hulle nie aan goeie raad gehoor wil gee nie moet dit aan die Raad vermeld word.

147 Om vas te stel wie sy plig doen en wie nie, sal die raadsverteenwoordigers daarvoor sorg dat hierdie reëling uitgevoer word.

Die keuring van volwassenes wat na die nagmaal wil gaan

148 Aangesien in die verwarring van die pousdom baie mense in hulle jeug nie onderrig is nie, in so 'n mate dat daar vandag mans en vrouens is wat nie weet wat die Christendom (Chrestienté) is nie, het ons besluit om elke jaar die huise van elkeen te besoek om op 'n eenvoudige wyse die geloof van elkeen te ondersoek, sodat niemand na die nagmaal sal kom wat nie minstens weet wat die grondslag van sy verlossing is nie (le fondement de son salut). In die besonder moet gelet word op die diensknegte, diensmeisies, kraamverpleegsters en vreemdelinge wat van elders af gekom het om hier te woon, sodat niemand tot die nagmaal toegelaat sal word voordat hy nie goedgekeur is nie.

149 Hierdie besoek moet gedoen word vóór die nagmaal met paasfees en 'n redelike tydsbestek moet toegelaat word sodat daar tyd is om dit te voltooi.

150 Die dienaars (van die Woord) sal volgens die besluite van die predikante-vergadering die stadswyke wat elkeen moet besoek, onder mekaar verdeel. Hulle moet hierin die burgerlike distriksindeling volg.
Elke dienaar sal saam met een ouderling van die kerkraad huisbesoek doen. Hulle altwee moet met mekaar ooreenkom wie van die lidmate voor die kerkraad moet verskyn, die één omdat by hom die nodige kennis ontbreek om die nagmaal te kan ontvang, die ander omdat hy hom sleg gedra het.
Die verantwoordelike verteenwoordiger van die stadswyk sal verplig wees om saam met die dienaar en die ouderling te gaan om al die huisbewoners van sy wyk aan te wys, om so te verhinder dat iemand dié ondersoek sal vryspring.

Die tugordening van die gemeente

151 Die bogenoemde ouderlinge sal een maal per week, op Donderdag, saam met die dienaars (van die Woord) vergader om vas te stel of daar nie een of ander versteuring van die orde in die gemeente is nie. Hulle sal saam beraadslaag oor die middele om die orde te herstel, en daar moet ook vasgestel word hoe lank en in welke mate dié middele toegepas moet word.

152 Aangesien hulle geen enkele gesag of juridiese bevoegdheid het nie, het ons

besluit om aan hulle een van ons beamptes beskikbaar te stel om diegene voor hulle te bring, wat hulle op een of ander manier wil vermaan.

153 Indien iemand weier om voor die kerkraad te verskyn omdat hy hulle minag, sal hulle verplig wees om dit aan die Raad te meld, sodat die Raad hulp kan verskaf.

Tugoptrede teen die verskillende sondes

Oortredings van die leer en die kerkorde

154 Indien iemand die aanvaarde leer bevraagteken, moet hy vir 'n gesprek opgeroep word. As hy verskyn, moet hy sonder opspraak en sonder om sy goeie naam aan te tas in die gemeente gehou word. As hy hardkoppig is, moet hy 'n paar keer vermaan word tot vasgestel word dat groter strengheid nodig is. Eers dan sal hy verbied word om aan die nagmaal deel te hê en dit sal ook aan die Raad vermeld word.

155 Indien iemand so nalatig is in sy kerkbesoek, sodat mens daaruit 'n minagting van die gemeenskap van gelowiges moet aflei, of as hy toon dat hy die kerklike orde minag, moet hy vermaan word. As hy gehoorsaam is, moet mens hom in liefde in die gemeente behou. As hy egter van kwaad na erger gaan, moet hy na 'n derde vermaning uit die gemeente uitgesluit word en moet dit by die Raad aangemeld word.
(Aantekening: Art 160–163 en 171 verv is 'n uitbreiding van hierdie artikel).

Oortredings in lewenswandel

156 Wat oortredings in lewenswandel van die lidmate betref, moet gehandel word volgens die orde wat ons Here ons beveel het.

157 Die verborge sondes moet in die verborge reggestel word. 'n Gemeentelid mag sy naaste eers dan voor die gemeente daag vanweë 'n sonde wat nie in die openbaar gepleeg is en nie openbare ergernis verwek het nie, wanneer sy naaste hom teen sy vermanings verset het. Daarby sal iemand wat spot met die vermaning van sy naaste andermaal voor die gemeente vermaan word. As hy op geen manier bereid is om tot sy sinne te kom en toe te gee dat hy gesondig het, wanneer hy daarvan oortuig word, moet hy aangesê word om van die nagmaal weg te bly totdat hy tot beter insigte gekom het.

158 Wanneer dit gaan om bekende en openbare sondes wat die gemeente nie kan oorsien nie, is daar sondes waarby 'n vermaning voldoende straf sal wees. In dergelike gevalle sal dit die taak van die ouderlinge wees om die skuldige op te roep en hom vriendelik tereg te wys, sodat die lidmaat hom weer kan herstel. Indien hier 'n verbetering opgemerk word, moet hy met rus gelaat word. Indien die lidmaat egter volhard om die verkeerde te doen, sal hy 'n tweede maal vermaan moet word. As dit op die lang duur niks help nie moet hy aangesê word dat hy, as 'n veragter van God, van die nagmaal moet wegbly tot daar 'n verandering in sy lewenswandel vasgestel word.

159 As iemand hom aan 'n sonde skuldig gemaak het wat nie slegs met 'n mondelinge teregwysing nie, maar met 'n teregwysing met straf, reggestel moet word, moet daar volgens die vereiste van die geval, aan hom bekendgemaak word dat hy hom vir 'n tydlank van die nagmaal moet onthou om hom so, voor God, nederig te betoon en sodat hy sy sonde beter sal ken.

Edik en ordonnansie wat deurgevoer is deur die Groot Raad op 12 *November* 1557 *oor diegene wat die nagmaal minag*

160 Dit is al vroeër opgemerk dat sommige mense, uit vrye wil, hulle van die nagmaal onthou en ook met die aanmoediging om hulle voor te berei om na die nagmaal te gaan,

nie erns gemaak het nie. Ander weer wat verbied was om nagmaal te gebruik, het vir 'n lang tyd (ondanks die feit dat die tydperk wat hulle nié na die nagmaal mag gegaan het, verstryk het) dit, vanweë onverskilligheid of veragting, nie gebruik nie. Daarmee sal hierdie beslissing wat hulle volgens die Woord van God en ons ordonnansies opgelê is, tot 'n bespotting word as hier nie ingegryp word nie. Daarom wil en verordineer ons dat die prosedure wat hier uiteengesit word, sonder afwykings gehandhaaf moet word.

Wanneer gesien word dat iemand hom afsydig van die heilige gemeenskap van die gelowiges hou, moet die kerkraad indien nodig, volgens sy opdrag en die vroeëre gebruik, hom oproep.

Indien die lidmaat vanweë 'n bestaande onenigheid weggegebly het, moet hy aangemoedig word om hom te versoen. As daar 'n ander struikelblok bestaan, moet na reg en billikheid raad gegee word.

Indien hy nie gewillig is om dadelik hierdie eerste vermaning te aanvaar nie, moet hy 'n tyd gegun word om ernstig oor sy situasie na te dink. As hy egter hardnekkig weerstand bied in soverre dat hy 'n verdere ses maande van die nagmaal wegbly, moet hy die kerkraad om vergiffenis vir sy sonde vra en bereid wees om te verbeter. Anders moet hy voor die Raad gedaag word en as 'n onverbeterlike vir 'n jaar lank uit die stad verban word. Selfs as hy voor die Raad sy sondes erken, sal hy nog na die oordeel van die Raadslede gestraf word, omdat hy hom nie aan die vermaning van die kerkraad gesteur het nie. Dan moet hy na die kerkraad gestuur word om die ergernis, wat hy deur sy weerstrewigheid veroorsaak het, weer goed te maak.

161 Dieselfde geld wanneer iemand, soos hierbo gestel, vermaan is om na die nagmaal te gaan en dan, nieteenstaande sy belofte tog nie gaan nie. Dan moet hy opgeroep word om tereggewys te word vanweë sy geveinsdheid en huigelary. Wanneer hy 'n tweede maal daarvan beskuldig word dat hy die kerkraad mislei en bedrieg het, sal hom dieselfde straf, as hierbo genoem, opgelê word.

162 Indien iemand vanweë 'n sonde wat hy begaan het slegs vir een keer verbied word om die nagmaal te gebruik, en hy bly dan vanweë gegriefdheid of 'n ander rede van die nagmaal weg, moet hy opgeroep word om voor die kerkraad te verskyn. Wil hy hom dan nie onderwerp nie, moet met hom gehandel word soos hierbo uiteengesit.

163 Wanneer iemand vanweë sy opstandigheid of hardnekkigheid of omdat hy onwaardig bevind is, verbied word om die heilige nagmaal te gebruik en hy, in plaas daarvan om nederig te wees, homself as 'n veragter van die kerklike orde betoon en hy nie uit vrye wil na die kerkraad kom om sy fout te erken nie, maar dat hy vir ses maande homself van die nagmaal onthou, moet hy opgeroep word en dringend versoek word om sy houding te verander. As hy 'n volle jaar lank voortgaan sonder om te verander, nieteenstaande die vermaninge wat tot hom gerig word, moet hy ook as 'n onverbeterlike vir 'n jaar lank verban word tensy hy, om dié straf te ontkom, die raadslede om verskoning vra én hy sy sonde by die kerkraad bely sodat hy tot die nagmaal toegelaat kan word.

164 Indien iemand uit hardnekkigheid of verset hom teen die gebod wil opdring by die nagmaalstafel, moet die dienaar (van die Woord) hom wegwys omdat hy hom nie tot die nagmaal mag toelaat nie.

Tog moet alles so besadigd hanteer word dat niemand daardeur tot wanhoop gedryf sal word nie. Want die teregwysings moet niks anders as medisyne wees om die sondaar na ons Here terug te bring nie

165 In hulle hele optrede sal die dienaars (van die Woord) oor geen regterlike gesag

(iurisdiction civile) beskik nie. Ook mag die kerkraad niks van die gesag van die Raad of van die bevoegdhede van die burgerlike howe wegneem nie, maar die owerheidsgesag moet in sy geheel bewaar word.

Wanneer lidmate ook nog deur die burgerlike hof gestraf moet word of hulle ook daar moet verantwoord, sal die dienaar saam met die kerkraad hulle hoor en hulle dan, na goeddunke, waarsku en vermaan. Daarna sal hulle alles aan die Raad voorlê. Die Raad sal, volgens sy goeddunke oor die geval beraadslaag en 'n besluit neem wat reg sal laat geskied ooreenkomstig die geval.

166 Hierdie ordonnansie sal nie net in die stad nie, maar ook in die dorpe wat onder die gesag van die Raad staan, geld.

(Aantekening: Dit was die laaste artikel in die ko van 1541).

Edikte waarop die Raad van Tweehonderd besluit het op Vrydag, 5 *Februarie* 1560 *tot uitbreiding van die vroeëre reëling oor die verkiesing van ouderlinge en die reëlings oor die uitsluiting van lidmate van die nagmaal*

167 Ons die burgemeesters, die Klein en die Groot Raad van Tweehonderd maak aan almal, deur dié wat hier teenwoordig is, bekend: Die eerbiedwaardige dienaars van Gods Woord in ons kerk het ons meegedeel dat sekere misbruike ingesluip het met die tendens om die kerkorde, wat destyds in ons algemene burgervergadering aanvaar is, af te breek.

Daarom het die dienaars gevra en geëis dat dit reggestel moet word omdat wanneer werklik 'n goeie saak deur ons aangepak word, dit liewer bevorder as afgebreek moet word. Ook ons, van ons kant, hoop dat daar goeie orde in ons midde sal wees en ons wil daarvoor sorg dat dit wat deur die Woord van God aan ons getoon is, ten volle onderhou sal word. Ons het ook vasgestel dat ons vorige orde in ooreenstemming met die Skrif is, sodat daar onregmatig daarvan afgewyk is. Om nou die verkeerde reg te stel en dit wat goed ingestel is in die toekoms nie weer te laat verander, te laat skend of in onbruik te laat verval nie, het ons besluit en bepaal om, oor die sake wat aan ons voorgelê is, die volgende deur proklamasie vas te stel.

Uitbreiding van art 49 *verv: Die verkiesing van ouderlinge*

168 Ten eerste: Teen die kerkorde (van 1541) wat ons algemene burgervergadering vasgestel het, het in die tyd wat agterlê 'n gebruik ingeburger dat één van die vier burgemeesters met sy ampstaf in die hand (wat tog veel meer die teken van burgerlike gesag (iurisdiction civile) is, maar nie van die geestelike regering (regime spirituelle) nie) as voorsitter by die kerkraadsvergaderings optree. Die Heilige Skrif leer ons egter om duidelik te onderskei tussen die swaardmag en die gesag van die owerheid enersyds en die opsienerstaak van die kerk andersyds, wat alle Christene tot gehoorsaamheid en die ware diens van God aanspoor, en ergernisse verhinder en uit die weg ruim.

Daarom het ons besluit en bepaal dat daar gehou moet word by die bepalings van die kerkorde (van 1541). Dit wil sê daar sal slegs twee lede van die Klein Raad van Vyf-en-twintig gekies word. As een van die twee 'n burgemeester is, sal hy slegs in sy hoedanigheid as ouderling, sonder om sy ampstaf saam te bring, in die kerkraadsvergadering kom om die kerk te lei. Want alhoewel die owerheid en die regeergesag wat God aan ons gegee het, en die geestelike regering wat Hy in sy kerk verorden het by mekaar hoort en sake is wat nie van mekaar geskei kan word nie, is hulle tog nie met mekaar vermeng nie. Hy wat alle gesag het en aan wie ons, vanweë ons pligsgevoel ons moet onderwerp, het dié twee sake van mekaar onderskei. Daarom verklaar ons: Dit is ons wil dat dit nagevolg sal word wat goed verorden was, en dat niks weer daaraan toegevoeg sal word nie wat agterna, by wyse van misbruik, daarby gekom het.

169 Tweedens: Dit was uitdruklik bepaal dat by die verkiesing van ouderlinge vir die kerkraad, die Klein Raad die dienaars (van die Woord) sal roep om met hulle te praat (oor die lys van voorgestelde ouderlinge). Hulle is egter verkeerdelik en onregmatig uitgesluit en so het dit gebeur dat 'n paar keer manne, wat nie juis geskik is vir so 'n amp nie, gekies is en op dié manier is die aansien van die kerkraad aangetas. Ons sien nou in dat die inhoud van die kerkorde (van 1541) in ooreenstemming met die Woord van God begrond en opgestel is. Dit is behoorlik dat die herders van ons kerk oor die regering en orde van die kerk gehoor sal word en hulle stand en diens word 'n onreg aangedoen wanneer, sonder hulle medewete en kennis, diegene gekies word met wie hulle in gemeenskaplike akkoord moet waak en sorg dat almal God eer en dien.

Daarom het ons besluit dat van nou af die dienaars teenwoordig sal wees, sodat hulle raad en mening verkry kan word by die verkiesing van ouderlinge. So moet aan die kerkorde vasgehou word, wat van die begin af reg opgestel is.

170 Derdens: In die kerkorde (van 1541) word onomwonde bepaal dat vier lede van die Raad van Sestig en ses lede van die Raad van Tweehonderd as ouderlinge van die kerkraad gekies sal word. Daar word nie onderskei tussen ou en nuwe burgers nie. Desnieteenstaande is uit eersugtigheid of om ander redes die keuse slegs tot ou burgers beperk. Nadat ons die klagte saam met die motivering daarvan aangehoor het, naamlik dat die voorregte en waardigheid slegs tot die ou burgers beperk word en dat dit in die kerk, op grond van sy geestelike karakter, geen geldigheid kan hê nie en dat dit beter sal wees dat die voortreflikste manne uit elke liggaam gekies word, het ons besluit, wat hierdie artikel betref, dat van nou af die feit dat iemand 'n ou burger of 'n nuwe burger is, nie in aanmerking geneem sal word nie, maar dat die ou kerkorde eenvoudig gevolg sal word.

Uitbreiding van art 154: *Skuldbelydenis voor die gemeente*

171 Ten slotte: Die Woord van God leer ons dat diegene wat hulle verhard en nie aan die tugmaatreëls van die kerk (corrections de l'Eglise) gehoor wil gee nie, as heidene beskou moet word. En die heilige Paulus sê ook dat hulle dikwels besoek moet word, sodat hulle hulself sal skaam en tot ootmoed en berou gebring sal word. Dit kan alleen so gebeur as hulle vantevore eers as onversetlik en hardkoppig verklaar is. Daarby kom dat die openlike ergernis wat die kerk beroer het, reggestel moet word. Alhoewel ons vantevore edikte opgestel het wat, soos ons geoordeel het, die mees bevorderlike vir die opbou van die kerk was, en wat ook deur die betrokke eerbiedwaardige dienaars (van die Woord) geprys en geloof is, het ons tog, sodat so na as moontlik gekom kan word aan die ware beginsel van die Woord van God en om ons, so ver as moontlik, daarmee te vereenselwig, besluit: In die toekoms sal die name van die kansel afgekondig word van diegene wat deur die kerkraad in die ban gedoen is (esté excommuniez). Hulle sal, wanneer hulle hulle nie skik na die vermaning nie, maar voortgaan in hulle verset, uit die kudde uitgewerp bly totdat hulle hulle sonde kom bely en hulle weer met die hele gemeente versoen.

172 Verder: Diegene wat, om hulle lewe te red, die ware geloof van die evangelie herroep en afgesweer het, of diegene wat, nadat hulle die heilige nagmaal hier ontvang het weer terugkeer na die gruwels van die pousdom, moet in plaas van die openbare boetedoening, na die kerk toe kom om hulle fout te erken en te bely en om van God en sy kerk vergifnis te vra.

Ons het geoordeel dat dit goed en noodsaaklik is, sowel om aan die hele gemeente van gelowiges tevredenheid en 'n waarskuwende voorbeeld te gee, asook om die sondaars in te lig dat hulle hulle sondes met goeie en eerlike gewilligheid moet erken en bely om so

eindelik weer met die gemeente versoen te word waarvan hulle, as gevolg van hulle val, hulleself afgesny het.

Uitbreiding van art 80–82, 136–140: *Handhawing van hierdie orde*

173 Wat die handhawing en bevestiging van hierdie orde en reël in hierdie kerk van ons Here Jesus Christus betref, het ons bepaal dat dit elke drie jaar, op die eerste Sondag van Junie in die openbaar in die St Pierre-kerk aan die hele gemeente (tout le peuple) voorgelees sal word. Elkeen sal met opgehewe hand, in teenwoordigheid van die burgemeester, in Gods Naam sweer om hierdie orde te bewaar en te handhaaf, om dit nie teen te spreek of teen te gaan nie. Dit sal nie wettig wees om iets hierby te voeg of weg te neem, sonder dat dit eers aan ons Raad voorgelê is en vervolgens aan die Groot Raad van Tweehonderd, soos in ons ander edikte bepaal is.
Onderteken: I F Bernard, sekretaris.

Opmerking

Wanneer hierdie kerkorde so gesien word dan is dit, in die lig van Calvyn se leer oor die kerk,[4] nog lank nie die ideaal waarna Calvyn gestreef het nie. So kan gestel word dat die ampte en hulle dienswerk nog nie volledig omskryf is nie. Die regte van die gemeente is nog baie beperk, want die gemeente het baie min te sê oor die beroep van predikante en die verkiesing van kerkraadslede. So is die selfstandigheid van die kerk nog op verskillende punte beperk. Die owerheid het die benoeming van kerkraadslede en die aanstelling van predikante, byvoorbeeld, nog heeltemal in sy eie hande gehou.

In hoe ver Calvyn hom hier maar na die moontlike moes skik, is moeilik om finaal te bepaal. Tog was en is hierdie kerkorde van groot belang. Ondanks alles, is die kerk hier georden volgens die grondliggende beginsels wat Calvyn (dikwels op die voetspoor van Martin Bucer) uit die Heilige Skrif afgelees het. Met hierdie orde bepaal Calvyn ook die aard en inhoud van die ampte, die opdrag van die vergaderings van die ampte, en lê hy 'n hegte grondslag vir die regering van die kerk op aarde. Hierdie orde van Genève het dan ook as voorbeeld en leidraad gedien vir die meeste Calvinistiese kerke wat in die sestiende eeu na vore kom. In daardie kerke is daar voortgebou op die grondslag wat hier, in Genève, gelê is.[5]

AANTEKENINGE

1 Th L Haitejma, *Nederlands Hervormd Kerkrecht*, Nijkerk 1951, p 18–19.
2 *Wezelse Artikels*, Hfst 8, art 14–15. Vgl daarmee die *Ordonnances*, art 25 en 26.
3 Die 1561 Franse teks van die *Ordonnances Ecclésiastiques* wat in 1537 deur Johannes Calvyn die eerste maal opgestel is en wat mede oorsaak was van sy verbanning uit Genève in 1538 en wat na sy terugkeer in 1541 tog uiteindelik ingevoer is, kan onder andere gevind word by W Niesel, *Bekenntnisschriften -und Kirchenordnungen der nach Gottes wort reformierten Kirche*, Zürich oJ S 42 terwyl 'n Duitse vertaling gevind word by P Jacobs, *Reformierte Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen in deutscher Uebersetzung*, Neukirchen oJ, S 72 ff.
4 Vgl o a B C Milner, *Calvin's Doctrine of the Church*, Leiden 1970 en ook P J Richel, *Het Kerkbegrip van Calvijn*, Utrecht 1942.
5 Vgl G Anrich, *Strassburg und die Calvinische Kirchenverfassung*, Tübingen 1928.

HOOFSTUK 3

Die Discipline Ecclésiastique van 1559

Inleiding

Die min of meer georganiseerde vorm van die hervormde kerk in Frankryk, moet ongeveer in die jaar 1555 gestel word. Voor daardie tyd het die Hervorming al deurgebreek en het talle martelaars in Frankryk op die brandstapels gesterf. In 1555 word die hervormde gemeente te Parys georden en dan besit dié gemeente drie predikante: Jean le Macon, Francois de Morel en Antoine de Chandieu. Al drie hierdie predikante was leerlinge van Johannes Calvyn van Genève wat die geestelike vader van die Hervorming in Frankryk was. Hierdie drie Paryse predikante word die leiers van die Franse kerk.

In 1557, wanneer Chandieu na Poitiers gaan om daar hulp te verleen met die oplossing van verskillende vraagstukke, word daar ook 'n eerste poging aangewend om 'n kerkorde op te stel. Dit dra die titel: Articles polytiques pour l'Eglise réformée selon le Saint Evangile (= Artikels vir die orde van die kerk wat hervorm is volgens die heilige evangelie. Die woordjie *polytiques* word hier gebruik vir die begrip *geestelike regering* of *dissipline* of *orde*). Hierdie ontwikkeling het meegebring dat op 25 of 26 Mei 1559 'n eerste sinodale vergadering van al die Franse gemeentes in Parys gehou is. Die voorsitter van hierdie vergadering was Francois de Morel en op dié vergadering was daar verteenwoordigers van die kerkrade van 72 Franse gemeentes.

Met hierdie sinodale vergadering is éérs 'n kerkorde opgestel, die *Discipline Ecclésiastique* wat sy oorsprong vind sowel in die kerkorde van 1557, as in die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541 uit Genève. Die groot waarde van hierdie kerkorde lê dáárin dat dit die eerste poging is om vanuit die Calvinistiese kerkordelike denke 'n kerklike orde te skep vir 'n nasionale kerk. Hier word dus 'n orde geskep wat ál die gemeentes saamvat in één, geordende geheel en waar die geestelike regering van Jesus Christus, die Heer van die kerk, deur middel van sy diensknegte, die ampsdraers, uitgespel word. Hier word die beginsel neergelê dat al die gemeentes alle sake van gemeenskaplike belang op die sinodale vergadering sal beslis, terwyl die plaaslike gemeente as 'n selfstandige, maar nié outonome onderdeel van die geheel, deur die plaaslike kerkraad onder leiding van die Woord en die Gees regeer word.

Hierdie Franse kerkorde het op sy beurt 'n belangrike invloed op die Nederlandse kerkordelike denke uitgeoefen, veral by Wezel 1568 en Emden 1571. Dit was ook die enigste Calvinistiese kerkorde wat al 'n stelsel van meerdere vergaderings gehad het wat as voorbeeld vir die Nederlandse kerklike vergaderings kon dien.[1] Dit word ook baie gou duidelik dat in die vroeë Suid-Nederlandse gemeentes en op hulle provinsiale sinodes wat van 1563–1566 gehou is, hierdie *Discipline Ecclésiastique* 'n groot invloed uitgeoefen het. Talle van daardie bepa-

lings is feitlik net so uit hierdie kerkorde oorgeneem. Vanweë die groot invloed wat die Franse Hugenotekerk op die Nederlandse Franssprekende gemeentes gehad het, is dit ook nie verbasend nie. Daarom bly dit belangrik om aan hierdie kerkordelike reëling aandag te gee.

Die *Discipline Ecclésiastiéue* wat uit 'n veertigtal artikels bestaan, het geen spesifieke onderverdelings nie, maar tog kan die artikels soos volg saamgegroepeer word.

Artikels 1–5 handel oor die vergaderings. Merkwaardig, in vergelyking met die ander Calvinistiese kerkordes, is die feit dat die diaken nie alleen lid van die kerkraad nie, maar ook van die meerdere vergaderings is. Hiérdie betrokke bepaling ten opsigte van die diaken, sy sittingsreg op die kerkraad en die meerdere vergaderings, word nie deur die Wezelse Artikels oorgeneem nie, en daar word ook nie 'n finale standpunt hieroor ingeneem nie. Dit hang ook saam met die voorlopige karakter van die Wezelse Artikels vanweë die betreklike gesag wat hierdie samekoms gehad het. Dit is in hierdie verband interessant om daarop te let dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30 verklaar: ". . . ook ouderlinge en diakens, om saam met die herders die kerkraad te vorm . . ." waaruit afgelei kán word dat die diaken wél sittingsreg op die kerkraad gegun word. Hierdie omskrywing in die Nederlandse Geloofsbelydenis word nié so teruggevind in die Franse Geloofsbelydenis van 1559 nie (waarvan die Nederlandse Geloofsbelydenis in baie opsigte afhanklik is), want in art 29 is daar slegs sprake van die drie ampte, sonder dat 'n kerkraad vermeld word. Wat die Nederlandse kerkordelike reëlings betref, word eers in 1574, met die provinsiale sinode van Holland en Zeeland wat in Dordrecht gehou is, in art IV finaal vasgestel dat die diaken nié normaalweg lid van die kerkraad is nie en daarom ook geen sittingsreg op die meerdere vergaderings van die kerk het nie.[2] Die feit dat die diakens in bepaalde gevalle wél lid van die kerkraad is, beteken dat met hierdie reëling nog nie afgewyk word van die meer algemene stelling van art 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis nie.

Belangrik is dit verder om te let op die basiese beginsel wat deur art 1 van die Franse kerkorde geformuleer word, naamlik "dat geen gemeente vir hom voorrang of heerskappy oor 'n ander kan aanmatig nie". Hiermee word die basiese antihiërargiese beginsel in die presbiteriaal-sinodale sisteem ingeskrywe, 'n beginsel wat vandag nog in ons *Kerkwet* ook te vinde is, naamlik in art VI. Die plaaslike gemeente word hier dus gesien as 'n ware, volkome gemeente of kerk wat alle eienskappe besit wat aan die kerk eie is. Die plaaslike gemeente word dus gewaardeer as *die normale, gewone verskyningsvorm van die kerk op aarde.* Die feit dat hierdie gemeente in 'n gemeenskaplike verband met ander gemeentes leef en bestaan, tas nié sy selfstandigheid aan nie, maar is 'n waarborg vir die blywende voortbestaan en welstand van dié gemeente. Dit is dus duidelik dat die plaaslike gemeente in hierdie kerkregtelike sisteem altyd aanvaar moet word as 'n gemeente wat in dié sake wat die algemene belang van die gemeenskap van die kerk nie direk raak nie, selfstandig is om, gelei deur die Woord en Gees van God, sy eie selfstandige besluite te neem. Juis hierdie beklemtoning van die eie verantwoordelik-

heid van die plaaslike gemeente naas sy verbondenheid aan die gemeenskap van die kerk, het die Calvinisme 'n weerbaarheid en lewenskragtigheid gegee waardeur dit in staat was om al die vervolgings en storms wat oor die kerk en gemeentes gegaan het, te trotseer.[3]

Artikel 6–25 handel oor die dienste of ampte. Art 6–19 oor die dienaar van die Woord. Interessant is die bepaling in art 12 dat hy wat eenmaal tot die diens van die Woord geroep is en die roeping aanvaar het, moet weet dat hy daardeur vir sy hele lewe tot die diens van die Woordverkondiging verkies is.

Artikel 26–32 handel oor die dissipline en tug.

Artikel 33–38 handel oor die huwelik.

Artikel 39–40 handel oor die onderworpenheid aan die meerdere vergadering en die gesag van die kerklike orde.

Die teks van die Disciplines Ecclesiastique[4]

DIE EERSTE ONTWERP VAN DIE KERKLIKE DISSIPLINE, HIER IN EERSTE ONTWERP, SOOS DIT TERUGGEVOER IS TOT OP DIE GRONDE SOOS DIT IN DIE GESKRIFTE VAN DIE APOSTELS OPGETEKEN IS

Afdeling 1: Die vergaderings

1 Ten eerste, dat géén gemeente (église) vir hom voorrang of heerskappy oor 'n ander kan aanmatig nie.

2 Dat in elke meerdere vergadering (colloque) of sinode 'n president met algemene instemming gekies sal word om die meerdere vergadering of sinode te lei, en om dit wat daartoe hoort, te doen en dat die genoemde opdrag met elke meerdere vergadering of elke sinode of elke konsilie beëindig sal word.

3 Dat die dienaar (ministres = predikante) elkeen één of meer ouderlinge of diakens uit hulle gemeentes met hulle sal saambring.

4 Dat by die algemene sinode wat na die dringende behoefte van die gemeentes byeengekom het, 'n vriendskaplike en broederlike sensuur van al die deelnemers sal plaasvind, waarna die nagmaal van ons Heer Jesus Christus gevier sal word.

5 Dat die dienaars en minstens één ouderling of diaken van elke gemeente of provinsie tweemaal in die jaar sal byeenkom.

Afdeling *2*: Die dienste of ampte

Die dienaar van die Woord

6 Dat die dienaars in die konsistorie (Consistoire = kerkraadsvergadering) deur die ouderlinge en diakens gekies sal word en dan aan die gemeente, waarvoor hy beroep is, voorgestel sal word. En as daar opposisie is, sal dit by die kerkraad berus om daaroor te beslis; en in gevalle waar die ontevredenheid van die een of ander kant kom, sal die hele aangeleentheid na 'n provinsiale sinode (Concile Provincial) verwys word, nié om die gemeente te dwing om die dienaar aan te neem nie, maar tot sy regverdiging.

7 Dat die dienaars nie van ander kerke af gestuur sal word sonder gewaarmerkte briewe (lettres authentiques) nie en dat dié briewe nie sonder ondersoek ontvang sal word nie.

8 Dat diegene wat beroep word die belydenis van geloof sal onderteken, wat bepaal is sowel by die kerke waar hulle beroep is as ander, waarheen hulle gestuur sal word. Die beroep moet deur gebede bevestig word en deur die oplegging van hande deur dienaars (van die Woord), egter sonder enige bygelowigheid.

9 Dat die dienaar van een kerk nie in 'n ander kerk sal kan preek sonder die toestemming van die dienaar van die betrokke kerk of van die kerkraad in sy afwesigheid nie.

10 Wanneer 'n dienaar tot 'n diens van die Woord beroep is, sal hy gemaan en aangespoor word om dit aan te neem, maar in geen geval daartoe gedwing word nie. Die dienaar wat sy amp nie kan uitoefen op die plek waarvoor hy beroep is, sal op aanwysing van die gemeente êrens anders heen gestuur word, en indien hy nié daarheen wil gaan nie, sal hy aan die kerkraad die gronde vir sy weiering voorlê en daar sal beslis word of dit aanneembaar is. Wanneer dit nié die geval is nie en die dienaar volhard om die genoemde amp nie aan te neem nie, sal die provinsiale sinode (le Synode Provincial) daaroor besluit.

11 Indien iemand hom ingedring het en hoewel hy deur sy gemeentelede aanvaar is, sal hy nie deur die dienaars van die buurgemeentes of iemand anders aanvaar word nie, indien daar enige beswaar oor sy toelating van 'n ander gemeente kom; maar voordat iets weer gebeur, sal so spoedig moontlik 'n provinsiale sinode byeenkom om daaroor te beslis.

12 Hy wat eenmaal tot die diens van die Woord beroep is, moet weet dat hy daarmee vir sy hele lewenstyd tot dié diens verkies is.

13 En wat hulle betref wat net vir 'n bepaalde tyd gestuur is, sal hulle in die geval, waar die gemeente nie later vir hulle kan sorg nie, nie toegelaat word om die gemeente in die steek te laat waarvoor Jesus Christus gesterf het nie.

14 In die geval van al die skerp vervolging, kan mens 'n wisseling van een gemeente vir 'n ander vir 'n bepaalde tyd onderneem met die instemming en aanwysing van altwee gemeentes, dieselfde kan ook op ander geregverdigde grond gedoen word mits dit aan die provinsiale sinode meegedeel word wat dit sal beoordeel.

15 Diegene wat 'n verkeerde (of slegte) leer verkondig en nadat hulle daaroor vermaan is, nié daarvan wil afsien nie, en net so diegene wat 'n aanstootlike lewenswandel het wat bestraffing of ekskommunikasie van owerheidsweë verdien, òf diegene wat aan die kerkraad ongehoorsaam is, òf ook op 'n ander wyse onvoldoende bevind word, sal afgesit word.

16 Met betrekking tot diegene wat deur ouderdom, siekte of 'n ander dergelike omstandigheid enigermate onbekwaam geword het om sy amp te volvoer, sal sy waardigheid behou (l'honneur leur demeurera) en hulle sal deur hulle gemeentes onderhou word terwyl iemand anders die dienswerk sal doen.

17 Die misstappe wat aanstootlik en by die owerheid strafbaar is en waaruit groot ergernis vir die kerk voortvloei . . . sal die afsetting van die dienaar (predikant) tot gevolg

hê. Wat ander, minder aanstootlike misstappe betref, sal dit verwys word na die wysheid en oordeel van die provinsiale sinode.

18 Die afsetting moet onmiddellik deur die kerkraad, na raadpleging van twee of drie predikante, geskied in die geval van ergerlike sondes (au cas de vices enormes). En in die geval van klagte oor die getuieverklarings of oor laster, sal die saak aan die provinsiale sinode oorhandig word.

19 Die redes vir die afsetting sal nie aan die gemeentelede bekend gemaak word nie, omdat die noodsaaklikheid dit nie vereis (dat bekend word) waaroor die kerkraad besluit het.

Die ouderlinge

20 Die ouderlinge en diakens is die kerkraad van die gemeente (le Senat de l'Eglise) waarvan die dienaar van die Woord die voorsitter moet wees.

21 Die taak van die ouderlinge sal wees om die gemeente te versamel, om die sondes (les scandales) aan die kerkraad mee te deel en dergelike ander aangeleenthede . . . en ook is die amp van die ouderling, nie soos ons dit op die oomblik het, van lewenslange duur nie.

Die diakens

22 Wat die diakens betref, is dit hulle opdrag om die armes, die gevangenes en die siekes te besoek en om na die huise te gaan om onderrig te gee (te katkiseer).

23 Die opdrag van die diakens is nòg om die Woord te verkondig, nòg om die sakramente uit te deel, hoewel hulle daarby behulpsaam mag wees; ook is hulle amp nie lewenslank nie maar hulle mag, net so min soos die ouderlinge, hulle losmaak van die amp sonder die toestemming van die gemeente.

24 By die afwesigheid van die dienaar (= predikant), of wanneer hy siek is of wanneer ander dwingende omstandighede bestaan, sal die diaken die gebede doen en 'n Skrifgedeelte kan lees sonder om egter te preek (sans forme de predication).

Afdeling *3*: Die dissipline en tug

25 Die diakens en ouderlinge moet op dieselfde gronde as 'n dienaar van die Woord afgesit word uit hulle amp en wanneer hulle deur die kerkraad skuldig bevind word, sal hulle van hulle amp onthef wees, indien hulle appèl aanteken, totdat 'n provinsiale sinode daaroor besluit het.

26 Die dienaars, nòg enige ander lid van die kerk, mag enige boek in verband met die godsdiens wat hyself of iemand anders geskryf het, laat druk of andersins openbaar maak, tensy dit bespreek is met twee of drie onverdagte dienaars van die Woord.

27 Die dwaalleraars, die godsveragters, diegene wat hulle verset teen die kerkraad (les rebelles contre le Consistoire), diegene wat verraad teen die kerk pleeg, diegene wat betrap is op misdade waarop lyfstraf volg of bewys is dat hulle dit gepleeg het, en diegene wat misdade begaan wat in die hele kerk groot ergernis veroorsaak, sal heeltemal geban word en nie alleen van die sakramente nie, maar van elke versameling (of byeenkoms = l'assemblee) uitgesluit wees. En wat die ander sondes betref, dit sal aan

die wysheid van die gemeente oorgelaat word om te besluit wie tot die Woordverkondiging toegelaat sal word nadat die gebruik van die sakramente hulle ontsê is.

28 Diegene wat as gevolg van dwaalleer, godsveragting, kerkskeuring, verraad teen die kerk, oproer teen sommiges of weens laster wat vir die kerk swaar en aanstootlik is, geban is, sal as geëkskommuniseerdes aan die gemeente bekend gemaak word, saam met die opgawe van redes vir hulle ekskommunikasie.

29 Ten opsigte van diegene wat vir mindere sondes geëkskommuniseer is, sal dit aan die wysheid van die gemeente oorgelaat word of dit aan die gemeente bekend gemaak word of nie, tensy die opvolgende algemene sinode anders daaroor oordeel.

30 Diegene wat geëkskommuniseer is, sal na die kerkraad gaan met hulle versoek om weer met die gemeente versoen te word en die kerkraad sal oor hulle berou oordeel. Indien hulle in die openbaar geëkskommuniseer is, sal hulle ook in die openbaar moet boete doen; indien hulle egter nie in die openbaar uitgesluit is nie, sal hulle alleen voor die kerkraad boete doen.

31 Diegene wat in vervolgings (hulle geloof) verloën het (fait abnegation), sal in géén geval tot die gemeente toegelaat word tensy hulle openlik voor die hele gemeente boete doen.

32 In tye van bittere vervolgings of van oorlog of van pessiektes of hongersnood of ander groot rampe, net so wanneer 'n dienaar van die Woord beroep wil word, én wanneer die vraag ontstaan of 'n sinodale vergadering gehou kan word, sal openlike en besondere biddae saam met vasdae afgekondig kan word, maar in elke geval sonder gewetenskwelling of bygeloof.

Afdeling *4*: Die huwelik

33 Huwelike sal aan die kerkraad voorgelê word of anders sal die huwelikskontrak, wat deur 'n publieke magistraat opgestel is, voorgelê word. Dit sal minstens twee keer in vyftien dae afgekondig word waarna die huwelik in die openbaar bevestig kan word. Hierdie reël mag nie oortree word nie, behalwe ten opsigte van belangrike sake waaroor die kerkraad sal besluit.

34 Sowel die huwelike as die doop sal geregistreer word en sorgvuldig deur die kerk bewaar word met die name van die vader, moeder en familielede van die gedoopte kinders.

35 Wat bloed- en aanverwante betref, naamlik dat 'n gelowige nie met 'n persoon 'n huwelik kan aangaan wat tot groot skande sal lei nie, hieroor sal die kerk besluit.

36 Die mans van wie die vrouens skuldig bevind word aan onkuisheid word aangeraai om hulle met hulle vrouens te versoen. As hulle dit nie wil doen nie, sal hulle vryheid aan hulle verklaar word omdat dit na die Woord van God is. Die kerke sal egter nie die huwelik ontbind nie om nie inbreuk op die gesag van die burgerlike owerheid te maak nie.

37 Jongmense wat nog nie mondig is nie, mag nie 'n huwelik sonder die toestemming van hulle vaders en moeders aangaan nie. Wanneer hulle egter sulke onredelike ouers het wat nie toestemming wil gee tot 'n gesonde en voordelige saak nie, sal die kerkraad hieroor besluit.

38 Huweliksbeloftes wat op wettige wyse afgelê is, kan nie ontbind word nie, selfs nie eers met die wedersydse toestemming van dié wat dit afgelê het nie. As die beloftes wettig gedoen is, berus dit by die kerkraad om hieroor te besluit.

Afdeling *5*: Die gesag van die meerdere vergadering

39 Geen gemeente sal enigiets van groter omvang mag doen waarby die voordeel of skade van 'n ander gemeente ter sake kom nie sonder die besluit van 'n provinsiale sinode, indien dit moontlik is om so 'n vergadering te hou. Indien die betrokke aangeleentheid vir 'n gemeente van dringende belang is sal die gemeente, minstens skriftelik, daarvan melding maak en advies en toestemming van die ander gemeentes van die provinsie ontvang.

Die gesag van die kerklike orde

40 Die artikels met betrekking tot die kerklike dissipline (of orde) wat hier vasgestel is, is nié sodanig onder ons vasgestel dat dit nie weer verander kan word nie indien die welwese van die kerk dit vereis nie, maar dit sal nie in die mag lê van enkelinge om dit te doen nie sonder die toestemming en goedkeuring van die algemene sinode nie.

So geteken in die oorspronklike: *Francois de Morel*, gekies om namens almal die sinode te lei.

Gedaan te Parys, die 28ste Mei 1559, in die dertiende jaar van die regering van koning Henri II.

AANTEKENINGE

1 J N Bakhuizen van den Brink, *Protestantse Pleidooien uit de Zestiende Eeuw*, Kampen 1962, Dl II, p 81–82. Hier gee hy ook 'n uiteensetting van die agtergronde van die Franse Geloofsbelydenis wat ook op die sinode opgestel is. Vgl ook J Pannier, *Les origines de la Confession de Foi et la Discipline des Eglises Réformés de France*, Paris 1936.

2 G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 64.

3 Op hierdie hele saak van die verhouding van die plaaslike gemeente tot die gemeenskap van die kerk, sal later op 'n ander plek teruggekom word. Hier word slegs daarna verwys.

4 Die Franse teks word gevind by W Niesel, *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche*, Zollikon-Zürich oJ, S 75. 'n Duitse vertaling word gegee deur P Jacobs, *Reformierte Bekentnisschriften und Kirchenordnungen*, Neukirchen Kr Moers oJ, S 122. Ter wille van die Afrikaanse leser word hier 'n poging om die kerkorde in Afrikaans te stel, aangebied.

HOOFSTUK 4

Die voorspel tot die convent van Wezel, 1563-1566

Die Calvinistiese Hervorming het aanvanklik die suidelike dele van Nederland (dit is min of meer die teenswoordige België) die eerste bereik. In dié Franssprekende gebied was dit vanweë die gemeenskaplike taal byna vanselfsprekend dat die Franse Calvinisme daar 'n aanklank sou vind. Presies hoe en wanneer dié invloede in die suidelike Nederlande begin deurwerk het, is egter nie meer vasstelbaar nie.

Hierdie vroeë Calviniste het van die begin af die skerpte van Roomse vervolginge geken wat begin het met keiser Karel V se Augsburgse edik van 25 September 1550, waarmee hy alle ketters in sy ryk wou uitroei. Dié onderdrukking is voortgesit deur sy seun en opvolger Filips II, veral ná die vrede met Frankryk in 1559. Dié vervolginge het baie Wale gedwing om hulle land te verlaat en 'n heenkome te soek in die provinsies Zeeland, Holland, Oos-Friesland en dergelike, terwyl sommige ook na Engeland uitgewyk het. Ook die provinsies Vlaanderen en Brabant, waar die vervolgings minder skerp was, het huisvesting aan die vlugtende Wale gebied.

So het die Waalse Calvinistiese kerk in die suidelike Nederlande ontstaan uit Waalse gelowiges wat nié net in hulle geboorteplekke nie, maar ook in Oos- en Wes-Vlaandere gemeentes gevorm het. In die Vlaamse stede Doornik en Gent was daar spoedig groot gemeentes wat onder andere bedien is deur Boulius, 'n vriend van Calvyn, terwyl ander mense soos Johannes Utenhove en Martin Micron hulle beywer het vir die verbreiding van die Protestantisme. Een van die steunpunte was ongetwyfeld die stad Antwerpen wat as hawestad 'n welvarende bevolking gehad het. Dáár is reeds in 1521 deur die monnike van die Augustynerklooster begin met evangelieverkondiging. Dié taak is later voortgesit deur predikante soos Hermanus Moded en andere.

Die Calvinistiese gemeentes kon in hierdie tyd nog nie openlik vergader nie, maar die godsdiensoefeninge is meestal in huise en in die oop veld gehou. Die feit dat in hierdie tyd baie martelare verbrand is, kon die groei van die Protestantisme nie stuit nie. Spoedig het so in die Nederlandse provinsies gemeentes ontstaan, sowel Frans- as Nederlandssprekend. Nieteenstaande dié taalverskil het hulle onder dieselfde kerklike vergaderings gestaan.

Hoewel die meerderheid van die nie-Roomses in die suidelike Nederlande Calviniste was, was daar onder hulle dikwels ook nog twiste en onenigheid, terwyl daar óók 'n sterk Anabaptistiese element in die suidelike Nederlande was. Juis om hierin meer orde te stel, het Guy de Brès, afkomstig uit Bergen en predikant te Rijssen en Valenciennes, 'n geloofsbelydenis ontwerp wat in 1561 in die Franse taal verskyn het. Kort daarna het dit ook in Nederlands verskyn. Tesame met die verskyning van dié geloofsbelydenis wat onder andere deur Calvyn instemmend ontvang is, is daar pogings aangewend om die kerklike organisasie ter hand te neem.

Die vroegste kerklike vergaderings waarvan daar gegewens bewaar gebly het, is die drie sinodale vergaderings wat op 26 April 1563 gehou is. Dié vergaderings wat, volgens hulle handelinge, swaar geleun het op die Geneefse en Franse kerkordelike voorbeeld, moet as provinsiale sinodale vergaderings gesien word. Dit word waarskynlik geag dat hierdie vergaderings deur ander voorafgegaan is, maar die handelinge of *Acta* van dié vergaderings het nie behoue gebly nie.

Die vergaderings van die Waalse gemeentes onder die kruis is belangrik omdat hiermee die Calvinistiese kerklike orde, wat later ook in Noord-Nederland gegeld het, as grondliggend aanvaar is. Terselfdertyd was dit hierdie vergaderings wat die Nederlandse Geloofsbelydenis aanvaar het. Hoewel dié geloofsbelydenis in 1566 by die sinode van Antwerpen finaal aanvaar is, is dit reeds op die provinsiale sinode wat op 26 April 1563 gehou is te Armentières goedgekeur en is daar bepaal dat alle ampsdraers dit moet onderteken. By die 1565-sinode van Antwerpen is bepaal dat die geloofsbelydenis by die aanvang van die sinodale vergadering gelees moet word sodat daarmee die geloofseenheid gedemonstreer kan word én om te verneem of daar enige voorstelle was om die geloofsbelydenis te verander of te verbeter.

Volgens die voorskrifte van die Waalse sinodes moes elke gemeente 'n kerkraad hê (consistoire) bestaande uit predikante, ouderlinge en diakens. Hoewel meeste gemeentes nog geen vaste, inwonende predikant gehad het nie, het die sinodale vergadering getrag om in dié nood te voorsien. Die ouderlinge en diakens moes, onder leiding van 'n predikant, gekies word deur die hele gemeente. Indien daar reeds 'n kerkraad bestaan het, moes die kerkraad, vir die aanvulling van vakatures, name aan die gemeente voorlê vir verkiesing. Die taak van die kerkraad was om die orde en dissipline van die gemeente te handhaaf.

Dit is duidelik dat vir die aanwysings van die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30–32, die bepalings van die Geneefse kerkorde en die Franse kerkorde van 1559, die voorbeeld was. Die gebruik om van die begin af provinsiale sinodes te hou, moet óók aan die voorbeeld van die Franse kerkorde toegeskryf word.

Die Waalse gemeentes wat vanaf 1563 in 'n kerklike organisasie saamgevat was en die oorsprong van die Nederlandse Calvinistiese kerk genoem kan word, het ná 1566 'n swaar lydensweg gegaan. Vanaf 1567 het die Roomse owerhede met 'n swaar hand dié gemeentes vervolg en vanaf 1568 het die toestand van dié gemeentes haglik geword. As gevolg van die skerp vervolgings moes meeste van die lidmate vlug en so smelt die gemeentes as't ware weg onder die druk van die vervolging. Baie van die lidmate het na die noordelike Nederlande gevlug waar weer Waalse gemeentes gevestig is. Vanweë die verskil van taal is die Waalse gemeentes in hulle eie klassikale en provinsiale sinodale vergaderings saamgesnoer, volgens die besluit van die sinode van Dordrecht 1578, art 46. Tog het die Waalse gemeentes 'n onderdeel bly vorm van die Nederlandse hervormde kerk en 'n belangrike rol daarin gespeel. In 1685, na die herroeping van die Edik van Nantes van 1598, het die Waalse gemeentes 'n tuiste gevorm vir die vlugtende Franse Hugenote en het ongeveer 200 Franse predikante hulle by die Waalse gemeentes aangesluit.

Die *Acta* van die Waalse sinodes wat gepubliseer is,[1] gee die *Acta* van die provin-

siale sinodes wat in April 1563 gehou is en dan ook *Acta* uit 1564, 1565 en 1566. Hier is nog nie sprake van kerkordes wat opgestel word nie, maar eerder 'n reeks kerkordelike maatreëls. Besondere aandag word, in navolging ook van die Geneefse orde, aan reëlings met betrekking tot die huwelik gegee. Dit het saamgehang met die feit dat die huwelik en die huweliksreg geheel en al deur die Roomse kerk hanteer is. Dit het die reformatoriese kerke aanvanklik verplig om ook dié reëlings op hulle te neem. Relatief gou ná die oorwinning van die Hervorming in Nederland, is die juridiese aspekte van die huwelik aan die owerheid oorgedra en het die kerke slegs die inseëning van die huwelik bly behou. Die formele huweliksreg en alles wat daarmee saamgehang het, word dan die taak van die owerheid.

Kerkordelike reëls van die Waalse sinodes onder die kruis

Hoewel, soos reeds gestel, die gemeentes in die suidelike Nederlande hoofsaaklik die kerkorde van Genève en die Franse kerkorde gevolg het, blyk uit die *Acta* van die provinsiale sinodes dat die druk van die vervolgings dikwels plaaslike, eiesoortige reëlings vereis het. Ter wille van die interessantheid is 'n aantal van die kerkordelike beslissings wat geneem is, hier gerangskik in die rubrieke wat normaalweg in die verskillende Calvinistiese ordes voorkom. Op dié manier word die gebruike wat hier neergelê is, meer oorsigtelik.

Dit is baie waarskynlik dat die notules van hierdie provinsiale sinodes óók by Wezel geraadpleeg is as die eerste ordereëling daar opgestel word. By Wezel word immers nie meer oor die geldigheid van die Nederlandse Geloofsbelydenis gehandel nie, maar dit word sonder meer aanvaar as die geloofsbelydenis van die Nederlandse hervormde kerk.

Hoewel heelwat van hierdie sinodale besluite nié in die Wezelse ordereël of die latere kerkordes opgeneem word nie, wil dit nié sê dat hulle daarom kragteloos was nie. Wat hier gebeur het, is dat die sinodes met hulle besluite die kerkordes wat hulle gevolg het, uitgelê en toegepas het. As sodanig moet aanvaar word dat hierdie uitleggings tog hulle krag behou het en saamgehelp het om 'n bepaalde koers aan die kerklike lewe en gebruike te gee. Slegs 'n studie van kerkraads-, klassis- en provinsiale sinodale notules sal aantoon welke beslissings wat hier geneem is, mettertyd hulle krag en geldigheid verloor het deurdat hulle òf herroep is, òf vervang is deur ander besluite, òf in onbruik geraak het. Dié studie is hier nié onderneem nie.

Dan kan daarop gewys word dat vir veiligheidsredes die *Acta* skuilname gebruik vir die gemeentes waar vergader is. Volgens Hooijer is dit nie meer bekend watter gemeente met *Teurs* (ook word verwys na Tours, Teur of Fleur) bedoel word nie. *Palme* is die skuilnaam vir die gemeente te Tournay. *Bouton* is die aanduiding vir Armentières en *Vigne* vir Anvers of soos die stad in Vlaams bekend staan, Antwerpen, die hawestad en één van die sentra van die suidelike Hervorming.[2]

Hooijer[3] wys daarop dat in Mei 1566 'n verdere sinodale vergadering te Antwerpen gehou is waar die Nederlandse Geloofsbelydenis hersien is. Die notule van dié vergadering het nie behoue gebly nie.

Ten slotte kan daarop gewys word dat die *Acta* van die Waalse sinodes van 1563–1566 in Frans opgeteken is. Die aangehaalde teks, soos dit hier weergegee is, is 'n poging om dit in Afrikaans te stel.

OOR DIE AMPTE

Die dienaars van die Woord

Roeping van die dienaar

Niemand sal ontvang word om die Woord van God te verkondig sonder wettige roeping nie. Diegene wat hulle roekeloos in die diens indring, sal gestraf word. (Teurs, April 1563, art 25.)

Toelating van monnike en priesters tot die diens

Diegene wat maar kort gelede tot die kerk toegelaat is, veral monnike en priesters, kan nie tot die diens (van die Woord) gekies word sonder 'n lang en noukeurige ondervraging én goedkeuring van sowel hulle leer as lewe nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 7.)

Die dienaar en sy gemeente

Elke predikant sal sy eie gemeente hê teenoor wie hy 'n verpligting het. (Bouton, April 1563, art 5.)

Die dienaar van een gemeente mag nie in 'n ander gemeente preek sonder die toestemming van die dienaar van daardie gemeente nie. In die afwesigheid van die dienaar, kan die kerkraad toestemming gee. As die gemeente, as gevolg van vervolginge of ander probleme versprei is, sal die (besoekende) dienaar probeer om die ouderlinge en diakens byeen te bring. Daar kan ook gepreek word om 'n gemeente weer te verenig. (Vigne, 1 Mei 1564, art 5.)

Geen dienaar mag sy gemeente, sonder verlof van die kerkraad, of sonder die goedkeuring van die naburige gemeentes, ten opsigte van die redes van sy vertrek, verlaat nie. Die gemeentes word vermaan om hulle dienaar, ten opsigte van die nodige by te staan, nadat hy hulle daarvoor gevra het. As die nodige hulp nie aan hom gegee word nie, het hy die reg om hom aan 'n ander gemeente te verbind. Dat daar so gou as moontlik vir die gemeentes wat nie dienaars of herders het nie, behalwe op 'n tydelike of leen-basis, ywerig 'n dienaar gesoek word wat permanent aan die gemeente verbonde sal wees en wat hulle met lering sal voorgaan, soos wat die ware orde van die kerk dit vereis.

Dat daar geen omruiling van predikante sal plaasvind nie, behalwe in tye van vervolging of die uiterste noodsaak soos wanneer die persoon van die predikant vervolg word deur die vyande van die waarheid of dat sy persoon in die gemeente leed aangedoen word. Dit sal nie geskied sonder die wedersydse toestemming van die twee gemeentes wat deur die saak geraak word nie, of vanweë een of ander gewigtige rede waaroor die sinode moet oordeel. Dan kan die gemeentes met wedersydse toestemming van predikant verander.

(Aantekening: Die algemene gebruik in die sestiende eeu was dat die predikant nie alleen lewenslank in die diens sal staan nie, maar ook lewenslank verbonde sal bly aan die gemeente wat hom beroep het.)

Die dienaars sal verplig wees om die naburige gemeentes, waar daar nie 'n dienaar is nie, te besoek en ook ander plekke waar daar die een of ander hoop bestaan dat die Woord van God ontvang sal word sodat die getal van die kinders van God altyd meer kan word.

Wanneer 'n dienaar (van die Woord) so vervolg word dat hy nie sonder groot gevaar sy opdrag, waarvoor hy in die gemeente geroep is, kan uitvoer nie, kan hy vir 'n tyd lank na 'n ander gemeente gaan met die besluit en toestemming van die twee gemeentes.

As 'n dienaar (van die Woord) nie die oordeel van die twee gemeentes wil gehoorsaam nie, sal die saak aan die volgende provinsiale sinode voorgelê word.

'n Dienaar kan ook, vir ander redes, 'n verandering maak. Dit moet aan die provinsiale sinode voorgelê word wat dit sal beoordeel (Bouton, 26 April 1564, art 5.)

Tugreëling en emeritaat

Dienaars (van die Woord) wat 'n verkeerde leer verkondig en nie daarmee ophou nadat hulle voldoende vermaan is nie;

Diegene wat nie die vermanings van die Woord van God wat aan hulle kerkraad oorgedra is, gehoorsaam nie;

Diegene wat 'n skandalige lewe lei wat van so 'n aard is dat dit die straf van 'n magistraat of die verbanning uit die kerk verdien;

Diegene wat geheel en al ongeskik vir hulle diens of wanaangepas is;

Diegene wie se dienswerk nie tot opbouing van die gemeente dien nie; sal van hulle dienswerk onthef word.

Diegene wat deur ouderdom of siekte of dergelike moeilike omstandighede nie in staat is om hulle dienswerk te doen nie (seront rendus incapables d'administrer leur charges), sal hulle eer behou en deur hulle gemeentes onderhou word, terwyl die gemeente van 'n ander dienaar voorsien sal word wat die dienswerk sal verrig. (Vigne, 1 Mei 1564, art 9.)

(Aantekening: Hier word dus die grond vir afsetting én die emeritaat gereël en blyk dit dat die dienswerk funksioneel gesien word).

Die predikant wat bang is en as gevolg van lafhartige versaking onbekwaam is vir sy dienswerk, kan na 'n lang tyd van berou, weer tot die dienswerk toegelaat word, veral as daar 'n tekort aan predikante bestaan. (Vigne, 3 Desember 1565, art 8.)

Publikasie van boeke

Dienaars (van die Woord) of ander persone in die kerk kan nie enige boeke laat druk of publiseer nie, maar dit moet (vir goedkeuring) aan drie dienaars van die Woord, wat bo verdenking staan, voorgelê word. (Vigne, 1 Mei 1564, art 10.)

Eenheid in die leer

Wanneer die predikante die geleentheid het om dikwels saam te vergader om oor die Christelike leerstellings te handel, so ook in die sinode wat om hierdie rede dikwels byeenkom, sal die predikant wat dit bywoon om die beurt, elke oggend en na ete, 'n Skrifgedeelte behandel, om sodoende te getuig van die eenheid van die leer wat daar onder hulle bestaan. (Vigne, 21 November 1564, art 3.)

Die ouderlinge

Verkiesing

Wat die verkiesing van ouderlinge of diakens betref, as daar 'n verkiesing nodig sou wees, sal twee by die kerkraadsvergadering gekies word wat aan die gemeente voorgestel sal word wat, na die aanroeping van die Naam van God, een van hulle sal kies. (Teurs, 26 April 1563, art 12.)

In die plekke waar die orde van die kerk nog nie geld nie, sal sowel die ouderlinge as die diakens deur die gemeenskaplike stem van die hele gemeente en hulle predikant gekies word.

Waar die kerkorde reeds geld, sal hulle tot die kerkraad verkies word om saam met die dienaars (van die Woord) en die diakens te dien. Daarna sal hulle opdrag aan hulle duidelik gemaak word, dan sal hulle die geloofsbelydenis, wat deur ons opgestel is, onder-

teken. Dan sal hulle aan die gemeente voorgestel word. Indien daar teenkanting is, sal die saak by die kerkraad bespreek word. As hulle nie kan ooreenkom nie, sal dit aan die provinsiale sinode voorgelê word. (Bouton, 26 April 1563, art 1.)

Hulle wat tot die voornoemde ampte gekies word sal, as hulle sonder wettige rede weier om te dien, vermaan word en daar sal gebid word en hulle sal vermaan word (menacez) met die oordeel van God. As hulle nietemin by hulle weiering bly staan, kan hulle nie gedwing word nie. (Bouton, 26 April 1563, art 2.)

'n Ouderling wat 'n ongelowige vrou het (une femme infidele), wat hy nie kerktoe kan bring nie, kan nie as gevolg daarvan van sy opdrag onthef word nie, veral as hy dit getrou uitvoer.

Nietemin moet daar in die toekoms gepoog word om diegene as ouderlinge te kies wat 'n goeie hervormde familie (familles bien reformée) het. Indien nie, bestaan daar ten opsigte van sulke belangrike dinge 'n duidelik gevaar dat die kerk sal verval.

Ampspligte en omskrywing

Dat die kerk in die kerkraadsvergadering verteenwoordigers kan voorstel om kennis te dra van die vertroulike dinge (des choses secrettes) wat in die kerk gebeur en ook vir die voorligting van diegene wat 'n openbare amp beklee. (Palme, art 7.)

(Aantekening: Hierdie bepaling toon aan dat die gemeentes inderdaad onder die druk van die vervolging leef).

Van nou af kan geen ouderling of diaken van sy ampswerk afwesig wees, sonder 'n wettige rede nie en daaroor sal die kerkraad oordeel. (Vigne, 1563, art 1.)

Die taak van die ouderlinge sal wees om die gemeente te laat vergader, skandale aan die kerkraad te berig en ander dergelike dinge.

Hulle sal ten minste elke maand hulle wyke besoek om vas te stel of daar enige probleme of armoede in die huise is. As hulle dit nie doen nie, laat hulle ernstig deur die kerkraad tereggewys word. (Vigne, 1 Mei 1564, art 11.)

In gemeentes van gelowiges, wat nie oor die prediking van 'n predikant beskik nie, sal die ouderlinge op Sondae bid en net uit die Bybel lees sonder enige uitleg en sonder antwoord op vrae. As 'n ouderling hier oortree, sal daar teen hom opgetree word volgens die orde van die kerk. (Bouton, 26 April 1563, art 4.)

Tugmaatreëls

Daar is bepaal dat 'n ouderling of diaken van wie die kind in die pousdom gedoop is, nieteenstaande die feit dat hy oënskynlik sy plig gedoen het, vir 'n tyd lank van sy amp onthef word terwyl hy sy sonde sal bely. (Palme (datum onbekend), art 1.)

Die sensuur (censures = ondersoek van, navraag oor) sal gehou word, sowel oor die lewe van die predikant as oor dié van die ouderlinge en diakens. (Vigne, 1563, art 2.)

Die ouderlinge en diakens wat agtelosig (of laks) in die uitvoering van hulle opdrag is en daarmee voortgaan, sal nadat hulle verskeie kere vermaan is, ten slotte uit hulle ampte afgesit word. Die rede van hulle afsetting sal aan die gemeente bekend gemaak word.

Die diakens

Verkiesing

'n Man wat 'n ongelowige vrou het, kan tot die amp van ouderling of diaken toegelaat word met die verstandhouding dat hy eerstens vermaan word en dat hy gewaarsku word oor die probleme wat hy homself op die hals kan haal. (Teurs, 26 April 1563, art 13.)

As die diakens geskik en bekwaam bevind word en as hulle beloof om hulself geheel en al aan die diens van God en aan die gemeente te wy, kan hulle deur die dienaars

(van die Woord) en die kerkraad gekies word om in die openbaar te katkiseer, ooreenkomstig die orde wat in die kerk aanvaar is, sodat hulle op die proef gestel kan word sonder om egter die sakramente te bedien. (Vigne, 1 Mei 1564, art 12.)

(Aantekening: Die onderwysing of katkisasie wat hier as deel van die diaken se amp gesien word, word so beklemtoon in navolging van die Franse ko van 1559).

Ampspligte

In die afwesigheid van die dienaar (van die Woord) kan die ouderlinge of die diakens, ooreenkomstig die omstandighede, bid en die Woord van God lees én kortliks antwoord op die vrae wat gevra word sonder om egter inbreuk te maak op die dienswerk van die dienaar (van die Woord), byvoorbeeld om die gemeente te vermaan. (Teurs, 26 April 1563, art 13.)

Die bydraes van die goeie lidmate moet na die diaken gebring word om bestee te word. Niemand (anders) sal dit op hom neem om 'n kollekte vir een of ander arme te hou nie. Die behoeftiges en armlastiges moet aan die diaken bekend gemaak word, sodat hulle bygestaan kan word. (Teurs, 26 April 1563, art 27.)

Wat die amp van die diakens betref: hulle amp is om fondse in te samel vir die armes, gevangenes en siekes; om hulle te besoek, om na hulle huise te gaan . . . (Vigne, 1 Mei 1564, art 12.)

Die diakens sal, voordat hulle die armes bystaan, hulle geloof ondersoek. Diegene, sowel as hulle familie, wat op hoogte van sake bevind word, sal geregistreer word en aalmoese sal aan hulle uitgedeel word, volgens die vermoë van die gemeente. (Vigne, 1 Mei 1564, art 13.)

As die armes deur groot armoede geteister word en hulle net half ingelig is (oor die kennis van die leer), laat daar besluit word om hulle te help, maar nie so oorvloediglik nie as wanneer hulle goed onderrig is. 'n Tyd sal aan hulle toegewys word om drie of vier maande onderrig te word, sodat hulle op hierdie wyse aangemoedig kan word om hulle kennis te vermeerder. (Vigne, 1 Mei 1564, art 14.)

As die armes, deur hulle eie toedoen, geheel en al onkundig is, en as daar dan hulp aan hulle beloof word, laat dit alleen na die huidige behoefte wees . . . (Vigne, 1 Mei 1564, art 15.)

Ander (diakonieë) kan, om hulle fondse te bestee, die kinders van die armes in hulle gemeente, 'n beroep laat leer en hulle aan die sorg van gelowige mense toevertrou. As die werkgewers iets vra vir hulle opleiding en die fondse kan dit nie dra nie, word aanbeveel dat die tydperk van dié kinders se opleiding verleng word. (Vigne, 1 Mei 1564, art 16.)

So sal daar ook oor die dogters van die arm gelowiges besluit word. Hulle kan na die huise van gelowige lidmate gebring word sodat hulle geleer kan word om 'n huishouding, in die vrees van die Here, te bestuur. (Vigne, 1 Mei 1564, art 17.)

Die diakens sal toesien dat nie een van die armes, wat by hulle geregistreer is, in die strate gaan bedel nie. As die armes dit doen, sal hulle alle bystand verloor. (Vigne, 1 Mei 1564, art 18.)

Wat die siekes betref, die diakens sal hulle besoek om aan hulle geestelike sowel as liggaamlike vertroosting te gee. (Vigne, 1 Mei 1564, art 19.)

Wat arm vreemdelinge betref, laat hulle geloof ondersoek word en so kan vasgestel word of hulle rondlopers of ongelowiges is. (Vigne, 1 Mei 1564, art 20.)

Die diakens sal op alle maniere probeer om die armes onder hulle sorg te help uit die gemeenskaplike fondse van die hospitale, indien dit gedoen kan word sonder dat God beledig word of die gemeente deur afgodediens of bygeloof (van die armes) besoedel word.

Van nou af moet 'n verskil gemaak word tussen die aalmoese wat aan die armes uitgedeel word en die traktement van die predikant sodat daar (nie meer) rede tot klagte sal wees nie. (Vigne, 16 April 1566, art 2.)

Daar is besluit dat geen arm reisigers bygestaan sal word as hulle nie 'n duidelike bewys het van die gemeente waarvandaan hulle kom nie . . . of as hulle nie bewys het van die een of ander persoon van die plek waarheen hulle gaan nie. (Teurs, 26 April 1563, art 1.)

DIE VERGADERINGS

Die kerkraad

Dat van nou af elke maand op die kerkraadsvergadering die sensuur gehou sal word waar sake behandel sal word wat opgeduik het oor die lewe van die ouderlinge en die diakens, of hulle hulle plig gedoen het teenoor diegene oor wie hulle waak.

Vervolgens ook oor die lewe en leer van die dienaar van die Woord, sodat alles met goeie orde geskied en strek tot verheerliking van God en die opbou van sy kerk. (Palme, ongedateer, art 16.)

In elke gemeente moet daar net een kerkraad wees wat bestaan uit predikante, diakens én ouderlinge wat getrou hulle dienswerk uitvoer en wie vir raad genader kan word as die saak dit vereis. (Vigne, 1 Mei 1564, art 1.)

Geen gemeente kan waardigheid of heerskappy oor 'n ander opeis nie, nòg die een dienaar (van die Woord) oor die ander, veral die wat aan dieselfde gemeente behoort, en dit geld ook die diakens en die ouderlinge. (Vigne, 1 Mei 1564, art 2.)

Die dienaars sal volgens die kerkorde die kerkraad lei sodat niemand méér waardigheid as sy kollega sal hê nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 3.)

Sinode

Die artikels (= besluite) wat by die (sinodale) vergaderings aanvaar is, sal in elke gemeente gelees word, dit wat elkeen in die besonder raak én in die algemeen, sodat niemand onbekend sal wees met die artikels, wat tot nut van die kerk, aanvaar is. (Vigne, 15 Oktober 1563, art 1.)

In elke sinode sal 'n voorsitter nadat almal gestem het, gekies word, om—

- die stemme en die meerderheid (ten opsigte van elke besluit) bekend te maak;
- die besluit (wat geneem word) uit te spreek;
- te sorg dat elkeen ordelik en sonder verwarring praat;
- te sorg dat hulle wat te skerp of twissoekerig is, die swye opgelê word en as hulle nie gehoorsaam nie, hulle die vergadering uit te stuur;
- te besluit oor die sensuur wat pas;
- stukke en antwoorde te gee aan die wat raad vra. (Vigne, 1 Mei 1564, art 4.)

By die aanvang van elke sinodesitting moet die geloofsbelydenis van die kerke van hierdie land (= die Nederlandse Geloofsbelydenis) gelees word sodat ons eenheid daaruit sal blyk en om te besluit of iets daarin verander of gewysig moet word. (Vigne, Pinksterfees 1565, art 1.)

Dat die kerkrade sorgvuldig hulle notules bewaar en dit aan die provinsiale sinodes stuur. (Vigne, 1 Mei 1564, art 32.)

Die artikels wat hier ingesluit is, volgens die kerklike orde, is alleen deur ons bepaal in sover as die nuttigheid dit in die kerk vereis. Hulle kan gewysig word, maar dit sal nie binne die bevoegdheid van 'n enkeling lê nie, maar alleen deur die besluit en toestemming van die sinode. (Vigne, 1 Mei 1564, art 46.)

Vertroulikheid

Hy wat 'n openbare amp beklee en die dinge wat op die kerkraadsvergadering gesê word, gebeur of bepaal word, openbaar, sal die eerste keer vanweë sy onverskilligheid vermaan word en as hy voortgaan, sal hy van sy amp onthef word. (Vigne, 21 November 1564, art 7.)

Doop

Doop deur die Roomse kerk

Die gelowiges, wat toegelaat het dat hulle kinders deur die doop van Papiste besmet word, moet gesuspendeer word totdat hulle hulle fout reggestel het.

Diegene wat 'n openbare amp beklee en hierdie lafhartige daad gepleeg het moet, behalwe die beperkings (hierbo genoem), ook van hulle opdrag onthef word. Hulle sal ook nie weer tot die diens toegelaat word tensy hulle, gedurende 'n lang tydperk, oorvloedig getuienis gelewer het van groot bestendigheid en standvastigheid. (Teurs, 26 April 1563, art 5.)

Die ouers sowel as die herders wat hulle kinders in die vrees van die Here wil grootmaak, word vermaan en gewaarsku om hulle nie in skole te plaas of na tehuise te stuur waar hulle bederf of beïnvloed kan word deur 'n slegte lewe of leer nie. (Vigne, Paasfees 1565, art 3.)

Wie tot die doop toegelaat word

Dat alle kinders wat na die gemeente van die Here gebring word deur gelowiges en mense met goeie aansien in die gemeente, gedoop sal word. (Teurs, 26 April 1563, art 6.)

Almal wat kinders ten doop wil hou, moet 'n goeie naam in die kerk hê en hulle moet hulle by die kerklike orde hou. (Teurs, 26 April 1563, art 7.)

Een of ander onbekende vreemdeling sal nie sy kind ten doop kan hou nie tot hy, deur sy lewenswandel van sy geloof getuig het. (Teurs, 26 April 1563, art 7.)

Dat die raad van diegene te Genève aanvaar word, naamlik dat die kinders van hulle wat nog nie gedoop is nie en nie lidmate van die kerk is nie, in die kerk ontvang kan word om gedoop te word mits hulle toestem om lidmate van die kerk te word. Die voorwaardes is egter dat so 'n persoon 'n gelowige en godvresende man is.

Wat die kinders betref van hulle wat nog ongelowig is, sal die gemeente (= die kerkraad) hieroor oordeel, afhangende van die dringendheid en noodsaaklikheid van die geval. (Palme, ongedateer, art 2.)

Hulle wat kinders ten doop wil hou, moet volgens die kerklike orde, lidmate van die kerk wees. (Bouton, 12 April 1563, art 9.)

Die kinders van hulle wat nie lidmate van die kerk is nie, sal nie gedoop word nie, behalwe as die dopeling ten doop gehou word deur gelowige mense wat na die kind sal omsien. (Bouton, 12 April 1563, art 10.)

Wanneer die een of ander kind ten doop gehou word, sal die vader of 'n familielid hom vashou. (Vigne, 1 Mei 1564, art 23.)

Wat die doop van klein kinders betref wat moontlik nie lank sal lewe nie, moet die gewone gebruik bewaar word op plekke waar die prediking van die Woord normaalweg plaasvind.

Wat plekke betref waar die prediking buitengewoon plaasvind en op ander tye, berus dit by die oordeel van die dienaar (van die Woord) om 'n besluit te neem ooreenkomstig die swakheid van die vader. Nogtans mag daar geen sprake van bygelowige gebruike wees nie. (Vigne, Pinksterfees 1565, art 5.)

Kinders wat in losbandigheid verwek is deur ouers wat lidmate van die kerk is, mag nie van die doop weerhou word nie, mits die ouers vooraf skuld bely het. (Vigne, Pinksterfees 1565, art 7.)

Waar gedoop word

Van nou af sal die doop en huwelik in die gemeente voltrek word behalwe vir 'n belangrike rede waaroor die kerkraad sal oordeel. (Vigne St Jean, 1563, art 5.)

Name

Wat die name betref wat aan die kinders gegee word, sal die dienaars (van die Woord) al die name verwerp wat oorgebly het uit die ou heidendom, ook sal hulle nie name gebruik wat in die Skrif aan God gegee word nie, ook nie die name van ampte, soos Doper, Engel of Apostel nie. Die vaders en familie sal vermaan word om name te gee, so ver dit moontlik is, wat in die Skrif goedgekeur word. (Vigne, 1 Mei 1564, art 24.)

Dat die name en vanne van die vader van die kind wat gedoop word, alfabeties opgeskryf word. Ook die name en vanne van hulle wat verantwoordelikheid dra vir die onderrig van die kind, volgens die gebruik van elke gemeente. (Vigne, 21 November 1563, art 2.)

Nagmaal

Wie nagmaal mag gebruik

Niemand sal by die nagmaal ontvang word wat nie gekatkiseer is nie en wat nie geskik, sowel ten opsigte van lewenswyse as leer, bevind word nie. (Bouton, 12 April 1563, art 11.)

Tyd van die nagmaal

Die nagmaal, sal indien moontlik, ses maal per jaar gevier word en ten minste vier maal. (Bouton, 12 April 1563, art 13.)

So ver as dit moontlik is, sal die gemeente, waar die sinode gehou word, besluit om ten tye van die vergadering, nagmaal te vier sodat die dienaars (van die Woord) en die diakens wat saamgekom het, die brood saam kan breek as teken van hulle gemeenskaplike eenheid en broederskap. Hy wat die sinode lei, sal voorgaan in prediking en vermaning. (Vigne, 21 November 1564, art 4.)

Dat die nagmaal van God ten minste elke drie maande bedien sal word of bedien word ooreenkomstig die omstandighede. (Teurs, 26 April 1563, art 10.)

Nagmaalsgebruik

Die brood van die nagmaal kan uitgedeel word aan diegene wat nie wyn kan drink nie, as hulle so verklaar. Laat dit egter nie as gevolg van minagting wees nie. (Vigne, Pinsterfees 1565, art 6.)

Die dienaars (van die Woord) sal besluit oor die wyse waarop die brood en beker aan elkeen by die nagmaal oorhandig word. (Vigne, Pinkstersfees 1565,art 5.)

Huwelik

Toestemming om te kan trou

Dat die gelowiges wat nog onder voogskap is (= onmondig is), nie in die huwelik kan tree sonder die toestemming van hulle ouers of voogde nie. As die ouers nie toestemming wil gee nie, as gevolg van haat vir die godsdiens (pour haine de la religion) of anders vanweë 'n onredelike oorsaak, sal die kerkraad daaroor besluit. (Teurs, 26 April 1563, art 2.)

Dat niemand, wat sy toestand of omstandighede ook al is, selfs as hy 'n openbare amp beklee, sonder die toestemming van sy ouers kan trou nie, as hy ouers het, behalwe as daar genoegsame rede is en sy vader tog nie wil toelaat dat daar verder met die saak voortgegaan word nie. (Palme, ongedateer, art 8.)

Verbreking van verlowing

As 'n jong man of 'n jong meisie nadat hy/sy verloof is in die pousdom en hy/sy oor die misstap berou het en nié die huwelik in die pousdom wil laat voltrek nie, kan hy/sy in so

'n geval nié met 'n ander trou nie maar moet hom/haar toewy om die onkundige party te oortuig. Indien dit nie slaag nie, moet gewag word totdat die onkundige party die belofte verbreek deur met 'n ander te trou of totdat die onkundige party 'n losbandige lewe begin lei. (Vigne, Desember 1565, art 7.)

Huweliksbevestigers

As geen dienaar (van die Woord) gevind kan word nie, sal geen ouderling of diaken dit van nou af op hom neem om huwelike te voltrek nie, nog minder die doop. (Palme, ongedateer, art 5.)

Tyd van die huwelik

Dat van nou af huwelike en die doop in die gemeente voltrek sal word op die geskikte tyd en geleentheid wat daarvoor gevind kan word. Huwelikskontrakte moet aan die kerkraad voorgelê word sodat dit gelees kan word deur hulle wat die gemeente lei. (Palme, ongedateer, art 4.)

Huweliksgebooie

Dat van nou af, die afkondiging van die wat wil trou, in die gemeente waar hulle is, bekend gemaak sal word sodat alles volgens goeie orde geskied en volgens die gebruik van die hervormde kerke. (Palme, ongedateer, art 13.)

Van nou af sal die afkondiging van hulle wat in die gemeente wil trou, bekend gemaak word in die gemeente waar hulle is, volgens die gewoonte van die hervormde kerke. (Vigne te St Jean, 1563, art 6.)

Huweliksbeloftes

Dat (huweliks-) beloftes wat sonder die toestemming van die ouers of die gemeente gemaak is, nie geldig is nie. (Teurs, 26 April 1563, art 3.)

Wanneer huweliksbeloftes met die toestemming van die ouers en die gemeente gemaak is en die twee partye, vanweë die een of ander geldige rede uitmekaar wil gaan, moet hulle, vanweë hulle onbestendige optrede vermaan word en tot volharding aangespoor word. Nietemin kan hulle in uiterste gevalle in vryheid geplaas word. (Teurs, 26 April 1563, art 4.)

Huweliksbeloftes wat met dreigemente gemaak is of teen die sin van die ouers, sal nietig wees. (Vigne, Pinksterfees 1565, art 8.)

Die dienaar (van die Woord) of in sy afwesigheid die diaken of die ouderling, kan die huweliksbeloftes ontvang met inagneming van die eerbied van en die vrees vir die Here. (Vigne, 16 April 1566, art 1.)

Huwelikskontrak

Dat niks in 'n huwelikskontrak ingevoeg mag word wat nie tot die huwelik behoort nie, sodat die ouers nie om die bos gelei word nie. (Vigne, 3 Desember 1565, art 6.)

Huweliksprobleme en egskeiding

Gelowige mans van wie die vrou skuldig aan onkuisheid is, sal versoek word om hom weer met haar te versoen.

As hulle dit nie wil doen nie, sal hulle vryheid wat hulle volgens die Woord van God het, aan hulle toegesê word. Die kerke sal egter nie die huwelik ontbind nie, sodat nie op die gesag van die burgerlike owerheid inbreuk gemaak word nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 28.)

'n Vrou kan nie haar man om enige rede verlaat nie, behalwe in die geval van losbandigheid. (Vigne 21 November 1564, art 5.)

Hertrou van geskeides

Die kerke kan nie geskeide persone weer in die huwelik bevestig nie, tensy die volgende ondersoek gedoen word:

Wat die party betref aan wie aanstoot gegee is en wat nie 'n misstap begaan het nie, hy sal verplig wees om die party wat aanstoot gegee het voor die burgerlike owerheid te daag totdat dié party, deur 'n definitiewe uitspraak, skuldig bevind is.

Die party aan wie aanstoot gegee is, sal die uitspraak aan die kerkraad voorlê wat verlof en toestemming kan gee dat daar weer in die huwelik getree word. Die kerkraad sal dus, nadat die betrokke partye saamgeroep is, toestemming kan gee.

Die party wat oortree het, kan nie voor die ander party tot die huwelik toegelaat word nie behalwe wanneer, nadat 'n lang tyd verbygegaan het, hy verklaar dat hy wil trou. Dan kan die kerk oorgaan tot die voltrekking van die huwelik van die party wat oortree het nadat daar in die openbaar belydenis van skuld gedoen is, waaroor die kerkraad ook sal oordeel. Dit sal so gebeur totdat die kerke meer vryheid het.

Dieselfde sal gebeur, as dit sou gebeur, dat nadat die huweliksbeloftes gemaak is, en voor die voltrekking van die huwelik, een van die twee partye losbandig lewe en die ander party, wat die belofte afgelê het, dit nie geweet het nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 29.)

Bloedverwantskap en familieverwantskap

Wat bloed- en aanverwantskap betref, mag die gelowiges nie 'n huwelik, waaruit skande sou kan voortvloei, aangaan nie. Die gemeente (= kerkraad) sal hieroor besluit. (Vigne, 1 Mei 1564, art 27.)

Belemmering by en voorwaardes vir die voltrekking van die huwelik

Die dienaars (van die Woord) sal nié diegene trou wat suiwer Rooms is nie as hulle nie openlik 'n verklaring aflê dat hulle van die mis en ander bygelowe afsien nie, selfs as die man gelowig en die vrou ongelowig is, sal dit nie sonder verklaring aanvaar word nie sodat by die voltrekking die huwelik en die gebed wat gedoen word, dit nie ontheilig word nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 25.)

Geen huwelike van vreemde persone sal voltrek word sonder 'n bewys van die gemeente waarvandaan hulle kom nie. (Vigne, 1 Mei 1562, art 26.)

Diegene wat saamgewoon het voordat hulle wettig en plegtig in die huwelik bevestig is en vra om in die huwelik bevestig te word, sal in die openbaar belydenis van skuld doen of voor die kerkraad, volgens die besluit van laasgenoemde. Dan sal tot die huwelik oorgegaan word. In die geval van hulle wat in onkunde saamgewoon het of as hulle nie kennis gedra het van die orde van die kerk, daar waar hulle woon nie, sal hulle alleen voor die kerkraad geroep word sodat hulle huwelik reggestel kan word.

As jongmense losbandig saam gelewe het en begeer om hulle deur die huwelik te verbind, sal hulle tot die huwelik aanvaar word mits—

- hulle ouers toestemming gee;
- hulle sondes vooraf bely word; en
- hulle belowe om lidmate van die kerk te word.

Die kerkraad sal tog oor die omstandighede besluit. (Vigne, 1 Mei 1564, art 30.)

'n Huwelik wat aangegaan word deur 'n man wat sy vrou as gevolg van suinigheid (of gemeenheid) verlaat het, is nietig. So 'n persoon moet nie tot die nagmaal toegelaat word nie sonder dat hy sy tweede vrou verlaat het en sonder regstelling van die openbare skande nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 31.)

Geen huwelik sal in die kerk voltrek word as daar nie vooraf 'n kontrak voor 'n publieke magistraat of 'n ander gemagtigde persoon opgestel is nie. (Vigne, Pinksterfees 1565, art 11.)

Begrafnis

Wanneer een of ander oorledene begrawe word, mag daar geen afgodediens plaasvind nie. Daar kan byeengekom word en die oorledene begelei word na die plek waar hy in die aarde gelaat word sonder enige bygelowige gebruike. (Palme, sonder datum, art 11.)

Wanneer 'n oorledene begrawe word, kan daar byeengekom word mits daar geen afgodediens of bygeloof toegelaat word nie. (Vigne te St Jean, 1563, art 8.)

Daar sal nòg gebid nòg gepreek word op begrafnisse om alle bygeloof te vermy. Wat die begrafnisstoet betref wat gehou word in landstreke wat onder die tirannie van die antichris staan, kan daar hiermee voortgegaan word ooreenkomstig art 8 van die sinode van Vigne, gehou te St Jean, 1563. (Vigne, 1 Mei 1564, art 40.)

Prediking

Dit is nie wettig, nog minder wenslik, om 'n preek te hou wat indruis teen die roem van God en wat gemik is op die verering van die naaste. (Vigne, 21 November 1564, art 7.)

Geen predikant mag preek vir 'n groep nie-lidmate nie, behalwe met die toestemming van die kerkraad of van 'n paar ouderlinge, want dit kan gevaarlik wees en kan lei tot die skending van die gesag van die kerkraad en die aantasting van die geloof. (Vigne, 5 Desember 1565, art 10.)

Tafelgebede

Wat die uitspreek van die seën en tafelgebede betref wat die papiste voor of na die maaltyd uitspreek, as die gelowige nie die standvastigheid het om hom openlik daarteen uit te spreek nie, moet hy nie nalaat om tot God te bid nie en deur 'n paar gebare te wys dat hy nie so 'n ontheiliging van die Naam van God en sy Woord goedkeur nie. (Vigne, Pinksterfees 1565, art 14.)

DIE DISSIPLINE EN DIE TUG

Dat die openbare sonde in die openbaar reggestel word en die privaatsonde in die privaat. (Teurs, 26 April 1563, art 16.)

Doel van die dissipline

Dat met alle middele getrag sal word om kwaadpraters in toom te hou en dat alle klagtes nie ligtelik opgeneem sal word nie. Daar moet getrag word om alle verskille uit die weg te ruim en om al die gelowiges saam te snoer ooreenkomstig die reël van die Woord van God. (Teurs, 26 April 1563, art 19.)

Verraad

Dat diegene wat deur domheid die gemeente verraai het, hulle sondes in die openbaar in die gemeente sal bely. (Teurs, 26 April 1563, art 17; ook Bouton, 26 April 1563, art 14.)

Sensuur

Dat die sensuur teen die hardnekkiges en hulle sondes nie weggesteek sal word nie, behalwe as daar een of ander vervolging uit voortvloei. (Teurs, 26 April 1563, art 18.)

Wettige samekomste

Dat almal wat deel van die gemeente is, onderneem om nie onwettig te vergader nie. As hulle, nadat hulle vermaan is om daarvan af te sien, dit nie doen nie, sal hulle as afvallig beskou word en daarom uit die gemeente verban word.

Net so sal almal wat lidmate van die kerk is en hulle bevind op die plek waar sulke samekomste gehou word, en almal wat hulle by die Anabaptiste voeg om na hulle leer

te luister, as afvallig beskou word en daarom uit die gemeente verban word. (Palme, ongedateer, art 9.)

Hulle wat na gerugte luister en hulle by die Anabaptiste voeg sal, nadat hulle vermaan is, afgesny word van die gemeente as hulle nie daarvan afsien nie. (Vigne te St Jean, 1563, art 4.)

Opvoerings

Hoewel die opvoering van verhale uit die Bybel nie geheel en al veroordeel kan word nie, kan dit tot 'n ontheiliging van die Naam van God lei. Die gelowiges moet tevrede wees met die prediking van die Woord van God wat met goddelike krag en gesag gedoen word. (Vigne, 3 Desember 1656, art 9.)

Dranksugtiges

Wat dranksugtiges betref: Hulle sal 'n eerste keer skerp en dringend vermaan word, 'n tweede keer moet hulle hulle fout in die openbaar bely en die derde keer sal hulle van die nagmaal weerhou word. As hulle daarmee voortgaan sal hulle in die ban geplaas word. (Vigne, 1 Mei 1564, art 37.)

Oortredings

Diegene wat hul vir die eerste keer skuldig maak deur die een of ander sonde te pleeg, sal tereggewys word om hulle sodoende op die regte pad terug te plaas. As hulle voortgaan sal hulle sekere regte verloor, volgens die vereiste van die saak en die oordeel van die kerkraad. (Vigne, 1 Mei 1564, art 38.)

Tug oor nie-lidmate

Diegene wat gelowig is maar nie lidmate is nie, en hulleself met afgodediens besoedel of die een of ander oortreding begaan, sal 'n eerste keer vermaan word; 'n tweede keer sal hulle met onthouding van regte gedreig word en die derde keer sal hulle gesuspendeer word in soverre as wat hierin 'n tugtiging gesien word. (Vigne, 1 Mei 1564, art 39.)

Matigheid

Die gelowiges sal vermaan word, mans sowel as vrouens, om ten opsigte van gebruike matigheid voor oë te hou en om die buitensporighede en oormaat, waaraan hulle hulle gewoonlik skuldig maak, te beperk.

Nietemin sal in die kerk voorskrifte opgestel word, rakende dié sake wat by die burgerlike owerheid berus, maar die ordonnansies van die koning moet sorgvuldig onderhou word.

Die kerk kan nie 'n mens in die ban plaas vanweë die een of ander gewoonte wat in hierdie land gewoon en aanvaarbaar is nie. (Vigne, 1 Mei 1564, art 45.)

Bywoning van die nagmaal

Hy wat vir 'n lang ruk die Woordverkondiging geniet en nogtans, vanweë sy sonde, weier om aan die nagmaal deel te neem, sal vermaan word om aan die eerste nagmaal deel te neem. Dan sal hy weer vermaan word om aan die tweede nagmaal deel te neem. As hy weier en nie daaraan deelneem nie, sal hy weer vir 'n derde keer vermaan word en dan by sy weiering sal hom die voorreg om die Woord te hoor, ontneem word. Nietemin sal die kerkraad met diskresie oor die sonde oordeel en dit veral in gedagte hou dat daar 'n plig ten opsigte van mensliewendheid bestaan. (Vigne, Pinksterfees, 1565, art 4.)

Verskyning voor die kerkraad

Hulle wat nie voor die kerkraad wil verskyn nie, nadat hulle deur drie verskillende

persone versoek is om dit te doen, sal van die gemeente afgesny word en as opstandelinge beskou word. (Vigne, Pinksterfees, 1565, art 10.)

Die ban

Hulle wat met die ban afgesny is, moet na die kerkraad kom en vra om met die kerk versoen te word. Die kerkraad sal dan oor hulle berou oordeel. As hulle in die openbaar met die ban afgesny is, moet hulle in die openbaar belydenis van skuld doen. As hulle nie in die openbaar met die ban afgesny is nie, moet hulle alleen voor die kerkraad belydenis van skuld doen. (Vigne, 1 Mei 1564, art 34.)

Hy wat as ketter verklaar is of weggebreek het van die kerk, sal as sulks bekend gemaak word sodat almal daarvan kennis kan neem. (Vigne, 1 Mei 1564, art 35.)

Hy wat die kerk verloën of vervolg het, sal nie in die kerk toegelaat word nie behalwe as hulle in die openbaar, voor die gemeente, belydenis van skuld gedoen het. (Vigne, 1 Mei 1564, art 35.)

Alhoewel die seremonie om 'n lidmaat met die ban af te sny nie verskil nie, moet hierdie dinge volgens goeie orde in die kerk geskied. Daarom moet die kerk dieselfde vorm, wat eenstemmig op die sinode bepaal is, volg. Tog is die dienaars (van die Woord) nie verplig om dieselfde woorde te gebruik nie.

AANTEKENINGE

1 Vgl C Hooijer, *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten* 1563–1638, Zaltbommel 1865, p 7 verv.
2 C Hooijer, *a.w.*, p 9.
3 C Hooijer, *a.w.*, p 23.

HOOFSTUK 5

Die convent van Wezel 1568[1]

Die eerste poging om die ampte van die Calvinistiese gemeentes in die Nederlande in 'n sinodale vergadering byeen te bring, dateer uit die jaar 1565. Dié byeenkoms is egter vanweë die gevare daaraan verbonde, nie gehou nie. Tog het die behoefte aan 'n sinodale vergadering vir die verskillende gemeentes onder die kruis bly voortbestaan. In alle waarskynlikheid het Marnix van St Aldegonde[2] die voorbereidende maatreëls getref vir die Wezelse byeenkoms wat waarskynlik aan die einde van Oktober 1568 byeengekom het. Hierin het Marnix die steun gehad van sowel Petrus Datheen as Gaspar van der Heyden wat op daardie stadium beide in die Paltz werksaam was.[3]

Die vergadering is te Wezel, buite die grense van Nederland, in die Hertogdom Kleef gehou. Dit enersyds vanweë die feit dat daar 'n aansienlike aantal Nederlandse vlugtelinge, vanweë hulle geloof, in daardie geweste was, andersyds omdat Wezel, 'n stad in die Rynstreek, op daardie stadium nie in 'n direkte gevaargebied gelê het nie.[4] Tog het die deelnemers aan die convent dit nodig geag om "in alle stilte en in het geheim"[5] byeen te kom.

Die vergadering te Wezel was geen sinodale vergadering nie, want dit was nie saamgestel uit amptelik-gestuurde verteenwoordigers van kerkrade of meerdere vergaderings van die kerk nie,[6] maar dit was slegs *leiers en woordvoerders* van die Nederlandse gemeentes wat daar vergader het. Dit is deur die Wezelse vergadering sélf ook so gesien, want hulle sien 'n sinodale vergadering van die Nederlandse gemeentes as *die resultaat* van hierdie samekoms.[7] Die reëlings wat te Wezel getref is, was dus *voorbereidend en voorlopig*. Tog was dit baie belangrik dat hiér reeds aandag gegee is aan die formulering van die beginsels wat noodsaaklik geag is vir 'n verantwoordelike kerklike orde. In Wezel word dan ook die basis gelê van 'n presbiteriaal-sinodale kerkorde en hierdie werk is by die eerste volwaardige sinode wat te Emden in 1571 gehou is, verder gevoer met die totstandbrenging van 'n eerste kerklike orde. *Wezel skep dus die konsep, Emden stel die kerkorde vas.* Die konsep van Wezel bly egter belangrik omdat dit die eerste poging tot 'n definitiewe formulering was.

Die convent van Wezel wat deur 63 man bygewoon is,[8] is gepresideer deur Petrus Datheen wat destyds predikant van die Nederlandse vlugtelinggemeente te Frankenthal in die Paltz was en wat een van die leidinggéwende figure was in die Calvinistiese Hervormingsbeweging in Nederland. Saam met Datheen het Hermanus Moded, wat as sekretaris opgetree het, die dominerende invloed op die convent gehad.[9] Moded was op daardie stadium predikant van die Nederlandse vlugtelinggemeente te Norwich in Engeland nadat hy in die jare 1561–1567 op die voorgrond getree het as die vernaamste leiersfiguur van die Hervormingsbeweging in die

suidelike Nederlande. Saam met Guido de Brès het hy gewerk aan die opstel van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 1561 verskyn het.[10]

By die convent van Wezel kom in die voorlopige of konsep-kerkorde wat daar voorgestel word, 'n tweetal enigsins verskillende kerkregtelike tradisies of opvattings na vore. Enersyds is daar die invloed van die Londense kerkorde met alles wat daarmee saamhang, en andersyds is daar die invloed van Johannes Calvyn se Geneefse *Ordonnances Ecclésiastiques* en daarmee weer saamhangende die Franse presbiteriaal-sinodale kerkorde van 1559 en die Waalse kerkordenende reëlings van 1563–1566. Daar moet egter, voordat verder gegaan word, noukeurig daarop gelet word dat artikels 27–35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, 1561, die geloofswaarhede bevat wat in die Wezelse Artikels en in die daaropvolgende kerkordes uitgewerk word tot praktiese reëlings. Die betrokke artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis dra agtereenvolgens die titels:

Art 27: Die algemene, Christelike kerk.
Art 28: Elkeen is verplig om hom by die ware kerk aan te sluit.
Art 29: Kenmerke van die ware en valse kerk.
Art 30: Die regering en die kerk.
Art 31: Die ampsdraers van die kerk.
Art 32: Die orde en tug van die kerk.
Art 33 en volgende: Die sakramente, doop en nagmaal.

Dit is noodsaaklik om in die oog te hou dat in die reformatoriese kerk daar voortdurend 'n wisselwerking is tussen die geloofswaarheid ten opsigte van die kerk én die praktiese kerklike orde. Dit sou dan ook, prinsipieel gesien, 'n ernstige storing wees indien dié wisselwerking opgeskort of verkort sou word.

Afgesien van hierdie agtergrond moet vir die verstaan van die konsep-orde van Wezel ook gelet word op die kerkregtelike beginsels, soos dit geformuleer is in die verskillende kerkordes wat by die convent van Wezel as voorbeelde en rigtingwysers gedien het.

Die inhoud van die Wezelse Artikels

Die Wezelse Artikels is, ook na die inhoud beoordeel, nog nie 'n kerkorde in die werklike sin van die woord nie. Uitdruklik word in die voorrede gestel dat ". . . deze volgende Articulen, . . . ordentlyk hier voor te stellen, op dat die alle met gemeyne toestemminge . . . tot een salige vrucht der Ghemeynte besegelt en onderhouden mogen worden." Dit is dus duidelik dat ons hier met 'n aanbevole konsep vir 'n kerkorde te make het. Eers met die sinode van Emden, 1571, is die geldende orde opgestel.

Die Artikels van Wezel word in agt hoofstukke verdeel wat agtereenvolgens handel oor:

1 Die meerdere vergaderings

Allereers word die noodsaaklikheid van meerdere vergaderings gestel om op dié

manier die regte onderhouding van die leer, seremonies en dissipline moontlik te maak (art 1). Hier word dan ook die invoering van *die klassikale vergadering* noodsaaklik geag. Dit is 'n vergadering wat nie in die Franse kerkorde genoem word nie aangesien dáár slegs van 'n sinode sprake is. Naas die klassikale vergadering stel Wezel dan die *provinsiale of partikuliere sinode*. Die besonderhede van samestelling, opdrag en werkwyse word hier nog nié vasgestel nie.

2 Die dienaars (van die Woord) en die doktore

Vervolgens word gehandel oor die predikante. Die suiwerheid van die leer van die beroepe predikant word ook besonder belangrik geag en daar word voorsiening gemaak dat navraag gedoen sal word "of hij niet eenige ketterij toegedaan is geweest; of hij niet in vreemde en curieuse vragen, en ledige speculatiën meer als billijk is, zich heeft vermaakt; of hij niet naarstiger als het betaamt ketterse boeken heeft gelezen, . . ." (art 8). Instemming met die leer, soos vervat in die Franse en Nederlandse geloofsbelydenisse en die kategismus word ook geëis, maar nog géén ondertekening, as bewys van instemming, nie.

As variant van die dienaarsamp word *die profete* genoem (art 14–22), 'n amp wat via die Londense kerkorde hiér ook voorgestel word. Die taak van die "profeet" was die uitlegging van bepaalde Bybelboeke aan die gemeente. Hierdie profete sal almal wees "die begerig zijn de gaven der profetie, van de Heere ontvangen, tot gemene nuttigheid en brengen" (art 18). Met ander woorde, die profete was nie noodwendig beperk tot die getal van die dienaars van die Woord nie. Hierdie oorspronklike Zürichse gebruik wat deur Zwingli ingestel is, het sy skriftuurlike basis in die beroep op 1 Korintiërs 14:26-33. Vanweë die feit dat Calvyn géén besondere waardering vir hierdie amp gehad het nie en die Calvinistiese insigte in die Nederlandse kerk die dominerende geword het, is hierdie amp na Wezel nie meer in die Nederlandse kerkordes genoem nie.

Die ampswerk van die predikant word sorgvuldig omskrywe. Die belangrikste is die openbare prediking (wat nie langer as 'n uur behoort te wees nie, art 24), en die diens van gebede op Sondae en één dag van die week (art 25). Die bediening van die sakramente word nié pertinent genoem nie. Art 29 en 30 reël die amp van die *voorleser* wat beklee sal word deur "een of de andere ouderling of diaken" en wat die opdrag het om voor die aanvang van die godsdiensoefening enkele hoofstukke uit die Skrif aan die gemeente voor te lees. Art 31 bepaal dat die Psalmberyming van Datheen in die godsdiensoefening gesing sal word. Hierdie Psalmberyming het dan ook tot 1773 die gebruiklike gebly.

3 Die kategismus

Die kategismus van Heidelberg en dié van Genève word aangedui as die aangewese leerboeke om die jeug te onderrig. Mettertyd het die kategismus van Genève in onbruik geraak in die Nederlandssprekende gemeentes, maar in die Franssprekende gemeentes het dit behoue gebly.

4 Die ouderlinge

Die ouderlinge word gesien as die regeerders van die kerk wat minstens *elke week* deur hulle wyk moet gaan, maar in die besonder vóór die nagmaalsviering om toe te sien dat die gemeentelede 'n vroom lewe lei en hulle kinders na die kerklike katkisasieklasse stuur, (art 2). Hier word ook die verdeling van die gemeente in ouderlingswyke bepaal en word die vereistes wat aan die ouderling gestel word, sorgvuldig omskryf (art 6 en 7).

5 Die diakens

Hier word, nog in navolging van Genève, twee soorte diakens, veral vir die groter stede, ingestel naamlik die armversorgers (art 5) en die diakens wat ". . . zal meest bezig zijn omtrent zieken, gekwetsten, gevangenen; . . ." (art 6). Noodsaaklik is ook dat die diaken met die Woord van God die armes en ellendiges (= siekes) sal vertroos. Ook word van die diakens verwag om ag te gee op die "vreemdelingen en buitelingen" (art 8). *Vroulike diakens*, as dié vroue "van vermaarde proeve, en vroomheid en bejaard" (art 10), word ook geag as synde na "het exempel der apostelen". Art 12 bepaal dat daar ook diakens sal wees wat sorg dra vir die insameling van die predikantstraktement "en wat voorts tot gebruik van de kerkendienste van node is". Hierdie opdrag het in Nederland verval nadat die owerheid vir die predikantstraktement en die instandhouding van die gemeentes begin sorg het. In ons kerk is hierdie gebruik ook weer in gebruik nadat die owerheid nie meer die predikantstraktemente betaal nie soos in dié tyd toe ons kerk staatskerk van die ou ZAR was.

6 Die sakramente

Hier word duidelik geformuleer dat die sakramente ". . . met een onafscheidelijke band zijn vereenigd met de dienst des Woords . . ." (art 4). Wat die gebruik van die nagmaal betref, is dit opmerklik dat benewens die bepalings wat mens daar sou verwag, ook vasgestel word dat almal wat tot die nagmaal toegelaat wil word, agt dae voor die tyd hulle name by die predikant sal indien sodat vasgestel kan word of hulle daartoe toegelaat kan word (art 8). Hierdie bepalings het nie vaste gebruik in die kerk geword nie.

7 Die huwelik

Vanweë die feit dat daar nog nie duidelike en nuwe owerheidsreëlings ten opsigte van die huwelik bestaan het nie en die Roomse praktyk in ieder geval nie aanvaar is nie, bevat die ou kerkordes almal uitvoerige bepalings ten opsigte van die huwelik. Mettertyd het die owerheid egter sy reëlings in hierdie verband vasgelê en verdwyn die uitvoerige bepalings oor die huwelik uit die kerkordes.

8 Die dissipline

Hier word gestel (art 3) dat die dissipline bestaan uit die sensuur van leer en lewe van ampsdraers en lidmate. Hier is ook sprake van die heimlike sondes wat, sonder

om dit openbaar te maak, bestraf moet word en die openlike sondes wat in die openbaar gestraf moet word, (art 9 en 10). Waar die kerkraad die sensuur ten opsigte van die lidmate hanteer, moet die sensuur ten opsigte van predikante en ouderlinge deur die klassikale vergadering gehanteer word (art 12, asook 16–18). Art 14–15 noem die domineessondes na aanleiding van Genève, waarop die klassikale vergadering in die besonder moet let.

Hoewel die latere sinodes nog geweldig baie veranderings, toevoegings en verbeterings tot die Wezelse Artikels gemaak het, is daar nie meer van die basiese patroon wat daar in 1568 gelê is, afgewyk nie. Ons vind dan ook by Wezel die basiese reglemente vir die organisasie van die plaaslike gemeente en die organisasie vir die gemeenskaplike lewe in die kerk as geheel, soos dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis art 28 uiteengesit word, én die reglemente vir die instelling en instandhouding van die amp.

J de Jong wys ook nog daarop dat die Nederlandse vlugtelinggemeente in Wezel wat volgens die beginsels van die Wezelse Artikels georganiseer is, 'n beslissende invloed op die gang van die Kerkhervorming in dié stad gehad het. As gevolg van die teenwoordigheid van dié gemeente in Wezel, het die Calvinisme uiteindelik daar, ten koste van die Lutheranisme, getriomfeer en sodoende aan die Calvinisme 'n verdere vastrapplek in Duitsland gegee.

Die teks van die Artikels van Wezel

Die Artikels van Wezel is oorpronklik in Latyn opgestel, maar daar is reeds vroeg verskillende aanvaarde Nederlandse vertalings gemaak. Die Latynse teks kan by F L Rutgers[12] gevind word. Hier word 'n Nederlandse vertaling gepubliseer wat gevind is by Joh Ens. Omdat Nederlands nog goed lees- en verstaanbaar in ons kerk is, is hierdie artikels nie vertaal nie.

ACTA

OF HANDELINGEN DER VERZAMELING DER NEDERLANDSCHE KERKEN ONDER HET KRUIS, DIE IN EN BUITEN NEDERLAND ALLEZINS ZIJN VERSTROOID, GEHOUDEN TE WEZEL, 3 NOVEMBER 1568

Waarin de Dienaren Gods der Nederlandsche kerken hebben opgesteld, hetgeen zij tot derzelver welstand oordeelen ten deele noodzakelijk en ten deel nuttig te zijn.

Uit het Latijn, waarin deze handelingen zijn geschreven, in het Nederduitsch overgezet.

VOORREDE

De apostel gebiedt, dat alles in de kerk ordentelijk en eerbaar moet toegaan, opdat eene eenparige toestemming in de kerk blijke en gevonden worde, niet alleen in de leer maar ook in derzelve orde en politie. Om dusdanige eenparigheid ook in alle Nederlandsche kerken te onderhouden, heeft ons goed gedacht de navolgende artikelen, waarover is geraadpleegd met de best Gereformeerde kerken in andere plaatsen, ordentelijk hier voor te stellen, opdat die alle met gemeene toestemming van die dienaren Gods in Nederland tot een zalige vrucht der gemeente bezegeld en onderhouden mogen worden.

HOOFDSTUK I

Van collegien en provinciale classen

1 Vermits voornamentlijk van noode is tot welstand der gemeente, dat men vooral bezorge, dat Godzalige, geleerde en in de Heilige Schrift ervarene mannen daarover worden gesteld tot dienaren en herders: zoo kan niemand betwijfelen dat een noodig middel daartoe is, kennis der talen, discipline en gestadige oefening in het uitleggen der Schrift, die men propositiën of profetiën noemt. En dit gedaan zijnde, is het ook noodzakelijk een eenparigen voet te beramen en te onderhouden in leer, ceremoniën en tucht; dat dikwijls vergaderingen der naburige kerken worden aangesteld, om aldaar voor te brengen, hetgeen zoodanige zaken zal betreffen.

2 Daarom meenen wij, dat men vooral moet arbeiden, dat collegiën der discipline worden aangesteld, waarin de drie hoofdtalen geleerd worden en voornamentlijk ook naarstig de zuivere belijdenis der heilige waarheid word beoefend. Ten andere, dat men elke Nederlandsche Provincie behoorlijk in zekere Classen verdeele, opdat elke gemeente wete met wie zij de gewigtige, voorkomende zaken zullen beraadslagen en verhandelen, tot gemeen nut haars oordeels behoorende.

3 Doch daar er voor als nog van zulke zaken niet kan worden besloten, voor het gebruik en de ervaring zullen hebben geleerd, welke plaatsen en tot welke voorvallende zaken, die het meest bekwaam zullen zijn, daarom oordeelen wij, dat zoo wanneer God de Heere in Nederland de deur zal hebben geopend tot verkondiging Zijns Woords, alle gemeenten en hare dienaren, ten eerste in alle naarstigheid zullen bezorgen, dat er geld worde verzameld en bijeengebragt om eene Algemeene Provinciale Synode te vergaderen, om in dusdanige wettelijke Synode te beramen en te besluiten; wat in deze en andere zaken, tot gemeenen welstand der kerken dienende en tot onderhouding van zeer goede orde zal moeten worden gevolgd.

4 Tot deze Algemeene Vergadering verstaan wij, dat zal gebragt worden hetgeen betreft de aanstelling van collegiën, leeraren, hun onderhoud, ambt, ontzag, de scholastieke oefeningen, professiën in die theologie, onderhouding van propositiën en prophetiën en hetgeen daartoe voorts behoort.

5 Insgelijks hoe en op welke wijze in iedere Provincie bekwamelijk Classen zullen worden gesteld en wanneer die, of elk in het bijzonder, of gezamentlijk in het gemeen zullen bijeenkomen en wat voorts betreft hare orde bewind, authoriteit en kerkelijke censuren.

6 Gelijk daar ook in het gemeen zal worden verhandeld, hetgeen betreft huwelijkszaken en echtscheidingen en tot een besluit, alles wat in het algemeen alle kerken en derzelver bediening aangaat. Want dat de eene of andere kerk nu of immer hierna zich in het bijzonder zou aanmatigen 't geen alle kerken aangaat, zonder hunne toestemming, dit komt niet overeen noch met het gezag der Heilige Schrift, noch met de billijkheid der wetten.

7 Doch indien zoodanige Synode om de zwaarheid der zaken of tijden niet gehouden kan worden, zoo oordeelen wij, dat men uit al die voornaamste gemeenten der Nederlandsche Provinciën de uitmuntendste mannen zal verkiezen, om eerste elk bijzich zelve,

of twee, of drie bij elkander te ontwerpe, hetgeen zal dienen tot afdeeling der Classen, instelling van een Collegie, verklaring van alle andere zware zaken en in het geheel tot den besten toestand der kerken. Daarna zullen zij daarover gezamentlijk handelen en daaruit een algemeen formulier ontwerpen en hetzelve door alle en een iedere kerk goed te keuren, of indien daar iets verbeteringswaardig in is, dit met gemeen toestaan te verbeteren en in een beteren vorm te stellen.

8 Daarentusschen evenwel, daar door Gods genade de deur der waarheid reeds is geopend, zoo moet men niet vertoeven en vermits er in 't algemeen eenige orde en geschiktheid moet gehouden worden, waardoor als met een band de kerkelijke overeenstemming in het algemeen vastblijve, zoo heeft ons goedgedacht, dat men deze wijze zou houden en zekere artikelen zou ontwerpen, waarnaar zich de predikanten, elk in hunne gemeenten, moeten regelen, tot dat in eene Synodale Vergadering iets beters en meer volmaakt zal zijn besloten.

9 En ons bedunkens, komt nooit overeen met de leer en ordonnantiën der apostelen en het onberispelijk voorschrift van de oudste en zuiverste gemeente, dat men vooreerst in al zoodanige omstandighede, die in hunne natuur middelmatig zijn en geen fondament hebben in de leer of voorbeelden der apostelen noch in eenig noodzakelijk en onvermijdelik gewicht of reden gegrond zijn, met geene voorschriften en formulieren de vrijheid der kerk zal bepalen. Zoowel om daarmede gewetensdwang te vermijden als om alle oorzaken van twist af te snijden. Maar een ieder zal het geoorloofd zijn te volgen hetgeen hij door onderhandeling voor de gemeente het bekwaamste bevindt, totdat iets zekers over zoodanige zaken in eene Provincial Synode zal zijn beraamd.

10 Onder zulke middelmatige zaken rekenen wij, dat men bij de doopsbediening de doopelingen een of meermalen met water besprengt; dat men den doop bedient voor of na de predikatie, en daartoe of neemt zekere getuigen of dat aan die ouders alleen en aan de geheelte gemeente de zorg bevolen blijft over de gedoopte kinderen. In de avondmaalsbediening, of met zittende zal bedienen, of onder het staan of gaan den drinkbeker zal uitreiken; of men onder de bediening de Schrift zal voorlezen of Psalmen zingen, en wat meer van zulke zaken voorkomt, over welk middelmatig gebruik, als de zaak het vereischt, het onervaren volk ook zal onderwezen worden. Geen kerk in het bijzonder zal dit middelmatig gebruik vermogen weg te doen, tenzij om zeer gewigtige oorzaken, die van de Provinciale Synode alvorens moeten zijn toegestemd.

11 Maar in zaken, die van een andere natuur zijn, en gegrondvest of in Gods Woord, of in het gebruik en exempel der apostelen, of in de gewoonte der kerken, en dat op gewigtige en noodzakelijke redenen, daarin zal men niet ligtelijk van de gemeene toestemming der gemeente afwijken. En dat van zulken aard is, hebben wij in de volgende hoofdstukken en artikelen volkomenlijk en beknoptelijk vervat. Want nademaal voornamentlijk vier trappen van bediening in Gods kerk van apostelen worden voorgesteld, als van predikanten, doctoren, ouderlingen en diakenen, aan welke de bediening des Woords Gods in alle opregtheid is toebetrouwd en de zorg over hetgeen de eerbaarheid, handel en wandel der gemeenten en den bijstand der arme ledematen aangaat, waartoe ook behoort de bediening der sacramenten en van de kerkelijke tucht: hetwelk alles bijeengevoegd, en met Gods Woord overeenkomende, wettige kenteekenen der ware kerk zijn. Voorwaar als deze stukken wel worden aangesteld en onderhouden, zoo is er niet overig 't geen tot oprigting der gemeenten zeer van nood zou zijn of vereischt kon worden.

HOOFDSTUK II

Van de dienaren en doctoren

12 En vooreerst is geheel noodig, dat niemand tot de kerkedienst en eenige andere kerkelijke bediening in die gemeente worde toegelaten, zonder wettige roeping, verkiezing, toestemming, behoorlijk examen, of onderzoek en wettige orde.

13 Nu kan het geenszins en met geen regt voor een wettig beroep en wettige verkiezing worden gehouden, waarin niet zooveel mogelijk worden uitgesloten, en de kuiperijen van die beroepbaar of beroepen is en de ligtvaardige en ongematigde genegenheden van het volk en het eerzuchtig gebied der ouderlingen en der voorgangers.

14 Om deze onwettelijkheden voor te komen, was voorwaar te wenschen, dat de godvruchtige overheden geliefden onderling de hand en hulp te bieden aan de ouderlingen in hun rijp oordeel en voorzigtige verkiezing; want eene zoodanige wijze zou al het goeddunken des volks onbeschroomd en veilig kunnen gerusten op derzelver zamengevoegd gezag; 't welk daar dit naauwelijks schijnt te kunnen verwacht worden, zoo meenen wij, dat geen beter middel kan worden uitgevonden, als dat de gemeene bewilliging der gemeente toekome tot het gezag der ouderlingen en dat men dit in iedere kerk zoolang zal onderhouden tot dat de Synode, als de klassen zullen verdeeld zijn, zal oordeelen, dat tot verkiezing en onderzoek van zoodanigen bijeen zullen komen, dienaren en ouderlingen van vele verscheidene kerken. Want als dat geschieden zal schijnt niet zeer de toestemming van het volk van noode te zullen zijn, overmits de authoriteit van vele kerken genoegzaam de ongematigde driften der ouderlingen (indien eenige mogten ingekropen zijn, hetwelk God verhoede) kunnen in den toom houden.

15 Daarentusschen dewijl het nog niet kan uitgewerkt worden om den ouderlingen geen gezag en gebied over het volk meer als behoorlijk is, toe te staan, zoo oordeelen wij, dat men het dubbel getal door hen rijpelijk verkoren en onderzocht (als men dat kan hebben) aan het volk met name zal voorstellen, waaruit dan verder met ieders toestemming de eene helft verkoren zijnde, tot de bediening zal aangenomen worden.

16 Maar nogtans in welke plaatsen het volk, tot de bediening niet zeer bekwaam is of om het klein getal geloovigen, of door gebrek aan geleerde en geoefende mannen, of door tegenstrijdig gewoel per partijen, of ten laatste, omdat nooit te voren eenige dienaren tot de dienste behoort te vorderen als met voorgaande authoriteit van eenige andere of eenig kerkelijk bestel in die plaatsen geweest is: zoo achten wij, dat men daar niemand aanzienlijke, en zoo mogelijk, naburige gemeente.

17 Daarentusschen oordeelen wij, dat men naar het voorbeeld der apostelen een dag zal instellen tot een plegtig vasten en bidden, opdat God met Zijn Heilige Geest wil bijzijn en zegenen het oordeel, en de stemmen des volks en ook de verkiezing en beproeving der ouderlingen.
De wettige beproeving betreft ten deele de leer, ten deele den handel en wandel van den beroepene.

18 In de leer is nuttig dat men vier zaken in acht neme. Eerst zal men getuigenis vereischen van de gemeente, school, of ook de stad waarin de beroepene te voren gewoond heeft, om zeker te verstaan of hij niet eenige ketterij is toegedaan geweest, of hij niet in vreemde en curieuse vragen en ledige speculatien meer als billijk is, zich heeft vermaakt.

Of hij niet naarstiger als dit betaamt kettersche boeken heeft gelezen, en of hij niet veel gehanteerd heeft, menschen van vreemde gevoelens en hunne droomen toegevende. Daarna zal men hem afvragen of hij in alles overeenkomt met de leer die in die kerk opentlijk wordt onderhouden en vervat is in de belijdenis (die eerste van de kerkedienaren in Frankrijk aan den Franschen koning is overgeleverd en daarna in het Nederduitsch overgezet zijnde, aan die koning van Spanje en de andere overheden van Neder-Duitschland is toegeschreven en behandigd) gelijk ook in den Catechismus. Ten derde zal men hem onderzoeken en ondervragen over al de voornaamste hoofstukken der religie. Ten laatste zal men hem voorstellen ten minste twee of drie maal eenige Schriftuurplaatsen om die prophetischerwijze voor de dienaren, indien zij tegenwoordig zijn, en propheten of doctoren, en die ook niet tegenwoordig zijnde, voor de ouderlingen, uit te leggen.

19 In het onderzoek op het leven van de beroepene tot de dienst zal men zich tevreden en vergenoegd houden met de getuigenissen dergenen, waaronder hij verkeerd heeft.

20 Dit alles (zoo wanneer het in eene Synode aldus zal besloten wezen) zal men doen in de Classicale Vergadering als de verdeeling der Classen geschied is, en daarentusschen kan het niet anders geschieden, dan in de consistorie van elke kerk. Nogtans alle die het gelegen komt zullen eerst de dienaars, die zij tot de dienst willen aannemen, zenden tot de buitelandsche Gereformeerde kerken en daar zij te veiliger mogen rusten op hun onbedorven oordeel en examen, waarover geen verkeerd vermoeden kan vallen.

21 Als nu de dienaren alzoo onderzocht en van het volk goedgekeurd zijn, oordeelen wij, dat men hen of met openbare gebeden, of met oplegging der handen, (hetwelk wij in de vrijheid der kerken laten) voor de geheele gemeente volgens de wijze der apostelen in de dienst zal bevestigen. Deze bevestiging zal geschieden of van den dienaar derzelve gemeente, zoo er een is, of anders van den naburigen predikant, wiens gezag in de verkiezing en onderzoeking gebruikt is geweest.

22 Doch deze bevestiging zal niet geschieden, voor dat de beroepen dienaar in het gezigt der geheele gemeente, zich heiliglijk aan den predikant, die hem de hande zal opleggen, verbindt, dat hij in zijne dienste zal beoogen en betrachten de verbreiding van der eer Gods, de zuivere bediening Zijns Woords en de stichting Zijne gemeente. Dat hij de getuigenissen des Heilige Geestes niet zal buigen tot zijne bijzondere begeerlijkheden noch in het allerminste afwijken om gunst, om geld, om vrees voor de waarheid. Dat hij ook die kerkelijke ordonnantiën, welke tot goede orde en rust der gemeente behooren, godvruchtig zal onderhouden, en ten laatste, dat hij naar zijn vermogen zijn ambt zal waarnemen in vermanen, bestraffen en vertroosten, waar het noodig zal zijn, uitsluitende alle gunst en aanzien der personen.

23 En het is buiten alle tegenspraak, dat het ambt der dienaren, aan welke de Schrift ook somtijds den naam geeft van herders, opzieners en ouderlingen, voornamelijk bestaat in Gods Woord zuiver te verkondigen en bekwaam te ontleden en zoo in het openbaar, zoo in het bijzonder tot leering, vermaning, vertroosting en bestraffing naar tijdsgelegenheid toe te passen. Daarbenevens in de bediening der sacramenten en kerkelijke tucht.

24 Aan de dienaren zijn de leeraren en propheten bijgevoegd, die wel ook met ambt van leeren uitoefenen, maar op eene andere wijze.

25 Voor zulke leeraren kan men voor als nu niet iets zekers beramen, totdat de tijd en gelegenheid der zaken hetzelfde zal leeren, dengenen, die in de synode te zijner tijd zullen bijeenkomen.

26 Propheten noemen wij hier, die in de vergadering der gemeente de eene of andere Schriftuurplaatst behoorlijk uitleggen, gelyk Paulus heeft ingesteld. En daarin onderscheiden wij hen van de predikanten, dat hun eigenlijk bevolen wordt de Schrift uit te leggen en te leeren, maar het ambt der dienaren Gods strekt zich veel verder uit, zoo als te voren is aangewezen.

27 Daarom oordeelen wij, dat deze orde der propheten in alle aankomende of ook bloeijende gemeenten, waar het eenigzins kan geschieden, volgens de instelling van Paulus behoort onderhouden en Collegiën der Propheten aangesteld te worden, die op zekere dagen elke week of om de twee weken na de predikatie of op andere geschikte tijden voor de gemeente zullen verschijnen en tot aller stichting het een of ander boek des Bijbels met bekwame orde bij beurten zullen verhandelen. En als hij, wiens beurt het is, zijn ambt zal hebben volbragt, zullen zij die hem in de zitplaatsen volgen, ook het hunne, indien hun dit goeddunkt, mogen bijbrengen, 't geen tot stichting dient; en daarna zal de vergadering tot besluit met de gebeden van den voornaamsten Propheet worden geëindigd.

28 Maar wat aangaat de wijze van propheteren, bestaande in vragen en antwoorden, achten wij, dat men niet zal gebruiken, maar vermijden, als vreemd zijnde aan Paulus instelling en zeer dikwijls aanleiding gevende tot twist en tweedragt.

By die sinode van Emden word daar duidelik daarvoor beslis dat die Nederlandse hervormde kerk 'n *Calvinistiese* kerk sal wees en word dan afgesien van die moontlikheid om meer in die gees van Zwingli en die vroeëre sakramentariërs die kerklike orde te reël. Hier word dus, afgesien van die ander betekenis wat Emden het, die keuse bevestig wat in Nederland gelei het tot daardie botsing op kerklik-teologiese gebied wat eers met die sinode van Dordrecht in 1618–1619 besleg is.

3 Leiersfigure wat hierdie sinode bygewoon het

Die man wat die groot yweraar was vir hierdie sinodale vergadering, was andermaal Marnix van St Aldegonde wat vir sy optrede ook die steun van prins Willem van Oranje gehad het. Die sinode is in Emden gehou omdat daar in dié Oos-Friese stad 'n bloeiende en toonaangewende Nederlandse vlugtelinggemeente was.[14]

Die vergadering is bygewoon deur twee-en-twintig predikante en toekomstige predikante en vyf ouderlinge. As voorsitter het Caspar Heidanus, predikant te Frankenthal[15] en as skriba Johannes Polyander opgetree.

Caspar Heidanus/Heydanus, 1530–1586

Hy het geen formele opleiding as predikant gehad nie, maar was van 1551 voorganger van die gemeente te Antwerpen. Waarskynlik is hy in 1557 te Emden formeel georden

en tree dan voltyds as predikant te Antwerpen op tot 1558 wanneer hy moet vlug voor die Roomse geweld. Vanaf 1564 was hy predikant te Frankenthal in die Paltz, maar keer weer terug na Nederland in 1566 wanneer hy dan vir 'n jaar die gemeentes onder die kruis bystaan. In 1571 lei hy die sinodale vergadering te Emden en bly tot 1574 die predikant van die Nederlandssprekende vlugtelinggemeente te Frankenthal. In 1574 word hy predikant te Middelburg in Zeeland en in dieselfde jaar word hy voorsitter van die provinsiale sinode wat te Dordrecht gehou word. Dan is Heidanus al een van die mees gesiene predikante in Nederland. In 1579 word hy weer predikant te Antwerpen, maar verlaat die stad met sy gemeente in 1585 as die stad deur die Spaanse gesagvoerders ingeneem word. In 1586 word hy dan andermaal predikant te Frankenthal en bly in daardie diens tot met sy dood in 1586.

Heidanus wat 'n oortuigde Calvinis was, het met groot en volhardende ywer vir die Hervorming van die kerk gearbei en was in sy tyd, ook vanweë sy vriendskaplike betrekking met prins Willem van Oranje, die keurvors van die Paltz en Marnix van St Aldegonde 'n man van aansien en gesag. Waarskynlik was Heidanus ook een van diégene wat 'n belangrike rol gespeel het by die opstel van die verskillende formuliere wat in die Nederlandse kerk vir die gebruik in die godsdiensoefening aanvaar is.

Johannes Polyander

As skriba was *Johannes Polyander* (hy het sy naam Kerckhoven vergrieks na Polyander, na die gebruik van daardie tyd) 'n invloedryke man. Hy is op 7 September 1535 te Gent gebore. Hy begin sy ampswerk as predikant in 'n kasteel in Lotharingen en word dan, saam met Jean Taffin en Petrus Colonius, predikant te Metz. As die vervolging hulle dáár uitdryf, gaan hy na die Paltz waar hy weer predikant word. Vanaf 1570 is hy predikant van die Waalse gemeente te Emden en staan daar tot met sy dood in 1598.

Sy seun Jean Polyander á Kerckhoven word teologiese hoogleraar te Leiden en één van die skrywers van die beroemde dogmatiese handboek die *Synopsis purioris theologiae* van 1623.

Hermanus Moded

Een van die ander invloedryke predikante by Emden teenwoordig, is *Hermanus Moded* wat in 1568 skriba van die convent van Wezel was.[16] Moded is in Zwolle gebore en studeer aan die universiteit van Keulen. Daar word hy Roomse priester en ook hoogleraar, maar moet in 1556 Keulen verlaat vanweë sy hervormde opvattings.

Moded word dan dienaar van die Woord in die suidelike Nederlande nadat hy 'n tydjie lank hoogleraar en hofprediker in Kopenhagen was. In die suidelike Nederlande het hy 'n belangrike bydrae gemaak tot die voortgang van die Hervorming. In 1567 moet hy, vanweë die druk van die vervolginge weer vlug en word dan predikant van die Nederlandse vlugtelinggemeente in Norwich, Engeland. Vanuit Engeland hou hy kontak met die Hervorming op die vasteland en besoek onder andere Genève en woon ook die convent van Wezel in 1568 by waar hy as skriba dien. Vir 'n aantal jare, 1572–1575, is hy weer in die suidelike Nederlande werksaam, maar keer dan terug na Norwich.

In 1578 gaan hy na Gent en speel 'n rol daar, gaan dan na Antwerpen en word in 1580 predikant te Utrecht waar hy, net soos in Gent, 'n rol in die politiek speel. In 1588 verlaat hy Utrecht en dan word dit moeilik om sy verdere lewensloop te volg. Waarskynlik is hy ongeveer in 1612 oorlede te Emden en daar begrawe.

Hierdie begaafde man het 'n groot rol in die vestiging van die Calvinistiese Hervorming in Nederland gespeel.

Johannes Taffinus

As assessor op dié sinode het *Johannes Taffinus* (Jean Taffin) 1529/1530–1602, 'n rol

gespeel. Hy is op daardie stadium predikant van die Waalse vlugtelinggemeente in Heidelberg in die Paltz.

Afkomstig uit die suidelike Nederlande waar hy te Doornik in die jare 1529 of 1530 gebore is, het hy in 1554 na die Hervorming oorgegaan. Net soos sy ander kollegas moet hy 'n swerwersbestaan voer. In 1560 word hy tweede predikant te Metz, in 1566 is hy predikant te Antwerpen, maar keer in 1567 terug na Metz. In 1569 moet hy Metz verlaat en word dan predikant van die Waalse vlugtelinge in Heidelberg. In 1573 word hy aangestel as hofprediker van prins Willem van Oranje en vervul dié dienswerk vir tien jaar. In 1584 keer hy terug na die gemeentelike bediening, maar kan nie baie lank in Antwerpen werksaam bly nie. Dan is hy agtereenvolgens predikant te Emden, Haarlem en Amsterdam, waar hy in 1602 oorlede is.

Die ander verteenwoordigers op hierdie sinode was, in vergelyking met hierdie vier leiersfigure, minder bekend.[17] Dit is egter opvallend dat die sinode grotendeels beman word deur *Calvinistiese predikante* wat oor die kerklike orde en inrigting tog ánders gedink het as diegene wat uit die sakramentariërkringe in die Nederlandse kerklike wêreld tot die Hervorming oorgegaan het. Reeds in hierdie vroeë tyd is daar al 'n kloof tussen die Calviniste en die sg *rekkelijkes* te bespeur. Juis daarom is die beslissings van Emden, hoewel dit 'n volwaardige sinodale vergadering was, nie oral sonder meer aanvaar nie.

4 Die kerkorde self

Die kerkorde van Emden bestaan uit 53 artikels. Na 'n paar algemene en inleidende artikels, word daar agtereenvolgens gehandel oor die kerklike vergaderings, ampsdraers, die sakramente, die huwelik, die dissipline, reëlings in verband met die gemeentes in die verstrooiing en onderlinge hulp aan mekaar, die instelling van attestate ten opsigte van lidmate wat trek, en dit word afgesluit deur 'n sewetal los artikels wat onder andere handel oor 'n opdrag aan Marnix van St Aldegonde om 'n kerkgeskiedenis te skryf. 'n Paar aspekte van hierdie kerkorde wat veral van belang is vanweë sy reëlings ten opsigte van die ampte, die kerklike vergaderings en die dissipline, moet van naderby bekyk word.

Die anti-hiërargiese artikel

Die eerste artikel van hierdie kerkorde is van besondere belang. Dit lui soos volg:

> 'Gheen Kercke sal over een ander Kercke, gheen Dienaar des Woorts gheen Ouderlinck, noch Diaken sal d'een over d'ander heerschappie voeren, maar een yeghelijck sal hen voor alle suspicien, ende aenlockinghe om te heerschappen, wachten."

Hierdie artikel kom ook in die Franse *Discipline Ecclésiastique* voor, naamlik artikel 1, maar is hier meer uitgebrei en gepresiseer. Die reformatoriese vadere self het in hierdie artikel die prinsipiële afwysing geformuleer teen die Roomse hiërargiese stelsel van kerkregering wat volgens Trigland gelei het tot "de grouwelijcke opperhoofdicheydt des Roomschen paus". Maar dit gaan in feite nog verder, want dit wys ook die biskoplike regering af, soos dit in Engeland en Duitsland voorgekom het. Daarby kan dit ook gerig wees teen die *superintendent* wat sowel in die Londense as die Wezelse kerkorde voorgekom het. In die Nederlandse

Geloofsbelydenis, art 31, kom dieselfde gedagte ook na vore waar duidelik gesê word:

> "Wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die enigste, algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk."

Die kerkorde doen dus niks meer as om hierdie punt uit die geloofsbelydenis in te skryf in die reëls wat neergelê word vir die lewe van die kerk in die wêreld nie. Terselfdertyd word hier, in die presbiteriaal-sinodale sisteem, baie duidelik beklemtoon dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van die kerk is. Daarom gee Emden ook uitvoerig aanwysings vir die oprigting van klassikale vergaderings en sinodes sodat uit die ordening van die kerklike lewe sal blyk dat dit Jesus Christus is wat deur sy Woord en Gees die kerk regeer en nie mense of die aspirasies van mense nie.

By Emden word hierdie beginsel dus baie duidelik beklemtoon, terwyl dit ook by Wezel teruggevind kan word, hoewel nie so pertinent gestel soos hier nie.[18] Hand aan hand met hierdie anti-hiërargiese artikel moet dan die bepalings ten opsigte van die verskillende vergaderings gesien word.

Die bepalings vir die vergaderings van die ampte

In die kerkordelike reëlings wat vir die vergaderings van die ampte neergelê word, volg Emden die verskillende Franse kerkordes van 1559 af, sorgvuldig na. Dit is byna vanselfsprekend, want die Geneefse kerkorde was bedoel vir 'n stadsgemeente, terwyl die Franse kerkordes die eerste Calvinistiese kerkordes was wat die organisasie van die landelike kerk ter hand geneem het. Hoewel die Skotse *Discipline* uit 1560 dateer, is daar geen aanduiding in die Emdense kerkorde dat daardie werk van John Knox in Nederland onder die Nederlandse predikante so bekend was, dat dit hier 'n invloed kon uitoefen nie.

Die vergaderings wat deur Emden noodsaaklik geag word vir die regering van die kerk is in die eerste plek *die kerkraad* vir die plaaslike gemeente. Dit is uit die formulering nie besonder duidelik of die drie ampte, naamlik predikant, ouderling en diaken, saam één kerkraad vorm nie of dat elke amp apart sal vergader nie.[19] In die voetspoor van die aanvanklike Franse bepalings was die amp van diaken as 'n noodsaaklike onderdeel van die kerkraadsvergadering beoordeel en was die diakens ook volwaardige lede van die vergadering, en daarom ook potensieel deelnemers aan die meerdere vergaderings van die kerk. Met die sinode van Dordrecht van 1574 word egter baie duidelik bepaal dat die amp van predikant en ouderling, die regeeramp dus, die kerkraad vorm en dat die diakens in 'n eie diakonievergadering byeen sal kom. Slegs in kleiner gemeentes, waar daar twee of minder ouderlinge was, het die diakens as lede van die kerkraadsvergadering en sodoende as hulp-ouderlinge gefungeer.[20]

Interessant, en net terloops, is dat hier te Emden ook voorsiening gemaak word vir gemeentes sonder predikante waar daar dan "lezers" aangewys moet word

om saam met die ouderlinge en diakens die verstrooide gemeentelede te versamel. Hier word baie duidelik die Franse reëling nagevolg. Heelwat later, op die sinode van Middelburg in 1581, is tot versigtigheid gemaan ten opsigte van hierdie praktyk wat baie jare in die Nederlandse kerk voortbestaan het.

Naas die kerkraadsvergadering wat hier as die primêre vergadering van die ampte in die kerk gewaardeer word, word dan nou ook die klassikale vergadering ingestel wat drie- of sesmaandeliks gehou moet word en gevorm sal word "van sommige kerken die bij een gelegen zijn".

Dan volg die provinsiale sinodes wat vir die "kerkprovinsie" Duitsland en Oos-Friesland saam, Engeland en "allen kerken onder 't Cruys bijzonder", jaarliks gehou moes word. Dan sal daar tweejaarliks 'n "algemeine verzamelinge" van alle Nederlandse gemeentes, dit wil sê 'n nasionale sinode, gehou word.

Ten opsigte van die meerdere vergaderings is daar te Emden 'n spesiale *Aanhangsel* aan die kerkorde toegevoeg waardeur die werksaamhede van dié vergaderings gereël is.

Die *klassikale vergadering*, wat 'n vergadering van die regerende amp is, is gevorm deur afgevaardigdes van die amp uit die verskillende kerkraadsvergaderings, naamlik twee predikante en twee ouderlinge of diakens of slegs een predikant met 'n diaken. Hierdie gebruik of reëling dat die diakens ook lede van die meerdere vergaderings was, is egter na die sinode van Dordrecht 1574 gestaak. Dit het waarskynlik gebeur omdat die gemeentes dan al so gegroei het dat dit nie meer nodig was om die diaken as hulp-ouderling in te span nie. Daarnaas is tereg uitgegaan van die standpunt dat die diakensamp geen regeeropdrag in die kerk ontvang het nie en dus nie met hierdie taak, wat spesifiek aan die ouderlinge opgedra is, belas moet word nie.

Die belangrikste taak van die klassikale vergadering was, volgens die Emdense orde, om die opsig oor die kerkrade te hou. Daarom moes daar ook verslag gegee word van die lewe van die gemeentes en die werk van die kerkraad. Die voorsitter van die klassis moes dan ook aan elke afvaardiging daar verteenwoordig vra:

"of zy Consistoriale samenkomsten in haare Kerken houden?
of de Kerkelijke straffen in haaren zwang gaat?
of zij eenige stryd hebben met eenige Ketters?
of zij eenige twijfel hebben in eenig hoofdstuk der Leere?
of men zorg draagt voor de Armen, en over de Schoolen?
of zij tot regering der Kerken de anderen Dienaren raad en hulpbehoeven, en diergelijke dingen meer."

Hieruit word dit duidelik dat dié meerdere vergadering se taak was om die kerkraadsvergadering *by te staan en tot hulp te wees*. Die klassis is dus nié 'n hiërargies hoëre of belangriker vergadering as die kerkraad nie maar is, binne die kader van die presbiteriaal-sinodale struktuur as't ware 'n orgaan van bystand van die kerkraadsvergadering, wat die primêre en belangrikste vergadering van die ampte in die kerk is. Dit word beklemtoon deur die volgende artikel wat nadruklik stel:

"Zoo daar iet in eenige Kerken des Classis geschiede, dat daar niet in de con-

sistorie konde ter neder gelegt worden, dan zal in de Classische samenkomsten verhandelt en geoordeelt worden, van den welke men zig tot den Provincialen Synodum zal mogen beroepen".

Die beginsel is dat alleen dié sake van gemeenskaplike belang en dan dié aangeleenthede wat nie self deur die kerkraadsvergadering opgelos kan word nie, op die klassikale vergadering bespreek sal word. Verder sal dit veral die taak van die voorsitter wees om aan die klassis duidelik te maak waar die verskille tussen Rooms en Protestants lê en om verder almal tot studie aan te moedig.

Op hierdie stadium het die klassis nog nie die bevoegdheid om die predikante tot die amp toe te laat nie en daar word ook geen dissiplinêre bevoegdhede aan die klassis opgedra nie.

Reeds uit die sorg waarmee Emden oor die klassikale vergadering handel, blyk dit hoe groot die besorgdheid oor die verstrooide gemeentes is. Deur middel van hierdie organisasie word getrag om dié gemeentes te steun en te versterk.

Hier lê die klem wel anders as by Wezel, wat weer die meeste aandag gegee het aan die gemeente en reëlings probeer tref vir die doeltreffende verkondiging van die Woord en wat waarsku teen die gebreke wat mag voorkom. Wezel beklemtoon die kategese, beklemtoon die noodsaaklikheid van huisgodsdiens, vestig die aandag op die siekes en swakkes, die weduwees en die wese. Aan al hierdie dinge gaan Emden verby en met sy klem op die vergaderings en die dissipline, maak dit 'n baie meer formele indruk as die Wezelse Artikels.

Vervolgens word te Emden gehandel oor die *provinsiale sinode*. Die provinsiale sinode word, volgens die Emdense orde, gevorm deur afgevaardigdes van die amp wat deur elke klassis soontoe gestuur word. Hoewel die getal nie presies omskryf word nie, was die latere gebruik dat twee predikante en twee ouderlinge as afgevaardigde van die klassis na die provinsiale sinode gaan. Hier word dus van meet af die beginsel ingevoer dat die meerdere vergadering *'n vergadering van ampte* en nié *'n vergadering van ampsdraers* is nie. Daarom vind mens hier die trapsgewyse verteenwoordiging. Deur op hierdie wyse ook die getalle van die lede van die sinodale vergadering te beperk, het die vadere daarvoor gesorg dat die sinodes *vergaderings* was en nie in die rigting van kongresse ontwikkel het nie.

Hierdie vorm van verteenwoordiging beklemtoon die feit dat die sinode 'n vergadering van die ampte is wat saamkom ter wille van die regering van die kerk en dat dit geskied in uitvoering van die skriftuurlike opdrag soos gegee in Efesiërs 4:11-12. Hierdie sinodes het dus nooit die parlementaristiese indruk geskep wat later in die kollegiale kerklike reg na vore kom nie en dáár was ook nooit die moontlikheid om die sinode met die "kerk" te verwar nie.

Terselfdertyd is die werkterrein of bevoegdheid van die sinodale vergadering baie duidelik omskrywe en daaruit blyk ook dat dit 'n vergadering is wat hoofsaaklik belas is met die regering van die kerk na die eis van die Woord van God. Daar word dan bepaal dat daar gehandel sal word oor die leer, die dissipline of die orde en ten slotte oor die besondere sake wat na die sinode verwys word. Dié besondere sake wat daar behandel moet word, is "'alle zwaare zaken' (*aliis difficiliora*) die

in andere Kerken voorvallen, ofte die in de Consistoriën of Classische samenkomsten niet hebben konnen afgehandelt worden, of zoodanige zwaare zaken die de gantsche Provincie aanraken . . ." Die sinodale vergadering is dus nié die "aflaaiplek" van alle kerklike probleme nie, maar dié vergadering wat bevoeg is en in staat moet wees om alle gewigtige en algemene probleme te behandel wat nie deur die klassis of kerkraad afgehandel kan word nie. Die sinodale vergadering is dus nie 'n hiërargies hoëre vergadering as die klassis nie, maar op sy beurt weer 'n breër vergadering wat finale uitsprake kan gee oor aangeleenthede wat die lewe of werk van die klassis of kerkraad bemoeilik of wat buite hulle regeerbevoegdheid val.

Dit is dan ook opvallend dat die sinode geen administratiewe reëlings tref nie en dit ook nie kan doen nie, want die reëling is dat die ampsdraers van die sinode se sinodale waardigheid verval onmiddellik na afloop van die sinodale byeenkoms. Hierdie reëling moet op sy beurt weer gesien word as 'n nadere uitwerking van artikel 1, die anti-hiërargiese bepaling.

Die hoofklem in die opdrag van die sinodale vergadering lê dus op die beraadslagings ten opsigte van die leer en die dissipline. Dit gaan dus om die neem van besluite en die tref van reëlings wat sal meebring dat die kerk sy primêre taak, naamlik die verkondiging van die Woord aan die gemeente én die wêreld, suiwer en ordelik sal doen. Daarnaas gaan dit om die regering van die kerk en die handhawing van die dissipline waarsonder die kerk, as liggaam van Christus, sy taak nie kan volvoer nie.

Ten slotte, wat die sinodale vergadering betref, is dit interessant dat op sowel die provinsiale as algemene sinodes, die afgevaardigde of verteenwoordiger opdrag kry om ter vergadering te verskyn met:

". . . Brieven van haare zendinge, mitsgaders de puncten schriftelyk vervat, die zy voorstellen zullen; zy en zullen ook geene anderen stellen, dan die in de Consistorie en Classische samenkomsten niet hebben konnen uitgevoert worden, often zoodanige, die allen de Kerken dier Provincie aangaan . . ."

Hier is nog geen sprake van instruksies of verteenwoordigers wat met 'n gebonde opdrag na die sinodale vergadering kom nie. Die sinode is hier in die suiwer Calvinistiese gees 'n vergadering van die ampte waardeur Jesus Christus, die Heer van die kerk, sy volk regeer.

Bepalings ten opsigte van die dissipline

Ten opsigte van die dissipline of wel die tug, gee die sinode baie sorgvuldige en uitvoerige aanwysings. Al die verskillende trappe van die tug word genoem, naamlik die vermaning op die persoonlike vlak voor twee of drie getuies; die vermaning voor die kerkraad; die verbod op die bywoning van die nagmaal en die bestraffing vanaf die preekstoel. Dit geskied eers sonder om die naam van die beskuldigde te noem en as dit nie baat nie, dan moet die skuldige by die naam genoem word en gewaarsku word dat hy geëkskommuniseer sal word. As dit ook geen gevolg het nie dan moet die hardnekkige sondaar van die liggaam van Christus afgesny word.

By die afsnyding sal die gemeente vermaan word om die afgesnedene se geselskap te vermy sodat hy ook daardeur miskien tot inkeer kan kom en hom weer bekeer. Die uitvoerige aanwysings wat hier vir die ekskommunikasie gegee word, hang saam met die feit dat die formulier van die ban dan nog nie bestaan nie, want dié dateer eers uit die jaar 1586.

Hierdie uitvoerige omskrywing van die dissiplinêre optrede, wat in hoofsaak so in die Nederlandse kerk behoue gebly het tot in 1816, loop in die voetspoor van die Franse kerkordelike reëls wat vasgelê is op die eerste Franse sinode van 1559 te Parys, en verder uitgewerk is op die vyfde Franse sinode wat in 1565 ook te Parys gehou is. Juis uit die bepalings ten opsigte van die dissipline blyk weer hoe nou die Emdense sinode hom by die Calvinisme van Frankryk aangesluit het.

Juis ter wille van die handhawing van die dissipline word die noodsaaklikheid van die kerklike getuigskrif of attestaat ook beklemtoon. Die interessante hier is dat die kerklike getuigskrif deur die predikant uitgereik moet word. Dit is ook 'n taamlike uitvoerige dokument, want daarin moet vermeld word: naam, toenaam, vaderland en beroep, asook die rede van vertrek uit die gemeente, hoe lank die vertrekkendes in die gemeente gewoon het, hoe hulle hulle gedra het, wanneer hulle vertrek en waar hulle wil gaan woon. In vergelyking daarmee is ons kerklike attestaat van vandag maar 'n kleurlose dokument. Verder word verwag dat elke gemeente waardeur die vertrekkende reis ook die attestaat sal teken totdat hulle by hulle bestemming aankom waar die attestaat, na die aanvaarding daarvan, vernietig moet word.

Ten opsigte van die *Particuliere Handelingen*, dit wil sê die vrae (of beskrywingspunte, om dit in hedendaagse taal te stel) wat aan die sinode gestel word, word 'n besonder belangrike beginsel gestel. Dáár word gevra of alle dinge wat in die kerk gedoen word, met die Heilige Skrif bevestig moet word. Die antwoord is dan: ". . . dat die dingen, welke de conscientie aangaan, met Gods Woord moeten bevestigt worden, maar die geene die de ordening der kerken aangaan of middelmatig zijn, moeten tot zulk een noodzaakelijkheid niet gedreeven worden". Twee punte is hier belangrik. Die beroep op *die gewete* is alleen dán houdbaar as dit deur Gods Woord bevestig of bewys kan word (Latyn: verbo Dei probanda). Die gewete is dus nié 'n outoriteit bo of buite die Heilige Skrif nie, maar is daaraan onderworpe. Verder is dit duidelik dat dit nie noodsaaklik geag word dat elke besluit of ordening van die kerk, direk uit die Heilige Skrif afleesbaar *moet* wees nie. Met ander woorde, die kerklike orde staan nié op dieselfde vlak as die geloofsbelydenis nie. Die kerklike orde is die skep van 'n noodsaaklike orde waarbinne en waardeur die kerk in staat gestel word om sy taak, die verkondiging van die evangelie en wat daarmee saamhang, te verrig.

5 Die teks van die kerkorde

Die *Acta* of handelinge van Emden bestaan grotendeels uit verskillende besluite wat daarná tot 'n kerkorde van 53 artikels gerangskik is, daarna volg die reëling

ten opsigte van meerdere vergaderings en ten slotte die antwoorde op die ingekome vrae.

Op hierdie sinode het die Nederlandse gemeentes dus nou die bestaande eenheid van die gemeentes ook sigbaar verwerklik deur die skepping van 'n sinode en klassikale vergaderings en die aanvaarding van 'n gemeenskaplike belydenis en 'n kerkorde. Dit is egter merkwaardig dat hier tot hierdie stappe oorgegaan word op 'n stadium wanneer die verskillende gemeentes in Nederland self nie in die openbaar durf optree nie en die kerk eintlik sy sterkste steunpunte in die sogenaamde "vlugtelinggemeentes" het.

Die oorspronklike *Acta* van Emden is in Latyn opgestel, maar het reeds baie vroeg in Nederlandse vertaling ook bestaan.

Die Latynse teks met 'n vertaling in sestiende-eeuse Nederlands word gevind by F L Rutgers.[21] Hier word egter van 'n meer moderne Nederlandse vertaling gebruik gemaak wat deur G H Kersten aangebied word.[22]

ACTA OF HANDELINGEN

der verzameling van de Nederlandse kerken die onder het kruis zitten, en in Duitsland en Oost-Friesland verstrooid zijn, gehouden te Emden, de 4de Oktober 1571

1 Geen kerk zal over een andere kerk, geen dienaar des Woords, geen ouderling, noch diaken, zal de een over de ander heerschappij voeren, maar een iegelijk zal zich voor alle suspiciën, en aanlokking om te heerschappen wachten.

2 Om de eendrachtigheid in de leer tussen de Nederlandse kerken te bewijzen, heeft het de broederen goed gedacht de belijdenis des geloofs der Nederlandse kerken te onderschrijven; insgelijks ook de belijdenis der kerken in Frankrijk te ondertekenen, om daarmede haar verbinding en enigheid met dezelve Franse kerken te betuigen, zekerlijk vertrouwende, dat die dienaren derzelver Franse kerken ook op hun zijde de belijdenis des geloofs der Nederlandse kerken, tot getuigenis der onderlinge eendrachtigheid, onderschrijven zullen.

3 Men heeft verkoren Petrus Dathenus en Johannes Taffinus, die dit de kerken dienaren ter naastkomende verzameling in Frankrijk aanzeggen, en ter naaster samenkomst de broederen der Nederlandse kerken, antwoord weder inbrengen zullen.

4 Men zal ook de Nederlandse kerken dienaren, die in deze verzameling niet zijn, vermanen, dat zij ook in die onderschrijving bewilligen. Het zelve zal men ook alle anderen doen, die van nu voortaan tot de dienst des Woord beroepen zullen worden, eer zij in hun dienst treden.

5 De broeders hebben geacht, dat men in de gemeenten der Franse sprake, de forme van de Geneefse Katechismus, en in die gemeenten der Nederduitse sprake de forme van de Heidelbergse behoort te gebruiken; doch alzo, dat of er enige kerken een andere forme van Katechismus (den Woorde Gods gelijkvormig zijnde) gebruikten, die zullen te veranderen niet gedwongen worden.

6 In een iegelijke kerk zal men tezamenkomsten of konsistoriën der dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen hebben, die ten minste alle weken eenmaal gehouden

zullen worden, ter plaatse en tijd, die elke gemeente zal achten bekwaamste en gelegendste te wezen.

7 Benevens deze konsistoriën zullen ook alle drie of zes maanden classikale versamelingen gehouden worden, van sommige kerke die bijeen gelegen zijn, maar hare gelegenheid en nooddruftigheid.

8 Daar benevens zullen jaarlijkse verzamelingen aller verstrooide kerken in Duitsland en Oost-Friesland bijzonder, aller Engelse kerken bijzonder, en aller kerken onder het kruis bijzonder, gehouden worden.

9 Voorts zal men alle twee jaren eens, een algemene verzameling aller Nederlandse kerken houden.

10 Beide de Frankfortse gemeenten, de Schönause, de Franse te Heidelberg, de Frankendaalse en die van St Lambert zullen een classe maken. Een andere classe zullen maken beide de Keulse kerken, beide Akense, die van Maastricht, die van Limburg, die van Nuis, en die in het Land van Gulik zijn. Een andere classe zullen maken die van Wezel, van Emmerik, van Gogh, van Rees, van Gennep en anderen, die daar meer in het Land van Cleef zouden mogen zijn. Een andere classe zullen maken, de kerken van Embden met de vreemde dienaren des Woords en ouderlingen van Brabant, Holland en West-Friesland.

11 Beide de gemeenten te Antwerpen, de gemeente van 's-Hertogenbosch, van Breda, van Brussel, en andere die in Brabant zijn mochten, zullen ook een classe maken. Een andere classe zullen maken die van Gent, van Ronsen, van Oudenaarden, van Coomen, en de andere, die in Oost- en West-Vlaanderen zijn. Een andere classe zullen maken de Doornikse, Rijsselse, Atrechtse, Armentierse, Valencijnse, en de andere Waalse kerken. Een andere classe zullen maken de gemeenten van Amsterdam, van Delft en andere Hollandse, Overijsselse en West-Friese kerken.

12 Men zal die in Engeland vermanen, dat zij hun kerken in classen afdelen.

13 De dienaren des Woords zullen van de konsistorie met het oordeel en goeddunken der classikale verzameling of van twee of drie ministers uit de genabuurde kerken verkoren worden. Verkoren zijnde, zullen zij der gemeente voorgesteld worden, opdat zij of door stilzwijgen der gemeente aangenomen worden, of zo daar iets ware waarom die gemeente in de verkiezing niet verwilligen wilde, dat binnen 15 dagen ongevaarlijk voortgebracht werde. Nochtans of enige kerken, daar de verkiezing bij het gemene volk staat, achtten, dat hare gewoonheid niet te veranderen ware, die zullen gedragen worden ter tijd toe, dat het door de algemene synodale verzameling anders zal verordend zijn.

14 Dezelfde wijze zal men ook in de verkiezing der ouderlingen en diakenen houden, behalve dat men niet behoeven zal het gevoelen der classe of der omliggende kerken dienaren te verwachten.

15 Alle jaren zal het halve deel, zowel der ouderlingen als der diakenen, veranderd worden, andere in hun plaats gesteld zijnde, die ook twee jaren lang dienen zullen, doch dat de kerken (voornamelijk die onder het kruis zitten) hare vrijheid van langer of korter tijd te nemen, naar haar gelegenheid en nooddruftigheid behouden.

16 De dienaren des Woords zullen geëxamineerd, dat is, onderzocht worden, van

degenen daarvan zij verkoren worden. Is het dat hun leer en leven voor goed bekend wordt, zo zullen zij met gebeden daartoe dienende en oplegging der handen (doch zonder superstitie en noodzakelijkheid) bevestigd worden.

17 Het zal geen kerken dienaar geoorloofd zijn, in een andere gemeente te prediken zonder bewilliging des dienaars derzelver gemeente en der konsistorie, of in het afwezen des dienaars, zonder konsent der konsistorie.

18 Die zich in de kerkendienst indringen, in die plaatsen daar de kerkendienst nu ingesteld is, diezelven zullen van de konsistoriën vermaand worden, dat ze afstaan, maar is het dat ze evenwel hardnekkiglijk voortvaren, zo sal men terstond drie of vier, of ook meer is het mogelijk van de omliggende kerken dienaren van de classe, onder welke deze kerk is, beroepen, en hem die het is verklaren een scheurmaker te zijn. En aangaande de toehoorders, is het dat ze alle vermaningen en waarschuwingen hardnekkiglijk verachtend, de scheurmaker (welke hem nu verklaard is, zulk een te zijn) voortvaren aan te horen, zo zal de konsistorie, naar uitwijzen der kerkentucht of Christelijke straf handelen.

19 Eens of driemaal in de doop met water te bespreken, wordt voor een middelmatig en vrij ding gehouden. Daarom laten wij de kerken hare gewoonheid, die zij daarin hebben, behouden, ter tijd toe, dat anders in de naastkomende algemene Synodale verzameling verordend wordt.

20 Getuigen in de doop te nemen, of niet te nemen, achten wij voor een middelmatig ding; derhalve zal men de kerken haar oude gewoonheid laten, een iegelijk naar hare vrijheid, ter tijd toe, dat daarvan anders in de algemene Synodale verzameling besloten worde.

21 In de gemeenten daar ons vrijheid gegeven wordt, te mogen reformeren, achten wij, dat men gemeen spijsbrood gebruiken, en het zelve in de uitdeling des nachtmaals breken moet. Maar staande of zittende het nachtmaal te ontvangen, oordelen wij middelmatig te zijn. Derhalve zullen de gemeenten zulk een wijze gebruiken, die haar de allergelegenste dunkt te zijn. Psalmen te zingen of ietwat uit de Heilige Schrift te lezen, terwijl het heilig avondmaal uitgedeeld wordt, wordt de kerken vrijgelaten. Insgelijks ook staat in de vrijheid der kerken de woorden van Christus, of van Paulus te gebruiken, in het uitreiken des broods en des wijns; waarin men toezien zal, dat het uitspreken der woorden, met ter tijd niet tot een schijn of waan van consekratie getrokken wordt.

22 Niemand die nog onder de macht zijner ouderen staat of dergenen, die in plaats der ouderen zijn, behoort zichzelven zonder hun bewilliging in de huwelijke staat te begeven. En de huwelijksbelofte zonder hun konsent gedaan, is van geen waarde. Zo daar nochtans enigen van de ouders hierin zich zo onbescheiden en hard bewezen te zijn, dat zij in generlei wijze wilden verwilligen (hetwelk somtijds uit haat der religie en uit andere oorzaken geschiedt), als dan zal het in het oordeel der konsistorie staan, of daar enige billijke oorzaken zijn, zulk een heilige ordening te verhinderen of te breken.

23 Die ondertrouw wettelijk gedaan zijnde, zal geenzins mogen gebroken worden, al ware het dat beide partijen daarin verwilligden. Daarom zal het raadzaam zijn, als de ondertrouw geschiedt, dat de kerken dienaar of een ouderling daar bij zij, opdat, eer de onderlinge beloftenis geschiede, vernomen worde, of zij beiden de reine religie bekennen; of hun ouders in hun huwelijk inwilligen. En is het dat beide partijen of een

van beide, tevoren in de huwelijke staat geleefd hebben, of men door geloofwaardige en zekere getuigenissen van de aflijving der eerste partij verzekerd is.

24 De namen der personen die in de huwelijke staat te bevestigen zijn, zal men drie Zondagen, of anders drie maal, mits dat er een tamelijke tijd tussen zij, voor de gemeente uitroepen.

25 Wij gevoelen dat de kerklijke discipline of Christelijke straf in een iegelijke gemeente behoort onderhouden te worden; derhalve zal het der dienaren des Woords ambt zijn, niet alleen openlijk te leren, vermanen en straffen, maar ook in het bijzonder een iegelijk tot zijn plicht te vermanen, hetwelk ook de ouderlingen toe staat te doen.

26 Daarom, indien iemand in de reinheid der leer gedwaald of in de oprechtheid des levens gezondigd zal hebben, zo verre als het verborgen en zonder openlijke ergernis toegegaan is, zo zal men de regel ouderhouden, welke Christus uitdrukkelijk voorschrijft. (Matt 18).

27 En de verborgen zonden, daar de zondaar (in het heimelijk, of van een, of met twee of drie getuigen vermaand zijnde) leedschap van bewijst, zal men der konsistorie niet aandragen. Maar de verborgen zonden, die de algemene welvaart of de kerken enige merkelijke schade en verderfenis toebrengen mochten, als daar zijn verraderij of verleiding der zielen, die zal men de kerken dienaar aanzeggen, opdat men naar zijn raad toezie, wat hierin te doen staat.

28 Indien iemand heimelijk gezondigd hebbende, de vermaning van twee of drie personen niet hoort, of die een openbare zonder begaan heeft, die zal men voor de konsistorie brengen.

29 De zonden, welke van haar natuur openbaar zijn, of die de gemeente (om de verwerping der vermaning wille) geopenbaard werden, die zal men openlijk verzoenen, niet naar het oordeel van een of twee personen, maar naar het gevoelen van de ganse konsistorie, en dat op zulk een wijze en vorm, welke men achten zal tot opbouwing ener iegelijker gemeente de allerbekwaamste te wezen.

30 Zo wie hardnekkiglijk de vermaningen der konsistorie verwerpen zal, die zal men van de gemeenschap des nachtmaals afhouden, en afgehouden zijnde, is het dat hij na vele vermaningen geen teken van berouw bewijst, so zal dit de voortgang zijn tot de uitsluiting.

31 De kerken dienaar zal de hardnekkige zondaar openlijk van de predikstoel vermanen, hij zal zijn zonde duidelijk verklaren en wat naarstigheid men gedaan heeft, hem bestraffende en van het nachtmaal afhoudende; hij zal de gemeente vermanen, dat zij vuriglijk voor deze onboetvaardige zondaar bidde, eer dat de gemeente tot de laatste remedie der uitsluiting te komen, gedwongen worde. Zulke drie vermaningen zal men doen: in de eerste zal de zonde niet genoemd worden, opdat men hem enigszins verschone; in de tweede zal men hem noemen; in de derde zal men der gemeente aanzeggen, dat men hem excommuniceren of uitsluiten zal, tenzij dat hij zich bekere, opdat hij, is het dat hij hardnekking blijft, door de stilswijgende bewilliging der gemeente, afgesneden worde. Maar aangaande de tijd, hoe lang de ene vermaning na de andere geschieden zal, dat zal in het oordeel en goeddunken der konsistorie staan. Indien hij ook door deze naarstigheid der dienaren, tot bekering niet kan gebracht worden, zo zal eens zulke hardnekkige mens, verbanning of afsnijding van het lichaam van Christus, voor de gemeente verkondigd worden.

De kerken dienaar zal het gebruik en het einde des bans in het brede verklaren, en zal de gelovigen vermanen, dat zij geen al te gemeenzame en onnodige konversatie en gezelschap met de verbannene hebben, maar zijn gezelschap schuwen, tot dien einde voornamelijk, opdat de verbannene of uitgeslotene beschaamd zijnde, ernstiglijk bedenke zich te bekeren.

32 Die zware en voor de gemeente Gods lasterlijke zonden begaan hebben, of zulke stukken, die door de autoriteit en het geweld der overheid behoren gestraft te worden, hoewel zij met woorden boetvaardigheid betuigen, zo zullen zij nochtans van het nachtmaal afgehouden worden. Doch, hoe dikwijls dat geschieden zal, zulks zal in het oordeel der konsistorie staan.

33 Is het dat de dienaars des Woords, die ouderlingen of diakenen enige openbare zonde, die tot schande en lastering der gemeente strekt, of door de macht der overheid behoort gestraft te worden, bedreven hebben, zo zullen de ouderlingen en diakenen, door de outoriteit der konsistorie terstond van hun dienst afgezet worden. Maar de dienaren des Woords zal men hun dienst voor een tijd lang opzeggen, doch of men ze ten enemale van hun dienst afzetten zal, daarvan zal de verzameling der classe oordelen, met welker oordeel, is het dat zij niet tevreden zijn, zo zullen zij zich beroepen op de Provinciale of Lands Synode.

34 Maar of die dienaren des Woords en die ouderlingen en diakenen afgezet zijnde, nadat zij de kerk door hun boete voldaan hebben, wederom tot de dienst behoren toegelaten te worden, ware het dat ze wederom verkoren werden: zo veel het de ouderlingen en diakenen aangaat, zal het in der konsistorie diskretie of oordeel staan; maar zoveel als de dienaren des Woords belangt, zal de classikale verzameling oordelen.

35 De kerken dienaren, geboren uit Nederland, die zich in vreemde kerkendienst begeven hebben, zo zij wederom van de Nederlandse kerken beroepen worden, zullen naarstigheid doen, dat ze die beroeping volgen, hun kerken een zekere tijd bestemmende, in welke zij zich met andere kerken dienaren voorzien mogen. Maar zo de uitlandse gemeenten hen niet willen laten gaan, zo zal men de zaak betrekken tot andere kerken, die niet suspekt zijn. En die zich nog aan iemand verbonden hebben, zal men vermanen, dat zij hunne vrijheid behouden, opdat zij kunnen volgen, zo ze beroepen worden.

36 Men zal ook de lidmaten der kerk vermanen, die eniger kerken dienaars dienst, in de tijd der vrijheid gebruik hebben, dat zij dezelve met onderhoud zo hij gebrek heeft, verzorgen.

37 Die uit deze verstrooiing in enige stad of plaats vergaderd zijn, zullen ettelijke studenten onderhouden, die aan hen verbonden zullen zijn, derwelker dienst, zoo diegenen, die hen onderhouden hebben, ontberen mogen, en toelaten dat een andere kerk die zelve ganselijk tot daar met verbinding overneemt, zo zullen zij de gedane onkosten wederom mogen eisen, maar dat zullen zij niet mogen doen, is het dat zij ze alleen voor een tijd uitlenen.

38 Er is een register beschreven der kerken dienaren, die nu geen dienst hebben. Idem dergenen, die tot de kerkendienst bekwaam zijn. En is uit elke classe dergenen die hier zijn, een kerken dienaar verkoren, die de kerken dienaars zijner classe in naam dezer Synodale vergadering, vermanen zal, dat zij naarstiglijk vernemen, of enige kerken vermanen, een dienaar te beroepen, dat zij ook sommigen uit het register voorstellen, opdat met gemenen raad iemand beroepen worde.

39 Te Embden zijn verkoren Dominicus Julius Cornelius Rhetius, Johannes Arnoldi; te Wezel Johannes Lippius, Petrus Rijkius, Michaël Jordaens, opdat de Nederduitse kerken, die geen dienaren hebben, weten, dat ze aan deze mannen schrijven zullen, en opdat deze de kerken enige dienaren in hun of in de naast gelegen plaatsen wonende, aangeven.

40 Zo er enige kerk zo arm en behoeftig ware, dat zij de dienaar, welke zij beroept, niet onderhouden konde, zo zal de classe zulks verzorgen en zullen vooreerst sommige naburige kerken tezamen gevoegd mogen worden. Daarbenevens zullen de dienaren der vertrooide gemeenten vermaand worden dat zij de lidmaten der kerken tot bijstand te doen, aanporren. Doch inzonderheid zullen zij die aanporren, die uit dezelfde provincie of landschap zijn, daarin de kerk ligt. En de kerken dienaren zullen andere in deze dele met hun exempel voorgaan.

41 Die dienaren der classe zullen in die plaatsen, daar men de dienste des Woords niet zal kunnen oprichten, lezers, ouderlingen en diakenen verordenen, opdat alzo de kerken verzameld mogen worden.

42 De dienaren en ouderlingen der classen, die onder het kruis zijn, zullen in alle steden en dorpen onder hun classe of daar omtrent gelegen, naarstiglijk onderzocken en vernemen naar degenen, die tot de reine religie genegen zijn, om dezelve tot hun schuldige plicht te vermanen. Derhalve zullen zij pogen kerken, of ten minste beginselen der kerken te vergaderen; en om zulks te beter na te komen, zo zullen de classen alle de naastgelegen steden en dorpen onder zich verdelen, opdat niets verzuimd worde. Dezelfde zorg zullen de verstrooide gemeenten over de steden en ander bijliggende plaatsen dragen, voornamelijk, die wijd van de classe gelegen zijn. De verstrooide gelovigen zullen de kerken dienaren der classen onder het kruis hierin helpen, hun voorzichtiglijk aangevende de namen van degenen, die zij weten dat tot de religie genegen zijn geweest in de plaatsen, daar zij uitgeworpen, of uitgeweken zijn.

43 Het is zeer oorbaarlijk, dat er zulk een vereniging der kerken zij, dat ze dikwijls met onderlinge brieven malkanderen te kennen geven wat daar dienstig zal zijn, tot de onderhouding en wasdom der kerken in het gemeen of ook sommige in het bijzonder, en dat zij voornamelijk van de ketters, scheurmakers, huurlingen, landlopers, en andere zoodanige schadelijke mensen, elkander verwittigen, opdat de kerken zich voor zodanigen wachten kunnen.

44 Opdat men de zware belastingen der kerk voorkome en verlichte, welke dagelijks toenemen door de lichtvaardigheid dergenen, dié al te lichtelijk hun woonplaatsen veranderen, en dergenen, die onder het deksel dat hij gelovig en behoeftig zijn, de aalmoesen, de huisgenoten des geloofs toekomende en van node zijnde, onttrekken zo hebben wij voor raadzaam aangezien, dat in alle en iegelijke kerk verkondigd wordt, dat degenen, die vandaar vertrekken, voortaan niet zullen als huisgenoten des geloofs beholpen worden in andere gemeenten, tenzij dat zij attestatie of getuigenis hebben, hoe zij zich te voren in leer en leven bij de gemeente vandaar zij gekomen zijn, gedragen hebben.

45 Die dienaren zullen daarop letten, dat hij alle degenen, die attestatie of getuigenis begeren, vragen, uit wat oorzaak zij begeren te vertrekken, en bevindende de oorzaak des vertreks niet genoegzaam te zijn, de zodanigen attestatie te weigeren. De dienaren en diakenen zullen ook toezien, dat ze niet te zeer genegen zijn hun kerken van de armen te ontlasten, met welke zij andere gemeenten zonder eenige nood beswaren. En zo wie

zij attestatie geven, zullen hun naam, toenaam, vaderland en handwerk in de brief uitdrukken, mitsgaders de oorzaak van hun vertrek, en hoe lang zij in de gemeente verkeerd hebben, hoe ze zich gedragen hebben, wanneer zij vandaar gescheiden zijn, waar ze henen gaan willen, en andere dergelijke dingen.

46 Degenen, die vertrekken, zal men zoveel geven als men achten zal genoeg te wezen om tot de naaste gemeente, daar zij door passeren zullen, te komen, doch hoe veel het zij, zal men op de attestatie tekenen. Hetzelfde zullen ook andere gemeenten, daar zij door trekken, doen, ieder naar zijn macht. Zij zullen de attestatie bezien, en zo zij oprecht is, zoveel mededeelen als nodig is, om tot de naast liggende gemeente te komen; hoeveel zij geven, en wanneer zij van hen vertrekken, zullen zij op de attestatie tekenen. Also zullen ook andere gemeenten zich dragen, totdat ze in de plaats komen, daar zij wezen willen, alwaar de overgelevende attestatie zal gescheurd worden.

47 Allen die na de naastkomende maand November, zonder enige getuigenis, of met geen getuigenis naar deze vorm beschreven, uit de gemeente vertrekken zullen, die zullen voor geen huisgenooten des geloofs, de welke men naar de leer van Paulus, allermeest behoort goed te doen, gehouden worden. Zo daar nochtans enigen komen uit de gemeenten onder het kruis sittende, of uit zulke plaatsen, daar geen kerkedienst ingesteld is, zo zal men die onderzoeken, of ze bidden en rekenschap van hun geloof geven kunnen. Idem uit wat oorzaak zij vertrokken zijn, en van dergelijke dingen meer, doch zal in de diskretie der diakenen staan, hoeveel men zodanigen tot onderstand zal geven.

48 Men zal de heer van St Aldegonde bidden, in de naam van deze Synodale vergadering, dat hij een historie der dingen die in sommige jaren herwaarts geschied zijn, beschrijve: en voornamelijk van die dingen, die de oprichting der kerke, de vervolging derzelve, de afwerping en wederoprichting der beelden, de volstandigheid der martelaren, de gruwelijke oordelen Gods tegen de vervolgers, de veranderingen der politiën, enz betreffen.

49 Alle kerken dienaren, mitsgaders alle anderen, die met hun hulp dit voornemen kunnen vorderen, zullen naarstiglijk ondervragen en onderzoeken, alles wat tot zodanige historie dient, en ingeschrift overzende aan iemand dergenen, die hiertoe verkoren zijn, welke deze dingen daarna aan de heer van St Aldegonde getrouwelijk zullen overschrijven.

50 Er zijn hiertoe verkoren: te Embden, Christophorus Becanus en Cornelius Rhetius; te Wezel Pieter de Rijk en Carolus Nielius; te Keulen Adriaan van Coninckslоo en Johannes Regius; te Aken Johannes Christianie en Johannes Heuckelom; te Frankfort de heer Bailleul en Sebastiaan Matte; te Heidelberg Petrus Dathenus en Johannes Taffinus; te Frankenthal Caspar van der Heyden en Petrus Anthonius; te Schönau Franciscus Junius; te Sint Lamberts Nicolaas Schoubrouck.

51 Niemand zal enige boek van hem zelf of van een ander gemaakte, waarin van de religie gehandeld wordt, doen of laten drukken, of anderszins in het licht brengen, tenzij dat het zelve boek van de kerken dienaren der classe, of van de openbare professoren der theologie, die van ons geloof of konfessie zijn, geëxamineerd en geapprobeerd zij.

52 In grote gemeenten zal het oorbaarlijk zijn, dat men sommigen, die hope geven dat ze de kerke Gods te eniger tijd zullen kunnen dienen, in het bijzonder oefene, in het proponeren. En opdat het ordelijk geschiede, zal een kerken dienaar over die aktie presideren.

53 Deze artikelen de wettelijke en behoorlijke orde der kerken betreffende, zijn alzo met gemeen akkoord gesteld, dat ze (zo het de nuttigheid der kerken vereist) veranderd, vermeerderd en verminderd mogen en behoren te worden. Nochtans zal het geen bijzondere kerk vrij staan, zulks te doen. Maar alle kerken zullen arbeiden deze te onderhouden, totdat in een synodale vergadering anders besloten wordt.

Te Embden de 13e Oktober
Anno onzes Heeren 1571.

CASPARUS VAN DER HEYDEN,
Praeses Synodi.
JOHANNES POLIANDER,
Scriba.

6 **Die betekenis van die Emdense kerkorde**

Die primêre betekenis van Emden lê daarin dat hier 'n kerklike struktuur geskep is wat baie duidelik die stempel van Joh Calvyn gedra het. Daarom is dit belangrik om daarop te let dat die absolute heerskappy van Jesus Christus, die Heer van die kerk, die uitgangspunt van hierdie kerkorde is. Dit is immers die bedoeling van die uitgangspunt van hierdie kerkorde waar die gelykheid van alle gemeentes en die gelykheid van alle dienare (van Jesus Christus) so duidelik gestel word. Dit is 'n gelykheid wat ontstaan omdat Jesus Christus die enige Hoof en Heer van die kerk is en al sy dienare in die kerk is gelyk aan Hom onderworpe, want almal buig onder die gesag van die Woord van God. Dáárdie Woord sal die norm én die reël van die kerklike lewe wees wat deur hierdie kerklike orde gereël word.

Net so belangrik is die slotartikel, naamlik art 53 van hierdie orde waar gestel word:[23]

> "Deze Articulen de Wettelijcke ende behoorlijcke ordre der Kercken betreffende, zijn alzoo met ghemeyn accoort ghestelt, datse, zoo de nutticheydt der Kercken verreyschet, verandert, vermeerdert, ende vermindert moghen ende behooren te worden. Nochtans zal 't gheen besondere Kercke vrij staan sulcx te doen: maar alle Kercken zullen arbeyden deze te onderhouden, totdat in een Synodale verghaderinghe anders besloten wort."

Hier word belangrike stellings gemaak. Die eerste is dat *die kerklike orde word genormeer deur die utilitas Ecclesiarum, of wel die vereistes of behoeftes van die kerke of gemeentes.* Die kerkorde is dus nié 'n onveranderlike wet nie, asof dit 'n goddelike en onaantasbare orde sou wees nie. Hoewel gesaghebbend is dit nie onveranderlik nie, asof daar net één kerklike orde uit die Skrif afgelees kan word. Die orde kán verander word as die *utilitas Ecclesiarum* dit nodig maak, dan kan wéér na die Woord geluister word en kan die omstandighede ook 'n rol speel om die beste moontlike orde *vir die voortgang van die evangelie van Jesus Christus* te vind en vas te stel.

Die tweede belangrike saak wat hiermee gestel word, is dat veranderinge in die kerklike orde die bevoegdheid van die sinodale vergadering is en moet bly. Nie die gemeente afsonderlik nie, maar die sinode sal die veranderinge aanbring en

voordat die sinode nie veranderings aangebring het nie ". . . zullen alle Kercken arbeyden dese (orde) te onderhouden".

So word 'n duidelike balans gevind om die kerklike orde te handhaaf sonder om dit 'n dwangbuis te maak wat die gewetens sal knel in die onveranderlikheid daarvan. Die voorwaarde vir die verandering is en bly egter, óók in die lig van die implikasies van art 1, dat die kerklike orde altyd die onveranderbare gehoorsaamheid aan die Woord sal reflekteer.

'n Derde belangrike saak wat deur die kerkorde gestel word, is dat *die geloofsbelydenis, die eenheid in die leer die samebindende band is wat almal in die gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die Heer van die kerk, bymekaarhou.* Dié saak word baie duidelik gestel in art 2, 4 en 5.

"Om de eendrachtigheydt in de Leere tusschen de Nederlantsche Kercken te bewijsen, heeft het den Broederen goed ghedacht de belijdinghe des Gheloofs der Nederlandtsche Kercken te onderschrijven . . ."

Hierdie *consensus in doctrina* word die duidelike basis, die vanselfsprekende versamelpunt van wat by mekaar hoort en wat sy primêre formulering vind in die NGB art 28 wat stel:

"Ons glo – aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van diegene wat verlos word, en daarbuite geen heil is nie – dat niemand, . . . in selftevredenheid hom van die vergadering afsydig mag hou nie; almal is juis verplig om daarby aan te sluit en daarmee te verenig, om die eenheid van die kerk te bewaar . . ."

"Daarvoor moet hulle hulle, as lede van een en dieselfde liggaam, almal saam aan sy leer en tug onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broeders dien in die opbou van die geloof. En om dit des te beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van diegene wat nie tot die kerk behoort nie, en hulle by die vergadering aan te sluit . . . Daarom handel almal wat hulle van die ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God."

Natuurlik moet in gedagte gehou word dat dit nie die mens is wat die eenheid van die kerk bewerkstellig nie. Dáárdie eenheid is 'n eenheid wat bestaan omdat daar net één Heer en Hoof van die kerk is, dat daar net één liggaam van Christus is. Dié eenheid lê egter primêr in die *consensus in doctrina*, dit is 'n eenheid-van-geloof, 'n eenheid-in-beginsel en nié 'n pragmatiese eenheid wat aanmekaar gehou word deur die gedagte dat gesamentlike arbeid of gesamentlike voordeel of bevoordeling (wat so dikwels die basis van politieke eenheid is) die basis vir 'n eenheid van 'n liggaam kan wees nie.

So het die Emdense sinode 'n Calvinistiese orde geskep, dit wil sê 'n orde waar die kerk sy onafhanklikheid én eiesoortigheid baie duidelik uitspreek. Die kerk sal, volgens hierdie orde, onder die gesag van Gods Woord leef en dáárdie Woord ook sy volle seggenskap gee. Die kerk in al sy geledinge is daar om die evangelie te verkondig en nié om as 'n politieke drukgroep op te tree nie, al laat die kerk die

lig van Gods Woord óók op die politieke terrein val. Emden sien die kerk as 'n selfstandige liggaam. Daardie ideaal het later, wanneer Nederland bevry is van die Spaans-Roomse juk, nié in vervulling gegaan nie want dan tree die owerheid in en word deel van die kerklike lewe op so 'n manier dat die vryheid van die kerk dikwels beperk is. Die ideaal van Emden kan so saamgevat word:[24] Een liggaam wat sal bestaan uit al die gemeentes van die kerk, dit is die liggaam van Christus wat sy eenheid vind in die ooreenstemming in die leer wat volgens die Woord van God is. Hierdie één, selfstandige liggaam het één groot taak, en dit is om die evangelie van Jesus Christus uit te dra na die Nederlandse nasie om daardie nasie tot diens van God op te roep en te vorm. Kerk van Jesus Christus ter wille van die nasie.

AANTEKENINGE

1 F L Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*, Den Haag 1889, p 46.
2 Vgl Emdense kerkorde, art 8.
3 C Hooijer, *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten* 1563–1638, Zaltbommel 1865, p 64–65.
4 H G Kleyn, *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente*, Dordrecht 1888, p 35. Dit het dan ook geskied by die sinode van Antwerpen in 1564.
5 Artikel 4 van die kerkorde lui dan ook: "Men sal oock de Nederlantsche Kercken-Dienaers die in dese versamelinghe niet en zijn, vermanen, dat zij in die selve onderschrijvinghe bewillighen: T'selve salmen oock allen anderen doen, die van nu voortaen, tot den dienst des Woords beroepen sullen worden, eer sy in haren dienst treden."
6 Vgl in hierdie verband dan ook die argumente van Kleyn, *a.w.*, p 38–43.
7 Haitjema, *a.w.*, p 19 wys dan ook daarop: ". . . hoe van de Synode van Emden (1571) af aan de Waaldse broeders, die natuurlijk zich het liefst aan de kerkrechtelijke regelen van het Franse Geref Protestantisme oriënteerden, steeds duidelijker hun invloed deden gelden op de constituering van het kerkverband in de Noordelijke Nederlanden".
8 C Hooijer, *a.w.*, p 65. Daarvolgens was daar vyf ouderlinge op die sinode. Twee van die Waalse gemeente te Emden en een elk van Keulen, Wezel en Antwerpen.
9 F L Rutgers, *a.w.* p 2.
10 C Hooijer, *a.w.*, p 59.
11. Vgl art 19, 20, 20 en ook 5.
12. Th L Haitjema, *a.w.*, p 19–21.
13 C Hooijer, *a.w.*, p 63.
14 A A van Schelven, *De Nederduitsche Vluchtelingenkerken der XVIe Eeuw*, Den Haag 1908, p 144 verv.
15 Volledige biografiese gegewens word gevind by: J P de Bie en J Loosjes, *Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland*, Den Haag zj, dl, III, p 807 verv.
16 G J Brutel de la Riviére, *Het Leven van Hermanus Moded*, Haarlem 1879.
17 'n Lys van die deelnemers aan die sinode word gegee by F L Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende eeuw*, Den Haag 1889, p 118. J P van Dooren, *Voorbereiding en Deelnemers*, artikel in *De Synode van Emden* 1571–1971, red D D Nauta, J P van Dooren en O J de Jong, Kampen 1971, p 75 verv; gee baie kort biografiese gegewens van die verskillende deelnemers.
18 By Wezel word dieselfde gedagte uitgedruk in hfst IV, art 55 en 57 en hfst V, art 79 en ook hfst VIII, art 115.
19 Die Emdense formulering was: "In een yeghelijcke Kercke salmen t'samen-coomsten ofte Consistoriën der Dienaren des Woorts, Ouderlinghen ende Diaconen hebben, die ten weynighsten allen weecken eenmael ghehouden sullen worden, ter plaetse ende tijt die een yeghelijcke Ghemeente sal achten bequaemste ende geleghenste te wesen."
20 Vgl C Hooijer, *a.w.*, p 97.

21 F L Rutgers, *a.w.*, p 55 verv.
22 G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 41 verv.
23 F L Rutgers, *a.w.*, p 87.
24 Vgl in hierdie verband ook W van 't Spijker, *Stromingen onder de Reformatorisch Gezinden te Emden*, artikel in D Nauta et-al, *De Synode van Emden* 1571–1971, Kampen, 1971, p 50–74.

HOOFSTUK 7

Die provinsiale sinode van Holland en Zeeland, gehou te Dordrecht 1574

1 Historiese opmerkings

Die opstand in Nederland het vanaf 1572 skielik vaart begin kry en verskillende belangrike suksesse word dan, kort na mekaar, behaal. In April 1572 het die Watergeuse die belangrike hawestad Den Briel ingeneem, en kort daarna het Vlissingen in Zeeland en Enkhuizen in Noord-Holland ook die Spaanse juk afgegooi. Terselfdertyd is Bergen deur graaf Lodewijk verower terwyl graaf van den Berg, 'n swaer van prins Willem van Oranjé ,Gelderland en Overijssel ingeval het. In 'n betreklike kort tydjie moes die Spaans-Roomse owerheid heelwat grondgebied prysgee.

Dit het kerklik ook 'n nuwe groei gestimuleer. Nie alleen het talle vlugtelinge teruggekeer nie, maar in meeste plekke is die vroeëre, Roomse kerkgeboue nou aan die hervormde gemeentes beskikbaar gestel. Die kerkgeboue is van alle Roomse versierings gestroop en daarna vir die nuwe preekdienste gebruik.

Reeds in Julie 1572 kon daar 'n groot politieke vergadering gehou word waar prins Willem van Oranje as stadhouer van Holland, Wes-Friesland, Zeeland en Utrecht erken is. Terselfdertyd is hy as beskermer en hoof van die Nederlande gekies. Hier is ook besluit om die Roomse godsdiens langs die hervormde godsdiens toe te laat om sodoende nie die steun van die nasionaal-voelende Roomse gelowiges te verloor nie.

Hier word ook 'n lasbrief van prins Willem van Oranje aan graaf Van der Mark voorgelê, waarvolgens die graaf die prins sou verteenwoordig. In dié lasbrief stel die prins:

> "Sal ook mede so wel de Catholijken en Geestelijken in hare Religie als d'andere goeds Evangelise, in schut en schermnemen, sonder dat d'een d'andere mogen injurieren, overlast of hindernis aen doen, verbiedende sulx op hooge straffe."

Kort na hierdie gebeure het die hertog van Alva, een van Spanje se grootste generaals, tot die teenaanval oorgegaan en 'n reeks stede, wat reeds die Spaanse juk afgewerp het, herower. Maar 'n hele paar stede, onder andere Haarlem en Alkmaar, het hulle met groot moed teen die Spaanse aanslag verset.

Juis gedurende 1573 as die Spaans-Roomse teenaanval die magte van die Nasionalisme en Protestantisme terugdruk, vergader die staten van Holland weer. Dan word die beslissing oor godsdiensvryheid hersien, want dit het weer geblyk dat Rooms en Spaansgesind byna dieselfde is. Daarom word daar besluit "dat men de uitoefening der Roomsche religie zou schorsen en verbieden". Inmiddels is Alva na Spanje teruggeroep en opgevolg deur Don Luis de Requesens, wat nou met groot ywer die Protestante finaal wou verslaan. Hoewel die situasie militêr gespro-

ke, moeilik was, het die Protestantse owerhede tog voortgegaan om allerlei reëlings te tref vir die regering van die land.

In November 1574 het die staten van Holland besluit:

"De Staten willende uit goede devotie orde stellen op het onderhoud van de Leeraars en Dienaars des Goddelijken Woords, daar inne vooral behoord voorsien te worden, hebben eendragtelijk beslooten en geordonneert, dat alle Leeraars soo wel binnen als buiten de Steden van Holland, voortaan jaarlijks voor alle anderen betaald sullen worden . . ."

Hierdie toegewing van die kant van die owerheid het duidelik getoon dat die owerheid inderdaad die kerk en die godsdiens wou beskerm. Die owerhede is egter skerp aangeval omdat hulle alle vroeëre Roomse kerklike eiendomme aan die staat laat toekom het en dit nié aan die hervormde kerk gegee het nie. So het dit gebeur dat alle vroeëre Roomse kerkgeboue staatseiendom geword het, en hoewel die hervormde gemeentes dié kerkgeboue vryelik kon gebruik, het hulle géén eiendomsregte daarop gehad nie. Terselfdertyd het die feit dat die owerheid die traktemente sou uitbetaal, beteken dat die predikante, vir hulle lewensonderhoud, van die owerheid afhanklik was. Dit was, in later jare, dikwels tot hulle nadeel.

Danksy die steun van die owerheid én die betreklike gunstige verloop van die oorlog, het die getal Protestantse gemeentes in die geweste wat vry was, geweldig toegeneem en dit ondanks 'n ernstige tekort aan predikante. Veral in die staten van Holland en Zeeland is die eerste pogings aangewend om die kerklike organisasie uit te bou. Betreklik gou is klassikale vergaderings op die been gebring en vanuit die klassikale vergaderings is daar verteenwoordigers gekies vir 'n *eerste provinsiale sinode* op Noord-Nederlandse bodem. Hierdie vergadering word van 16–28 Junie 1574 gehou in Dordrecht, wat nie alleen een van die oudste stede in die provinsie Holland was nie, maar wat ook maklik en veilig bereikbaar was vir die aangewese lede van die sinode.

2 Die provinsiale sinode

Hoewel die sinode van Emden 'n volledig-nasionale sinode in 1572 of 1573 in die vooruitsig gestel het,[1] het dit nie gebeur soos dit beplan was nie. Hoewel 'n aantal provinsiale sinodes gehou is vóór hierdie Dordtse vergadering van 1574, was hierdie die eerste sinodale vergadering wat op Nederlandse bodem gehou is, en dit is byeengeroep deur dié geweste wat op daardie stadium die Spaanse juk afgeskud het. Hoewel hierdie vergadering slegs 'n provinsiale sinode was, het dit tog 'n belangrike voorwaartse stap beteken en het dit die pad gebaan vir die toekomstige, volwaardige nasionale sinode.

Hierdie provinsiale sinode is gelei deur Caspar Heidanus, toe predikant te Middelburg, terwyl Arnoldus Cornelius, predikant te Delft, as skriba opgetree het.

Arnoldus Cornelius (= Arent Kroeze) 1547–1605[2]

Hy het sy teologiese opleiding te Heidelberg ontvang en daarna ook nog onder Beza in Genève gestudeer. In 1571 begin hy sy dienswerk in die gemeente Frankenthal in die Paltz. Vanaf 1573 was hy predikant te Delft.

Cornelius was in sy tyd één van die leidinggewende predikante, nie alleen vanweë sy uitmuntende gawes nie (hy het tweemaal vir 'n professoraat te Leiden bedank), maar ook vanweë sy persoonlikheid. Veral op sinodale vlak het hy vanweë sy organisatoriese vermoë, sy groot kennis van die teologie 'n besonder belangrike en dikwels ook skeppende rol gespeel. In die provinsie Holland was Cornelius die spil waarom die hele kerklike lewe van sy tyd gedraai het.

Met die aanvang van hierdie sinodale vergadering op 16 Junie 1574 is allereers die artikels van die sinode van Emden voorgelees en aanvaar. Daarná gaan hierdie vergadering voort om toevoegings, veranderings en verbeterings van die Emdense besluite te oorweeg. Hier is dus 'n voortbou op die werk wat reeds gedoen is en telkemale word daar dan ook na die Emdense besluite terugverwys.

3 Die inhoud van die kerkorde[3]

Na 'n aantal algemene bepalings, onder andere oor die boekesensuur, word meer spesifiek oor die opdragte en werksaamhede van die verskillende vergaderings van die ampte in die kerk gehandel. Ten opsigte van *die samestelling van die kerkraad*, word nou in art 4, "ter verklaring des 6en artikels van Embden", vasgestel dat die kerkraad sal bestaan uit die predikante en die ouderlinge van die gemeente en dat die diakens in 'n eie vergadering byeen sal kom. Hier word dus gereël dat die diaken ten opsigte van die regering van die kerk, géén sitting op die kerkraad het nie. In gemeentes waar daar min ouderlinge is, kan die diakens egter deel van die kerkraad vorm en hulle word dan as "hulp-ouderlinge" gewaardeer. Presies wat onder "min ouderlinge" verstaan moet word, word nie nader uitgewys nie. 'n Minimum van twee ouderlinge was egter noodsaaklik geag om 'n selfstandige kerkraad te kan vorm. "Min ouderlinge" sal dus méér as twee moet wees, maar dit kon waarskynlik nie veel meer gewees het nie.

Artikels 9–21 handel oor die *klassikale vergadering*. Interessant is die bepaling, art 10, dat die klassikale vergaderings maandeliks of hoogstens twee-maandeliks sal vergader. Dit toon aan hoe noodsaaklik die voortdurende opsig van die meerdere vergadering ten opsigte van die ampsdraers en die kerkraadsvergaderings geag is. Dit was ook te verstane aangesien die reformatoriese kerk dan nog organisatories én in sommige opsigte, teologies, in sy kinderskoene gestaan het.

Afgesien van sy opsigtaak, kry die klassikale vergadering nou ook die taak om predikante tot die amp toe te laat (art 13–14) en uiteraard om ook die tug oor hulle te oefen. Dit was vanselfsprekend dat die klassikale vergadering hierdie taak ontvang het, aangesien die provinsiale sinode slegs één maal per jaar (as dit goed was) vergader het en dié sinode buitendien geen kontinuerings liggaam gehad het nie.

Ten opsigte van die beroep van predikante word nou die beginsel vasgestel in art 12 dat die kerkraad die predikante sal beroep. Die motivering word ook aangegee: "Om de konfusie of verwarring te vermijden, die uit de verkiezing des gemeenen volks ontstaan mocht, is besloten, dat de dienaren des Woords van de konsistorie der plaats, daar zij dienen zullen, beroepen zullen worden . . ." Hieruit blyk twee punte. Allereers dat die kerk nié demokraties, met algemene stemreg vir

alle lidmate oor alle dinge, ingerig is nie. Ten tweede dat op hierdie stadium slegs die kerkraad 'n beroep kan uitbring. By die nasionale sinode van Dordrecht, 1578, word egter in art 4 bepaal dat vir die doeleindes van 'n beroep, die diakens déél van die kerkraad sal uitmaak. Opmerklik is dit ook dat die predikante, wat met toestemming van die klassikale vergadering beroep moet word (art 12) óók toestemming van die klassis moet hê vóórdat hulle 'n ander beroep kan aanneem. Dat dit nié 'n formele toestemming was nie, blyk daaruit dat die klassikale vergadering moet vasstel of "de zaak gewichtig genoeg is om in andere kerkendienst (= gemeentelike diens) te treden".

Nadat ook oor die skool gehandel is (art 22), word oor die ampte gehandel, art 23–24. Interessant is die bepaling dat die ouderlinge en diakens nie alleen die geloofsbelydenis nie, maar ook die kerkorde moet teken as blyk van instemming daarmee (art 32).

Daarna volg 'n reeks artikels met bepalings vir die Sondagse godsdiensoefening (art 37–50). So word ten opsigte van die prediking bepaal dat dit nie langer as 'n uur moet wees nie (art 38) én dat die Roomse perikope-indeling van die Heilige Skrif nié gebruik mag word nie "maar dat men nuttiglijk een gans boek der Heilige Schrift ordentlijk na malkander uitlegge . . ." (art 39) én dat die voorkeur aan die Nuwe Testament gegee moet word (art 40). Art 49 bepaal andermaal dat die aalmoese vir die armes na afloop van die godsdiensoefening by die kerkdeure ingesamel moet word. Dit word beter geag as om die kollekte op te neem ". . . in het midden der predikatie, tot grote hindernis van de dienst Gods . . ." (art 50). Orrelspel, tydens en selfs na of voor die godsdiensoefening word met 'n beroep op 1 Korintiërs 14:19 ("maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tienduisend woorde in 'n taal") afgewys.

Art 57–67 handel oor *die doop* wat alleen toegedien mag word ". . . in de openbare verzameling der kerken, bij de verkondiging des Goddelijken Woords . . ." art 58.

Art 68–82 handel oor die nagmaal en hier word bepaal dat die brood en wyn *staande* en nié sittende nie, ontvang moet word (art 76). Dit sou lank duur voordat die sittende ontvangs van die nagmaal as die gebruiklike aanvaar is. 'n Voorbereidingsdiens vir die nagmaal word noodsaaklik geag (art 74), maar nié 'n aparte dankseggingsdiens nie (art 80).

Artikels 83–89 handel oor die huwelik en egskeiding, terwyl artikels 90–91 in verband met die geloofsbriewe vir 'n sinodale vergadering die kerkorde afsluit.

AANTEKENINGE

1 G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 60–61. Particuliere Handelingen, art 23–24.

2 J P de Bie, *Biographisch Woordenboek van Protestantschen Godgeleerden in Nederland*, Den Haag 1943, dl V, p 264 verv.

3 Daar is 'n verskil in aanbieding van die teks van die *Acta* van hierdie sinode deur G H Kersten, *a.w.*, p 63 verv. en F L Rutgers, *a.w.*, p 131 verv. Rutgers gee die notule weer soos dit opgestel

is en in die kantlyn die nommers van die verskillende besluite soos hulle, vir die kerkorde, gerangskik moet word. Gevolglik is dit by Rutgers effens moeiliker om die verskillende kerkordelike besluite, soos hulle saamgegroepeer moet word, terug te vind. Kersten daarenteen gee die besluite weer as artikels van die kerkorde. By Kersten word dus éérs die kerkorde en daarna die Particuliere Vraagstukken aangetref. Soos gebruiklik word hier andermaal van die teks, soos deur Kersten aangebied, gebruik gemaak.

HOOFSTUK 8

Die kerklike orde wat deur die provinsiale staten Holland en Zeeland ontwerp is, 1576

Die provinsiale staten, dit wil sê die provinsiale owerheid van die provinsies Holland en Zeeland, het 'n besondere belangstelling vir die kerk en die belange van die kerk gehad. So het die staten die universiteit te Leiden met sy teologiese opleiding in 1575 tot stand gebring as beloning vir die stad se heldhaftige stryd téén die Spanjaarde. Die staten het besluit dat aan die universiteit[1]

> ". . . vrijelijck ende openbaarlijk de scientien der Godheid en de Regten ende in de Medicynen, mitsgaders in de Philosophie ende andere Vrije-konsten, ook de Taalen Latyn, Grieksch ende Hebreeuwsche, gekundigt, geleesen ende geleert worden."

Die hoofdoel met die oprigting van die universiteit was om geleerde en waardige predikante op te lei, want tot op daardie stadium was 'n teologiese opleiding vir voornemende predikante in Nederland nié moontlik nie.

In 1575 het die staten van Holland en Zeeland 'n kommissie benoem om 'n reëling van owerheidsweë te tref om die gang van sake op die kerklike vlak te orden. Hierdie owerheidsreëling is nooit formeel deur die staten òf behandel, òf goedgekeur nie. Daarvoor bestaan daar verskillende redes waarvan een seker was dat die staten en die kerk op die punt van die kerklike orde nié eenstemmig was nie.

Die oorgrote meerderheid van die predikante op daardie stadium was Calviniste en het streng gehou aan die Calvinistiese geloofsleer en kerklike orde. Daarteenoor het baié van die owerheidspersone hulle godsdienstige opvattings eerder gekry uit die geskrifte en opvattings van die oorspronklik-Nederlandse beweging van die Sakramentariërs én die geskrifte van die humanis Desiderius Erasmus van Rotterdam.[2] Só wou die predikante niemand tot die staatskerk toelaat wat nié die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus aanvaar nie, terwyl die owerhede van mening was dat álle Christene wat 'n onbesproke lewe lei, lid van die kerk moet wees. Net so wou die predikante hê dat die owerheid, in die lig van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Lutherse en Anabaptistiese gemeentes moes onderdruk, terwyl die owerheid van mening was dat dit nie dienstig sou wees nie. Dit het meegebring dat daar dikwels langdurige twiste tussen kerklike ampsdraers en vergaderings en die owerhede was en wat ook daartoe gelei het dat die kerklike ordes soos ontwerp deur die kerklike vergaderings én die owerheid, baie selde deur beide partye aanvaar is.

Die ontwerp-orde van die provinsiale staten van 1576 is egter wel belangrik omdat dit 'n beeld gee van hoe die owerheid geoordeel het dat die kerklike orde gereël moes word. Die kerkorde wat in 1574 te Dordrecht opgestel is en wat óók nie deur die staten aanvaar is nie, het egter wel 'n invloed op die ontwerp-orde van 1576 gehad. Die uitgangspunt in die owerheidsreëling is dat dit die taak van die

godvresende landsowerheid is om vir die kerk wette te maak. Die argument is dat God self ook wette gegee het, maar dan nié deur middel van die priesterfiguur Aaron nie, maar deur Moses en in later tyd was die wetgewende mag deel van die funksie van konings en prinse. Die historiese argument word ook gevoer dat selfs in die vroeë kerk, sodra die owerheid onder keiser Konstantyn 'n Christelike owerheid is, dan word die owerheid, óók ten opsigte van die kerk, die wetgewende mag. Daarna het die Roomse biskop wéér die mag in sy hande geneem, maar nou dat kerk en godsdiens weer van daardie dwaalleer gesuiwer is, moet die owerheid sy verskuldigde plig om wette vir die kerk te maak, wéér op hom neem.[3] In die lyn van hiérdie argument het die owerheid die reëlings opgestel.

Die inhoud van die kerkelijke wetten[4]

Hierdie kerklike wette tref in hoofsaak net reëlings ten opsigte van die ampsdraers en hulle arbeid en laat géén moontlikheid oop vir vergaderings van die ampte om die kerk te regeer nie. Soos te verwagte is, is die *magistraat* of wel die stadsowerheid die belangrikste figuur in hierdie kerklike wette en is die kerklike ampsdraers aan hom ondergeskik. In hierdie kerklike wette word allereers gehandel oor die predikant.

(*a*) *Die predikant*

Die aanstelling en besoldiging van predikante lê in die hande van die magistraat. Die ouderlinge het wel die taak om die predikant te eksamineer "oft hy met geleertheit, betamelyke uitspraeke, en een oprecht goedt leven, tot dat Ampt bequaam is" (art 5), maar sy aanstelling sal eers geskied nadat hy voor die magistraat die ampseed afgelê het (art 6). Die ampseed het soos volg gelui (art 8): . . .

> "Ik sweere by den almaghtigen Godt, en onsen Heere Jesum Christum, dat ik een getrou ondersaet sal wesen van den Koningk van Spanje, . . . synen Stadthouder in desen Provincien den Prinse van Oranje, . . . en ook dese Magistraat, in alle 't geene tegen de wille Gods en myn ambt niet sal stryden; en dat ik naer myn vermogen sal arbeiden, dat ook het volk in de meeste stilligheid, en onderdaenigheit deselve insgelyks gehoorsaeme: daerenbove sweere ik, dat ik het Woordt Gods op 't aldersuiverlykste sal handelen, en dat ik 't selve met sulke naerstigheid sal verkundigen, dat het in dese myne toevertroude Gemeente de meeste vruchten voortbrenge, en dat ik 't selve naer myne affectie niet voegen, noch naer iemants behagen drayen sal, maer dat ik 't selve in de beste trouwe sal uitleggen, alleen ter eeren Godts, en profytte van dese gemeente: lestelyk dat ik oprechtelyk alles sal doen dat een vroom en getrou Herder toestaet, en behoort tedoen, en dat ik desen dienst om geenderlei voordeel of achterdeel sal verlaten".

Daarna sal die bevestiging plaasvind in 'n godsdiensoefening waar een van die diensdoende predikante 'n preek sal hou oor die amp en 'n gebed sal doen om Gods seën vir die nuwe predikant te vra (art 9).

Die predikante van die stad en omliggende dorpe sal elke tweede week byeenkom

waartydens één 'n Skrifuitleg sal gee wat deur sy ampsbroeders dan beoordeel en bespreek moet word (art 10–12).

Leerverskille sal éérs onder die predikante self bespreek word en indien hulle nie 'n oplossing kan vind nie, sal die ouderlinge ook geraadpleeg word. In laaste instansie het die owerheid die reg om in so 'n saak uitsluitsel te gee (art 13). Daar kom ook 'n lys van "domineessondes" voor wat grotendeels van Wezel oorgeneem is en waar die ouderlinge, in eerste instansie, die vermaning moet uitspreek. Ook hier behou die magistraat die laaste woord.

Verder moet die predikante drie maal gedurende die week preek, Sondagmôre en Sondagmiddag die Heidelbergse Kategismus uitlê. Daarby word bepaal, wat die doop betref, dat aan niemand die doop weerhou mag word nie (art 22), ook nie wanneer die vader nie teenwoordig kan wees nie.

Die nagmaal sal vier maal per jaar bedien word aan almal wat belydenis van geloof afgelê het. Voorbereiding moet aan die nagmaal voorafgaan en dit word deur die lidmate staande, uit die hand van die predikant, ontvang (art 27–29). Hier word dus nog nie die aansit aan 'n tafel voorsien nie en ook nié die gebruik van 'n formulier nie.

Die amp van die doktore, word volgens hierdie voorstel, vervang met professore in die teologie wat deur die owerheid aangestel word op dieselfde voorwaardes as alle ander universiteitsprofessore (art 36).

In die praktyk het hierdie laaste reëling deurgegaan en het die kerk alle seggenskap by die aanstelling van teologiese professore verloor. Ook het die kerk géén opsig – of tugbevoegdheid ten opsigte van die teologiese professore gehad nie, omdat hulle as sodanig nié meer 'n kerklike amp beklee het nie. Die teologiese professore in Nederland het, by hulle aanstelling tot professor, emeritaat van die klassis ontvang.

(b) *Die ouderlinge*

Hier word aan die magistraat die bevoegdheid gegee om ouderlinge aan te stel (art 39):

> "mannen die oprecht en in 't stuck van de Religie niet onervaren syn, dewelke den Herders in Kerkelyke saeken hulpsamig, en hare byeenkomsten by sullen syn; op dat of er iet waere 't welke de Overigheden dienden te weten, syluiden het hunluiden aangeven, en 't geene van hun officie in desen wetten op veele plaetsen begrepen, is, doen."

(c) *Die diakens*

Net so word ook die diakens, so veel as wat nodig is, deur die owerheid aangestel om die armes te versorg.

Die opvallende in hierdie reëling is dat geen groot kerklike vergaderings voorgestel word nie. Van klassikale en sinodale vergaderings is daar géén sprake nie.

Wat die leer betref, word die Heidelbergse Kategismus wel as leerboek vir die jeug aangewys. Ten opsigte van die predikante word egter geen norm of reël,

anders as die Heilige Skrif, vir die prediking genoem nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis word glad nie genoem nie en elke gemeente word volgens hierdie reëling eintlik 'n besondere stadsinstelling onderworpe aan die magistraat van die stad wat volgens sy insigte predikante en ander ampsdraers kan aanstel. Hier is dan ook geen enkele waarborg dat die magistraat Calvinistiese predikante sal aanstel nie.

Dit was dan ook vir die kerk in Nederland 'n seën dat hierdie kerklike wette nooit verder as die ontwerpstadium gekom het nie.

AANTEKENINGE

1 C Hooijer, *Oude kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde gemeenten*, Zaltbommel 1865, p 113.
2 Vgl in hiérdie verband J Lindeboom, *De confessionele ontwikkeling der reformatie in de Nederlanden*. Den Haag, 1946.
3 C Hooijer, *a.w.*, p 118–120.
4 Die teks van hierdie kerkelijke wetten word gevind by C Hooijer, *a.w.*, p 121–131.

HOOFSTUK 9

Die nasionale sinode van Dordrecht, 2-18 Junie 1578

Die nasionale sinode wat te Emden gehou is in 1571 het die gedagte en hoop gekoester dat dit moontlik sou wees om in 1572 'n tweede nasionale sinode te hou. Betreklik gou egter het dit geblyk dat dit nie so maklik sou gebeur nie en ondanks uitvoerige korrespondensie tussen die verskillende vlugtelinggemeentes het die saak gesloer.[1] Dié saak het, na die provinsiale sinode van Dordrecht 1574 in Nederland self al méér aandag gekry en dit is veral aan Heydanus te danke gewees dat die saak met mening aangepak is. Nadat in Februarie 1578 'n voorlopige samekoms van beskikbare klassikale verteenwoordigers gehou is, is besluit om in Junie of Julie die nasionale sinode byeen te roep. Daarvoor is toe sowel van prins Willem van Oranje as van die staten van Holland toestemming verkry. Dit het beteken dat die vergadering vroeg in Junie 1578 in Dordrecht kon byeenkom.

In Nederland self was daar op staatkundige vlak nog alles behalwe rus en vrede. Hoewel die bedreiging van die Spaans-Roomse gesag enigsins beperk is, was daar in Nederland wat al onder die gesag van die prins gestaan het, nog voortdurende spanning tussen Roomse en hervormde lidmate. Dit is in hierdie situasie wat die nasionale sinode in 1578 byeengekom het. Interessantheidshalwe kan hier gelet word op die *Cort eenvoudich ende waerachtich verhael* wat die provinsiale sinode van Haarlem in 1582 in hierdie verband opgeteken het.[2]

"Daerna door de Pacificatie van Gent, en door afsterven des grooten commandeurs, den Gouverneur der anderen Nederlanden (di Requesens), is het geschiet, dat niet alleen in Hollant en Zeelant het Pausdom meer afghestelt werde, de Predicatie des Euangelii toenemende: maer dat oock de goede Ondersaten in Brabandt, Vlaenderen, Gelderlandt, Vriesland, int sticht van Utrecht, int land van Overijssel, etc na de waerheydt hebben beginnen te haecken: waer over tot eenige plaetsen gantsch openbaerlick, inden anderen hoe wel noch heymelick in den huysen, nochtans met groote verghaderinghe van volck, en de genoech by weten en consent van den Overheden, Godts woord gepredict is worden. Is daeromme raetsaem ende noodich geacht, om veelderley voorvallende oorsaken, en voornemelick, op dat de nieuwe Christelicke Ghemeynten in de voorgaende Provinciën opgericht en op te richten, in de reyne leere, ende ghelijckformighe bedieninghe, als in Hollandt en Zeelandt ghestichtet, en de so veel moghelick met trouwen Predicanten besorget souden worden, wederomme eene synode te houden, daer niet alleen verschijnen souden de Predicanten en Ouderlingen ghedeputeert uit allen Classen in Holland en Zeelant, maar oock uit allen den voorgenoemden Provinciën, en van gelijcken uit den Kercken, die in de Nederlantsche en Walsche sprake in vreemden landen (duerende de strenghe vervolghinghe) vergadert waren."

Die sinode moes dus kerklik leiding gee op 'n tydstip wanneer die kerk nie in rus en vrede in die land kan leef en werk nie. Tog is geoordeel dat die vergadering moes plaasvind.

1 Samestelling van die sinode

Hoewel die gegewens oor die getal verteenwoordigers by die sinode verskil, neem Nauta aan dat daar 41 predikante en 12 ouderlinge teenwoordig was.[3] Uit die provinsie Holland is die klassikale vergaderings van Enkhuizen, Hoorn, Alkmaar en Edam elkeen deur twee predikante en een ouderling verteenwoordig. Uit die suidelike deel van Holland was daar nie so 'n effektiewe verteenwoordiging nie. Dan was daar ook afgevaardigdes uit die twee klassikale vergaderings van die provinsie Zeeland, tw Walcheren en Zierikzee. Uit die suidelike Nederlande het die klassis Brabant en die van Oos- en Wes-Vlaandere ook verteenwoordigers gestuur. Verder het die Nederlandse gemeentes in Engeland, die Paltz, Gulik en Kleef verteenwoordigers gestuur, asook die Waalse kerke.

Die sinode is deur 'n aantal voortreflike manne gelei. As voorsitter het Petrus Datheen uit die Paltz opgetree, terwyl Arnoldus Cornelius as skriba opgetree het. Caspar Heydanus was die assessor en Johannes Cubus het opgetree as secundus-huius Synodi notarius.

Petrus Datheen (Dathenus) 1531 of 1532–1588[4]

Een van die grootste leiersfigure uit die Nederlandse Kerkhervorming. Hy is in Vlaandere gebore en was aanvanklik monnik. Presies wanneer hy die klooster verlaat het, is nie seker nie, maar in 1533 is hy as gevolg van die vervolginge na Engeland en dan is hy reeds predikant. Terwyl hy in Engeland as predikant optree, onderhou hy homself ook as boekdrukker. Met die troonbestyging van Mary Tudor en die daaropvolgende vervolgings verlaat Datheen Engeland en word dan predikant by die Vlaamse vlugteling-gemeente in Frankfurt. Hier ontmoet Datheen vir Johannes Calvyn en vir die res van sy lewe bly Datheen 'n ywerige volgeling van hierdie groot kerkhervormer.

In 1561, na botsings met die Lutherse stadsowerheid, wyk Datheen met 'n gedeelte van sy gemeente uit na Frankenthal in die Paltz. Hierdie gemeente, waar die Calvinistiese teologie die oorheersende was, het baie invloed uitgeoefen op die verstrooide gemeentes onder die kruis in Nederland en het baie daartoe bygedra om die Calvinisme in Nederland te vestig.

In 1566 publiseer Datheen sy Psalmberyming vir die gebruik in die godsdiensoefening. Hoewel daar baie tekortkomings aan hierdie beryming kleef (Datheen het maar die berymings van Marot en Beza verwerk en het self geen Hebreeus geken om uit die grondteks te kan werk nie), was dit in die Nederlandse gemeentes besonder populêr. Dit het dan tot 1773 in die Nederlandse kerk in gebruik gebly, nieteenstaande die feit dat daar ander én beter Psalmberymings beskikbaar was. In hierdie tyd besorg Datheen ook 'n Nederlandse vertaling van die Heidelbergse Kategismus.

In 1566 keer Datheen terug na Nederland waar duisende toestroom om na sy prediking te luister. In 1567 moet hy egter vanweë die vervolginge weer na Frankenthal teugkeer. In 1572 is hy weer terug in Nederland en word dan 'n gewaardeerde raadgewer van prins Willem van Oranje. Datheen bly egter nog verbonde aan sy gemeente in die Paltz maar moet dié in 1576 verlaat as die nuwe keurvors van die Paltz, wat Luthers was, die Calvinistiese gemeentes onder druk plaas. In hierdie jare het Datheen op allerlei vlakke

enorm veel gedoen om die uitbreiding van die Kerkhervorming te bevorder. In 1577 kan hy weer na sy gemeente in die Paltz terugkeer en as verteenwoordiger van "de Overlantsche Classis woon hy die nasionale sinode te Dordrecht by en word daar ook as voorsitter gekies.

Na dié sinode werk Datheen 'n tydlank in Gent (Vlaandere), maar bots dan op politieke vlak met prins Willem van Oranje en keer dan in 1579 terug na Frankenthal. In 1583 keer hy terug na Gent waar hy weer in die stads- en landspolitiek betrokke raak en weer met die prins bots. Hy word selfs deur die owerhede gevange geneem. Vanweë hierdie gebeure besluit hy om sy vaderland te verlaat.

Hy lê dan ook sy predikantsamp neer en tree dan as " geneesheer" op. In 1586 stuur die nasionale sinode van Den Haag nog 'n afvaardiging na Datheen omdat gerugte hulle bereik het dat hy wederdoper sou geword het. Die afvaardiging vind Datheen verswak en gebroke, maar stel vas dat hy in die leer nié dwaal nie. Na omswerwinge in Duitsland sterf hy in 1588 in Elbing waar hy ook begrawe is.

Deur sy persoonlike optrede en sy geskrifte het hierdie besonder begaafde man en prediker 'n groot invloed op die Kerkhervorming en die vestiging van die hervormde kerk in Nederland gehad. Veral met betrekking tot die erediens, die opstel van die verskillende formuliere wat in die godsdiensoefening gebruik sal word, het Datheen werk van blywende waarde verrig waarvan ons kerk, tot vandag toe nog, die vrugte pluk.

Guillaume Feugueray (Feurgearaeus), oorl 1613[6]

As deel van die verteenwoordigers van die amp uit die Waalse kerke kom prof dr Guillaume Feugueray ter vergadering. Hy was die eerste hoogleraar wat aangestel is aan die teologiese opleiding van die Universiteit van Leiden.

Gebore te Rouaan in Frankryk was hy allereers predikant in Frankryk van 1562–1572, maar na die bloedbad en massamoorde van die Franse Protestante met en na die Bartolomeusnag, vlug hy na Londen. Grotendeels vanweë die invloed van prins Willem van Oranje is hy in 1575 as eerste teologiese professor te Leiden aangestel. Daar het hy rigting gegee aan die akademiese onderwys en sodanige bekendheid verwerf dat verskillende buitelanders ook die Universiteit van Leiden besoek het.

Feugueray het hom egter nooit in Nederland tuisgevoel nie en hy het ook Fransman gebly en nooit die Nederlandse taal aangeleer nie. Vanweë die feit dat die universitêre taal Latyn was het dit egter nie sy akademiese werksaamhede gestrem nie. In 1579 lê hy sy professoraat neer en keer terug na sy vroeëre gemeente te Rouaan. In 1613 is hy aldaar in hoë ouderdom oorlede.

2 Die sinode self

Die sinode het as eerste taak gehad die hersiening en vir so ver nodig, die nadere bepaling van die werk van die sinode van Emden 1571 en ook van die provinsiale sinode van Dordrecht 1574.

Uit die bepalings van die kerkorde word dit duidelik dat die sinode besef het dat daar 'n nuwe situasie ontstaan het waaraan deeglik aandag gegee moes word.

So word aan die Waalse kerke 'n eie en selfstandige posisie binne die geheel van die kerklike struktuur gegee, sodat die Waalse gemeentes 'n eie provinsiale sinode sal vorm.

'n Verdere saak waaraan aandag gegee is, is die feit dat die kerk as 'n geheel in die openbare lewe as 'n selfstandige liggaam na vore tree. Daarom word in art 17 bepaal dat op kerklike vergaderings slegs gehandel sal word "van Kerckelicken

dinghen ende dat na wyse der Kercken regieringhe". Daarmee wil die sinode enersyds die onafhanklikheid en selfstandigheid van die kerk beklemtoon en andersyds dit óók weer stel dat die kerk 'n eie taak het, naamlik die verkondiging van die evangelie. Dáárdie taak mag nie op kerklike vergaderings belemmer word deurdat aandag gegee sal word aan allerlei aangeleenthede wat vir die kerk 'n bysaak is nie.

Ook op verdere punte ten opsigte van die huweliksreg, die selfstandige diakonale sorg van die kerk, is die onafhanklikheid van die kerk beklemtoon.

3 Die inhoud van die kerkorde

Die kerkorde van Dordrecht, 1578, word in ses verskillende hoofstukke verdeel in 'n poging om 'n vaste orde vir die kerkordelike reëlings te vind. Hierdie Dordtse ordening vind egter geen navolging nie. Tog word deur die ordening aangedui hoe die rangorde van belangrikheid van die verskillende beginsels beoordeel is.

Hoofstuk 1 van die kerkorde, art 1–15, handel allereers oor *die ampte*. Dit is ook vanselfsprekend, want die amp word beskou as die één groot pilaar waarop die hele presbiteriaal-sinodale kerkordening rus. Onder dié ampte word die hoofnadruk weer op die amp van die evangeliedienaar gelê. Die belangrike beginsels wat hier geformuleer word is die volgende:

(a) Niemand sal tot die amp toegelaat word nie wat nie die leer van die kerk onderhou nie en almal wat toegelaat word, moet éérs op hierdie punt deeglik beproef word (art 1–2). Soveel vertroue word in die eie opleiding gestel en in die opleiding van universiteite wat as "bekwaam" beoordeel word, dat daardie proponente nie van nuuts af aan ten opsigte van die leer geëksamineer hoef te word nie (art 4).

(b) Interessant is dat die handoplegging by die bevestiging van predikante hier nog gelykgestel word met "het geven der rechterhand der gemeenschap" (art 5). Hieruit kan dus afgelei word dat die handoplegging nié as 'n éénmalige gebeure gesien word nie, maar telkens met die bevestiging gebruik kan word "waar het met stichting geschieden kan" (art 5). By die sinode van Middelburg 1581 word dit egter so gereël dat die handoplegging slegs sal plaasvind by die éérste bevestiging in die amp. Daarna sal die predikant met "het geven der rechterhand der gemeenschap" ontvang word.

(c) 'n Belangrike beginsel is dat niemand in die amp van predikant bevestig mag word wat nié aan 'n vaste werkkring verbonde is nie. 'n Bevestiging net ter wille van die bevestiging om in die amp te kan intree, word uitgesluit (art 6).

(d) Die amp van dienaar van die Woord word as *'n lewenslange diens* beskou en verder "zo is het niet geoorloofd dat zij zich tot een andere staat des levens begeven" (art 7).[6]

(e) Die min of meer geykte lys van "domineessondes" kom ook weer in art 10 voor.

(f) Artikels 12–15 handel oor die ampte van die ouderling en diaken. Soos reeds ten opsigte van die ouderling aangedui is, was één van die redes waarom die ouderling nie langer as twee jaar sal dien nie, die bedoeling om dáármee die

opkoms van 'n Protestantse *clerus* by die wortel af te sny. By die *Partikuliere Vragen* wat by hierdie sinode behandel is, is ook die vraag gestel of die ouderling na sy twee-jaar dienstermyn *herkies kan word.* Dan stel hierdie sinode vas dat die twee-jaar termyn slegs daar is sodat die ouderling op 'n gesette tyd van die "las van sy diens" verlig kan word. Uit hierdie argument kan dus afgelei word dat die *herhaalde herkiesing* van die ouderling nie direk in stryd met die prinsipiële twee-jaar termyn geag moet word nie. Tog bly die voortdurende herkiesing van ouderlinge, soos dit in ons kerk in sommige gevalle gebruiklik is, in die lig van die eerste argument nog 'n problematiese aangeleentheid.

Opmerklik is dat hier by die toelating tot die amp van dienaar van die Woord geoordeel word dat ten opsigte van die leer van die proponent die ouderlinge op die klassikale vergadering géén stemreg het nie, maar slegs 'n adviserende stem. Hier het ons met 'n ouer gebruik te make wat opgehef is deur die opdrag soos vervat in die formulier vir die bevestiging van ouderlinge. Dié formulier is eers met die nasionale sinode van Den Haag 1586 opgestel en goedgekeur en dáár kry die ouderling dan 'n *spesifieke opdrag* om opsig oor die leer van die predikant uit te oefen.

Die verkiesing tot die amp vir '*n bepaalde termyn*, soos dit by die ouderling voorkom, is ook nie so vreemd nie omdat selfs ten opsigte van die predikant dit indertyd moontlik geag is om hom slegs vir 'n *bepaalde termyn* na 'n gemeente te beroep.[7]

Hoofstuk 2 van die kerkorde handel oor die *vergaderings van die ampte* (art 16–33). Naas die amp is dié vergadering die tweede hoofpilaar waarop die presbiteriaal-sinodale sisteem gebou is. 'n Viertal vergaderings word nou vasgestel, art 16, en hulle is:

(i) Die kerkraadsvergadering in elke gemeente.
(ii) Die klassikale vergadering, 'n saamtrek van die ampte uit 'n paar kerkraadsvergaderings.
(iii) Die partikuliere of provinsiale sinode, die samekoms van die amp uit die klassikale vergaderings in 'n bepaalde provinsie.
(iv) Die algemene, nasionale of generale sinode, die samekoms van die amp uit die provinsiale sinodes.

Die beginsel word dan verder vasgestel dat hierdie vergaderings *slegs kérklike aangeleenthede* sal behandel "naar de wijze der kerkregering" (art 17). Hiermee word die onafhanklikheid van die owerheid en die eie-soortigheid van die regeerliggame van die kerk duidelik onderstreep.

Die tweede beginsel wat hier gestel word, is dat slegs aangeleenthede by die meerdere vergaderings gestel sal word wat deur die mindere vergaderings nié afgehandel kon word nie óf wat van dusdanige gemeenskaplike belang is dat dit op die meerdere vergadering tuishoort (art 18). Dit is belangrik om daarop te let dat hier nog nie 'n taak-omskrywing vir die verskillende vergaderings is nie. Dit beteken dat die kerkraadsvergadering nog nie beperk word nie, maar dat juis

van die kerkraadsvergadering verwag word om op alle terreine selfstandig en verantwoordelik op te tree. Die uitsondering is slegs dié aangeleenthede van gemeenskaplike belang waar nié eie-sinnig opgetree sal word nie. Hier word dus onmiddellik duidelik dat die kerkraadsvergadering as 'n besonder belangrike en verantwoordelike vergadering beoordeel word.

Ten opsigte van die klassikale vergadering word nou bepaal dat één dienaar van die Woord en één ouderling uit elke kerkraad in die klassis sitting en stemreg sal hê. Dit is merkwaardig hoe, van die begin af, gewaak is teen die ontstaan van lomp en onhandig-groot vergaderings.

Die partikuliere sinodes wat weer uit die klassikale vergaderings in sy ressort gevorm sal word (art 34), word van lede voorsien deurdat elke klassis twee predikante en twee ouderlinge na dié vergadering stuur. Die partikuliere of provinsiale sinode moet dan in die besonder aandag gee aan *die leer, die kerkorde* en *partikuliere sake of vrae*, laasgenoemde kom min of meer ooreen met ons "beskrywingspunte" (art 37). Na afloop van die sinode is daar *geen kontinueringsliggaam* nie. Die rede hiervoor is tweeledig. Enersyds omdat geoordeel is dat die kerkraadsvergaderings die besluite van die sinode moet uitvoer en andersyds omdat die sinode jaarliks gesit het. Terselfdertyd sou 'n liggaam wat die sinode kontinueer wat self nié die sinode is nie, juis indruis téén die grondliggende gedagte van hierdie sisteem van vergaderings, naamlik dat almal medeverantwoordelik is vir die besluite en almal geroepe is om hierdie besluite uit te voer. Die ontbreking van 'n kontinueringsliggaam het natuurlik vereis dat die kerklike dissipline en verantwoordelikheid op 'n hoë peil gehou moes word. Die hoë frekwensie waarmee die klassikale vergaderings byeengekom het, hang ook saam met hierdie sisteem aangesien die klassikale vergadering die belangrike opsigliggaam ten opsigte van die kerkraadsvergadering was.

Artikel 46 bepaal dat die Nederlandssprekende en Franssprekende gemeentes (die sg Waalse gemeentes) elk sy eie kerkrade, klassikale vergaderings en provinsiale sinodes sal hê. Hier dien daarop gelet te word dat *die faktor van taal* belangrik genoeg geag is om die bestaande kerk *organisatories* te verdeel. Oorkoepelend is die nasionale sinode wat alleenseggenskap gegee word ten opsigte van die vasstelling van die kerklike seremonies, die kerklike orde of regering en "andere zware zaken in deze Synode besloten". Hier vind ons dus 'n duplisering van organisasie in één kerk en dit alleen ter wille van die taal. Nêrens word dit as "sondige verdeeldheid" beoordeel nie.

Hoofstuk 3 handel oor *die skole* en word dit duidelik dat die kerk van meet af belang in *die Christelike opvoeding* van die kind gehad het. Daarom word ook gestel dat op die skole kategetiese onderrig gegee moet word (art 47).

Teologiese professore aan die universiteite moes predikante *gewees het* en moet die belydenisskrifte, by die aanvaarding van die professoraat, onderteken (art 50–51). Die vergadering van professore sal op die klassikale en sinodale vergadering binne wie se ressort hulle val, sitting hê, maar slegs één professor sal namens sy kollegas die stemreg hê. Dit hang natuurlik saam met die hele beginsel van propor-

sionele verteenwoordiging wat deel van die orde is. Hierdie toevoeging in die kerkorde ten opsigte van die professore in die teologie het nou noodsaaklik geword, want in 1575 het die teologiese fakulteit aan die universiteit te Leiden met sy werksaamhede begin. Dit is opvallend dat van die begin af daar 'n hapering was ten opsigte van die posisie van die professore in die kerk, omdat die situasie so verloop het dat die kerk self weinig of geen kontrole oor die aanstelling van die professore gehad het nie en hulle dus nie kerklik kon dissiplineer nie. Die professore self het ook die kerklike bemoeienis met hulle werk afgewys en hulle self alleen verantwoording skuldig geag aan die burgerlike owerhede wat hulle aangestel het.

Hoofstuk 4 handel oor *die leer, die sakramente en die seremonies*. Hier word reeds in art 62 vasgestel dat die *doopformulier* by die doop gebruik *moet* word en dat die predikante nie elk hulle eie verklaring moet gee nie.[8] Interessant is dit om in art 63 te verneem dat die Roomse naamgewingspraktyk wat name wat aan God of Christus eie is, aan die kinders gegee het, hier duidelik verbied word.

Ten opsigte van die nagmaalsviering word 'n voorbereidingsdiens noodsaaklik geag (art 68) en nou word die moontlikheid oopgelaat dat die gemeente die brood en wyn *sittende* kan ontvang (art 69).

Ten opsigte van *die Christelike feesdae* word aparte, deur die owerheid bepaalde *vakansiedae* afgewys. Tog word daar bepaal dat daar op dié dae gepreek moet word sodat "de gemeente leren zullen de onnutte en schadelijke lediggang in een heilige en profijtelijke oefening (te) veranderen." Die kerkrade kry dan ook opdrag om by die owerhede vir die afskaffing van die vakansiedae te vra. By die sinode van Middelburg, 1581, (art 50) word die kerkrade andermaal gevra om by die owerhede daarop aan te dring dat alle feesdae, uitgesonder Sondag, Kersdag en Hemelvaartsdag – lg twee kán op weeksdae val – afgeskaf moet word. Hier word, net soos te Dordrecht 1574, erns gemaak met die bepaling van die sabbatsgebod dat die mens ses dae moet arbei en al sy werk doen. Terselfdertyd moet hierdie versoeke aan die owerheid ook gesien word as 'n poging om die herlewing van die Roomse heilige dae teen te gaan.

Hoofstuk 5 handel uitvoerig oor die *huwelik*. Hierdie hoofstuk kom nog eenmaal, en dan verkort, in die kerkorde van Middelburg 1581 voor, maar dan nie meer nie. Dan het die owerheidsbepaling ten opsigte van die huwelik in werking getree en hoef die kerk nie meer dié aangeleenthede te reël nie.

Hieruit word dit duidelik dat die Staten-Generaal baie versigtig antwoord om nie die spanninge wat destyds op bepaalde punte tussen die kerklike en wêreldlike leiers bestaan het, verder te verhoog nie. Daarom het die owerheid slegs besluit om kennis te neem van die sinode se sitting. Die nasionale sinode is dan ook allerweë as 'n wettige sinode erken en hoewel die kommissarisse-politiek nie teenwoordig was nie, is dit nié as 'n belemmering gesien nie.

2 Die samestelling van die sinode

Op 29 Mei 1581 is die nasionale sinode plegtig te Middelburg geopen. As voorsitter het *Arnoldus Cornelius*, predikant te Delft, en as assessor *Ysbrandus Balkusi* van Antwerpen opgetree. Die skriba was *Michael Pannelius* van Middelburg. Die sinode is deur 48 lede gevorm waarvan 29 dienaars van die Woord en 19 ouderlinge was. Hulle was verteenwoordigers van die amp uit die provinsiale sinodes van Brabant, Vlaandere, Zeeland, Holland, Friesland, Overijssel, Gelderland en Utrecht. Dan was daar ook verteenwoordigers van die Waalse kerke in Nederland en Engeland en die Nederlandssprekende gemeentes in Engeland, asook ds J Badius wat uit Keulen gekom het. Die Nederlandse vlugtelinggemeente in Frankenthal in die Paltz het nie 'n verteenwoordiger gestuur nie. Die feit dat die Nederlandse vlugtelinggemeente te Keulen wél 'n afgevaardigde gestuur het, wys daarop dat daar 'n aansienlike aantal Nederlandssprekendes in die belangrike handelstad was.

Hierdie sinode wat 'n baie breër verteenwoordiging as die Dordtse sinode van 1578 gehad het, toon ook hoe die Calvinisme geleidelik in Nederland veld gewen het. Na afloop van die sinode was daar nogal kritiek op die besluite en is aangevoer dat die sinode te veel mag vir homself opgeëis het. In 'n antwoord het Arnoldus Cornelius die werksaamhede van die sinode só saamgevat:[3]

> ". . . (die sinodelede) . . . begheeren (niks anders), dan het kerckelycke regiment, ghelyck het Geestelyck is, oock gheheel ende onverdeylt by de Herders ende Opsienders der Kercke blyven, ende dat den Politische mannen, ja dengenen die genoegh Professie doen, dat se niet syn van de Gereformeerde Religie, tot een onbehoorlycke jurisdictie en de meesterschap over de Kercke geen wech ghebarent werde, 't welcke wy even soo weynich als de Paepsche tyrannie aennemen souden konnen; ende liever wederomme in 't heymelyck verkruypen, om met vryer conscientie te genieten 't gene den Wederdooperen selve in hare valse Religie niet gheweyghert werdt."

Hieruit blyk al iets van die spanninge wat aan die ontwikkel was tussen die suiwer Calvinistiese predikante en kerklike vergaderings aan die een kant, en die meer "rekkelijke" owerheidspersone wat nie die Calvinistiese samelewingspatroon en opvattings oor die verhouding van kerk en owerheid aanvaar het nie. Hierdie spanning én die pogings van die kant van sommige owerhede om die kerklike vryheid te beperk, het stewige botsings tot gevolg gehad.

Soos tydens die Dordtse sinode van 1578 is hier óók 'n kerkorde ontwerp en die partikuliere vrae (of beskrywingspunte, soos ons dit sou noem) beantwoord. Aangesien die kerkorde nie besonderlik van die 1578-kerkorde verskil nie, word die teks nie hier opgeneem nie.[4]

3 Die inhoud van die kerkorde

In hierdie kerkorde word die doel van die kerklike ordening duidelik in die eerste artikel uiteengesit. Daar word dan gestel:[5]

> "Om goede orde inder Ghemeijnte Christi te onderhouden, zijn daer inne noodich, de Diensten, Tsamencoemsten, Opsicht der Leere, Sacramenten ende

ceremoniën, ende Christelijcke straffe: waer van hier na ordentlick ghehandelt sal werden."

Hier word dan ook die vier hoofpilare, om dit so te noem, van die presbiteriaal-sinodale kerklike orde genoem, naamlik die reëlings in verband met *die dienste*, of wel die ampte én hulle dienswerk; *die vergaderings van die ampte* of wel die regering van die kerk; *die seremonies* of die reëlings vir die orde van die godsdiens-oefening en die gebruik van die sakramente en ten slotte die *Christelike straf* of wel die handhawing van die opsig, tug en kerklike dissipline. Rondom hierdie vier sentrale temas word die kerkorde gebou en die kerkordelike beginsels neergelê. Die uitleg van hierdie beginsels en die drakrag daarvan in die kerklike lewe word in die partikuliere vrae uitgewerk en ook verder aan die provinsiale sinodes oorgelaat. *In plaas dus van 'n volledig uitgewerkte kerklike wetboek wat vir alle moontlike voorkomende situasies en probleme antwoorde gee, word hier slegs die rigtinggewende beginsels neergelê.* Hierdie beleid wat so deur Johannes Calvyn vasgelê is, bring mee dat die notules van die verskillende regeervergaderings belangrik is omdat daar die toepassing van hierdie reëls gevind word. Geleidelik, vanaf die Emdense sinode, is daar 'n vaste patroon van kerklike handeling deur die verskillende vergaderings van die ampte geskep. Daarom is daar betreklik min verskille tussen die kerkordelike reëlings van die Emdense sinode van 1571 en die Dordtse sinode van 1619, as laasgenoemde as die einde van 'n bepaalde kerkregtelike ontwikkeling aanvaar word. Enkele momente uit hierdie Middelburgse kerkorde kan net kortliks bespreek word.

(a) *Die dienste*

Die eerste hoofstuk handel oor *die dienste* (Latyn: de functionibus). Met hierdie aanduiding word natuurlik dadelik beklemtoon dat die amp wesenlik 'n *dienswerk* is en nie, soos in die Roomse kerk 'n vername posisie nie. Hier word dan, in die voetspoor van Calvyn, vier ampte onderskei. Die bykomende amp is dié van *doktor* (art 2). Hier word dan ook 'n uiteensetting van die inhoud en omvang van dié amp gegee en dit is wesenlik om die Heilige Skrif uit te lê en om die suiwere leer teen die ketterye te verdedig (art 13). Die indruk word geskep dat die sinode hier ook ten opsigte van die algemene onderwys 'n reëling probeer tref, want in art 12 word bepaal dat die professore en onderwysers nie alleen die algemene onderwys gee nie, maar ook die teologie en kategismus moet onderrig. Daarom word die ondertekening van die geloofsbelydenis ook van die professore in die teologie en die skoolmeesters verwag (art 37) en as wenslik beskou vir die ander professore aan die universiteit wat nie aan die teologiese fakulteit verbonde is nie.

Ten opsigte van die predikantsamp word naas die reëlings wat in 1578 te Dordrecht geformuleer is, die inhoud van dié amp ook omskrywe as synde: ". . . in de gebeden en dienst des Woords aan te houden, de sacramenten uit te richten, en ten laatste met de ouderlingen de kerkelijke discipline te oefenen, en te bezorgen, dat alles eerlijk en met orde geschiede." (art 8). Hier word *die konstituerende elemente* van die dienswerk van die predikant netjies raakgevat. Indien

hierdie inhoud nié *primêr* in die dienswerk van die ampsdraer voorkom of beoefen word nie, dan moet geoordeel word dat dit 'n ander lewenstaat is as dié van dienaar van die Woord.

Hier word ook verder reëlings getref vir *die emeritaat* van predikante en word gestel dat hy wat weens ouderdom of siekte nie meer sy amp kan volvoer nie, sodanig versorg moet word dat hy die res van sy lewe "eerlijk en bekwamelijk doorkome moge". Den Haag 1586 en Dordrecht 1619 bepaal verder dat die predikant wat emeritaat ontvang "desniettemin de ere en de naam eens dienaars behouden". Met ander woorde die emeritaat is nié die oorgaan na 'n ander lewenstaat nie, maar is die vrystelling van die ampswerk weens siekte of ouderdom, dit wil sê 'n sodanige afname van liggaamskragte dat die predikant *ook niks anders meer kan doen nie*. Daarom volg dan die opdrag dat sodanige predikante "eerlijk in hun nooddruft verzorgd worden". Ten opsigte *van die toelating tot die amp* word daar nou ook reëlings getref.

Aanvanklik was die verkryging van predikante 'n enorme probleem. Kwalitatief was die opleiding van diégene wat hulle vir die amp van evangeliedienaar aangemeld het, uiteenlopend. Daarom was daar ook 'n dubbele toelatingseksamen. Eers is die *praeparatoir* eksamen deur die klassis afgeneem wat die proponent preekvergunning verleen en hom beroepbaar gestel het. Na die aanvaarding van die beroep het die klassis, waarbinne die roepende gemeente val, die *peremptoir* eksamen afgeneem. Eers na aflegging van dié eksamen kon die proponent bevestig word. Die kwaliteit van die opleiding van predikante is eintlik eers gewaarborg met die oprigting van die teologiese fakulteite aan die universiteite te Leiden en Franeker. Die feit dat die kerk self geen kontrole oor dié opleiding gehad het nie, het hom in later tyd gewreek.

Hier word nog onder die *Partikuliere Vragen* (art 3), gestel dat dit nie nodig is dat diégene wat te Leiden gestudeer het, wéér deur die klassis ondersoek hoef te word nie. Tog het die sisteem van die dubbele ondersoek deur die klassikale vergaderings in swang gebly.

Ten opsigte van *die benoeming van ouderlinge en diakens* bepaal Middelburg dat dit deur die kerkraad (dws die predikante en ouderlinge) én die diakens gedoen sal word. Elke kerkraad kan dan self vasstel of hy sy benoemdes aan die gemeente vir goedkeuring wil voorlê of dat hy 'n dubbele getal ouderlinge en diakens sal nomineer waaruit die gemeente dan die helfte moet kies (art 15 en 17). Opvallend is dit dat die sinode oordeel dat dit nié nodig is dat die owerhede die ouderlinge en diakens moet goedkeur voordat hulle in hulle amp bevestig word nie.

Hierdie afwysing van enige owerheidsgoedkeuring ten opsigte van ouderlinge en diakens het saamgehang met 'n skerp stryd ,wat in Leiden ontstaan het in die jaar 1579. In April van daardie jaar het die kerkraad van Leiden die stadsowerheid gevra of dit nie moontlik sou wees nie om drie van die twaalf ouderlinge 'n vaste toelae te gee sodat hulle in die diens kon bly en so die predikant beter kan bystaan.

Die stadsowerheid het dié voorstel nie alleen aangeneem nie, maar ook vasgestel dat in vervolg die kerkraad 'n dubbele getal ouderlinge en diakens aan die

magistraat moes voorlê. Dié stadsowerheid sou dan die helfte daarvan kies en aanstel. Terselfdertyd sou dan twee lede van die raad, wat ook lidmate van die kerk is, benoem word wat dan, namens die owerheid die kerkraadsvergaderings sou lei en daaroor opsig hou.

Die een predikant, Caspar Coolhaes wat nié 'n oortuigde Calvinis was nie, was volkome bereid om dié reëling te aanvaar. Die ander predikant, Pieter Cornelisz, het saam met die kerkraad onmiddellik daarteen geprotesteer omdat dié reëling die vryheid van die kerk sou aantas.

Die stadsowerheid het sy planne, ondanks die proteste deurgedruk. Die kerkraadslede wat nié volgens die besluite van die stadsowerheid wou diens doen nie, is summier ontslaan en ander in hulle plekke aangestel. Terselfdertyd is 'n derde predikant deur die stadsowerheid benoem.

Die afgesette kerkraad het hulle egter tot die prins van Oranje, die stadhouer, gewend. Die prins het langs verskillende weë probeer om die stadsowerheid te oortuig dat hy sy optrede moet kanselleer maar sonder sukses. Die stadsowerheid, tesame met die nuwe kerkraad, het selfs ds Cornelisz uit sy amp ontslaan.

Daarop het die staten van die provinsie Holland ingegryp om die verskil te ondersoek. Uiteindelik na lang vergaderings en skerp verskille het die staten beslis dat sowel Coolhaes as Cornelisz uit hulle amp ontset is én dat die stadsowerheid van Leiden sy proklamasie oor die verkiesing en afsetting van predikante, ouderlinge en diakens moet terugtrek omdat dit owerheidsinmenging in suiwer interne kerklike sake was.

Coolhaes en die stadsowerheid van Leiden het egter geen gehoor gegee nie en 'n langdurige twis, met 'n hele reeks strydskrifte wat verskyn het, het al meer beroering veroorsaak. Die prins en die staten van Holland het uiteindelik die twis besweer. Die belangrikste ooreenkoms was dat die verkiesing van ampsdraers wéér 'n interne, kerklike aangeleentheid sou wees soos vóór die twis en dat daar wel lede van die stadsowerheid kerkraadsvergaderings kan bywoon maar dan sonder stemreg en sonder reg om by dié vergaderings voor te sit. Danksy die hulp van die stadhouder en die staten van Holland is hierdie stryd ten gunste van die kerk beslis. Dit toon egter dat daar in Leiden en meerdere ander plekke nie altyd so 'n goeie verhouding tussen die kerk en die owerhede bestaan het nie. In baie gevalle was die burgerlike owerhede bang dat die kerk en sy vergaderings te veel gesag sou kry en daarom wou hulle al te graag seggenskap in die kerk en sy regerende vergaderings verkry.

Oor die diakensamp is ook gehandel. Onder die partikuliere vragen, art 12, word andermaal gehandel oor die vraag of die diaken in gemeentes waar daar min ouderlinge is, tot die kerkraad toegelaat moet word. Die antwoord is bevestigend en dan word bygevoeg: ". . . zo zij beide het ambt des ouderlingschaps en diakenschaps bedienen." Hier word dus ten opsigte van die kerkraadsvergaderings die vroeëre duidelike en presiese apart hou van dié twee ampte verslap en ook in beginsel gestel dat dit *dieselfde amp* is wat egter verskillende funksies het. Tog

het dit ten opsigte van die meerdere vergaderings nié beteken dat die diaken nou daar toegelaat is nie.

(b) *Die vergaderings van die ampte*

Die tweede hoofstuk handel oor die kerklike vergaderings en nou word die beginsel gestel dat alle vergaderings met gebed geopen en met danksegging gesluit sal word. Dit is 'n prinsipiële standpunt wat beklemtoon dat in en deur die vergadering van die ampte dit in laaste instansie Jesus Christus, die Hoof en Heer van sy gemeente is wat sélf regeer. Hierdie reëling ten opsigte van die open en sluit van die kerklike vergaderings het natuurlik al vanaf Emden 1571 gegeld, maar daar was dit nog afsonderlik ten opsigte van elke kerklike vergadering gereël. Nou word dit 'n omvattende artikel wat alle kerklike vergaderings geld. As sodanig word dit net so in al die opvolgende kerkordes aangetref.

Ten opsigte van die voorsitterskap van die klassikale vergadering, word bepaal dat die voorsitterskap of om die beurt deur die verskillende predikantlede van die klassis behartig moet word, of deur 'n verkose predikant. Maar niemand mag twee maal na mekaar as voorsitter dien nie (art 30). Hierdie bepaling word juis so gemaak om die moontlike vorming van 'n hiërargie in die kerk te vermy sodat dit vermy kan word dat *mense* oor die kerk van Christus sal regeer. Interessant is ook dat vasgestel word dat die preek, waarmee die klassikale vergadering geopen word, in die vergadering bespreek moet word en indien nodig, moet daar ook korreksies aangebring word.

In die Partikuliere Vrae, art 64, word die vraag gestel of dit nie wenslik is om "inspectores of superintendentes" aan te stel om opsig en toesig te hou nie. Die antwoord is dat dit *onnodig en zorgelijk* is. Dit sou uiteraard aanleiding kan gee tot 'n hiërargiese opvatting. Met Dordrecht 1586 word egter wél visitatore aangestel, maar dié is wel iets anders as die inspectores waar hier van sprake is. By Middelburg word die opsigtaak weer met nadruk opgedra aan die klassis en die provinsiale sinode.

Ten opsigte van die provinsiale sinode bepaal art 24–25 dat die sinode *jaarliks* byeen sal kom, terwyl die nasionale sinode elke drie jaar sal vergader. Die klassikale vergadering moet nou, volgens hierdie bepaling, vier maal per jaar byeenkom.

Dit is interessant om daarop te let dat daar 'n sorgvuldige sisteem van *trapsgewyse verteenwoordiging* vir die meerdere vergaderings vasgestel word. Die kerkraadsvergadering stuur twee ouderlinge en twee predikante na die klassis. Die klassis dieselfde getal na die provinsiale sinode en die provinsiale sinode so ook na die nasionale sinode. Sodoende is sorg gedra dat die verskillende vergaderings van die ampte *vergaderings* sal bly en nie in 'n soort kerklike kongres sal verwater nie. Die anti-hiërargiese beginsel van Emden word herhaal in art 68 en dit word beklemtoon deur die gebruik *dat ampsdraers wat nié formele afgevaardigdes was nie, wel 'n spreekreg op die meerdere vergaderings gehad het maar nie stemreg nie.*

(c) *Die seremonies*

Die derde hoofstuk handel oor die leer, sakramente en seremonies. Die reëlings

ten opsigte van die boekesensuur, doop en nagmaal word nié gewysig nie. Aandgebede, dit wil sê byeenkomste op weeksaande word nié aangemoedig nie, terwyl "lijkpredicaties" afgewys word (art 48) waarskynlik vanweë die Roomse bygelowighede wat nog oorgebly het en om te verhoed dat die prediking van die kerk 'n aksent van mensverheerliking sou kry. Wat die gemeentelike sang betref, word slegs die sing van die berymde Psalms as toelaatbaar beskou.

Ten opsigte van die nagmaal kom onder die Partikuliere Vrae 'n aantal interessante aanwysings voor. Hier word daarop gewys slegs om aan te toon hoe oud sommige van die nagmaalsgebruike in die kerk reeds is.

Hier word onder andere vasgestel dat *'n afsonderlike preek*, bo en behalwe die lees van die nagmaalsformulier, wel nuttig kan wees indien die teksgedeelte wat behandel moet word daarvoor bruikbaar is (art 27). Dit hang natuurlik saam met die opdrag aan die predikante dat ". . . niet hier en daar een stuk, maar een geheel boek des OT of NT uitgelegd worde . . ." (art 20). Die prediking by die nagmaalsviering is hier nog aan die oordeel van die predikant self oorgelaat. Die kerkorde van Den Haag 1586, bepaal egter uitdruklik in art 55 dat met die nagmaalsdiens éérs gepreek sal word waarna die formulier by die tafel gelees sal word.

Dit is verder ook nog nie uitgemaak of die nagmaal "staande, sittende of gaande" (art 29) gebruik sal word nie, want dit word nog oopgelaat. Uitdruklik word egter bepaal dat dit nié knielende ontvang mag word nie omdat dit aanleiding tot bygeloof kan gee. Verder word bepaal dat die nagmaal elke twee maande gevier sal word (art 32). Huweliksbevestigings op die nagmaalsondag of naweek word verbied (art 37). Verder word ten opsigte van die nagmaal uitdruklik bepaal dat dit alleen in die godsdiensoefening uitgedeel mag word en dan alleen op dié plek waar die gemeente gewoond is om byeen te kom. Elke vorm van nagmaalsbediening aan siekes by hulle huise of in hospitale as 'n soort verlengstuk van die nagmaalsdiens van die gemeente in die kerkgebou, word afgewys met hierdie bepaling.

(d) *Die tug*

Die vierde hoofstuk handel oor die huwelik en die vyfde oor die sensuur en kerklike vermaning. Laasgenoemde bepalings is tot in 'n baie groot mate 'n herhaling van wat die vorige nasionale sinode reeds in hierdie verband vasgestel het. 'n Nuwe beginsel wat na vore kom, word in art 64 geformuleer waar bepaal word dat waar 'n predikant 'n openbare, growwe sonde bedryf, hy terstond van sy diens gesuspendeer sal word totdat die klassis die aangeleentheid kan beoordeel. Die suspendering geskied dus vanweë die kerkraad en daar word hier geen melding gemaak van 'n klaer of 'n klag nie. Dit wil dus voorkom asof die kerkraad self, sonder 'n klag, die predikant ten opsigte van sy dienswerk kan suspendeer.

Dit is opmerklik dat hierdie sinode, wanneer oor die kerklike vermaning en straf gehandel word, die opmerking weglaat dat Christus dit ingestel het, vgl Dordt 1578, art 92. Hiermee word afgesien van die neiging om elke reëling skriftuurlik te regverdig. *Dit het duidelik geword dat nie elke kerkordelike reëling met 'n letter van die Skrif gedek kan word nie.* Daarom word by art 62 ook vasgestel

dat die ban of afsnyding sal plaasvind "volgende de forme bij de gemeente aangenomen". Hieruit blyk dat daar dan nog nie 'n formulier vir hierdie saak bestaan nie en óók nie 'n formulier vir die heropname nie.

4 Aanvaarding deur die owerheid

Die kerkorde van Middelburg is, na die opstel daarvan, voorgelê aan die verskillende provinsiale staten met die versoek dat dit "doorsocht ende, oprecht bevonden, ghesanctioneerd ende bevesticht soude werden." Die verlangde bekragtiging het egter nié gevolg nie sodat die Middelburgse kerkorde nié 'n algemeen aanvaarde kerkorde was nie.[5] Tog het dit in die kerk self wel duidelike riglyne vir die orde en lewe van die kerk getrek.

AANTEKENINGE

1 Vgl E Conring, *Kirche und Staat nach der Lehre der Niederländischen Calvinisten in der ersten Hälfte des 17. Jahrhunderts*, Neukirchen 1965. S1. 29. Sien ook voetnoot 29 op dié bladsy.
2 C Hooijer, *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten 1563–1638*, Zaltbommel 1865, p 183.
3 C Hooijer, *a.w.*, p 197.
4 Die teks van die Middelburgse kerkorde kan gevind word by C Hooijer, *a.w.*, p 201 verv en ook by F L Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*, Den Haag 1889, p 356 verv.
5 C Hooijer, *a.w.*, p 200.

HOOFSTUK 11

Kerkelijke wetten deur die staten van Holland ontwerp 1583

1 Inleidend

Die provinsiale staten van Holland wat gekant was teen die gedagte dat die kerk homself, na die eis van die Woord van God regeer, het nie kans gesien om die kerkorde, soos dit deur die nasionale sinode van Middelburg ontwerp is, goed te keur nie. Daarom het die staten andermaal getrag om self 'n kerkorde op te stel waarin die visie van die owerheid volledig na vore sou kom. Die groot vrees wat die staten gehad het, was dat die kerk, indien die kerk selfstandig en onafhanklik van die owerheid sou wees, hom met politieke aangeleenthede sou bemoei. Daarom het die staten ook vasgestel dat géén sinodale besluit bindende krag sou hê sonder die goedkeuring daarvan deur die owerheid nie. Die algemene gesindheid van die staten én die stede was dat die staatsgesag in die kerk gehandhaaf moes word en volgens die staten sou dit die beste tot sy reg kom wanneer die staten sélf 'n eie kerkorde sou ontwerp.[1]

Die staten van Holland en Zeeland het daarop 'n kommissie benoem om 'n kerklike orde op te stel wat in 1583 gereed gekom het. Dié orde is ook op verskillende provinsiale sinodes behandel en daar nie goed ontvang nie. Dié kerklike verset het meegebring dat dié saak nie juis verder gevoer is nie en hierdie owerheidsreëling het nooit enige formele goedkeuring òf van die owerheid òf van die kerk ontvang nie.

In hierdie kerklike ordening word baie méér vasgehou aan die Middelburgse orde en is die staatsregtelike aspek wat in die *kerkelijke wetten* van 1876 so sterk op die voorgrond gestaan het, baie verswak en getemper.

2 Die inhoud van die kerkelijke wetten

Die *kerkelijke wetten* begin om te handel oor die amp van die predikant. Die verkiesing en aanstelling van die predikant in die stede word geheel in die hande van die stadsowerheid geplaas hoewel die diensdoende predikante 'n adviserende rol daarby speel. Na die beroep sal die betrokke beroepe predikant deur die klassikale vergadering ondersoek word na sy leer en lewenswandel. Voordat die predikant aangestel kan word, moet hy eers 'n eed aflê (art 4–7) waarvolgens hy–

> belowe om vas te hou aan die suiwere leer tot opbouing van die gemeente;
> dat hy die kerklike orde sal handhaaf;
> dat hy sy werk só sal doen dat die gemeente daardeur opgebou word en dat hy 't sij dienst nyet en sal verlaeten, soo in tijde van tegenspoet, als voorspoed, isjn dan om peys, oorloghe, peste often andersins;"
> dat hy altyd die stadsowerheid gehoorsaam sal wees.

Opvallend is dat art 8 bepaal dat die predikant *lewenslank* aan sy gemeente verbonde sal bly en alléén met instemming van diégene wat hom beroep het, die gemeentelike diens kan verlaat. Die artikel lui soos volg:

"Een Dyenaar zulcx als vooren beroupen sijnde sal sijn leven lanck aan de Kercke verbonden blijven, sonder dat hij sijnen dienst ende sijn gemeente sal mogen verlaeten, nochte enyge ander beroepinge des levens aanvaerden, anders dan met bewillinge ende consent van de gheenen die hem sulcx als vooren beroupen hebben."

Hier word dus nie alleen die lewenslange verbondenheid aan die dienswerk van dienaar van die Woord beklemtoon nie, maar óók die verbondenheid aan die gemeente. Die verbondenheid aan die gemeente kan dus, volgens hierdie voorgestelde reëling nie éénsydig deur die predikant alleen opgesê word nie.

Dán word 'n reëling in die vooruitsig gestel dat jaarliks 36 studente "op 's Lands kosten" teologie aan die Leidse Universiteit sal mag studeer.

Vervolgens word reëlings getref dat ouderlinge en diakens, vir 'n termyn van twee jaar aangestel sal word deur dieselfde owerheidskommissie wat predikante beroep. Ook hierdie ampsdraers moet 'n eed aflê waarin trou aan die kerklike leer en gehoorsaamheid aan die ampspligte én die burgerlike owerhede belowe word.

In art 16–18 word oor die doop gehandel en bepaal dat elke Sondag kinders gedoop sal word. Terselfdertyd word die doopbelofte, wat die ouers moet aflê, óók soos volg omskrywe (art 18):

". . . dat hoewel onse Kynderen in sonden ontfangen en gebooren ende daeromme allerhande ellendichheyt, jae de verdoemenisse selve onderworpen syn, datse nochtans in Jeshu Christo geheyligt syn, ende daeromme als lidmaten synder gemeente behooren gedoopt te wesen, dat sij die leere die in't oude en neywe testament, ende in de articulen onses Christelyken Geloofs begrepen is, bekennen, waerachtige en volcomene leere der Salicheyt te weesen, ende dat sy ende insonderheyt die Ouders beloven sullen ende voor hen nemen die selve Kynderen, als sij tot verstande comen, daer inne naer haer vermogen te onderwysen."

Hierdie doopvrae of doopbelofte is feitlik dieselfde as dié wat in die doopformulier opgeneem is wat in 1586 by Den Haag goedgekeur is.

Hierdie vrae is deur Petrus Datheen opgestel vir die gebruik by die doop. Die vrae soos hulle hiér voorkom, is nie presies net soos dit in die formulier voorkom nie. Dit het waarskynlik saamgehang met die vraag óf die doopvrae altyd gevra moet word. In 1572 het die provinsiale sinode van Franeker nog geoordeel dat die vrae, na gelang van omstandighede, gestel of weggelaat kan word. Die nasionale sinodes van 1578 en 1581 het egter geoordeel dat dit 'n verpligting is om die vrae te stel. Eers met die finale aanvaarding van die formulier in 1586 het die vrae hulle geykte vorm gekry.[2]

Daarná volg reëlings in verband met die nagmaal, bid- en dankdae, die huwelik en dan die kerklike vergaderings. Volgens hierdie reëlings sal daar kerkraads-, klassikale en provinsiale sinodale vergaderings wees. Ook hier bestaan die kerkraad slegs uit die predikante én die ouderlinge "mits dat ter plaetze, daer 't getal der

ouderlingen cleyn is, die diaconen daar by gevoucht sullen mogen worden," (art 44). Spesifiek word egter bepaal dat owerheidskommissarisse, sonder stemreg, die kerkraadsvergaderings mag bywoon. Dieselfde reëling geld dan ook ten opsigte van die klassis en die provinsiale sinode.

Die *kerkelijke wetten* sluit dan af met bepalings in verband met die kerklike opsig en tug. Opvallend is dit hier dat geoordeel word dat die kerklike liggame, sonder inmenging van die owerheid, in tugsake kan handel. Tog word dié vryheid onmiddellik weer beperk in dié sin dat al dergelike uitsprake deur die betrokke owerheidsinstansie bekragtig moet word.

AANTEKENINGE

1 C Hooijer, *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten*, Zaltbommel 1865, p 228.
2 H H Barger, *Ons Kerkboek*, Groningen 1900, p 195 verv.

HOOFSTUK 12

Die nasionale sinode van Den Haag, 1586

1 Inleidend

Die nasionale sinode van 1586 wat in die residensiestad 's-Gravenhage byeengekom het, het in 'n tydperk vergader wanneer die politieke en militêre situasie in Nederland glad nie so rooskleurig was nie. In 1584 is prins Willem I van Oranje in Delft vermoor. Gebore in 1533 was hy stadhouder (= plaasvervangende regeringshoof) van koning Filips II van Spanje oor die provinsies Holland, Zeeland en Utrecht. Daarna het hy die leier geword van die opstand teen die gesag van Spanje oor die Nederlandse geweste.

Op kerklik-godsdienstige vlak het hy die ideaal nagestreef van volledige geloofs- en gewetensvryheid vir elke onderdaan. Selfs toe hy nog self Rooms was, het hy dié standpunt, so vroeg as 1564 al, met krag verdedig. Met die vordering van die oorlog en die bevryding van al meer provinsies het sy verdraagsame godsdienspolitiek hom met verskillende Calvinistiese kerkleiers laat bots. Veral ds Petrus Dathenus, wat die Calvinisties-hervormde geloof as die enigste erkende en publieke godsdiens wou proklameer, het hieroor met die prins gebots.

Eers in 1576 het die prins self die Roomse kerk verlaat en oorgegaan na die Protestantisme.[1] Dit is veral die invloed van sy broer Lodewijk en omgang met manne soos Marnix van St Aldegonde en die Franse Hugenoteleier Gaspard de Coligny (wat sy swaer was), wat hom beweeg het om na die Protestantisme oor te gaan. Hoewel lidmaat van die hervormde kerk het hy nie met al die opvattings van die Calvinisme saamgestem nie. Die politieke radikalisme van sommige Calvinistiese kerkleiers het hy nie aanvaar nie, terwyl hy óók nie aanvaar het dat die kerk die tug oor sy lidmate kan uitoefen nie. Dit het in later tyd, in die stad Utrecht meegebring dat hy ernstig met die Calvinistiese predikante verskil het oor die hantering van die geval van ds Duifhuis wat, na die oordeel van die kerklike vergaderings, gedwaal het.

Prins Willem se besondere insig en vaste geloof in die sentrale waarhede van die evangelie en sy eie lewenswandel het baie daartoe bygedra om die Calvinisme in Nederland te bevorder. Sy skielike dood het dan ook ernstige probleme veroorsaak juis omdat die oorlog teen Spanje op daardie tydstip nie so gunstig verloop het nie.

Die Spaanse hertog van Parma was besig om veral in die suidelike Nederlande die troepe van die Staten-Generaal terug te druk. Oral waar Parma geseëvier het, soos in Vlaandere, is die Roomse godsdiens as die enigste erkende her-ingevoer. Hierdie Roomse aanslag en die langdurige oorlog het nie alleen in Vlaandere nie, maar ook in Brabant en Henegouwen die land verwoes. Selfs die meer noordelike provinsies het swaar gebuk gegaan onder die laste van die oorlog. Veral Gelderland, Utrecht, Friesland en Overijssel moes al in 1579 laat weet dat hulle geen

fondse het om die oorlog verder te voer nie. Slegs in die provinsies Holland en Zeeland was daar welvaart.

Die voortgang van die Calvinisme het gepaard gegaan met die militêre sukses van die opstand. Maar in 1584 byvoorbeeld, was die Calvinisme nog glad nie die algemene en aanvaarde godsdiens nie. Met die uitsondering miskien van Zeeland, was die Roomse geloof, wat getalle betref, nog die oorheersende in Utrecht, Holland en Friesland. Die Calvinistiese predikante het egter met groot geloofsywer, entoesiasme én bekwaamheid gewerk en dit het weer aan hulle 'n bepaalde voorrang gegee.

Tog was nie alle anti-Roomses vanselfsprekend Calviniste nie. Veral in regeringskringe en in die kringe van die adel en die handelaars was daar 'n groot aantal sg *libertijnen*. Dit was mense wat meer in die gees van Erasmus en die vroeë sakramentariër-beweging in Nederland gedink en geglo het. Hulle het hulle veral verset teen die duidelike dissipline van die Calvinistiese gemeentes en die ywer van die predikante om al die streng Calvinistiese beginsels oor die leer en die lewe van die kerk deur te voer. Hierdie *libertijnen* was nie alleen verdraagsaam teenoor andersdenkendes en gelowiges nie, maar het nie so 'n besondere belangstelling vir die kerk en die openbare godsdiens gehad nie. Die woordvoerders van hierdie *libertijnen*, wat in baie opsigte deur die opvattings van Sebastian Franck beïnvloed is, was manne soos Duifhuis te Utrecht, Coornhert, die filosoof van Haarlem, Coolhaas van Leiden en dergelike. So ontstaan geleidelik binne die hervormde kerk twee groepe. Enersyds die streng Calviniste en andersyds dan die *libertijnen*. Dan was daar ook, buite die kerk, die Mennoniete of Doopsgesindes wat veral op die platteland van die provinsies Holland en Friesland weer na vore gekom het.

Daarom is dit verstaanbaar dat die dood van prins Willem van Oranje in 1584 'n groot leemte gelaat het. Soos 'n tydgenoot, Joris de Bye dit gestel het:[2]

> ". . . tzelve gaff eene grote verslagenheyt aen een ygelick, insonderheyt zoe onversiens beroeft zynde van haer hooft, op wiens auctoriteyt ende wysheyt, naest God, zy altyts principalyck hadden gesteunt."

Daarby was daar nie 'n vanselfsprekende opvolger nie en dit was, veral vanweë die sukses van Parma, in die suidelike Nederlande, 'n verdere saak van bekommernis. Die sestienjarige graaf Maurits was, terwyl sy broer Philips Willem in Spanje gevange gehou is, die opvolger, maar sy jeug het so 'n stap onmoontlik gemaak. Gelei deur die Staten-Generaal en die provinsiale staten van Holland is dadelik planne beraam om die posisie die hoof te bied. So word 'n Raad van Staten met prins Maurits as eerste Raad geskep, terwyl die opvolgingskwessie voorlopig op die lange baan geplaas is. Aanvanklik is gedink om die soewereiniteit in Nederland aan die Franse koning op te dra. Koning Hendrik III het dit egter geweier nie alleen vanweë die interne spanning in Frankryk tussen die Roomse en Hugenotepartye nie, maar ook omdat hy nie vir 'n moontlike oorlog met Spanje kans gesien het nie.

In Nederland het die posisie aan die oorlogsfront versleg, veral in die suide, terwyl die oostelike provinsies ook steeds meer druk ervaar het. Daarby het dit

duidelik geword dat die Raad van Staten en die Staten-Generaal nie in staat was om die situasie die hoof te bied nie.

Daarop het die Staten-Generaal met Elizabeth I onderhandel wat ook nie die soewereiniteit wou oorneem nie. Tog was Elizabeth bereid om hulp te verleen en het daarop Robert Dudley, die graaf van Leicester met 5 000 troepe na Nederland gestuur. Leicester word dan voorsitter van die Raad van Staten, terwyl hy saam met die Staten-Generaal weer die sentrale gesag moes herstel. Terselfdertyd sou hy as opperbevelhebber in die oorlog optree. As "gouverneur-generaal" sou Leicester die hoogste gesag in die land hê en prins Maurits wat as stadhouder van Holland en Zeeland aangestel is, asook die ander provinsiale stadhouders is almal opgedra om hom te gehoorsaam. So het in 1585 tog weer die moontlikheid ontstaan om met 'n verenigde front die Spaanse aanslag te weerstaan. Kerklik-godsdienstig was Leicester vir die Calviniste 'n ware steun. Nie alleen het hy reëlmatig kerktoe gegaan en die nagmaal gebruik nie, maar hy het ook die guns van die Calvinistiese predikante verwerf. Dit veral nadat hy in Utrecht die stryd tussen Duifhuis met sy afgeskeie gemeente en die kerkraad gereël het deur uiteindelik die gemeente van Duifhuis op te hef.

Terselfdertyd het Leicester besef dat 'n goed georganiseerde en hegte kerklike organisasie 'n belangrike middel was om die middelpuntvliedende invloede in die noordelike Nederlande aan bande te lê. Daarom was hy ook volkome bereid om 'n nasionale sinode byeen te roep. Hoewel so 'n sinode, volgens die kerkorde van Middelburg reeds in 1584 byeen moes gekom het, het dit nie gebeur nie. Toe die Calviniste Leicester genader het om 'n nasionale sinode te kan hou, het Leicester nie alleen sy toestemming verleen nie, maar ook druk op die verskillende provinsiale staten uitgeoefen om so 'n sinode moontlik te maak.

So het dit dan moontlik geword dat die nasionale sinode op 20 Junie 1586 in Den Haag kon byeenkom. Die vergadering is bygewoon deur verteenwoordigers van die provinsiale sinodes van Gelderland, Suid-Holland, Noord-Holland, Zeeland, Friesland, Utrecht, Overijssel, Vlaanderen en die Waalse kerke. Namens die owerheid het drie politieke kommissarisse verskyn waaronder dr John James, die hofprediker van Leicester. Daarby is prof dr Adrianus Saravia van die Leidse Universiteit ook as lid van die sinode verwelkom. Opvallend was dat daar maar twee ouderlinge op die vergadering was, en dit nieteenstaande die feit dat Middelburg bepaal het dat daar net soveel ouderlinge as dienaars van die Woord op die sinode moet wees. Die sinode het onder die voorsitterskap van Jacobus Kimedoncius gestaan.

Jacobus Kimedoncius, gebore te Kempen naby Keulen, studeer teologie te Heidelberg en Genève en promoveer in 1576 tot *doctor theologiae*. 'n Tydjie werk hy as professor te Heidelberg maar word dan in 1578 predikant te Gent in Vlaandere. In dieselfde jaar word hy as teologiese professor aangestel aan die Calvinistiese Skool te Gent. In 1584 moet Kimedoncius egter uit Gent vlug as die stad deur Spaanse troepe binnegetrek word. Dan word hy predikant te Middelburg. In 1588 verlaat hy Middelburg nadat hy weer aangestel is as professor te Heidelberg. In 1596 is hy te Heidelberg oorlede as gevolg van die pes.

Gedurende sy leeftyd word hy as 'n onvergelyklike teoloog beskrywe wat 'n groot invloed in die kerk in Nederland en die Paltz gehad het. Een van sy beroemdste leerlinge was Johannes Bogerman.[3]

As skriba van die vergadering het die ewe bekende ds Helmichius opgetree.

Wernerus Helmichius, is in 1551 te Utrecht gebore en ontvang sy teologiese opleiding te Genève onder Beza en ook te Heidelberg. In 1575 word hy predikant te Frankfurt am Main. In 1578 verhuis hy as predikant na Utrecht en bewys as sodanig baie en verskillende dienste aan gemeente en kerk. As oortuigde Calvinis het hy ook moeite gedoen om die verskillende kerklike partye wat begin ontstaan, tot versoening te bring.

Vanweë politieke spanninge is Helmichius deur die stedelike owerheid van Utrecht ontslaan en dan word hy in 1590 predikant te Delft. Hoewel hy nog 'n keer gevra word om teologiese professor te Leiden te word, wil sy kerkraad hom nie toelaat om die benoeming aan te neem nie. In 1602 word hy predikant te Amsterdam waar hy in hoë eer gehou word en ook nog gevra word om mee te werk aan die vertaling van die Bybel. In Junie 1608 is hy oorlede.

As vredeliewende figuur het Helmichius heelwat moeite gedoen om die opkomende Arminiaanse twiste te probeer besleg en deur beide partye word hy vanweë sy geleerdheid en godsvrug hoog geag. Helmichius het egter sy vaste, Calvinistiese oortuigings nooit verberg nie en het ook 'n aandeel geneem in die voorbereidings vir die Dordtse sinode.[4]

As assessor het Arnolus Cornelius opgetree.

2 Die kerkorde self

Andermaal word hier nie die teks van die kerkorde gegee nie, hoewel dit wel beskikbaar is.[5] Hierdie kerkorde was 'n verwerking van die kerkorde van Middelburg en het op sy beurt weer die basis gevorm vir die kerkorde van Dordrecht 1619. Op 'n paar kleiner punte het dit van die Middelburgse orde verskil.

Hierdie kerkorde bestaan uit vier hoofstukke wat die vier vernaamste aspekte van die kerkordelike reëlings saamvat.

(a) *Die dienste of die ampte*

Ten opsigte van die in diens tree en vertrek van predikante uit gemeentes, word hier dieselfde beginsels neergelê as wat reeds deur die nasionale sinode van Dordrecht 1578 geformuleer is. Dit is dat die predikant beroep word deur die kerkraad in samesitting met die diakens en met goedkeuring van die klassis en die plaaslike owerheid. Na kennisgewing aan die gemeente word die predikant dan bevestig met gebruikmaking van die bestaande formulier (art 4). Die beroep was normaalweg "zonder konditie" (art 5), dit wil sê: nié vir 'n bepaalde tyd nie en ook nie met besondere voorwaardes nie. Daarom word geoordeel dat 'n beroep na 'n bepaalde gemeente vir *lewenslank* is (art 10). Maar as 'n predikant, terwyl hy in die gemeente staan, 'n beroep ontvang kán hy so 'n beroep aanvaar met die toestemming van die kerkraad en diakens wat hom beroep het. Die rede hiervoor is dat die verbondenheid aan die gemeente berus op 'n ooreenkoms wat deur die predikant en die kerkraad aangegaan is en nou kan hierdie ooreenkoms nié eensydig deur die predikant alleen opgesê word nie. Die kerkraad kan immers nie die ooreenkoms eensydig opsê nie (behalwe wanneer die predikant deur die klassikale

vergadering afgesit word, maar dan is dit eerder 'n kwessie dat die ooreenkoms vernietig word as dat dit deur die kerkraad opgesê word). Daarom kan die predikant alleen *na toestemming* van die kerkraad én diegene wat toestemming tot die beroep gegee het, die ooreenkoms met die kerkraad opsê en na 'n ander gemeente gaan. Dit het dan ook verskillende male gebeur dat 'n kerkraad geweier het om hulle predikant toe te laat om 'n beroep aan te neem. So het die kerkraad en stadsowerhede van Delft in 1591 geweier dat Helmichius 'n aanstelling as professor te Leiden aanvaar. Uiteraard het dit in sommige gevalle probleme opgelewer wat deur die meerdere vergaderings uitgestryk moes word.

Interessant is in hierdie verband ook art 6 van die *Particuliere quaestiën* waar gevra word of die predikant ook gelyktydig as geneesheer mag praktiseer. Daarop stel die sinode die volgende beginsel vas (wat waarskynlik ook geldig sal wees ten opsigte van ander winsgewende bedrywighede van die predikant): "Gemerkt de dienst des Woords *de gehele mens vereist* en naar de leer des apostels een krijgsknecht Christi zich niet behoort te bekommeren met vreemde zaken, dat een dienaar niet kan noch behoort beide ex professo te doen, maar zoo hij de kranken van zijn eigen gemeente met raad en daad kan helpen, dat hetzelve geschiedde *zonder gewin* en hiervan zal de classe oordelen."

In art 13 van die kerkorde word standpunt ingeneem teen wat "los" predikante genoem kan word. Daar word gestel dat niemand die diens van sy gemeente mag verlaat nie of terwyl hy nie aan 'n vaste werkkring verbonde is, hier en daar mag gaan preek nie. Dit hang natuurlik saam met die feit dat vanweë die vervolginge dit gebeur het dat predikante soms hulle gemeentes moes verlaat of moes ervaar dat die gemeente verdwyn. Hierdie artikel 13 moet verder in verband met art 2 gelees word waar uitdruklik bepaal word dat niemand Woord en sakrament mag bedien sonder om wettig daartoe beroep te wees nie, en verder art 7 wat stel dat niemand tot die diens van die Woord beroep mag word wat nie 'n vaste werkkring het nie.

(b) *Die vergaderings*

Wat die vergaderings betref, word grotendeels vasgehou aan die Middelburgse reëling, behalwe dat daar nou ook aan die owerheid seggenskap op die vergaderings van die ampte gegee word. Hiermee word die beginsel dat die owerheid geen *ius in sacra* behoort te hê nie, opsy geskuif en word 'n reël ingevoer waarvoor die kerk nog 'n duur prys sou betaal. Waar Middelburg 1581 bepaal het dat die kerkraad sal bestaan uit die dienaars en die ouderlinge word daar nou bygevoeg (art 34):

> "Ende sal oock de magistraat vande plaetse respectivelijck, indien haar ghelieft, een ofte twee vanden haren, wesende Litmaten der Ghemeente, by den Kercken-Raet moghen hebben, om te aenhooren ende mede vande voorvallende saecken te delibereren."

Ook word nou vasgestel dat 'n nasionale sinode alleen gehou kan word nadat die Generale Staten daarvan in kennis gestel is sodat die "hooge Overheydt" ook toesig op die voorbereiding kan hou.

(c) *Die leer, die sakramente en die ander seremonies*

Wat die handhawing van die leer betref, word soos voorheen, die ondertekening van die Nederlandse Geloofsbelydenis geëis. Middelburg 1581 het geëis dat alle dienaars, ouderlinge, diakens, professore in die teologie en skoolmeesters dit sou teken (art 37). Die sinode van Den Haag laat egter die ouderlinge en diakens weg. Terselfdertyd kan die skoolmeesters kies of hulle die Geloofsbelydenis óf die Heidelbergse Kategismus wil onderteken. Die Kategismus wat vanaf 1566 agter die Psalmberyming in die kerkboek opgeneem is en vanaf 1568 saam met die NT-vertaling in een band opgeneem is, was algemeen bekend. Waarskynlik omdat die Kategismus op 'n paar punte minder streng as die Geloofsbelydenis is, is aan die onderwysers toegestaan om net die Kategismus te onderteken.

Op 'n ander punt het hierdie sinode 'n strenger maatreël as die voorafgaandes getref. Indien 'n dienaar van die Woord sou weier om die geloofsbelydenis te onderteken, word bepaal in art 47:

> ". . . sullen *de facto* van haren Dienst by den Kercken-Raet, ofte de Classe opgheschorst werden, ter tijdt toe sy haer daer inne gheheelicken verclaert sullen hebben; ende indien sij obstinatelijcken in weygheringhe blijven, sullen sy van hare Dienst gheheelicken afghestelt werden."

Aangesien die beginsel aanvaar is dat alle dienare van die Woord eendragtig in die leer moet wees, is dit vanselfsprekend dat daar ook 'n strafbepaling sal wees as daar dienaars is wat hulle nie hieraan steur nie.

Die voorskrif om die geloofsbelydenis te onderteken, dateer al uit die tyd van die sinode van Bouton (art 1) en die sinode van Emden 1571. Dié saak het nou sterker na vore gekom omdat predikante soos Coolhaes en andere die geloofsbelydenis in geskrifte én vanaf die preekstoel aangeval het.

Tog was dit nié die sein vir 'n "ketterjag" nie want die sinode het Coolhaes, Herberts en Hakkius, drie predikante wat beslis nie streng Calviniste was nie, tog toegelaat om die geloofsbelydenis te onderteken, terwyl die genoemde drie bepáálde bedenkings teen formuleringe in die geloofsbelydenis het.

Van besondere belang was dat die sinode ten opsigte van die *kategismusprediking* bepaal het (art 61):

> "De Dienaers sulle alomme des Sondaeghs ordinaerlick in de namiddaeghsche Predicatie, de somma der Christelijcke Leere inden Catechismo, die teghenwoordigh inde Nederlandtsche Kercken aengehenomen is, vervatet, cortelijck uytlegghen, alsoo dat dezelve iaerlijcx magh gheeyndight worden, volghende de afdeelinghe des Catechismi selfs, daer op ghemaeckt."

Dit was nie 'n nuwe gebruik nie, want reeds in die Londense gemeente is die groot kategismus van á Lasco so reëlmatig uitgelê terwyl die eerste gemeentes in Nederland self ook dié gebruik gehad het. Reeds Dordrecht 1574 het die kategismusprediking "na gewoonte" voorgeskryf. Die sinode van Den Haag herbeklemtoon hier 'n saak wat geneig was om agterweë te bly. Dit het gebeur omdat die middagdienste minder goed bygewoon is en daarom het die predikante begin om die middagdienste af te stel. Om die saak reg te stel, is hierdie besluit geneem.

Op 'n provinsiale sinode te Delft 1587 word dan ten opsigte van hierdie saak bepaal:[6]

"In plaetsen daer men des nademiddaechs op de Sondaghen niet en predickt, op dat de leere des Cathechismi niet t'saemen ende al in veraghtinghe en come, sullen de kinderen uyt den Catechismo des voormiddaechs voor de Predicatie opzegghen."

Veral op die vlak van die seremonies het die sinode werk van blywende waarde verrig.

Op die sinode is die verskillende formuliere vir die gebruik in die godsdiensoefening vasgestel. Die formuliere van doop, nagmaal en huwelik soos deur Datheen opgestel, is almal aanvaar vir algemene gebruik.

Die *Nagmaalsformulier* van Datheen was nie volledig sy eie werk nie, maar in hoofsaak 'n vertaling van dié wat in die Paltz in gebruik was. Die formulier van die Paltz is op sy beurt weer sterk afhanklik van die formulier van Genève, maar die opsteller van die Paltziese formulier, Olevianus, het ook die Londense nagmaalsformulier en die Lutherse formulier van Wurtenburg geraadpleeg.[7]

Die *Doopformulier* is ook deur Datheen vertaal van die formulier wat in die Paltz gebruik is. Hierdie formulier het egter nie 'n eenvoudige agtergrond nie, maar is uit verskillende dele saamgestel. Die eerste deel, tot by die gebed, is oorgeneem uit die formulier van die Paltz. Die gebed is, wat die inleiding betref, 'n doopgebed van Martin Micron van Londen en wat die corpus betref kom dit uit die liturgie van Zürich en is dit waarskynlik van die hand van Zwingli. Die doopvrae is deur Datheen self opgestel terwyl die slotgebed weer uit die formulier van die Paltz afkomstig is.

Die *Huweliksformulier* is ook deur Datheen vertaal van die oorspronklike Paltziese formulier. Dit is op sy beurt weer 'n byeenvoeging van die huweliksformuliere soos opgestel deur Johannes Calvyn en Martin Micron van Londen. Die formulier wat egter ten grondslag lê aan dié van Calvyn én Micron is nog deur Farel opgestel.

Terselfdertyd het die sinode nog vier formuliere wat in Nederland self ontstaan het ook òf laat opstel òf aanvaar. Dit is die *Bevestigingsformuliere* vir die dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens, en die afsnyding van en heropname in die gemeente. Hierdie laaste vier formuliere waarvan die presiese outeurskap onbekend is, verskyn in 1590 die eerste maal in druk.

Die huweliksreëlings word nie in hierdie kerkorde opgeneem nie, omdat die owerheid besig was om 'n "Generale ordinantie" in hierdie verband op te stel. Daarmee het die noodsaak vir die kerk om uitvoerige bepalings oor die huwelik op te stel, weggeval.

(d) *Die dissipline*

In hierdie verband is die reëlings van die Middelburgse kerkorde byna net so herhaal. Hierin het daar géén verandering gekom nie.

3 Die nawerking van die kerkorde

Na afloop van die vergadering is hierdie kerkorde aan Leicester voorgelê. Leicester het hierdie kerkorde na die Staten-Generaal vir bekragtiging deurgestuur. Dié liggaam het dit weer aan die verskillende provinsiale staten voorgelê. Omdat Leicester graag 'n eenvormige kerklike orde in Nederland wou hê, het hy die aanvaarding van die kerkorde probeer bevorder deur dit, vier dae nadat hy dit ontvang het, *voorlopig goed te keur en te aanvaar*. Hoewel die Staten-Generaal gewag het met die aanvaarding en bekragtiging van die kerkorde, het die provinsiale staten van *Holland*, *Zeeland* en *Gelderland* dit aangeneem. In die provinsies Zeeland, Utrecht, Groningen en Drenthe is eie kerkordes opgestel en aanvaar wat almal in hoofsaak met die kerkorde van Den Haag ooreengekom het. Die stelling kan dan ook gemaak word dat die kerkorde van Den Haag die grondslag gevorm het vir die kerkordelike reëling van die Nederlandse hervormde kerk. So het dit gebeur dat Leicester, danksy sy bevoegdhede, 'n nasionale sinode kon laat byeenkom én sy besluite kon bekragtig. Gesien die karakter van die Nederlandse staatsorde, is dit onwaarskynlik dat die kerkorde van Den Haag dié algemene owerheidsaanvaarding sou kon gekry het as Leicester nie daarvoor gesorg het nie. So het Leicester se bemoeiing tog 'n min of meer algemeen aanvaarde kerklike ordening in Nederland bewerkstellig tot groot voordeel van die kerk.

AANTEKENINGE

1 J W Pont, *Is Prins Willem ooit Luthersch geweest?*, artikel in *Verslag van het Provinciaal Utrechtsch Genootschap van Kunsten en Wetenschappen*, Utrecht 1933, p 1–13.
2 Aangehaal by P J Blok, *Geschiedenis van het Nederlandsche Volk*, Leiden 1924, dl 2, p 220.
3 J P de Bie en J Loosjes, *Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland*, Den Haag 1931, dl IV, p 749 verv.
4 J P de Bie en J Loosjés, *a.w.*, dl III, p 646 verv.
5 Die teks van die kerkorde kan gevind word by C Hooijer, *Oude Kerkordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten 1563–1638*. Zaltbommel 1865, p 270 verv. Ook by F L Rutgers, *Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende eeuw*, Den Haag 1889, p 487 verv.
6 C Hooijer, *a.w.*, p 261.
7 H H Barger, *Ons Kerkboek*, Groningen 1900, p 171. Vgl in hierdie verband ook W J Aalders, *Kennis van de Symbolische en van de Liturgische Geschriften der Nederlandsche Hervormde Kerk*, Groningen 1919 – asook J W F Gobius du Sart, *De Geschiedenis van de Liturgische Geschriften*, Utrecht 1886.

HOOFSTUK 13

Kerkelijke wetten te Den Haag ontwerp, 1591

1 Inleidend

Die staten van Holland het in 1591 wéér 'n poging aangewend om 'n algemeen geldende kerklike orde op te stel. Tot op daardie stadium was daar nog voortdurend 'n stryd tussen die kerklike en politieke owerhede oor die orde wat vir die kerk moes geld. Hierdie stryd wat dikwels met heftigheid gevoer is, het telkens die land in beroering gebring en nie daartoe bygedra om die nodige eensgesindheid te verkry in 'n land wat nog voortdurend in 'n oorlog gewikkel was nie.

Oor die algemeen was die besware van die predikante teen die owerhede dat hoewel die staten formeel bereid was om die hervormde godsdiens te handhaaf en te onderhou, baie min owerheidspersone die diens van die Woord bygewoon het en ook nie soos Calviniste geleef het nie. Daarnaas het die owerheid nie werklik gesorg vir die skole en die Universiteit van Leiden nie, géén sterk standpunt ingeneem om die hervormde kerk téén die Lutherse, Doperse en Paapse groeperinge te beskerm nie en ook nie die onderhoud van die predikante op 'n vaste voet geplaas nie. Ten slotte het die staten, ondanks herhaalde vertoë, nog géén vaste kerkorde vir die provinsie Holland goedgekeur nie. Dit alles het die predikante saamgevat in die beskuldiging dat die staten nie die saak van die kerk en godsdiens bevorder het soos hulle verplig geag is om te doen nie.

Aan die ander kant het die owerhede ook ernstige besware téén die predikante gehad. Die groot vrees wat by die owerheidspersone geleef het, was dat indien die kerk wéér toegelaat sou word om homself te regeer, die heerssugtige predikante 'n nuwe kerklike mag sou opbou wat net so erg indien nie erger as die pouslike mag sou wees nie. Daarby het baie predikante nogal rigoristies bepaal dat alléén diegene wat presies konformeer met die Skrifte, die Calvinistiese leer en belydenis, soos deur die predikante uitgelê, lid van die kerk en dus salig kon word. Die owerhede, wat daarvan bewus was dat 'n baie groot deel van die volk nog nie vir die Calvinisme gewen was nie, wou in die kerk 'n groter soepelheid en evangeliese gesindheid gehad het. Daarby was die heerssug van die predikante nie sommer maar 'n ydele saak nie, want verskillende male het predikante dit goedgedink om in hulle prediking bepaalde owerheidspersone aan te val en hulle gemeentelede téén hulle op te rui. Dit het uiteraard vir die owerheidspersone ernstige verleenthede veroorsaak.[1] Daarby kan ook in ag geneem word dat baie van die predikante buitelanders was, want in Nederland self was daar nog steeds 'n ernstige tekort aan deeglik-opgeleide Calvinistiese predikante. Dit alles het meegebring dat die kerkorde van Den Haag van 1586 wat deur die provinsiale staten provisioneel of wel voorlopig goedgekeur is, tog nie deur die owerhede van stad en staten eerbiedig is nie. Dit alles het meegebring dat die noodsaaklike orde op kerklike vlak nié gehandhaaf is nie.

Om enigsins 'n poging aan te wend om uit hierdie dilemma te kom, het die provinsiale staten daartoe oorgegaan om 'n kommissie van 16 man te benoem om 'n kerklike orde op te stel. Hierdie kommissie sou uit 8 owerheidspersone en 8 predikante bestaan en het op 1 Februarie 1591 te Den Haag byeengekom. Die owerheidspersone het onder die leiding gestaan van jonkheer Willem van Zuylen van Nyevelt, 'n man wat in die hitte van die stryd vir die Hervorming van die kerk gestaan het en in 1568 ook by Wezel teenwoordig was. Saam met hom is sewe ander vooraanstaande owerheidspersone benoem. Die kerklike leiers was ook voortreflike manne onder andere Arnoldus Cornelius van Delft wat in 1581 praeses en in in 1586 assessor van die nasionale sinode was. Naas hom was die ewe bedrewe Henricus Corputius van Delft, dan ook nog manne soos Jacobus Arminius van Amsterdam, Johannes Uytenbogaert van Den Haag, Gaulterus Roy van Leiden, en andere. Die nadeel van die kerklike leiers was dat hulle *nie* deur kerklike vergaderings benoem is nie en dus eintlik net in hulle "persoonlike hoedanigheid" aan die werk van die kommissie deelgeneem het. Die feit dat hulle, oor die algemeen, hoë aansien in die kerklike wêreld gehad het, het egter wél beteken dat die werk van die kommissie binne die kerk ernstige aandag sou kry.

Hoewel daar aanvanklik sterk gedebatteer is oor wie die reg het om vir die kerk 'n orde te maak, die owerheid of die kerk self, is dié strydpunt laat rus omdat die kommissie uit 'n gelyke hoeveelheid owerheids- en kerklike ampsdraers bestaan het wat slegs 'n konsep sou opstel vir voorlegging. Dit is egter opvallend dat die basis van die samesprekings die *kerkelijke wetten* van 1583 was wat nooit deur die kerk aanvaar is nie. Dáármee het die kerklike afvaardiging byna stilswyend aanvaar dat die owerheid die reg het om vir die kerk wette te maak. Van kerklike kant gesien, sou dit eindeloos beter gewees het indien die kerkorde van Den Haag 1586, wat tog voorlopig deur die owerheid erken is, die basis van die samespreking sou kon gewees het. Nóg beter sou dit gewees het indien die samesprekings dan gevoer sou gewees het deur 'n gevolmagtigde groep kerklike ampsdraers. Maar dié weg is nié ingeslaan nie en die gevolg was dat die ordening van 1591 nié daarin geslaag het om die nodige kerklike goedkeuring te kry nie. Dit het dus beteken dat ook hierdie orde nie daarin kon slaag om die nodige rus en vrede te bewerkstellig nie.

2 Die inhoud van die voorgestelde wette

Wanneer die inhoud van hierdie wette vergelyk word met dié van 1583, dan word dit duidelik dat hierdie konsep nog verder van die sinodale kerkordes afwyk as die reëlings van 1583. Dit blyk uit die volgende.

(a) *Die beroep van predikante*

Dit was in daardie dae een van die groot strydvrae en twispunte. Waar die sinodale kerkordes die beroep in die hande van die kerkraad plaas, is hier nou gereël dat die stadsowerheid uit sy midde vier persone sou benoem terwyl die kerkraad ook vier van sy lede sou benoem sodat dié agt persone saam *'n beroepskommissie* sou

vorm. Nadat hierdie kommissie 'n predikant beroep het, sal sy naam aan die stadsowerheid voorgelê word. As hulle dit aanvaar, word die beroepene geëksamineer en as hy daarin slaag, word sy naam aan die gemeente voorgelê. As daarvandaan geen beswaar kom nie, word hy bevestig. Dieselfde reëling geld dan ook op die platteland en dieselfde beroepskommissie moes ook die ouderlinge en diakens kies (art 1 en 2, asook 11–13).

Dit is duidelik dat hier die selfstandigheid en vryheid van die kerk ernstig ingekort is. Dit het dan ook aan die owerheid die moontlikheid gebied om die beroepe van predikante en die aanstellings van kerkraadslede tot sy voordeel te kontroleer.

Die kerklike eksaminering van predikante word ook hier van die klassis weggeneem en toevertrou aan 'n kommissie bestaande uit één teologiese professor van Leiden, twee predikante deur die sinode benoem en twee deur die owerheid. Slegs 'n verklaring van die aankomende predikant dat hy die "leeringhe der heyligher Propheten ende Apostelen" sal navolg, word voldoende geag en nié die ondertekening van die belydenis nie. Daarby moet die eed, wat die predikant moet aflê, nou voor die owerheid afgelê word en nié meer in die gemeente nie. Daarmee word die predikant byna 'n soort staatsdienaar.

By die kerklike vergaderings moet een of twee lede van die owerheid teenwoordig wees om deel te neem aan die besprekings en oor alles opsig te hou. Dit is dieselfde as die toegewing wat die nasionale sinode in 1586 gemaak het. Hier word verder nét van 'n provinsiale sinode gepraat en glad nie van 'n nasionale sinode nie.

Die ander reëlings loop min of meer op dieselfde pad as dié van 1583. Hier word géén reëlings meer ten opsigte van die huwelik gemaak nie, omdat die owerheid dan al die hele huweliksreg en reëlings van die kerk oorgeneem het.

Hoewel hierdie konsep nooit ingevoer is nie, het dit tog nie sonder effek gebly nie. Die kerk moes maar daarmee genoeë neem dat die owerhede, al was dit soms langs ander weë, hulle seggenskap in die kerk behou en uitgebrei het. In die kerk sélf was daar plek-plek ernstige misnoeë met die agt predikante wat aan hierdie voorgestelde orde meegewerk het en op die partikuliere sinode van Noord-Holland van 1591 was daar selfs sprake dat dié predikante gesensureer moet word, omdat hulle die reg van die kerk aan die owerheid "uitverkoop" het. Maar op ander provinsiale sinodes is dié situasie byna algemeen so aanvaar en het die indruk bestaan dat die kerklike vergaderings hierdie voorgestelde orde sou aanvaar. Die merkwaardige is dat verskillende stadsowerhede oa dié van Delft, Rotterdam, Hoorn en andere hulle skerp teen die voorgestelde orde versit het omdat die orde te veel gesag en bevoegdhede aan die kerklike vergaderings sou gee! Geen van die twee partye, – kerk en owerheid – was dus werklik met hierdie orde tevrede nie en voorlopig het die orde dus uit die middelpunt van die aandag verdwyn.

Tydens die hewige Remonstrantse twiste wat vroeg in die sewentiende eeu opgevlam het, is van owerheidsweë getrag om tog weer hierdie orde in te voer. Dit het veral geskied omdat heelwat van die stadsowerhede Remonstrantsgesind was en hulle gemeen het om op dié wyse die Remonstrantse predikante te beskerm. So heftig het die Calvinistiese of Contra-Remonstrantse predikante egter gereageer dat

daar nie veel van geword het nie en ook hierdie saak in die hande van die nasionale sinode van Dordrecht van 1618–1619 gelaat is.

AANTEKENINGE

1 C Hooijer, *Oude Kerkenordeningen der Nederlandsche Hervormde Gemeenten*, Zaltbommel 1865, 328.

HOOFSTUK 14

Die nasionale sinode van Dordrecht, 1618-1619

1 Inleidend

Die nasionale sinode van Dordrecht wat in 1618–1619 in opdrag van die Staten-Generaal gehou is, is nié primêr byeengeroep ter wille van kerkordelike reëlings nie, maar om die hewige stryd wat in die kerk tussen Remonstrant en Contra-Remonstrant gewoed het, finaal te besleg.[1] Juis omdat uitgebreid oor die leer van die kerk gehandel sou word, is teoloë van buitelandse kerke ook na dié sinode genooi wat op koste van die landsowerheid gehou is. Hierdie buitelandse deelnemers se teenwoordigheid het van hierdie sinode byna so iets soos 'n hervormde ekumeniese konsilie gemaak. Die Nederlandse kerk het 37 predikante en 19 ouderlinge afgevaardig. Vyf professore was teenwoordig en agtien kommissarisse-politiek en 'n sekretaris wat die owerheid verteenwoordig het. Drie-en-twintig buitelandse teoloë van Engeland, die Paltz, Hessen, Genève, Switserland, Bremen en Emden het op die sinode gesit met as hulle voorsitter die Engelse biskop van Landaff George Carleton. Behalwe drie verteenwoordigers van Utrecht, was daar geen lede van die sinode wat aan die Remonstrantse party behoort het nie.[2]

Die sinode het in twee duidelike fases verloop. Die eerste fase wat begin het met die plegtige opening van die sinode op 13 November 1618 in die bosaal van die Kloveniersdoelen te Dordrecht, het na die vasstelling van die vyf Leerreëls van Dordrecht en 154 sittings later op 5 Mei 1619 sy werksaamhede ten opsigte van die leer van die kerk afgesluit. Op 13 Mei 1619, na die vertrek van die buitelandse teoloë, het die Nederlandse verteenwoordigers weer bymekaargekom om binnelandse kerklike aangeleenthede af te handel. Hiervoor was 'n verdere 26 sittings nodig. Die eerste taak hier was die hersiening van die kerkorde, daarnaas is daar ook nog gewerk aan maatreëls oor die handhawing en uitvoering van die besluite van die sinode. Verder is nog gehandel oor die kategese, Bybelvertaling en die verhouding met die owerhede.[3] Op 29 Mei 1619 met die 180e sitting is hierdie sinode met die nodige plegtige formaliteite afgesluit.

Die werksaamhede van die sinode is gelei deur 'n viertal man wat van besondere formaat was en wat ongetwyfeld van die groot leiersfigure uit die Nederlandse kerk van daardie dae was. Hulle was die voorsitter Johannes Bogerman, assessore Jacobus Rolandus van Amsterdam en Hermannus Faukelius van Middelburg, en as skribas Festus Hommius van Leiden en Sebastian Damman van Zutfen.

Johannes Bogerman, 1576-1637
Gebore in 'n pastorie het hy sy teologiese opleiding begin te Franeker, waar hy reeds as student uitblink vanweë sy kennis van Hebreeus. In 1596 besoek hy die universiteit te Heidelberg, vandaar gaan hy na Genève waar hy die tagtig-jarige Beza nog hoor en bring verder ook besoeke aan die universiteite in Zürich, Lausanne, Oxford en Cambridge. Hierdie studie het Bogerman veral op die vlak van die dogmatiek uitnemend toegerus.

In 1599 word hy predikant te Sneek en vandaar vertrek hy in 1602 na Enkhuizen en word in 1604 predikant te Leeuwarden. As predikant het hy sterk die klem laat val op die suiwerheid van die leer en met groot ywer het hy hom teen ketters en ketterse strominge verset. In die stryd teen die Arminiane het hy in die voorste linie gestaan en met groot skerpsinnigheid het hy die suiwere leer verkondig en verdedig. Vanweë sy bekwaamheid is hy in 1618 aangewys as voorsitter van die Dordtse sinode en daarna het hy die owerheid nog bygestaan om die kerk van die Arminiaanse kettery te suiwer. Afgesien van die leiersrol wat hy in die kerk gespeel het, was Bogerman ook een van die bekwame Bybelvertalers en het hy nie alleen groot dele van die OT vertaal nie, maar ook opgetree as voorsitter van die vertalingskommissie.

In 1636 word hy benoem as teologiese professor te Franeker, maar reeds in 1637 is hy in die ouderdom van 61 jaar oorlede en in die Martinikerk te Franeker begrawe.

Hy word nie alleen beskou as 'n besonder geleerde kerkleier nie, maar ook as 'n verbete voorvegter vir die suiwerheid van die leer. 'n Man wat met krag kon handel en eerlik en reguit sy standpunt gestel het.[4]

Hermannus Faukelius, 1560-1625

Gebore te Brugge het hy sy aanvanklike teologiese opleiding te Gent by Kimedoncius ontvang en vandaar is hy na Leiden. Na voltooiing van sy studie was hy eers predikant te Keulen en vanaf 1594 te Middelburg. Vanweë sy bekwaamheid en betroubaarheid het Faukelius spoedig in die kerk verskillende vertrouensposisies beklee. Deur die Dordtse sinode is Faukelius as assessor benoem, terwyl hy ook opdrag kry om deel te neem aan die vertaling van die NT. Faukelius het ook verskillende geskrifte die lig laat sien waarvan die bekendste seker sy katkisasieboekie is: *Kort Begrip der Christelijke Religie voor die zich willen begeven tot des Heeren Heilig Avondmaal* wat in 1608 as 'n kort samevatting van die Heidelbergse Kategismus opgestel is. Vanaf ongeveer 1620 was die *Kort Begrip* die algemeen-erkende katkisasieboek van die Nederlandse kerk gewees en tot vandag toe word dit nog in ons kerk gebruik.[5]

Festus Hommius, 1576-1642

Na sy teologiese studie te Franeker, La Rochelle en Leiden word hy in 1599 predikant te Dokkum en in 1602 predikant te Leiden. Betreklik gou na sy aankoms in Leiden, raak Hommius betrokke in die stryd teen Arminius wat professor te Leiden was. Met groot bekwaamheid het hy die suiwere leer uiteengesit en verdedig. Vanweë sy vaardigheid op die akademiese terrein word hy aangestel as privaatdosent aan die universiteit waar hy veral lesings in dogmatiek gee. Die beroemde *Contra-Remonstrantie* aan die Provinsiale owerheid van Holland as antwoord op die *Remonstrantie* van die Arminiane, was waarskynlik vir die grootste deel die werk van Hommius.

Voor die sinode van Dordrecht het Hommius nog aan verskillende dispute en vergaderings met en teen die Arminiane deelgeneem om die dwalinge van die Arminiane duidelik aan die kaak te stel. Met Episcopius, Arminiaanse professor te Leiden en later op die sinode van Dordrecht die woordvoerder van die gedaagde Remonstrante, het Hommius voor die sinode meerdere male in skerp debat getree.

Op die sinode van Dordrecht word Hommius aangewys as skriba maar dien terselfdertyd in die kommissie wat die liturgiese geskrifte hersien en in die kommissie belas met die hersiening van die Bybelvertaling. Hoewel hy aanvanklik nie daarvoor benoem is nie, kry hy later 'n groot aandeel in die Bybelvertaling en saam met Walaeus het hy die NT vertaal. Hy lewer 'n belangrike bydrae tot die opstel van die kanttekeninge en die vertaling van die apokriewe boeke.

Hommius was een van die hardwerkendste en ywerigste predikante van sy tyd, 'n man met 'n grondige kennis van die teologie wat ten alle tye pal gestaan het vir die suiwere leer van die kerk. In 1642 is hy oorlede en in die Pieterskerk te Leiden begrawe.[6]

Hoewel die nasionale sinode in hoofsaak byeengekom het om 'n leerkwessie te besleg, is die sinode hier veral van belang vanweë die kerkorde wat opgestel is. Eintlik is daar nie 'n nuwe orde opgestel nie, maar is die kerkorde van Den Haag 1586 slegs bespreek en op enkele punte gewysig. Hier is dus nie sprake van 'n nuwe kerkorde nie, maar 'n voortbou op grondslae wat reeds gelê en ordes wat reeds aanvaar was.

Hoewel die kerkorde wat te Dordrecht opgestel is sekere toegewings aan die owerheid maak (bv art 28 en art 34 van die kerkorde van Den Haag wat oorgeneem is as art 37) en dus die nog steeds lastige, gedeeltelike onderhorigheid aan die owerheid aanvaar het, kon dit nie meebring dat die Dordtse kerkorde deur die owerhede aanvaar is nie.

Na die aanvaarding van die kerkorde het 'n kerklike kommissie gelei deur Bogerman, die Staten-Generaal opgesoek en die kerkorde daar voorgelê. Daar is ook die versoek gerig dat die owerheid hierdie kerkorde sal aanvaar en dit ook dwarsdeur die land sou laat goedkeur en in werking laat stel. Hoewel die Staten-Generaal dié kerkorde aan die provinsiale staten voorgelê het, het daar van 'n algemene aanvaarding nie veel gekom nie.

In die provinsie *Holland* het die staten die kerkorde nié aanvaar nie, omdat die staten 'n groter seggenskap in die kerklike regering en aangeleenthede wou gehad het as waarvoor die kerkorde voorsiening gemaak het. Dáárom het die staten die kerkorde nié aanvaar nie maar 'n eie kerkorde wéér laat opstel, dit wil sê 'n kerkorde waarin die staten die kerkorde van 1619 verander het volgens hulle insigte, en dit aan 'n provinsiale sinode voorgelê. Die provinsiale sinodes het dié orde verwerp en wou met niks minder tevrede wees as die aanvaarding van die kerkorde van 1619 nie. Dit is konsekwent deur die staten geweier en in 1624 het die staten besluit dat die *status quo* wat voor 1618–1619 bestaan het, gehandhaaf sou bly. Dit het dus beteken dat die Dordtse kerkorde nooit formeel in die provinsie Holland gegeld het nie en daar het dit nie méér mag as 'n ontwerp gehad nie.

Min of meer dieselfde het in die provinsie *Friesland* gebeur. Ook daar was die beswaar dat die gesag van die owerheid in kerklike sake té veel ingekrimp is. Daarom is besluit om maar by die vroeëre reëlings op hierdie gebied te bly.

In die provinsie *Zeeland* is die Dordtse kerkorde ook nie aangeneem nie, maar is volstaan om die kerkorde van 1591 te handhaaf wat deur die staten van Zeeland aanvaar is.

In die provinsie *Utrecht* is die Dordtse kerkorde, nadat verdere toeligting deur Bogerman gegee is, aanvaar en ingevoer. Dieselfde het gebeur in die provinsie *Gelderland* en in die provinsie *Overijssel*. In Groningen is die Dordtse kerkorde nié aangeneem nie en is die eie kerkorde daar gehandhaaf. In die provinsie *Drenthe* is die kerkorde ook nie aanvaar nie en is in 1638 'n eie kerkorde aanvaar.

Die hoop van die nasionale sinode dat nou 'n algemene kerkorde wat dwarsdeur die Nederlandse republiek sou geld, aanvaar sou word, is dus nie bewaarheid nie. Dit is dan ook belangrik om daarop te let dat die Dordtse kerkorde maar relatiewe aanvaarding geniet het. In die provinsie Holland, waaronder die klassis Amsterdam

geval het wat op sy beurt vanaf 1652–1804 die gang van kerklike sake aan die Kaap onder sy sorg gehad het, het die Dordtse kerkorde dus nooit gegeld nie. Die kerkorde wat die gang van sake in dié klassis beheer het, was die kerkorde wat deur die nasionale sinode van Den Haag opgestel is. Die enigste manier waarop die verskillende provinsiale sinodes na 1619 die gemeenskaplikheid en die eenheidsband kon bewaar, was deur middel van korrespondensie, maar dit het ook nie altyd ewe vlot verloop nie. Die totstandkoming van 'n werklike organiese eenheid van die kerk van die Hervorming in Nederland, het dan ook in die eerste eeue 'n ideaal gebly.

So het die kerkorde van Dordrecht wat in baie opsigte beskou kan word as die klassieke uitdrukking van die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering, soos dit in Nederland in die sestiende en sewentiende eeu ontwikkel het, eintlik nooit werklik tot sy reg gekom het nie. Tog het dié kerkorde 'n besonder groot invloed op die kerkregtelike denke uitgeoefen.

2 Die inhoud van die kerkorde

Soos reeds aangetoon, is die kerkorde wat in 1619 te Dordrecht tot stand gekom het, vir 'n baie groot deel gebaseer op die kerkorde wat die nasionale sinode van Den Haag 1586, ontwerp het.[7] Die kerkorde is verdeel in vier hoof-afdelings, nl

(i) Oor die dienste of ampte, art 2–28.
(ii) Oor die kerklike vergaderings, art 29–52.
(iii) Oor die leer, sakramente en seremonies, art 53–70
- Die doop, art 55–60.
- Die nagmaal, art 61–63.
- Orde van die preekdienste, art 64–70.

(iv) Oor die sensuur en kerklike vermanings, art 71–86.

(a) *Die dienste of ampte*

Andermaal word hier die vier ampte genoem, tw die dienaars van die Woord, die doktore (= professore), die ouderlinge en die diakens. Niemand kan tot één van hierdie dienste toegelaat word as hy nie wettig op die omskrewe wyse daartoe beroep is nie. Iemand wat hom indring sonder beroep, loop dan ook gevaar om as *skeurmaker* beoordeel te word (art 3).

Die medewerking met die owerheid ten opsigte van predikant se beroep word omskrywe (art 4 en 5) en toon aan dat die sinode op hierdie punt 'n belangrike toegewing aan die owerheid gemaak het.

In art 8 word voorsiening daarvoor gemaak dat ook diegene wat nié 'n akademiese opleiding gehad het nie, tot die diens van die Woord toegelaat kan word. Die vereistes wat dan gestel word is: "singuliere gaven, godzaligheid, ootmoedigheid, zedigheid, goed verstand, en diskretie, mitsgaders gaven van welsprekendheid". Na goedkeuring deur die sinode kan die klassis so 'n persoon eksamineer en na 'n proefpreek beroepbaar stel.[8]

Belangrik is dit om daarop te let dat *die kerkraad* die bevoegdheid het om vas te

stel wie in die gemeente sal preek of die sakramente mag bedien (art 15) – 'n opdrag wat direk saamhang met die ouderlinge se opsigtaak ten opsigte van die verkondiging, soos aangedui in die formulier vir die bevestiging van ouderlinge (sien ook art 16).

'n Nuwe artikel wat ingevoeg word en nie in die kerkorde van Den Haag voorkom nie, is die nadere omskrywing van die verhouding tot die owerheid in art 28. Dit is waarskynlik dat hierdie uiteensetting ingevoeg is omdat gehoop is dat met hierdie toegewing die owerheid beweeg kan word om die kerkorde amptelik goed te keur.

Artikel 28 formuleer eers die roeping van die owerheid ten opsigte van die kerk en vervolgens die taak van die kerk ten opsigte van die owerheid. Ten opsigte van die owerheid word die teokratiese gedagte, soos geformuleer in art 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis andermaal beklemtoon, en volgens daardie opvatting is dit ook die taak van die owerheid om die prediking van die suiwere evangelie te beveel én om die valse kerk of godsdiens uit te roei. Die kerk se taak is dan om gehoorsaamheid, liefde en eerbied ten opsigte van die owerheid by sy lidmate in te skerp. Op dié wyse sal die wedersydse goeie betrekkinge tussen owerheid en kerk gehandhaaf kan word.

(b) *Die vergaderings*

Andermaal word die vier kerklike vergaderings aangedui (art 29) en in art 30 word die eiesoortigheid van die kerk, die kerklike vergaderings en kerklike optrede beklemtoon, terwyl terselfdertyd 'n sekere grens gestel word ten opsigte van dié dinge wat tuishoort op 'n kerklike vergadering. Dié artikel lui: "In deze samenkomsten zullen geen andere, dan kerkelijke zaken en hetzelve op kerkelijke wijze, gehandeld worden".[9] Terselfdertyd word die verhoudinge ook omskrywe as aangedui word dat die meerdere vergadering slegs dié dinge sal behandel wat die mindere vergadering nie kon afhandel nie. Hier word dus *die verantwoordelikheid* van elke vergadering beklemtoon. Dit is 'n poging om die neiging, wat maar al te menslik is, te bekamp, naamlik dat die mindere vergadering sy beslissingsverantwoordelikheid afskuif na 'n meerdere vergadering omdat die beslissing soms lastig of onplesierig is. Hierdie neiging, waarteen uiteindelik selfs die omskrewe kerklike ordening magteloos is, kan in laaste instansie alléén deur die verantwoordelikheidsbesef en die gesindheid van die ampsdraers en die lede van die verskillende vergaderings verander word of in die regte bane bly.

Artikel 33 noem die noodsaaklikheid dat die afgevaardigdes na die meerdere vergaderings voorsien moet word van *kredentiebrieven* (= geloofsbriewe) en ook *instruktiën*, dit wil sê spesifiek-omlynde opdragte. Beide moet behoorlik gewaarmerk wees. Die aangeleentheid van die spesifiek-omlynde opdragte van die verskillende verteenwoordigers op die meerdere vergaderings, bepaal natuurlik tot op sekere hoogte die *kwaliteit van die meerdere vergadering*. Oor hierdie aangeleentheid sal elders uitvoeriger gehandel word.

Opmerklik en samehangend met die hele aangeleentheid van die verhouding met

die owerheid, is die sittingsreg wat op die kerkraadsvergadering én meerdere vergaderings gegee word aan die plaaslike owerhede.

Artikel 44 bepaal, uitgebreider en vollediger as Den Haag 1586 die beginsel van *die kerkvisitasie*. Aangesien die moderamen van die klassikale vergadering ná die afsluiting van die vergadering nié hulle funksies behou nie, is bepaal dat "twee van de oudste, ervarenste en geschikste" predikante vir 'n jaar aangestel sal word om die visitasiewerk te doen. Hulle taak was omvattend, naamlik om vas te stel of die predikante, kerkrade en skoolmeesters–

(i) hulle ampte getrou waarneem en uitvoer;
(ii) by die suiwere leer bly;
(iii) die kerklike orde onderhou;
(iv) die stigting (= die opbou in die geloof) van die gemeente én die jeug bevorder.

Die visitatore moes hierdie taak volvoer sodat hulle *betyds*, deur 'n broederlike vermaning, nalatighede kan aandui en laat regstel en terselfdertyd die vrede en opbou van kerk en skool kan aanhelp.

Die verskillende kerklike vergaderings moes ook reëlmatig vergader. Die klassis vier maal per jaar, die provinsiale sinode een maal per jaar en die nasionale sinode een maal elke drie jaar.

(c) *Die leer, sakramente en seremonies*

Artikel 53 bepaal dat alle predikante, professore in die teologie (en selfs dié universiteitsprofessore wat nié aan die teologiese fakulteit behoort nie), die geloofsbelydenis moet onderteken. Om hierdie ondertekening verder te verduidelik het die vergadering besluit: "Is vasgesteld te ontwerpen een akkuraat formulier van ondertekening van de belijdenis, de katechismus en de verklaring der synode, waarmede alle kerkendienaren hun overeenstemming in de rechtzinnige leer klaarlijk betuigen, en de uitvluchten van sommigen waarmede zij de kerken plegen te bedriegen, voorkomen worden." Die ondertekeningsformule is dan ook opgestel. Hiermee is die einde van 'n bepaalde ontwikkeling bereik. Met die convent van Wezel 1568 was dit nog voldoende dat die predikant *mondeling* sy aanvaarding van die belydenis en kategismus verklaar het. By Emden 1571 word al *ondertekening* vereis, maar dan bestaan daar nog nie 'n spesifieke formule nie. Die gebruik was dat die predikante eenvoudig hulle handtekening geplaas het onder 'n afskrif van die belydenisskrifte. Dit is so ver as wat die saak sinodaal gevoer is. Maar op klassikale vlak is verder gegaan, veral as die Arminiaanse twiste die kerk beroer. Dan begin die klassikale vergaderings, wat die aankomende predikante moes toelaat tot die amp, om 'n duideliker ondertekening te vereis as die gebruiklike.

Jansen[10] toon aan dat die klassis Alkmaar in 1608 vir die eerste maal in die Nederlandse kerk 'n ondertekeningsformule opgestel het wat uit twee dele bestaan, naamlik 'n verklaring van instemming met die Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis en ten tweede 'n belofte dat die ondertekenaar aan dié leer wil vashou en alle dwalings wat daarteen stry, openlik sal verwerp. Daarná het die

klassis Buren 'n nuwe formule opgestel in 1610 wat dieselfde inhoud het as dié van Alkmaar, behalwe dat die kettery van Arminius uitdruklik genoem word. Daarna het die provinsiale sinode van Zeeland, ook in 1610, 'n formule opgestel wat soos volg lui:[11]

"Wy dienaren des woords hier onderschr. verclaren met dese onderteeckeninghe, dat wy metter herten gelooven ende gevoelen, dat alle de artickelen ende leerstucken, begrepen ende verclaert in dese Confessie ende Catechismus, de minste met de meeste, den woorde Godes in alles conform syn, ende beloven oock midsdesen heylichlyck, dat wy naer eysch der gelegentheyt alle dezelve leerstucken opentlyck ende int byzondere zullen leeren ende voorstaen. Ende indien wy tot eenichen tyden eenich gevoelen ofte bedencken zouden mogen crygen tegens eenich artickel ofte leerstuck, in de voorz. Confessie of Catechismo begrepen, dat wy datzelve noch oopentlyck noch heymelyck zullen voorstellen dan ordentlyck in classikale ofte synodale vergaderinghen, op pene van als scheurmakers gecensureert te worden. Ende indien tot eenige tyden de classis ofte synodus zoude mogen goetvinden, om de eenicheyt in de leere te onderhouden, van ons te eysschen onze naerdere verclaren often gevoelen over eenich artickel van de voorz. Confessie ofte Catechismus, soo beloven wy oock mitsdesen, dat wy daertoe t'allen tyden zullen bereyt ende willich syn sonder eeniche weygeringhe, op pene als boven."

Terselfdertyd is ook 'n ondertekeningsformule ten opsigte van die kerkorde opgestel waarin die ondertekenaar verklaar dat in die kerkorde–

(i) niks strydig met die Woord van God is nie;
(ii) dat hy hom sorgvuldig aan dié orde sal hou;
(iii) indien hy besware teen kerklike uitsprake en dergelike meer sou hê, om dit dan op die voorgeskrewe kerklike wyse te hanteer.[12]

Daarna het die provinsiale sinode van Gelderland in 1612 ook 'n ondertekeningsformule opgestel wat sowel die formule van Alkmaar as Zeeland as voorbeeld gebruik het. Die formule van Gelderland bevat dan ook dieselfde elemente as dié van die formule hierbo genoem.[13]

Juis vanweë die versoek van die provinsiale sinode van Zuid-Holland, het die sinode van Dordrecht 'n ondertekeningsformule opgestel. Hierdie ondertekeningsformule bevat in hoofsaak presies dieselfde elemente as dié van Zeeland.

Die Dordtse formule lui soos volg:

"Wij ondergeschreven Bedienaren des Goddelyken Woords, ressorterende onder de classe van NN verklaren opregtelyk en in goeder conscientie voor den Heere, met dese onze ondertekening, dat wij van herten gevoelen en gelooven, dat alle de Artikelen en stukken der Leere, in de Belijdenis en Catechismus der Gereformeerde Nederlandsche Kerken begrepen, mitsgaders de Verklaring over eenige Poincten der voorseyde Leere in de Nationale Synodus, Anno 1619 tot Dordregt gedaan, in alles met Gods Woord over eenkomen: Beloven derhalven dat Wy de

voorseyde Leere neerstelyk sullen leeren en getrouwelyk voorstaan, sonder yet tegen deselve leere, 't zy opentlyk of heymelyk, directelyk of indirectelyk te leeren of te schryven. Gelyk ook, dat wy niet alleen alle dwalingen tegen deese Leere strijdende, en met namen ook die in de voorseyde Synodus syn veroordeelt, verwerpen, maar dat wy ook genegen zyn, deselve te wederleggen, tegen te spreken, en allen arbeyt aan te wenden om deselve vyt de Kerke te weren. En indien het soude moge gebeuren, dat wy na desen eenig bedenken of ander gevoelen tegen dese Leere kregen, beloven wy dat wy 't selve nog openlyk nog heymelyk, sullen voorstellen, leeren of verdedigen met prediken of schrijven: dat wy 't selve alvoren den Kerkenraad, Classis en Synodus sullen openbaren, om daar geëxamineert te worden: bereyd zijn t' aller tyd ons het oordeel des Kerkenraads, Classis of Synodi gewilliglijk te onderwerpen: op poene dat wy hier tegen doende, metter daad (= ipso facto) van onse diensten gesuspendeert sullen zijn. En indien de Kerkenraad, Classis of Synodus t' eeniger tijd om gewigtige redenen van nadenken, om te behouden de eenigheyd en suyverheyd der Leere, goed vond van ons te eyschen nadere verklaringe van ons gevoelen over eenigen Artykel deser belydenis, des Catechismi of verklaringe des Synodi Nationalis; zoo beloven wy ook mits desen, dat wy t' aller tyd daar toe sullen willig en bereid syn, op poene als boven. Behoudens nogtans het regt van appel, ingevalle wy mischien door sententie des Kerkenraads, des Classis of Synodi meenden beswaart te zyn; gedurenden welken tyd van appel, wy ons met de vytspraak en 't oordeel des Provincialen Synodi sullen te vreden houden."

Met betrekking tot die professore is 'n aparte ondertekeningsformule opgestel wat nie veel verskil van dié wat deur die predikante onderteken is nie. In die praktyk het dit egter nooit so ver gekom dat die teologiese professore aan die universiteite, om van dié in die ander fakulteite nie te praat nie, die formule onderteken het nie. Alleen die teologiese professore te Groningen het die formule onderteken maar dié wat verbonde was aan die universiteite in Leiden, Nijmegen, Harderwijk, Franeker en Utrecht het konsekwent geweier. Dit waarskynlik omdat die formule onderwerping aan die provinsiale sinode vereis en die provinsiale owerhede wat die professore aangestel het, dit verbied het.[14] Hier het andermaal die botsing van belange tussen die kerk en owerheid na vore getree en het dit geblyk dat die kerk se teokratiese opvattings nie deur die owerheid gedeel is nie.

Tog het die sinode nog geformuleer "dat de professoren der theologie verboden worden nieuwe gevoelens voor te stellen, strijdende tegen dié der leer, welke in die kerk aangenomen is en dat het hun niet toegestaan worde problematisch enige skrupulen tegen de aangenomen leer lichtvaardiglijk op te werpen". Maar ook van hierdie besluit sou nie veel tereg kom nie, juis omdat die professore hulle nié aan die kerklike gesag onderwerp het nie. So het die situasie ontstaan dat die teologiese professore wat ook besig was met die opleiding van predikante vir die kerk, na hulle aanstelling aan die universiteit eintlik geen verantwoordelikheid meer aan die kerk verskuldig was nie. Uiteindelik het dié situasie dan ook in later tyd

ontstaan dat deur die selfstandige universiteitsowerhede *teologiese* professore aangestel kon word wat met alle mag en geweld die belydenis van die kerk aangeval het!

Ten opsigte van *doop*, *nagmaal*, die *preektye* en die *seremonies* word die reëlings van Den Haag 1586 sonder belangrike wysigings oorgeneem. Die slothoofstuk oor die *sensuur en die kerklike vermaning* is ook geen belangrike nuwe hoofstuk nie, maar slegs die bekragtiging van die reeds bestaande beginsels wat hier al vantevore gestel is.

Art 82–83 handel dan ten slotte oor attestate; art 84 is die anti-hiërargiese formule wat by Emden die kerkorde ingelui het; art 85 handel oor die verhouding met buitelandse kerke en art 86 oor die wysiging van die kerkorde.

3 Die teks van die kerkorde[15]

KERKEN-ORDE
VAN
DE SYNODE NATIONAAL 1618 EN 1619

1 Om goede orde in de gemeente van Christus te onderhouden, zijn daarin noodig de diensten, samenkomsten, opzicht der leer, sacramenten en ceremoniën, en Christelijke straf. Waarvan hierna ordelijk zal gehandeld worden.

HOOFDSTUK I

Van de diensten

2 *Diensten.* De diensten zijn vierderlei: der dienaren des Woords, der doctoren, der ouderlingen en der diakenen.

3 *Wie niet beroepbaar zijn.* Het zal niemand, alhoewel hij een doctor, ouderling of diaken is, geoorloofd zijn den dienst des Woords en der sacramenten te betreden,zonder wettelijk daartoe beroepen te zijn. En wanneer iemand daar tegen doet en meermalen vermaand zijnde niet aflaat, zoo zal de classe oordeelen, of men hem voor een scheurmaker verklaren, of op eenige andere wijze straffen zal.

4 *Beroeping.* De wettelijke beroeping dergenen, die te voren in den dienst niet geweest zijn, zoowel in de steden als ten platten lande, bestaat: Ten eerste, in de verkiezing, dewelke na voorgaande vasten en bidden geschieden zal door den kerkeraad en de diakenen, en dat niet zonder goede correspondentie met de Christelijke overheid ter plaatse respectievelijk en voorweten of advies van de classe, waar 't zelve tot nogtoe gebruikelijk is geweest. Ten andere, in de examinatie of onderzoeking beide der leer en des levens, dewelke staan zal bij de classe, ten overstaan van de gedeputeerden der synode, of eenige derzelve. Ten derde, in de Approbatie en goedkenning van de overheid en daarna ook van de lidmaten der Gereformeerde gemeente van de plaats, wanneer de naam des dienaars, den tijd van veertien dagen in de kerken verkondigd zijnde, geen hindernis daartegen komt. Ten laatste, in de openlijke bevestiging voor de gemeente, dewelke met behoorlijke stipulatiën en afvragingen, vermaningen en gebed en oplegging der handen van den dienaar, die de bevestiging doet (of eenigen anderen, waar meer dienaren zijn) toegaan zal, naar het formulier daarvan zijnde. Welverstaande, dat de oplegging der handen zal mogen

gedaan worden in de classicale vergadering aan den nieuwen gepromoveerden dienaar, die gezonden wordt in de kerken onder het kruis.

5 *Verplaatsing.* Nopens die dienaars, die nu alreede in den dienst des Woords zijnde tot eene andere gemeente beroepen worden, zal desgelijks zoodanige beroeping met correspondentie als voren geschieden, zoowel in de steden als ten platten lande, bij den kerkeraad en diakenen met advies of approbatie van de classe; alwaar de voorzeide beroepenen vertoonen zullen goede kerkelijke attestatie van leer en leven; en alzoo bij den magistraat van de plaatse respectievelijk geapprobeerd en der gemeente den tijd van veertien dagen voorgesteld zijnde, als boven, zullen met voorgaande stipulatiën en gebeden bevestigd worden. Onverkort, in't gene voren gezegd is, iemands deugdelijk recht van presentatie, of eenig ander recht, voor zooveel het stichtelijk kan worden gebruikt, zonder nadeel van Gods kerk en goede kerken-orde, waarop de hooge overheden en synoden der respectieve provinciën wel gelieven te letten, en ten beste van de kerken noodige orde te stellen.

6 *Heerlijkheden en gasthuizen.* Zal ook geen dienaar dienst mogen aannemen in eenige particuliere heerlijkheden, gasthuizen, of anderszins; tenzij dat hij voorhenen geadmitteerd en toegelaten zij, volgens de voorgaande artikelen; en zal ook niet minder dan andere aan de kerkenordening onderworpen zijn.

7 *Onder het kruis.* Niemand zal tot den dienst des Woords beroepen worden, zonder zich in eene zekere plaats te stellen, ten ware dat hij gezonden worde om hier of daar te prediken in de gemeente onder het kruis, of anderszins om kerken te vergaderen.

8 *Niet gestudeerde predikanten.* Men zal geen schoolmeesters, handwerkslieden, of anderen, die niet gestudeerd hebben, tot het predikambt toelaten, tenzij dat men verzekerd zij van hunne singuliere gaven, godzaligheid, ootmoedigheid, zedigheid, goed verstand en discretie, mitsgaders gaven van welsprekendheid. Zoo wanneer dan zoodanige personen zich tot den Dienst presenteeren, zal de classe hen (indien het de synode goedvindt) eerst examineeren, en, naardat zij hen in't examen bevindt, hen een tijdlang laten in't privé proponeeren, en dan voorts met hen handelen, zooals zij oordeelen zal stichtelijk te wezen.

9 *Nieuwelingen.* Nieuwelingen, mispriesters, monniken, en die anderszins eenige sekte verlaten, zullen niet toegelaten worden tot den kerkedienst, dan met groote zorgvuldigheid en voorzichtigheid, nadat zij ook eenen zekeren tijd eerst wel beproefd zijn.

10 *Toelating des dienstes.* Een dienaar eens wettelijk beroepen zijnde, mag de gemeente, waar hij zonder conditie aangenomen is, niet verlaten, om elders eene beroeping aan te nemen, zonder bewilliging des kerkeraads met de diakenen, en diegenen die te voren in dienst van ouderlingschap en diakenschap geweest zijn, mitsgaders die van den magistraat, en met voorweten van de classe gelijk ook geene andere kerk hem zal mogen ontvangen, eer hij wettelijke getuigenis zijns afscheids van de kerk en classe, waar hij gediend heeft, vertoond hebbe.

11 *Onderhoud der diensten.* Aan de andere zijde zal de kerkeraad, als representeerende de gemeente, ook gehouden zijn hare dienaars van behoorlijk onderhoud te verzorgen, en zonder kennis en oordeel der classe niet te verlaten; dewelke ook bij gebrek van onderhoud, zal oordeelen of de voorschreven dienaars te verzetten zijn of niet.

12 *Bij de gemeente blijven.* Dewijl een dienaar des Woords, eens wettelijk als boven beroepen zijnde, zijn leven aan den kerkedienst verbonden is, zoo zal hem niet geoorloofd

zijn, zich tot eenen anderen staat des levens te bewegen: tenzij om grootte en gewichtige oorzaken, waarvan de classe kennis nemen en oordeelen zal.

13 *Emeriti.* Zoo het geschiedt dat eenige dienaars door ouderdom, ziekte, of anderszins onbekwaam worden tot uitoefening huns dienstes, zoo zullen zij nochtans desniettemin de eere en den naam eens dienaars behouden, en van de kerk, die zij gediend hebben, eerlijk in hunne nooddruft (gelijk ook de weduwen en weezen der dienaren in't gemeen) verzorgd worden.

14 *Nalaten van den dienst.* Zoo eenige dienaars om de voorschreven of eenige andere oorzaken hunnen dienst voor eenen tijd onderlaten moesten, 't welk zonder advies des kerkeraads niet geschieden zal, zoo zullen zij nochtans ten allen tijde de beroeping der gemeenten onderworpen zijn en blijven.

15 *Elders prediken.* Het zal niemand geoorloofd zijn, den dienst zijner kerk onderlatende, of in geenen zekeren dienst zijnde, hier en daar te gaan prediken buiten consent en autoriteit der synode of classe. Gelijk ook niemand in eene andere kerk eeniger predikatie zal mogen doen, of sacramenten bedienen, zonder bewilliging des kerkeraads.

16 *Der dienaren ambt.* Der dienaren ambt is, in de gebeden en bediening des Woords aan te houden, de sacramenten uit te reiken, op hunne medebroeders, ouderlingen en diakenen, mitsgaders de gemeenten goede acht te nemen, en ten laatste met de ouderlingen de kerkelijke discipline te oefenen, en te bezorgen dat alles eerlijk en met orde geschiede.

17 *Gelijkheid.* Onder de dienaren des Woords zal gelijkheid gehouden worden, aangaande de laesten huns dienstes, mitsgaders ook in andere dingen, zooveel mogelijk is, volgens het oordeel des kerkeraads, en (dies van noode zijnde) der classe; hetwelk ook in ouderlingen en diakenen te onderhouden is.

18 *Doctoren en professoren.* Het ambt der doctoren of professoren in de theologie is, de Heilige Schrifture uit te legen, en de zuivere leer tegen de ketterijen en dolingen voor te staan.

19 *Studenten.* De gemeenten zullen arbeiden der er studenten in de theologie zijn, die door haar ex bonis publicis onderhouden worden.

20 In de kerken waar meer bekwame predikanten zijn, zal men't gebruik der propositiën aanstellen om door zulke oefeningen eenigen tot den dienst des Woords te bereiden, volgende in deze de orde daarvan, bij deze synode specialijk gesteld.

21 *Schoolmeesters.* De kerkeraden zullen alomme toezien, dat er goede schoolmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leeren lezen, schrijven, spraken en vrije kunsten, maar ook dezelve in de godzaligheid en in den Catechismus onderwijzen.

22 *Ouderlingen en diakenen.* De ouderlingen zullen door het oordeel des kerkeraads en der diakenen verkoren worden; zoo dat het naar de gelegenheid van een ieder kerke vrij zal zijn, zoo vele ouderlingen als er van noode zijn aan de gemeente voor te stellen, om van die zelve (ten ware dat er eenig beletsel voorviel) geapprobeerd en goed gekend zijnde, met openbare gebeden en stipulatiën bevestigd te worden: – of een dubbel getal, om het halve deel bij de gemeente verkoren te worden, en op dezelfde wijze in den dienst te bevestigen, volgens het formulier daarvan zijnde.

23 *Ouderlingen.* Der ouderlingen ambt is, behalve 't gene dat boven, in artikel zestien, gezegd in hun met den dienaar des Woords gemeen te zijn, opzicht te hebben, dat de dienaren, mitsgaders hunne andere medehelpers en diakenen hun ambt getrouwelijk bedienen, en de bezoeking te doen. Naardat de gelegenheid des tijds en der plaats, tot stichting der gemeente, zoo voor als na het nachtmaal kan lijden, om bijzonder de lidmaten der gemeenten te vertroosten en te onderwijzen, en ook anderen tot de Christelijke religie te vermanen.

24 *Diakenen.* Dezelfde wijze die van de ouderlingen gezegd is, zal men ook onderhouden in de verkiezing, approbatie en bevestiging der diakenen.

25 Der diakenen eigen ambt is, de aalmoezen en andere armengoederen naarstiglijk te verzamelen, en die getrouwelijk en vlijtiglijk, naar den eisch der behoeftigen, beide der ingezetenen en vreemden, met gemeen advies uit te deelen, de benauwden te bezoeken en te vertroosten, en wel toe te zien dat de aalmoezen niet misbruikt worden, waarvan zij rekening zullen doen in den kerkeraad, en ook (zoo iemand daar bij wil zijn) voor de gemeenten, op zulken tijd als de kerkeraad het goed vinden zal.

26 *Aalmoezeniers.* De diakenen zullen ter plaatse waar huiszittenmeesters of andere aalmoezeniers zijn, van deze begeeren goede correspondentie met hen te willen houden, teneinde de aalmoezen te beter uitgedeeld mogen worden onder degenen die meest gebrek hebben.

27 *Twee jaren dienen.* De ouderlingen en diakenen zullen twee jaar dienen, en alle jaar zal het halve deel veranderd, en anderen in de plaats gesteld worden, ten ware dat de gelegenheid en het profijt van eenige kerken anders vereischte.

28 *Overheden.* Gelijk het ambt der Christelijke overheden is, den heiligen kerkedienst in alle manieren te bevorderen, denzelven met haar exempel den onderdanen te recommandeeren, en aan de predikanten, ouderlingen en diakenen in allen voorvallenden nood de hand te bieden, en bij haar goede ordening te beschermen, alzoo zijn alle predikanten, ouderlingen en diakenen schuldig, de gansche gemeente vlijtiglijk en oprechtelijk in te scherpen de gehoorzaamheid, liefde en eerbiedinge, die zij den magistraten schuldig zijn; en zullen alle kerkelijke personen met hun goed exempel in dezen de gemeente voorgaan, en door behoorlijk respect (en correspondentie) de gunst der overheden tot de kerken zoeken te verwekken en te behouden; teneinde een ieder het zijne, in des Heeren vreeze, aan wederzijde doende, alle achterdenken en wantrouwen moge worden voorkomen, en goede eendracht tot der kerken welstand onderhouden.

HOOFDSTUK II

Van de kerkelijke samekomsten

29 *Samenkomsten.* Vierderlei kerkelijke samenkomsten zullen onderhouden worden: de kerkeraad, de classicale vergaderingen, de particuliere synode, en de generale of nationale.

30 In deze samenkomsten zullen geene andere, dan kerkelijke zaken, en dezelve op kerkelijke wijze verhandeld worden. In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dat 't gene dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerdere vergadering in 't gemeen behoort.

31 Zoo iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich op eene meerdere kerkelijke vergadering beroepen mogen; en 't gene door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden. Tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze generale synode besloten, zoo lang als dezelve door geene andere generale synode veranderd zijn.

32 *Handelingen.* De handelingen aller samenkomsten zullen met aanroeping des Naams Gods aangevangen, en met eene dankzegging besloten worden.

33 *Credentiën.* Die tot de samenkomsten afgezonden worden, zullen hunne credentiebrieven en instructiën, onderteekend zijnde van degenen die ze zenden, medebrengen, en deze zullen alleen keurstemmen hebben.

34 *Scriba.* In alle samenkomsten zal bij den praeses een scriba gevoegd worden, om naarstiglijk op te schrijven, 't gene waardig is opgeteekend te zijn.

35 *Praeses.* Het ambt van den praeses is, voor te stellen en te verklaren 't gene te verhandelen is; toe te zien dat een iegelijk zijne orde houde in't spreken, den knibbelachtigen en die te heftig zijn in 't spreken, te bevelen dat zij zwijgen; en over dezelve, geen gehoor gevende, de behoorlijke censuur te laten gaan. Voorts zal zijn ambt uitgaan, wanneer de samenkomst scheidt.

36 *Subordinatie.* 't Zelfde zeggen heeft de classe over den kerkeraad, 't welk de particuliere synode heeft over de classe, en de generale synode over de particuliere.

37 *Kerkeraad.* In alle kerken zal een kerkeraad zijn, bestaande uit dienaren des Woords en ouderlingen, dewelke ten minste alle weken eens te zamen komen zullen, alwaar de dienaar de Woords (of dienaren, zoo daar meerdere zijn, bij gebeurte) presideeren en de actie regeeren zal. En zal ook de magistraat van de plaats respectievelijk, indien 't hun gelieft, een of twee van de hunnen, wezende lidmaten der gemeente bij den kerkeraad mogen hebben, om aan te hooren, en mede van de voorvallende zaken te delibereeren.

38 Welverstaande, dat in de plaatsen waar de kerkeraad van nieuws is op te richten, 't zelve niet geschiede, dan met advies van de classe. En waar 't getal van de ouderlingen zeer klein is, zullen de diakenen mede tot den kerkeraad mogen genomen worden.

39 In de plaatsen waar nog geen kerkeraad is, zal middeler tijd bij de classe gedaan worden, 't gene anders den kerkeraad naar uitwijzen dezer kerken-ordening opgelegd is te doen.

40 *Diaconale vergaderingen.* Insgelijks zullen de diakenen alle weken te zamen komen, om met aanroeping des Naams Gods, van de zaken hun ambt betreffende, te handelen; waartoe de dienaren goede opzicht zullen nemen, en des nood zijnde zich daarbij laten vinden.

41 *Classis.* De classicale vergaderingen zullen bestaan uit genabuurde kerken, dewelke elk een dienaar en een ouderling, ter plaatse en tijd bij hen in 't scheiden van elke vergadering goedgevonden (zoo nochtans, dat men 't boven de drie maanden niet uitstelle), daar henen met behoorlijke credentie afvaardigen zullen, in welke samenkomsten de dienaars bij gebeurte, of anderszins die van dezelve vergadering verkoren wordt, presideeren zullen,

zoo nochtans, dat dezelfde tweemaal achtereen niet zal mogen verkoren worden. Voorts zal de praeses onder anderen een iegelijk afvragen, of zij in hunne kerken hunne kerkeraadsvergadering houden; of de kerkelijke discipline geoefend wordt; of de armen en scholen bezorgd worden; ten laatste, of daar iets is, waarin zij 't oordeel en de hulp der classe tot rechte instelling hunner kerk behoeven. De dienaar, dien 't in de voorgaande classe opgeleid was, zal eene korte predicatie uit Gods Woord doen, van welke de andere oordeelen, en zoo daar iets in ontbreekt, aanwijzen zullen. Ten laatste, zullen in de laatste vergadering voor de particuliere synode verkoren worden, die op deze synode gaan zullen.

42 *Stemmen.* Waar in eene plaats meer predikanten zijn dan één, zullen die al te zamen in de classe mogen verschijnen en keurstemmen hebben, ten ware in zaken, die hunne personen of kerken in 't bijzonder aangaan.

43 *Censuur.* In 't einde van de classicale, en andere meerdere samenkomsten, zal men censuur houden over diegenen die iets strafwaardigs in de vergadering gedaan, of de vermaning der mindere samenkomsten versmaad hebben.

44 *Visitatoren.* Zal ook de classe eenige harer dienaren, ten minste twee van de oudste, ervarenste en geschikste autoriseeren, om in alle kerken, van de steden zoowel als van het platte land, alle jaar visitatie te doen, en toe te zien, of de leeraars, kerkeraden en schoolmeesters hun ambt getrouwelijk waarnemen, bij de zuiverheid der leer verblijven, de aangenomene orde in alles onderhouden, en de stichting der gemeente, mitsgaders der jonge jeugd naar behooren, zooveel hun mogelijk is, met woorden en werken bevorderen, teneinde zij diegenen, die nalatig in het een of het ander bevonden worden, in tijds mogen broederlijk vermanen en met raad en daad alles tot vrede, opbouwing, en 't meeste profijt der kerken en scholen helpen dirigeeren. En zal iedere classe deze visitatoren mogen continueeren in hunne bediening, zoo lang het haar zal goed dunken, ten ware dat de visitatoren zelven, om redenen, van dewelke de classe oordeelen zal, verzochten ontslagen te worden.

45 *Acten.* De kerk in dewelke de classe, en desgelijks de particuliere of generale synode samenkomt, zal zorg dragen, dat zij de acten der voorgaande vergadering, op de naastkomende bestelle.

46 *Instructiën.* De instructiën der dingen, die in meerdere vergaderingen te behandelen zijn, zullen niet eerder geschreven worden, voordat de besluitingen der voorgaande synoden gelezen zijn, opdat 't gene eens afgehandeld is, niet wederom voorgesteld worde, ten ware dat men iets achtte veranderd te moeten zijn.

47 *Synode.* Alle jaar (ten ware dat de nood eenen korteren tijd vereischte) zullen vier of vijf, of meer nagebuurde classen samenkomen, tot welke particuliere synode uit iedere classe twee dienaars en twee ouderlingen afgevaardigd zullen worden. In 't scheiden zoowel der particuliere als der generale synode, zal eene kerk verordend worden, die last hebben zal, om met advies der classe den tijd en de plaats der naaste synode te stellen.

48 *Correspondentie.* Het zal aan elk synode vrijstaan, correspondentie te verzoeken en te houden met hare genabuurde synode of synoden, in zulke forme, als zij meest profijtelijk achten zullen voor de gemeene stichting.

49 *Deputaten synodi.* Iedere synode zal ook eenigen deputeeren, om alles wat de synode geordonneerd heeft, te verrichten, zoowel bij de hooge overheid, als bij de respec-

tieve classen, onder haar sorteerende, mede om te zamen of in minder getal over alle examina der aankomende predikanten te staan. En voorts in alle andere voorvallende zwarigheden aan de classen de hand te bieden, opdat goede eenigheid, orde in zuiverheid der leer behouden en gestabilieerd worden. En zullen deze van al hunne handelingen goede notitie houden, om de synode rapport daarvan te doen, en zoo het geëischt wordt, redenen te geven. Ook zullen zij niet ontslagen wezen van hunnen dienst, voor en aleer de synode zelve hen daarvan ontslaat.

50 *Nationale synode.* De nationale synode zal ordinaarlijk alle drie jaren eens gehouden worden, ten ware dat er eenige dringende nood ware, om den tijd korter te nemen. Tot deze zullen twee dienaren en twee ouderlingen uit elke particuliere synode, beide van de Duitsche en Waalsche sprake, afgezonden worden. Voorts sal de kerk die last heeft om den tijd en de plaats der generale synode te benoemen (zoo dezelve binnen de drie jaren te beroepen ware) hare particuliere synode vergaderen, en dit ook der naast gelegene kerk, die van eene andere taal is, laten weten, dewelke vier personen daar henen zenden zal, om met gemeen advies van den tijd en de plaats te besluiten. Dezelfde kerk die verkoren is om de generale synode te zamen te beroepen, wanneer zij met de classe van den tijd en de plaats beraadslagen zal, zal dit der hooge overheid in tijds te kennen geven, opdat met haar weten, en (zoo het haar gelieft mede eenige te zenden tot de classe) van de zaak in tegenwoordigheid en met advies van hare gedeputeerde besloten worde.

51 *Duitsche en Waalsche kerk.* Alzoo in de Nederlanden tweërlei sprake gesproken wordt, is voor goed gehouden, dat de kerken der Duitsche en Waalsche taal, op haar zelve haar kerkeraad, classicale vergaderingen en particuliere synoden hebben zullen.

52 Is niettemin goedgevonden, dat in de steden, waar de voorzeide Waalsche kerken zijn, alle maanden sommige dienaren en ouderlingen van beide zijden vergaderen zullen, om goede eendracht en correspondentie met malkanderen te houden, en, zoveel mogelijk is, naar gelegenheid des noods met raad malkanderen bij te staan.

HOOFDSTUK III

Van de leer, sacramenten, en andere ceremoniën

53 *Onderteekening der formulieren door predikanten en professoren.* De dienaren des Woords Gods, en desgelijks de professoren in de theologie ('t welk ook den anderen professoren wel betaamt) zullen de belijdenis des geloofs der Nederlandsche kerken onderteekenen, en de dienaren die zulks refuseeren, zullen de facto van hunnen dienst bij den kerkeraad of classe opgeschort worden, tot ter tijd toe dat zij zich daarin geheellijk verklaard zullen hebben, en indien zij obstinatelijk in weigering blijven, zullen zij van hunnen dienst geheellijk afgesteld worden.

54 *Onderteekening der formulieren door schoolmeesters.* Insgelijks zullen ook de schoolmeesters gehouden zijn, de artikelen als boven, of in de plaats van die, den Christelijken Catechismus te onderteekenen.

55 *Approbatie der boeken.* Niemand van de Gereformeerde religie zal zich onderstaan eenig boek of schrift van hem of van een ander gemaakt of overgezet, handelende van de religie, te laten drukken, of anderzins uit te geven, dan 't zelve vooraf doorzien en goed gekend zijnde van de dienaren des Woords zijner classe, of particuliere synode, of professoren der theologie van deze provinciën, doch met voorweten zijner classe.

56 *Van den heiligen doop.* Het verbond Gods zal aan de kinderen der Christenen met den doop, zoo haast als men de bediening deszelven hebben kan, verzegeld worden, en dat in openbare verzameling, wanneer Gods Woords gepredikt wordt. Doch ter plaatse waar niet zoovele predicatiën gedaan worden, zal men eenen zekeren dag in de week verordenen, om den doop extra-ordinaarlijk te bedienen, zoo nochtans, dat 't zelve zonder predikatie niet geschiede.

57 De dienaars zullen hun best doen, en daartoe arbeiden, dat de vader zijn kind ten doop presenteere. En in de gemeenten, waar men nevens den vader ook gevaders of getuigen bij den doop neemt (welk gebruik, in zich zelven vrij zijnde, niet lichtelijk te veranderen is) betaamt het, dat men neme die de zuivere leer toegedaan en vroom van wandel zijn.

58 De dienaars zullen in 't doopen zoo der jonge kinderen als der bejaarde personen, de formulieren van de instelling en 't gebruik des doops, welke tot dien einde onderscheidenlijk beschreven zijn, gebruiken.

59 De bejaarden worden door den doop de Christelijke gemeente ingelijfd, en voor lidmaten der gemeente aangenomen, en zijn daarom schuldig het avondmaal des Heeren ook te gebruiken, 't welk zij bij hunnen doop zullen beloven te doen.

60 De namen der gedoopten, mitsgaders der ouders en getuigen, en desgelijks de tijd des doops, zullen opgeteekend worden.

61 *Van het heilig avondmaal.* Men zal niemand ten avondmaal des Heeren toelaten, dan die naar de gewoonheid der kerk, tot dewelke hij zich voegt belijdenis der Gereformeerde religie gedaan heeft, mitsgaders hebbende getuigenis eens vromen wandels, zonder welke ook degenen, die uit andere kerken komen, niet zullen toegelaten worden.

62 Een iedere kerk zal zulke manier van bediening des avondmaals houden, als zij oordeelt tot de meeste stichting te dienen. Welverstaande nochtans dat de uitwendige ceremoniën, in Gods Woords voorgeschreven, niet veranderd, en alle superstitie vermeden worde, en dat na de voleindiging der predikatie en der gemeene gebeden op den predikstoel, het formulier des avondmaals, mitsgaders het gebed daartoe dienende, voor de tafel zal worden gelezen.

63 Het avondmaal des Heeren zal alle twee maanden eens, zooveel het mogelijk is, gehouden worden; en zal stichtelijk zijn, waar het de gelegenheid der kerken lijden kan, dat op den Paaschdag, Pinksterdag en Kerstdag hetzelve geschiede. Doch ter plaatse waar nog geene kerkelijke orde is, zal men eerst ouderlingen en diakenen bij provisie stellen.

64 *Prediktijden.* Alzoo de avondgebeden in vele plaatsen vruchtbaar bevonden worden, zoo zal in 't gebruik derzelve elke kerk volgen 't gene zij acht tot hare meeste stichting te dienen. Doch wanneer men ze begeeren zoude weg te nemen, zal dit niet zonder 't oordeel der classe geschieden, mitsgaders der overheid de Gereformeerde religie toegedaan.

65 *Lijkpredikatiën.* Waar de lijkpredikatiën niet zijn, zal men ze niet instellen, en waar ze nu alreede zijn aangenomen, zal naarstigheid gedaan worden, om dezelve met de gevoeglijkste middelen af te doen.

66 *Biddagen.* In tijden van oorlog, pestilentie, duren tijd, zware vervolging der kerken

en andere algemeene zwarigheden, zullen de dienaars der kerken de overheid bidden, dat door hare autoriteit en bevel, openbare vast- en bededagen aangesteld en geheiligd worden.

67 *Feestdagen.* De gemeenten zullen onderhouden, benevens den Zondag, ook den Kerstdag, Paschen en Pinksteren, met den navolgenden dag, en dewijl in de meeste steden en provinciën van Nederland daarenboven nog gehouden worden de dag van de besnijding en de Hemelvaart Christi, zullen de dienaars overal waar dit nog in 't gebruik niet is, bij de overheden arbeiden, dat zij zich met de andere mogen conformeeren.

68 *Catechismus-prediken.* De dienaars zullen alomme des Zondags, ordinaarlijk in de namiddagsche predikatie, de somma der Christelijke leer in den Catechismus, die tegenwoordig in de Nederlandsche kerken aangenomen is, vervat, kortelijk uitleggen, alzoo dat dezelve jaarlijks mag geëindigd worden, volgens de afdeeling des Catechismus zelven daarop gemaakt.

69 *Psalmen.* In de kerken zullen alleen de 150 Psalmen Davids, de Tien Geboden, het Onze Vader, de 12 Artikelen des Geloofs, de Lofzangen van Maria, Zacharias en Simeon gezongen worden; 't Gezang: o God die onze Vader zijt, wordt in de vrijheid der kerken gesteld, om 't zelve te gebruiken of na te laten. Alle andere gezangen zal men uit de kerken weren, en waar er eenige alreeds ingevoerd zijn, zal men dezelve met de gevoeglijkste middelen afstellen.

70 *Huwelijks-ordonnantiën.* Alzoo bevonden wordt dat tot nogtoe verscheiden gebruiken in huwelijksche zaken alomme onderhouden zijn, en nochtans wel oorbaar is gelijkvormigheid daarin gepleegd te worden, zoo zullen de kerken blijven bij het gebruik, 't welk zij conform Gods Woord en voorgaande kerkelijke ordinantiën tot nogtoe onderhouden hebben, totdat bij de hooge overheid (die men daartoe met den eersten zal verzoeken) eene generale ordonnantie, met advies der kerkendienaren, daarop gemaakt zal zijn, tot dewelke deze kerkenordening zich in dit stuk refereert.

HOOFDSTUK IV

Van de censuur en kerkelijke vermaning

71 *Censuur.* Gelijkerwijs de Christelijke straf geestelijk is, en niemand van het burgerlijk gericht of straf der overheid bevrijdt, alzoo worden ook, benevens de burgerlijke straf, de kerkelijke censuren noodzakelijk vereischt, om den zondaar met de kerk en zijnen naaste te verzoenen, en de ergernis uit de gemeente Christi weg te nemen.

72 Wanneer dan iemand tegen de zuiverheid der leer, of vromigheid des wandels zondigt: zooverre als het heimelijk is, en geene openbare ergernis gegeven heeft, zoo zal de regel onderhouden worden, welken Christus duidelijk voorschrijft in Mattheus XVIII.

73 De heimelijke zonden, waarvan de zondaar bij een en in 't bijzonder, of voor twee of drie getuigen vermaand zijnde, berouw heeft, zullen voor den kerkeraad niet gebracht worden.

74 Zoo iemand van eene heimelijke zonde van twee of drie personen in liefde vermaand zijnde, geen gehoor geeft, of anderzins eene openbare zonde bedreven heeft, zal zulks den kerkeraad aangegeven worden.

75 Van al zulke zonden, die van haar nature wege openbaar, of door verachting der kerkelijke vermaningen in 't openbaar gekomen zijn, zal de verzoening (wanneer men zekere teekenen der boetvaardigheid ziet) openbaarlijk geschieden, door het oordeel des kerkeraads; en ten platten lande, of in mindere steden, waar maar één dienaar is, met advies van twee genabuurde kerken, in zulke forme en manier als tot stichting van een iedere kerk bekwaam zal geoordeeld worden.

76 Zoo wie hardnekkiglijk de vermaning des kerkeraads verwerpt, en desgelijks wie eene openbare of anderszins eene grove zonde gedaan heeft, zal van het avondmaal des Heeren afgehouden worden. En indien hij, afgehouden zijnde, na verscheidene vermaningen geen teeken der boetvaardigheid bewijst, zoo zal men ten laatste tot de uiterste remedie, namelijk de afsnijding, komen, volgens de forme naar den Woorde Gods daartoe gesteld. Doch zal niemand afgesneden worden, dan met voorgaand advies der classe.

77 *Ban.* Aleer men tot de afsnijding komt, zal men de hardnekkigheid des zondaars der gemeente openbaar te kennen geven, de zonden verklarende, mitsgaders de naarstigheid aan hem bewezen in 't bestraffen, afhouden van het avondmaal, en menigvuldige vermaningen, en zal de gemeente vermaand worden hem aan te spreken, en voor hem te bidden. Zoodanige vermaningen zullen er drie geschieden. In de eerste zal de zondaar niet genoemd worden, opdat hij eenigszins verschoond worde. In de tweede zal met advies der classe zijn naam uitgedrukt worden. In de derde zal men de gemeente te kennen geven, dat men hem (tenzij dat hij zich bekeere) van de gemeenschap der kerk uitsluiten zal, opdat zijne afsnijding, zoo hij hardnekkig blijft, met stilzwijgende bewilliging der kerk geschiede. De tijd tusschen de vermaning zal aan 't oordeel des kerkeraads staan.

78 *Ontheffing.* Wanneer iemand, die geëxcommuniceerd is, zich wederom wil verzoenen met de gemeente door boetvaardigheid, zoo zal hetzelve voor de handeling des avondmaals, of anderszins naar gelegenheid, te voren der gemeente aangezegd worden, teneinde hij ten naastkomenden avondmale (zooverre niemand iets weet voor te brengen ter contrarie) openbaarlijk met professie zijner bekeering weder opgenomen worde, volgens het formulier daarvan zijnde.

79 Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen eene openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelijk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen wel de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaande oordeel des kerkeraads der zelver en der naast gelegene gemeente van hunnen dienst afgeset, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van den dienst af te zetten zijn, zal aan 't oordeel der classe staan.

80 Voorts onder de grove zonden, die waardig zijn met opschorting of afstelling van den dienst gestraft te worden, zijn deze de voornaamste: valsche leer of ketterij, openbare scheurmaking, openlijke blasphemie, simonie, trouwelooze verlating zijns dienstes, of indringing in eens anderen dienst, meineedigheid, echtbreuk, hoereij, dieverij, geweld, gewoonlijke dronkenschap, vechterij, vuil gewin; kortelijk alle de zonden en grove feiten, die den bedrijver voor de wereld eerloos maken, en in een ander gemeen lidmaat der kerk der afsnijding waardig zouden gerekend worden.

81 De dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen zullen onder elkander de Christelijke censuur oefenen, en malkanderen van de bediening huns ambts vriendelijk vermanen.

82 *Attestatiën.* Dengenen die uit de gemeente vertrekken, zal eene attestatie of getuige-

nis huns wandels bij advies des kerkeraads medegegeven worden, onder het zegel der kerk, of, waar geen zegel is, van twee onderteekend.

83 *Armen.* Voorts zal de armen, om genoegzame oorzaken vertrekkende, van de diakenen bijstand gedaan worden, naar discretie, mits aanteekenende op den rug van hunne attestatie de plaatsen, waar zij henen willen, en de hulpe die men hun zal gedaan hebben.

84 *Heerschappij.* Geene kerk zal over andere kerken, geen dienaar over andere dienaren, geen ouderling of diaken over andere ouderlingen of diakenen eenige heerschappij voeren.

85 *Buitenlandsche kerken.* In middelmatige dingen zal men de buitenlandsche kerken niet verwerpen, die ander gebruik hebben dan wij.

86 Deze artikelen, de wettelijke ordening der kerken aangaande, zijn alzoo gesteld en aangenomen met gemeen accoord, dat zij (zoo het profijt der kerken anders vereischte) veranderd, vermeerderd of verminderd mogen en behooren te worden. Het zal nochtans geene bijzondere gemeente, classe of synode vrijstaan zulks te doen, maar zullen naarstigheid doen om die te onderhouden, totdat anders van de generale of nationale synode verordend worde.

Aldus gedaan en besloten in de nationale synode binnen Dordrecht den 28 Mei Anno 1619, in kennisse van ons ondergeschrevenen. (En was onderteekend)

JOHANNES BOGERMANNUS, Synodi praeses.
JACOBUS ROLANDUS, Assessor.
HERMANNUS FAUKELIUS, Praesidis assessor.
SEBASTIANUS DAMMAN, Synodi scriba.
FESTUS HOMMIUS, Synodi scriba.

4 Opmerkings oor die Dordt se kerkorde

Een van die lastige punte wat by Dordrecht na vore kom en wat ook 'n onderdeel van die Remonstrantse – Contra-Remonstrantse twis was, was die verhouding tussen kerk en owerheid. Die Remonstrantse standpunt word deur prof Episcopius baie duidelik gestel.[16]

> "Door oorzaak van deze twisten is opgerezen de kwestie van recht en de autoriteit van de overheid nopens de godsdienst, waarin wij de magistraat de opperste macht onder God en zijn heilig Woord van de twijfelachtige dingen des geloofs toeschrijven; de andere ten contrarie dit recht de magistraat ontnemen en aan de magistraat alleen toeschrijven ik weet niet wat blinde toestemming van de kerkelijke besluiten."

Die Contraremonstrante uitgaande van die verbondsgedagte, wat ook die agtergrond van die belydenisskrifte is, het kerk en volk en volk en kerk as een geheel gesien. By die Contraremonstrante het die begrip van *die volkskerk* sterk op die voorgrond gestaan. Daarom was hulle van oordeel dat die owerheid met sy gesag die volk ook in die Christelike tug moes hou, soos by Joh Calvyn in Genève. Die owerheid se taak was om saam te help om die volk te laat leef in gehoorsaamheid

aan die besluite van die vergaderings van die ampte. Daarom het die nasionale sinodes ook die "approbatie" van die nasionale en provinsiale staten vir hulle kerkordes verlang, want dit sou die kerkorde op dieselfde vlak plaas as die eie wetgewing van die owerheid.

Die Contraremonstrante wou egter onder geen omstandighede die owerhede toelaat om 'n kerkorde vir die kerk te maak nie, omdat dit sou beteken dat die owerheid 'n *ius in sacra* sou besit.

Tiperend ook van die volkskerkgedagte was dat die Contra-Remonstrante die owerheid die reg toegeken het om die nasionale sinode byeen te roep, die verteenwoordigers op te roep, die tyd en plek van die sinode te bepaal. Terselfdertyd het die owerheid óók aangedring dat bepaalde sake op die agenda geplaas is. Dit alles het geskied kragtens 'n owerheidsbesluit van November 1617 wat uit 17 artikels bestaan het.[17] Deur hierdie wet is die gang van sake op die sinode vir 'n baie groot deel bepaal.

Vir die Contraremonstrante was kerk en volk een en daarom was daar so 'n noue verbondenheid gehandhaaf en al was die hervormde kerk nie staatskerk nie, was dit tog baie duidelik *die bevoorregte kerk*. Vanuit hierdie standpunt het die kerklike vergaderings dan ook ten opsigte van die owerheid gestel: ". . . dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee nie en daaroor te waak nie, maar om ook die heilige Woordbediening in stand te hou, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder.

Hulle moet ook steun daaraan verleen dat die woord van die evangelie orals verkondig word, soos Hy in sy Woord beveel, sodat God deur elkeen geëer en gedien word".[18]

Die noue verbondenheid van owerheid en kerk was egter nie sonder gevare nie. Dit het allereers beteken dat die owerheid hom met die sake van die kerk bemoei het. Daarom het dit gebeur dat die verskillende stads- en ander owerhede medeseggenskap gekry het by die beroep van predikante en ook deur middel van kommissarisse inspraak by die vergaderings van die ampte, wat oor die kerk moes regeer, gehad het.

So is dit óók interessant om vas te stel dat die buitelandse teoloë te Dordrecht nie in die eerste plek deur hulle kerke gestuur is nie, maar deur hulle landsowerhede. Immers die Staten-Generaal het aan *die regerings* van ander lande gevra om bekwame teoloë na Nederland te stuur om hierdie probleem op te los waarvoor die sinode moes byeenkom. Hier word wel duidelik hoe 'n belangrike rol die owerheid gespeel het om die sinode byeen te roep en te voorsien van genoeg hulp om tot 'n beslissing te kom. Interessant is dat die owerheid die sinode van soveel gewig geag het dat 18 politieke kommissarisse die vergadering bygewoon het om ". . . alle confusie en verwarring te voorkomen . . .".

Uit die handelinge van Dordrecht blyk duidelik hoe nou owerheid en kerk saamgewerk het. Tog het dit nog nié beteken dat die owerheid self die gang van sake bepaal het nie. Dit het in die hande van die kerklike vergadering self gelê.

Tiperend ook van hierdie noue verbintenis van kerk en owerheid was dat die owerheid uiteindelik die verwerping van die Remonstrantse dwaalleer moes opvolg deur die Remonstrante te vervolg. Hier het dit feitlik net so gegaan as in die vroeë kerk waar keiser Konstantyn die Christelike kerk verlos van die vervolging deur die owerheid maar dan in Noord-Afrika die Donatiste vervolg. Ook by die sinode van Dordrecht en daarna word dit duidelik dat hoewel owerheid en kerk beide diensknegte van God is, dié twee diensknegte baie goed van mekaar onderskei moet word. 'n Vermenging van bevoegdhede het in die geskiedenis vir die kerk, op die lang duur, meer probleme geskep as wat dit opgelos het. Dit blyk onder andere dááruit dat ná Dordrecht die owerheid nooit meer 'n nasionale sinode wou laat vergader nie. Dit was vir die lewe en werk van die kerk in die Nederlande beslis nie bevorderlik nie.[19]

5 Die ontwikkeling op kerkregtelike vlak na Dordrecht 1619

Die kerkorde van Dordrecht, hoewel dit beskou kan word as die samevatting van die presbiteriaal-sinodale kerkregtelike sisteem soos dit in Nederland vanuit die breëre agtergrond van die Calvinisme ontwikkel het, het nooit werklik voluit in die praktyk gefunksioneer nie, en op die basis van hierdie kerkorde het dit ook nooit tot 'n werklike organiese eenwording van die kerk gekom nie. Tog het die kerkorde 'n besondere gesag bly dra. Haitjema[20] wys daarop dat dit waarskynlik geskied vanweë die feit dat daar na Dordrecht 1619 nie weer voor 1816 'n nasionale sinode gehou is nie. Dit het beteken dat ná Dordrecht nie meer sprake is van 'n verdere kerkregtelike *ontwikkeling* nie. By Dordrecht is die orde geformuleer en die groot lyne getrek en daarna het die provinsiale sinodes en klassikale vergaderings niks meer gedoen as om binne hulle vermoë die hoofsaak van hierdie beginsels toe te pas nie. Vir twee en 'n kwart eeu het die kerk in Nederland dan ook min of meer (afhangende van die presiese inhoud van die verskillende gewestelike kerkordes) binne dié raamwerk gewerk en geleef. Hoe en indien die ontwikkeling sou gewees het indien die Dordtse kerkorde wél oral gefunksioneer het en die nasionale sinodes reëlmatig kon vergader het, is 'n saak van ydele spekulasie. Tog bestaan die vermoede dat in daardie geval die kerkorde van Dordrecht van 1619 dalk nié so hoog gewaardeer sou wees as wat nou die geval is nie.

AANTEKENINGE

1 In hierdie verband vgl W Meindersma, *De Synode van Dordrecht*, Zalt-Bommel 1918, asook H Kaajan, *De Groote Synode van Dordrecht in 1618 en '19*, Amsterdam 1918. Hier word nié 'n volledige historiese uiteensetting gegee van alles wat aanleiding gegee het tot die hou van hierdie sinode nie.
2 H Kaajan, *a.w.*, p 55 verv. Die vyf hooglerare wat op die sinode gesit het is benoem deur die provinsiale owerhede.
3 H H Kuyper, *De Post-Acta of de Na-handelingen van de Nationale Synode van Dordrecht, Amsterdam 1899*. Vgl ook J H Donner en S A van den Hoorn (red), *Acta of Handelingen der Nationale Synode . . . gehouden . . . te Dordrecht 1618–1619*, Utrecht zj.
4 H E van den Tuuk, *Johannes Bogerman*, Groningen 1868.
5 J P de Bie en J Loosjes, *Biographisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland*, Den Haag zj, dl III, p 14 verv.

6 J P de Bie en J Loosjes, *a.w.*, dl IV, p 198 verv.
7 'n Netjiese verklaring van die verskillende artikels van die kerkorde, ook in hulle historiese samehang gesien, word gevind by die Gereformeerde skrywer Joh Jansen, *Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*, Kampen 1952. Aangesien die Geref kerke die kerkorde aangevul en gewysig het op 'n paar punte, is nie alles in die geskrif van toepassing op die ko van 1619 nie.
8 Dit is miskien tog interessant om daarop te let dat in 1953 P S van den Walt toegelaat is tot die evangeliebediening vir die gemeentes van ons kerk in Angola sonder dat hy 'n universitêre opleiding gehad het. Hoewel ons *Kerkwet* nie vir so iets voorsiening maak nie, is Van der Walt na analogie van art 8 van die DKO tot die proponentseksamen en evangeliebediening toegelaat. Met die repatriasie van die lidmate uit Angola in die jare 1958–1959, het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering beslis dat Van der Walt se dienswerk net tot Angola beperk was. Met die verdwyning van die gemeentes aldaar is geoordeel dat sy amp "verval" het. Dit was, in die lig van die reformatoriese ampsopvatting, 'n verkeerde beslissing.
9 Hierdie artikel word ingevoeg om die burgerlike owerheid enigermate gerus te stel want daar was voortdurend van daardie kant 'n bekommernis dat die predikante én die vergaderings van die ampte hulle groot invloed op die gemeente sou gebruik om ook op politieke vlak in te meng. Afgesien egter van hierdie omstandigheid, bly dit 'n belangrike beginsel wat soms te maklik uit die oog verloor word.
10 Joh Jansen, *a.w.*, p 235–236.
11 J Reitsma en SD van Veen, *Acta der Provinciale en Particuliere Synoden*, Groningen 1896, dl 5, p 105 verv.
12 J Reitsma en S D van Veen, *a.w.*, p 106.
13 J Reitsma en S D van Veen, *a.w.*, dl 4, p 203.
14 Joh Jansen, *a.w.*, p 238.
15 Die teks van die Dordtse kerkorde is taamlik algemeen beskikbaar. Ter wille van die interessantheid word die teks van die DKO oorgeneem soos Ds M J Goddefroy dit vir ons kerklike kennisname gepubliseer het. Vgl M J Goddefroy, *De Belijdenisschriften van de Nederduitsch Hervormde Kerk genoemd: "Die Drie Formulieren van Eenigheid", gevolg door de drie oudste Algemeene Symbolen en de Dordtsche Kerken-orde*, Pretoria 1897. Ten opsigte van die DKO stel hy in sy *Voorwoord* by die publikasie, p 6: Wat betreft de Dordtsche Kerkorde deze wordt hieraan toegevoegd ten gevolge van den uitdrukkelijken wensch van vele belangstellende leden onzer Kerk, die gaarne uit eigen oogen willen zien zonder zich onder eenig juk van menschelijke inzettingen te willen begeven (Gal V: 1) of zich te laten oordeelen in spijs of in drank, of in het stuk des feestdags, of der nieuwe maan of der Sabbathen (Col II:16). Steeds hebben de Kerken der Hervorming zich gesteld tegen het Pousdom "'t welk den menschen wijs maakt dat hunne conscientie zoo wel aan de geboden der Kerk als Gods geboden is gebonden" – Hoe de regeering der Kerk was in geheel andere tijden en onder geheel ander omstandigheden worde dan ook hierdoor openbaar; terwijl de Christenbelijden naar I Thess V: 21 alle dingen beproeft en het goede behoudt.
16 J H Donner en S A van Hoorn, *a.w.*, p 66.
17 J H Donner en S A van Hoorn, *a.w.*, p 13:15.
18 Nederlandse Geloofsbelydenis, art 36.
19 In hierdie verband kan gelet word op die enigsins oordrewe standpunt van K Doornbos, *De Synode van Dordrecht 1618–1619 getoetst aan het recht der Kerk*, Amsterdam 1967.
20 Th L Haitjema, *Nederlands Hervormd Kerkrecht*, Nijkerk 1951, p 24 verv.

AFDELING 2

Oorsig van die belangrikste beginsels van die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering

HOOFSTUK 15

Die uitgangspunt

1 Die historiese agtergrond

Die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering se oorsprong is in die ekklesiologie van die Geneefse hervormer, Johannes Calvyn. Hierdie sisteem is op vier pilare gebou naamlik die kerkordende reëls wat gegroepeer word rondom–

- die amp;
- die vergaderings van die ampte met hulle regeerbevoegdhede;
- die godsdiensoefening;
- die tug of interne dissipline van die kerk.

Die teologiese agtergrond van hierdie sisteem is die verbond, die belydenis dat die kerk die volk van God is. Die teokratiese verbondsgedagte speel dan ook verder 'n bepalende rol in die Calvinistiese opvatting oor die verhouding tussen die twee diensknegte van God, die owerheid en die kerk.

In hierdie sisteem is *die amp* en die *vergaderings van die ampte* die mees kenmerkende. Vandaar dan ook dat die sisteem as presbiteriaal-sinodaal aangedui word. Daarmee word duidelik dat in hierdie sisteem Jesus Christus as die enige Hoof en Heer van die kerk bely en aanvaar word. Die ampte én die vergaderings van die ampte word beskou as die middele waardeur Jesus Christus sy kerk regeer. In die praktyk beteken dit dat die ampte én die vergaderings van ampte in gehoorsaamheid aan die Woord en gelei deur die Gees hulle dienswerk in die kerk verrig. Die Woord of wel die Heilige Skrif is en bly in hierdie sisteem die norm en reël van die dienswerk van die ampte, die orde en die lewenstyl van die kerk, die volk van God.

In hierdie sisteem is nòg die amp, nòg die vergaderings afsonderlik die konstituerende elemente, maar Calvyn se ampsleer en sy omskrywing van die kwaliteit en taak van die vergaderings van die ampte maak dit iets wat in die sestiende eeu nuut was.

In die opbou van sy skriftuurlike sisteem van kerkregering gebruik Calvyn óók Bybelse, kerklike en kerkregtelike begrippe en woorde wat in ander kerkregtelike sisteme voorkom. Dit is egter opvallend dat Calvyn die geykte kerklike begrippe

en woorde met 'n eie, Bybelse inhoud vul. Vir Calvyn is die Bybel 'n belangriker bron vir die waarheid as die geskiedenis of tradisie, hoewel hy steeds bereid is om ook na die stem van die verlede te luister. 'n Mooi voorbeeld van die ander inhoud wat Calvyn aan 'n geykte begrip gee, is byvoorbeeld 'n begrip soos *sinode*.

Die sinode as meerdere vergadering kom óók in ander kerkregtelike sisteme voor. So kan mens dink aan die biskoplike sinodes van die Anglikaanse kerk én van die pouslike kerk. Hoewel dié sinodes ook vergaderings van ampsdraers is, is die kwaliteit van dié vergaderings tog anders in die Calvinisme. Dit hoofsaaklik vanweë die verskil in waardering van die amp.

Teenoor *die biskop* van die Roomse én ook die Anglikaanse kerk, wat 'n hoë en belangrike figuur in die kerklike en staatsorde is, het Calvyn die ouderling, die lerende en regerende ouderling, in die veld gestoot. Die *episkopos* of opsiener van die NT gemeente was in die sestiende eeu byna nie meer herkenbaar in die hoë en aansienlike Roomse biskop wat meeste van die tyd 'n gewone wêreldlike vors, versier met kerklike gewade, status en bevoegdhede, was nie. Selfs die Anglikaanse lord bishop met sy setel in die hoërhuis van die parlement en 'n aanstellingsbrief van die koning in sy sak, is iets totaal anders as die dienskneg van Jesus Christus wat in die NT as *episkopos* of opsiener aangedui word. Calvyn se ampsleer, wat hy skriftuurlik verantwoord, bring die noodsaaklike soberheid, eenvoud én regte verhoudings weer in die kerk terug. Juis met die beklemtoning van die presbiteriale amp het Calvyn daarin geslaag om 'n nie-hiërargiese kerkordelike sisteem te bou waar, vanweë die erkenning dat Jesus Christus die Hoof en Heer van die kerk is, sy Woord die leidinggewende beginsel geword het.

Soos hierbo gestel, is Johannes Calvyn die grondlêer van die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering. Dat hy in die uitwerking van sy kerkordelike sisteem ook selektief gebruik gemaak het van baanbrekerswerk wat gedoen is deur sy ouer tydgenote soos Martin Luther, Huldrych Zwingli, Martin Bucer en andere is bekend. As die sisteem histories nagevors word, moet daar telkens by Calvyn begin word. Dit bly dan opvallend dat sy skriftuurlik-verantwoorde ekklesiologie en sy kerkordenende arbeid wat daaruit voortgevloei het, die toets van die tyd skitterend deurstaan het. In ons kerk se geval is die Calvinistiese kerkordenende tradisie, soos dit in Nederland ontwikkel het, die belangrikste. Dit is natuurlik nie die enigste Calvinistiese kerkordenende tradisie nie want die Skotse *Book of Discipline* van 1560 wat deur John Knox, 'n leerling van Calvyn, in die Skotse Presbiteriaanse kerk ingevoer is, het daar ook 'n bepaalde kerkordelike nawerking en dit het die begin van 'n lang tradisie geword. Dieselfde is ook waar ten opsigte van die Franse Calvinistiese kerkordenende tradisie. Ook in Hongarye het die Calvinistiese kerkordenende beginsels 'n bepalende rol in die strukturering van die kerk gespeel. Hoewel daardie tradisies belangrik is, is dit vir die doel van hierdie studie nié in aanmerking geneem nie omdat, so ver vasgestel kon word, die Skotse, Franse en Hongaarse uitwerking van Calvyn se kerkordenende beginsels na die sinodes van Emden 1571 nié 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die Nederlandse kerkordenende tradisie nie.

2 Jesus Christus as Hoof en Heer van sy kerk

Die presbiteriaal-sinodale sisteem gaan uit van die standpunt dat Jesus Christus oor die kerk, wat sy liggaam is, regeer. Hiervolgens regeer Jesus Christus op tweërlei manier oor sy kerk: allereers *onmiddellik* deur sy Woord en Gees en andersyds *middellik* deur die amp.[1] Die sisteem van kerkregering is dus in wese teokraties-monargaal, want Jesus Christus heers as koning en deur die werking van die Heilige Gees en deur die geloof is daar 'n direkte verbondenheid tussen Jesus Christus en die gelowiges wat aan Hom behoort en wat saam sy liggaam op aarde is. Die amp is in hierdie teokraties-monargale vorm van kerkregering daar om die Woord te bedien, die kerk te regeer en die dissipline toe te pas ooreenkomstig die wil van Jesus Christus *soos dit vervat is in sy Woord*, nl die Heilige Skrif. Met ander woorde daar is nie plek vir menslike willekeur nie, want die amp is slegs die instrument waardeur Jesus Christus sy Woord en sy wil laat tuiskom by elke gelowige.[2] Hierdie beginsel word baie duidelik gestel in die *Confessio Gallicana* van 1559, art 29 wat stel:[3]

> "Quant est de la vraye Eglise, nous croyons qu'elle doit estre gouvernee selon la police que nostre Seigneur Jesu Christ a establie: c'est qu'il y ait des Pasteurs des Surveillans et Diacres (Act 6:3–4; Ef 4:11; I Tim 3) afin que la pure doctrine ait sons cours, que les vices soyent corrigés et reprimés; et que les pauvres et tous autres affligés soyent secourus en leurs necessités et que les assemblees se facent au nom de Dieu, esquelles grans et petis soyent edifiés."

Hierdie beginsel word in die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561 herhaal in art 30 wat stel:

> "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word."

Karl Barth verwys dan ook in hierdie verband na ". . . das Recht des auf Erden in Jesus Christus schon aufgerichtete Reiches Gottes."[4]

Daarom is in die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering dit ook so dat die grootste nadruk enersyds op *die amp* en daarna op die *kerklike vergaderings* val omdat dit by uitstek die twee middels is waardeur die regering van die kerk middellik voltrek word. Juis hier, waar dit gaan om die regering van die kerk, is dit noodsaaklik om te let op die streng anti-hiërargiese beginsel wat in hierdie sisteem geld. Só belangrik word dit geag dat die eerste artikel van die *Discipline Ecclésiastique* van 1559 lui:[5]

> "Premièrement que nulle Eglise ne pourra pretendre principauté ou domination sur l'autre."

Dieselfde beginsel word ook by die sinode van Emden 1571, as 'n primêre beginsel vasgestel,[6] terwyl dit in die latere kerkorde van Dordrecht 1619 as art 84 behoue

bly. Met hierdie anti-hiërargiese beginsel word die metropolis-verhouding tussen gemeentes én alle hiërargie ten opsigte van die ampsdraers onderling en tussen die ampte as sodanig sorgvuldig by die wortel afgesny. *Daar is net één Hoof van die kerk en dit is Jesus Christus self.*

Terselfdertyd word hier ook duidelik dat die grondslag van die presbiteriaal-sinodale sisteem die plaaslike gemeente is, die normale verskyningsvorm van die kerk want daar kom die gemeente byeen rondom Woord en sakrament en daar lê dus die basis en bron van die geestelike gesag in die kerk.

Hoewel daar nie hier breed ingegaan hoef te word op hierdie aangeleentheid nie, kan net daarop gelet word dat in hierdie sisteem die gemeente as 'n *geestelike eenheid* gesien word. In die praktyk beteken dit dat 'n gelowige eers aan 'n gemeente behoort (deur middel van sy doop, sy belydenis) en daar aangewys is op die ontvangs van die bediening van Woord en sakrament. Daarna "behoort" die gelowige ook aan die breëre kerk. Met ander woorde: die kerk bestaan uit gemeentes en die gemeentes uit lidmate. Terselfdertyd is dit egter noodsaaklik om daarop te let dat die gemeente nie beperk word tot die sg "ware gelowiges" nie en ook nie tot die "uitverkorenes" nie. Die gemeente word saamgestel uit lidmate en die basis waarop hy saamgestel is, is die genadeverbond van God. Met ander woorde hier word 'n baie breë basis gelê veral as Calvyn in hierdie verband geraadpleeg word.

Die basiese beginsels wat geld ten opsigte van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel kan die beste bekyk word as nou kortliks gelet word op die amp, die vergaderings, die seremonies, die dissipline en dan kan ook gelet word op die verhouding tot die owerheid.

As daar nou verder gekyk word na die feit dat Jesus Christus die enige Hoof en Heer van sy kerk is, dán kan die grondbeginsels waarvolgens dié uitgangspunt in die kerklike orde verwerklik word soos volg saamgevat word:[7]

(i) Christus is die enige Hoof van die kerk wat sy liggaam is.

(ii) Sy heerskappy oefen Christus, vanweë sy absolute mag in die hemel en op aarde, *onmiddellik* uit deur die Heilige Gees en die Woord.

(iii) Sy *middellike* heerskappy oefen Christus uit deur die amp. Met die beroep op Efesiërs 4:11–12 is dit duidelik dat die amp 'n middel in Christus se hand is om sy kerk of diegene wat aan Hom behoort te regeer. Die amp is egter *nooit*, in hierdie siening 'n grootheid in homself of "plaasvervanger van Christus" nie. Die ampsdraer is en bly, in beginsel, *'n dienskneg* wat slegs 'n middel is waardeur Christus self sy gemeente met die Woord en deur die werking van die Heilige Gees versorg, lei en regeer.

(iv) In die organiese eenheid van Hoof en liggaam staan die gelowiges direk onder die regering van Christus deur sy Woord en Gees, sonder die tussenkoms van die amp wat die ander manier is waarop die kerk regeer word. As mondige gelowiges dra die gedoopte lede van die kerk ook 'n eie verantwoordelikheid.

Tereg stel Van der Walt:[8] "Die sentrale eis waaraan die kerkorde dus moet beantwoord om die enige regering van die lewende organiese Hoof van die kerk te handhaaf, is gevolglik dat die kerkorde die *praesentia realis Christi ipsius* én die

onmiddellike regering deur sy Gees en Woord moet erken." Dit is hier miskien tog interessant om 'n oomblik te wys op die volgende:[9]

> "Bucer was de eerste, die het beginsel van de Christusregeering toepaste op de kerk, en die daarmee de gedachte, dat Christus de Hoofd van zijn gemeente is hanteerde in het afwijzen van elk hiërarchisch getint vicariaat enerzijds, en in het benadrukken van de onverbreekbare relatie tusschen Christus en zijn minister anderzijds. In deze relatie schuilt het geheim van Bucers ampsopvatting. Christus word maar niet gerepresenteerd door de ampsdrager, *maar Hij is zelf reël present in het ministerium Ecclesiae.*"

Die werklike teenwoordigheid van Christus wat dus in die kerkorde na vore moet kom, wil dit die Christokrasie verdiskonteer, sal die oppergesag van die Woord moet aanvaar – óf dié Woord nou onmiddellik of middellik, deur die amp, in die kerk spreek. 'n Mens kan dit ook stel dat die werklike teenwoordigheid van Christus self 'n teenwoordigheid deur die Heilige Gees is. Christus is in sy kerk of liggaam teenwoordig en regeer sy kerk deur die Heilige Gees, dit wil sê die Gees van Christus wat Hy op Pinksterdag uitgestort het en waardeur Hy self sy kerk vergader en in stand hou. Soos Bohatec dit stel:[9]

> "Wie der heilige Geist uns den Zugang in das Reich Gottes vermittelt, in dem der Schatz der geistlichen Güter nie dergelegt ist, so ist er die Kraft, durch die Gott und der erhöhte Christus ihre Herrschaft in der Kirche ausüben."

Vanweë die onlosmaaklike verbondenheid van Gees en Woord in die Calvinistiese teologie, is dit dus duidelik dat die Heilige Gees en die Woord van God die onmiddellike werklike teenwoordigheid van Jesus Christus in die kerk uitdruk. Daarom is dit dan ook moontlik om in hierdie verband te stel dat ons met 'n *pneumatiese Christokrasie* te make het in 'n kerkorde wat die Hoofskap van Jesus Christus werklik wil moontlik maak. Met dié begrip word dan gesê dat *Jesus Christus self sy kerk deur sy Woord en Gees regeer.* In daardie regering maak Christus ook van die amp gebruik en kan mens sê dat die amp *die menslike instrument* is wat die Heilige Gees gebruik om die heil wat in Christus verskyn het aan die gelowige oor te dra. Uiteindelik is dit egter Jesus Christus sélf wat in die bedeling van die Heilige Gees *sy* werk *deur die dienswerk van die amp* tot voltooiing bring.[10]

J J van der Walt reduseer dan *die vereistes* waaraan 'n kerkorde moet voldoen, as dit werklik uitdrukking wil gee aan die pneumatiese Christokrasie, tot die volgende drie:[11]

- "Daar moet gelykheid wees tussen die bedienaars van die besondere dienste in die kerk;
- die direkte verbondenheid aan Christus van die gelowiges as mondige lidmate, moet gehandhaaf word;
- die mag en gesag van die ouderlinge, as bedienaars van Christus se regering in die kerk, *moet die Woord van God as absolute grens hê.*"

Daarmee is ons wéér by die Nederlandse Geloofsbelydenis art 29 wat stel:

> "Kortom, dat almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken."

So word die kenmerke van die ware liggaam van Christus, die kerk op aarde in een sin saamgevat.

AANTEKENINGE

1 Die bepalende Skrifwoord vir hierdie opvatting is Efesiërs 4:11–12.
2 Vgl G P L van der Linde, *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel*, Potchefstroom 1965, p 76–77.
3 W Niesel, *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche*, Zollikon-Zürich oJ, S 73. Vertaal, lui dit soos volg: Met betrekking tot die ware kerk glo ons dat dit regeer moet word volgens die reg (of orde) wat deur ons Heer Jesus Christus ingestel is: dat daar predikante, ouderlinge (eintlik: opsieners) en diakens sal wees sodat die ware leer sy loop kan hê, dat verkeerdhede reggemaak en onderdruk mag word en dat die armes en almal wat in moeite is in hulle nood gehelp mag word; en dat vergaderings of samekomste in die Naam van God gehou mag word sodat groot en klein in die geloof opgebou mag word.
4 K Barth, *Kirchliche Dogmatik* IV/2, Zürich 1955, S. 818.
5 W Niesel, *aaO*, S 75. Vertaal, lui dit soos volg: Ten eerste dat geen kerk behoort aanspraak te maak op voorrang of oorheersing ten opsigte van 'n ander nie. Belangrik is dit miskien om ook te let op Niesel se opmerking ten opsigte van die begrip *kerk*. Hy stel in 'n noot op p 75: Onder kerk moet altyd verstaan word 'n behoorlik georganiseerde kerklike gemeente wat regeer word deur 'n kerkraad.
6 In ons *Kerkwet* kom dit in gewysigde vorm in art VI voor.
7 J J vd Walt, *Christus as Hoof van die Kerk en die Presbiteriale Kerkregering*, Potchefstroom 1976, p 146–147.
8 W van 't Spijker, *De Ambten bij Martin Bucer*, Kampen 1970, p 432. My kursivering.
9 J Bohatec, *Calvins Lehre von Staat und Kirche*, Breslau 1937, S 426.
10 Vgl J Trimp, *De volmacht tot bediening der Verzoening*, Groningen 1970, p 8.
11 J J van der Walt, *a.w.*, p 147.

HOOFSTUK 16

Die dienste of ampte

Wanneer vasgestel moet word wát die inhoud en omvang van die dienste in die Calvinistiese tradisie is, dan kan ons begin met die aanhaling van die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30:

"Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.

- Daar moet naamlik *dienaars* of herders wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien;
- ook *ouderlinge* en *diakens* om saam met die herders die kerkraad te vorm.

Deur hierdie middel (= die kerkraad) moet hulle sorg dra

- dat die ware godsdiens onderhou word; en
- die ware leer oral versprei word;
- die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou word;
- en dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word.

Deur hierdie middel (= die amp en die vergaderings van die ampte) sal alles in die kerk goed en ordelik geskied ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee, wanneer persone gekies word wat getrou is."

Volgens die belydenisskrif word in die voetspoor van Calvyn gestel dat Christus sy kerk wil regeer en lei deur middel van dienaars van die Woord, ouderlinge en diakens.[1] As op die voetspoor van die Nuwe Testament sorgvuldig gesoek word na al die gegewens oor die amp, dan ontdek mens, saam met Calvyn, dat dit by die amp in wese gaan om die bediening van die Woord, die regering van en opsig oor die gemeente én die diens van die barmhartigheid. Al die funksies van die verskillende ampte en dienste in die Nuwe Testament kan steeds teruggevoer word na één van die drie fundamentele funksies: leer, regeer, dien.

Wanneer gelet word op die versorging van die Nuwe-Testamentiese gemeente, dan kom as eerste die *oudste* na vore. Handelinge 14:23 sê dat Paulus en Barnabas in elke gemeente oudstes aanwys en as Paulus aan die Filippense skryf, rig hy sy brief aan "al die heiliges" saam met hulle "opsieners en diakens." As Paulus Timoteus leer hoe 'n mens hom in die gemeente moet gedra, kom die opsieners en diakens weer na vore. As 1 Timoteus 5:17 dan in verband gebring word met al die ander verwysings na die ouderling, word dit duidelik dat die ouderling van die begin af die funksie het om die gemeente te regeer. Met verloop van tyd kom hier dan binne hierdie dienswerk en in ooreenstemming met die aard van diens, die figuur van *die lerende ouderling* na vore. Dit is die ouderling wat die opdrag het om *te preek* en *te onderrig*. As mens saam met Calvyn sorgvuldig na die Skrif

alleen luister en die *sola Scriptura* ten opsigte van die amp volledig laat geld, dan word dit duidelik dat Calvyn se verstaan van die Skrif op hierdie punt van voortreflike waarde is. Vir die verstaan van die ampte of dienste in die presbiteriaal-sinodale kerkordes, bly Calvyn se *Institutio christianae religionis*, boek 4, hoofstuk 3 en volgende[2] noodsaaklik. Duidelik is dit dat Calvyn en die presbiteriaal-sinodale kerkordes dit wil beklemtoon dat die amp die middel is waardeur Jesus Christus sy kerk regeer, lei en opbou. Maar mens kan nog 'n bietjie verder gaan en met 'n beroep op Lukas 10:16 (vgl Matt 10:40) en ook 2 Kor 5:20 kan gestel word dat die ampte in sekere sin die Opperherder en die groot Ampsdraer in die gemeente *verteenwoordig*. Dié verteenwoordiging is egter nòg meganies nòg vanselfsprekend, want alleen waar die ampsdraer volgens die opdrag van die Opperherder handel, verteenwoordig die amp die Hoof van die kerk. *Die amp het geen eie gesag nie. Dit het alleen gesag vir sover dit aan Christus ondergeskik bly en sy gesag verteenwoordig.* Mens kan ook sê dat die amp bedien word of die dienswerk gedoen word vir sover die Woord van God bedien en gedien word. Dit is dan ook belangrik om daarop te let dat die amp as 'n *ministerium*, 'n dienswerk, waardeer word. Dit is nié 'n *officium*, 'n hooggeplaasde posisie in die kerk nie. In wese is die amp 'n *diakonia*, 'n dienswerk waartoe die mens geroep word en waar hy 'n opdrag van Christus ontvang. Dit gee aan die mens wat die amp beklee egter geen besondere status of voorrangsposisie in die kerk nie.

Uitgaande van Calvyn se opvatting oor die amp,[3] wat in hoofsaak berus op sy eksegese van Efesiërs 4:11–12, kry die ampsdraers hulle aanstelling, opdrag en gesag regstreeks van Jesus Christus.[4] Die taak van die ampsdraers is om die kerk te onderhou, te bewaar en te hou by sy roeping wat hy van Christus ontvang het. Terselfdertyd is die ampte die middel waardeur Christus sy kerk regeer. Dit is belangrik om daarop te let dat hier uitgegaan word van die standpunt dat die kerk nie self hierdie amptelike organe of ampsdraers skep nie, maar dat die kerk die ampte van Christus *ontvang*. Hier moet verder daarop gelet word dat die amp nie gesien kan word as 'n verbesondering van die algemene priesterskap van die gelowiges nie. Die amp is 'n gawe van Christus aan die gemeente om die gemeente op sy beurt toe te rus vir sy dienswerk in en aan die wêreld.[5]

Die ampsdraer self word uit die gemeente geroep. Voorwaarde vir die amp is dus primêr dat die geroepe ampsdraer allereers 'n geroepe gelowige sal wees. Naas hierdie "algemene roeping" tot die geloof in Jesus Christus as Heer en Verlosser, ontvang die geroepe ampsdraer egter 'n verdere roeping, naamlik die roeping tot die amp. Om tot die amp geroep te kan word, moet die gelowige ook aan sekere, duidelik-omskrewe voorwaardes voldoen wat sorgvuldig in die twee bevestigingsformuliere, na aanleiding van en in die voetspoor van die Heilige Skrif, omskrywe word. Hier onderskei Calvyn in 'n inwendige en 'n uitwendige roeping.[6] Wat die inwendige roeping betref, omskryf Van der Linde dit soos volg:[7]

> "Die inwendige roeping bestaan in die verlening van die gawes wat vir die amp vereis word, in die standvastige begeerte waardeur iemand na die amp strewe,

en die opening van die weë wat na die amp lei.
Hierdie inwendige roeping moet sy waarmerk en seël kry in die uitwendige roeping deur die kerk."

Wat die uitwendige roeping betref, geskied dit deur middel van die vergadering van gelowiges.[8] Dit is 'n middellike roeping deur Christus self. Na die verkiesing vind die ondersoek plaas en as vasgestel is dat die roeping voldoen aan die vereistes van die Woord, vind die bevestiging plaas. Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die roeping of verkiesing steeds plaasvind onder leiding van diegene wat reeds in die amp staan. Daarna vind die bevestiging met die handoplegging plaas en dit geld vir al drie (of al vier) ampte.[9] Uit die handoplegging, wat slegs gesien word as 'n teken van afsondering tot die bepaalde amp wat dus as sodanig sy voorbeeld het in die gebruik van die apostels, kan afgelei word dat hier iets anders plaasvind as by Rome. Hier is geen sprake van 'n oordrag van gawes vir die amp soos by Rome nie. Soos Polyander dit ook duidelik stel:[10]

"Dus moeten niet uit de opeenvolging van de persoonlijke successie, maar van de ware leer, de goede Herders van de huurlingen en rovers, en ook niet uit de onderbreking van de persoonlijke successie, maar van de zuivere prediking, de huurlingen en rovers van die goede Herders onderkend worden."

Daarom is die handoplegging ook prinsipieel herhaalbaar. Aangesien die handoplegging van tyd tot tyd aanleiding gegee het tot misverstande, daarom het die reformatoriese vadere geoordeel dat dit gerieflikheidshalwe vervang kan word met die gee van "die regterhand van gemeenskap".[11] Só word die ampsdraer in sy diens gestel. Dit beteken egter nooit dat die ampsdraer *in die plek* van Jesus Christus te staan kom nie. Die ampsdraers is slegs één middel waardeur Jesus Christus sy werk volbring in die kerk en in die wêreld. Die dienende funksie van die amp beteken nooit dat dit 'n plaasvervangende funksie mag word nie.[12]

In die Calvinistiese kerkordes word dit duidelik dat die amp tot die wese van die kerk behoort. Jesus Christus gee die ampte aan die kerk en die diakonia het in die werk van die Heilige Gees 'n sentrale plek. Deur die verkiesing word die gelowige tot die amp geroep, en as ampsdraer handel hy in opdrag van Christus en verwerklik so die Christokrasie. Die ampte is juis dáárom betrokke op die Heilige Skrif. *Die Skrif is die bron én die norm van alle amptelike spreke en handelinge in die kerk.*

Dan is dit ook duidelik dat die amp gegee word *tot opbou van die gemeente*, Efesiërs 4:12 en 1 Korintiërs 12. Die amp is daar, om dit 'n oomblik so te stel, ter wille van die gemeente. Dit moet diensbaar wees aan die gemeente se lewe in geloof en liefde.

Verder is dit duidelik dat die amp alléén kan funksioneer as dit omring word deur die gemeente, die gemeenskap van die gelowiges. Daar moet die ampswerk verrig word sodat die gemeente opgebou, geïnspireer en gerig word om die getuie van Christus in die wêreld te wees.

1 Die amp van ouderling

Joh Calvyn het ook wat die afsonderlike ampte betref, die grondliggende beslissings geneem. Wanneer hy in die *Institutio* vanuit Efesiërs 4:11–12 redeneer onderskei hy in vier ampte, nl die doktore, die predikante, die ouderlinge en die diakens, terwyl die diakens nog onderverdeel word in armversorgers en siekeversorgers. Waar Calvyn in sy kommentaar op 1 Timoteus 5:17 redeneer, onderskei hy náás die diaken slegs die ouderling wat hy dan weer onderverdeel in die lerende en die regerende ouderling.[13] Sodoende kom hy eintlik net tot twee ampte. Dit beteken egter nié dat daar 'n teenstelling tussen die twee gedagterigtings is nie – dit kom feitlik op dieselfde neer, naamlik dat *die basiese amp* in die kerk die presbiter-amp is wat onderskei word in: *doktore*, *predikante*, *ouderlinge* en daarnaas die diaken.

Die onderskeiding in die ouderlingsamp, naamlik in die lerende en regerende ouderling het die reformatoriese vadere in die Skrif sélf gevind.[14] Ten opsigte van die lerende ouderling, val die hoofklemtoon op sy opdrag om die Woord van God te bedien en *saam met* die regerende ouderling, het hy die bykomende taak om opsig oor die gemeente te hou, dit wil sê daar moet toegesien word dat die kerk, die gelowiges in die gemeente, leef volgens die voorskrifte en eise van die Woord van God.

In die Nederlandse kerkordes word die noue samehang van die dienaar van die Woord en die regerende ouderling egter nié so sterk geaksentueer nie, want daar word die ampte omskrywe as doktore, predikante en dán ouderlinge. Die ampte het in die presbiteriaal-sinodale sisteem tog 'n effens ander struktuur as die vroegkerklike ampte gekry, want daar gebeur iets méér as dat die biskop slegs 'n predikant word en die liturgiese diaken van die vroeë kerk 'n armversorging-diaken in die wêreld word.

Daarby kom dat mettertyd elemente tot die amp van die predikant toege voeg is, wat nie net so in die Nuwe Testament of die vroegkerklike lewe teruggevind kan word nie. Maar nie één van dié elemente is direk in botsing met die Nuwe-Testamentiese gegewens nie, sodat daar géén wesenlike besware daartéén kan bestaan nie.

In hierdie uiteensetting onderskei ons dan in die basiese ouderlingsamp drie onderskeie funksies, naamlik *die dienaar van die Woord, die doctores ecclesiae of teologiese professore en die regerende ouderling.*

(a) *Die dienaar van die Woord of predikant*

Die amp van *dienaar van die Woord* vind sy beste omskrywing juis in hiérdie benaming, wat die primêre funksie van hierdie amp sterk beklemtoon. Hierdie sterk beklemtoning van die Woordverkondiging is van Luther afkomstig,[15] waarin hy nagevolg is deur Zwingli[16] en ook Calvyn,[17] en dit klink as 'n vaste refrein deur al die reformatoriese geloofsbelydenisse en kerkordes.[18] Onder *Woordverkondiging*, wat die één groot konstiturende element van hierdie amp is, het die reformatoriese vadere die uitleg, proklamasie en behandeling van die Woord van God verstaan. Die Eerste Switserse Geloofsbelydenis art 15 stel dit baie duidelik:

"Daarom glo ons ook dat die dienare van die kerk medewerkers van God is, soos die heilige Paulus hulle noem, deur wie Hy kennis van Homself versprei en aanbied, asook die vergewing van sondes, terwyl Hy (daardeur) mense tot Hom bekeer en mense ophef, troos, ja ook skrikmaak en oordeel. Maar in hierdie verstandhouding dat ons in dit alles alle werking en krag alléén aan God toeskrywe."

Die Tweede Switserse Geloofsbelydenis 1566, hfst 1. iv stel dit soos volg:[19]

"Proinde cum hodie hoc Dei verbum per Praedicatores legitime vocatos annunciatur in ecclesia, credimus ipsum Dei Verbum annunciari et a fidelibus recipi, neque aliud Dei verbum vel fingendum vel coelitus esse expectandum."

Daar kan dus weinig twyfel bestaan oor wat die vadere gesien het as die *hooftaak* van die predikant. Dáárom het hierdie aksentuering ook die hele kerkboustyl wat tot in die sestiende eeu geldig was, grondig gewysig, want nou word in die kerkgebou en in die godsdiensoefening van die gemeente *die prediking* sentraal geplaas. Die prediking word ook primêr gesien ten opsigte van die bediening van die sakramente, en daar is geoordeel dat daar wél verantwoorde prediking kan wees sónder sakramentsbediening, maar daar kan géén verantwoorde sakramentsbediening sonder prediking wees nie.[20] Daarom is ook ter wille van die verantwoorde prediking die voorbereidende studie vir die toekomstige dienaar van die Woord, so swaar benadruk.[21]

Die predikant in die presbiteriaal-sinodaal georganiseerde kerk, het dus 'n totaal ander taak gehad as die priester van die Roomse kerk. Waar die hooftaak van die priester gelê het in die offer van die mis, moes die predikant die Woord verkondig, die sakramente bedien en saam met die ouderling die gemeente regeer.[22] Daarom word die predikant lósgemaak van die priesterkleding en gaan hy gekleed in die gewone beskaafde kleredrag van sy tyd.

Naas sy primêre taak, het die predikant óók die opdrag gekry om die kategese waar te neem, huwelike te bevestig en begrafnisse waar te neem[23] en om reëlmatig die lidmate by hulle huise te besoek en om ook die siekes en gevangenes te besoek.[24]

Dit alles hang saam met die feit dat 'n predikant in 'n vaste werkkring, 'n gemeente, geplaas is waar hy woonagtig is en wat hy nié mag verlaat nie.[25] Die gemeente, so is aanvanklik geoordeel, moet die lewenstog van die predikant voorsien[26] maar dié taak word redelik vroeg deur die owerheid in Nederland oorgeneem. Dit het saamgehang met die feit dat die hervormde kerk bevoorregte kerk in die hervormde Nederland word.

In die kerkordes word besonder uitvoerig oor die toelating tot die amp gehandel. Die beginsel wat hiér geld word reeds te Wezel omskrywe in 1568.[27]

"En voor eerste is geheel nodig dat niemand tot die kerkendienst en enige andere kerkelijke bediening in die gemeente wordt toegelaten, *zonder wettelijke roeping, verkiezing, toestemming, behoorlijk examen, of onderzoek en wettelijke orde.*"

Met die sinode van Dordrecht 1574 word diégene wat hulle wil indring in die diens sonder om hierdie pad te gaan, as *skeurmakers* aangedui,[28] 'n aanduiding wat só behou word tot by die Dordtse kerkorde van 1618–19.[29] Laasgenoemde bevat die samevattende formulering wat deur die Middelburgse sinode in art 3 aanvaar is.[30] Hiermee gaan verder gepaard die beginsel dat niemand tot die diens van die Woord geroep sal word sonder 'n *vaste werkkring* waar dié dienswerk verrig moet word nie.[31] Die beginsel word ook te Middelburg 1581 duidelik geformuleer wanneer gestel word:[32]

> "Men zal niemand tot de dienst des Woords beroepen, zonder hem in een kerk (= gemeente) te stellen, die hij dienen zal, aan dewelke hij zonder konditie verbonden is . . ."

Hierdie beginsel was veral gemik téén die Roomse ordening wat iemand tot priester gewy het sonder om aan hom ook die dienswerk van priester op te dra[33] en óók téén rondreisende predikante, wat in die eerste jare van die Kerkhervorming rondgeswerf het sónder om aan 'n bepaalde gemeente verbonde te wees.[34]

Hieruit blyk dit wel dat die amp van dienaar van die Woord *funksioneel* gesien word. Dit beteken dat iemand slegs in die amp kan staan as hy ook die ampswerk verrig. Sodra die dienaar nie meer die ampswerk doen nie, het die amp in beginsel verval, want die amp is nié 'n officium, 'n hooggeplaasde posisie nie, maar 'n ministerium of wel dienswerk. Daarom besit die dienaar van die Woord ook nie 'n status nie, maar alléén 'n opdrag tot diens binne 'n vaste, omlynde werkkring, naamlik die gemeente. Die dienaar van die Woord se amp is en bly 'n amp ook ten behoewe van die gemeente en as hy géén dienswerk ten behoewe van die gemeente verrig nie, kan hy nié in die dienswerk bly nie.

Normaalweg word die teologiese studie as 'n voorvereiste vir die diens van die Woord gestel. Juis die stelling dat die predikant se hóóftaak die diens van die Woord is, maak vir die predikant die universitêre studie waar die hoofklem val op die bestudering van die Bybelse grondtale, die uitleg van die Skrif en die sistematiese teologie (= die leer van die kerk), 'n absolute noodsaaklikheid.[35] Aanvanklik was dit natuurlik nie so 'n vanselfsprekende saak nie en is verskillende ander moontlikhede óók ondersoek om kandidate sonder 'n voorafgaande teologiese opleiding, wat nie altyd moontlik was in die beginjare nie, tot die evangeliebediening toe te laat.[36] Reeds te Wezel is die moontlikheid genoem dat bepaalde persone deur privaatopleiding by diensdoende predikante in die groter gemeentes, opgelei kan word sonder voorafgaande universitêre studie.[37] Hierdie gedagte kulmineer uiteindelik in art 8 van die Dordtse kerkorde van 1619, waar die moontlikheid oopgelaat word dat diegene wat nie gestudeer het nie maar tog beskik oor "singuliere gaven", tot die diens van die Woord toegelaat kan word.[38]

As die voorvereistes in orde was, moes die kandidaat-vir-toelating hom aanmeld by die betrokke kerklike vergadering (in Nederland is dit die klassikale vergadering) vir die proponentseksamen. In Nederland het die proponentseksamen in twee dele uiteen geval, nl die *voorbereidende en die beslissende proponentseksamen.* Die

voorbereidende eksamen is afgeneem deur die klassikale vergadering waarin die kandidaat woonagtig is en die beslissende eksamen deur die klassikale vergadering, waarin die gemeente geleë is waarheen die proponent 'n beroep aangeneem het.

Die voorbereidende eksamen verleen aan die kandidaat die reg om in gemeentes te preek en om beroep te word. Hierdie eksamen is al deur die Wezelse vergadering in 1568 noodsaaklik geag en vandáár is dit in die hervormde kerk van Nederland gehandhaaf. Ná die ontvangs van 'n beroep word die proponent andermaal geëksamineer oor leer en lewe om vas te stel of hy geskik is vir die amp.

Die inhoud van dié eksamen word óók te Wezel vasgestel en sonder veel wysiging so gehandhaaf. Na aflegging van dié eksamen moet die belydenisskrifte onderteken word en daarná kan die proponent in die amp bevestig word. Die ondertekening van die belydenisskrifte, of soos dit nog vroeër was, die instemming met die inhoud van die belydenisskrifte, onderstreep die groot belang wat geheg is aan die feit dat die (toekomstige) predikante *die suiwere leer* nie net sal aanváár nie, maar ook sal uitdra. Reeds vanaf Wezel 1568 (artikel 8) is dit duidelik dat die suiwere leer as van die allergrootste belang geag is. Daarom word in die lys van sogenaamde "domineessondes" wat te Wezel opgeneem is (art 14) en wat oorspronklik van Calvyn afkomstig is, *kettery*, dit wil sê: die afwyking van die suiwere leer van die kerk én die handhawing van dié afwyking, as die primêre of ergste domineessonde aangedui. Hierdie opvatting word uiteindelik onderstreep deur die Dordtse kerkorde 1618–19, art 72, wat duidelik stel dat daar twee gronde is waarop die kerklike tug moet let, naamlik *de zuiverheid der leer* en daarnaas *vromigheid des wandels*. Een ding is in die reformatoriese kerke *nooit* geduld nie en dit was afwyking van die suiwere leer.

Die rede waarom die klassikale vergadering die eksamen afneem en nié die kerkraad wat die proponent beroep het nie (wat eintlik die logiese liggaam sou wees om die eksamen af te neem), is dat die proponent vir alle gemeentes in die kerk toegelaat word tot die amp; dat die klassikale vergadering die beroep moet goedkeur en dus reg het om deel te hê aan die ondersoek; en dat die klassikale vergadering die kerkraad hierin bystaan.[40] As die proponenteksamen eenmaal afgelê is, word daar nié weer 'n eksamen afgeneem van die dienaar van die Woord nie, tensy hy uit die amp tree en dan weer vir hertoelating tot die amp aansoek doen.[41]

Die bevestiging in die amp, wat dan terselfdertyd die bevestiging is van die aanvaarding deur die beroepe proponent en die roepende kerkraad, van die beroepsbrief van die gemeente, vind tydens 'n godsdiensoefening plaas. Na die sinode van Den Haag 1586 word gebruik gemaak van die *Formulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord* wat dáár vasgestel is. Die bevestiging vind met die handoplegging plaas of met die gee van die regterhand van gemeenskap. Normaalweg word aanvaar dat die bevestigde predikant *lewenslank* in die amp gestel is[42] én ook *lewenslank* aan die betrokke gemeente waar hy die beroep aangeneem het, verbonde sal bly.[43] Die predikant mag egter wel, met toestemming van die kerkraad in samesitting met die diakens, losgemaak word van sy gemeente om 'n ander beroep aan te neem.[44] Hier moet egter daarop gelet word dat die toetrede tot die

amp nié aan die predikant 'n besondere *status in die kerk* verleen nie. Die gedagte dat die toetrede tot die amp 'n soort *character indelibilis* aan die ampsdraer sou verleen, soos dit in die Roomse kerk gesien is, word deur die reformatoriese vadere resoluut ontken.[45]

Aanvanklik is in die hervormde kerk in Nederland bepaal dat die gemeente die predikant van lewenstog moet voorsien[46] omdat geoordeel is dat die dienswerk van die predikant al sy tyd, gewilligheid, volharding en toewyding vereis.[47] Daarom is geoordeel dat 'n predikant géén byverdienste mag hê nie omdat hy al sy werkkrag aan sy dienswerk moet bestee. Ná die bevryding van die Spaans-Roomse juk in 1572, kom daar in Nederland egter 'n verandering. Die owerheid het toe beheer gekry oor die kerklike goedere wat voorheen aan die Roomse kerk behoort het en daarom het die reformatoriese vadere daarop aanspraak gemaak om uit die opbrengs daarvan traktemente te ontvang. Die redenasie was dat die hervormde kerk nie *'n nuwe kerk* was nie, maar die bestaande kerk wat van sy Roomse dwaling gesuiwer is en daarom reg het op die opbrengs van die stoflike goedere van die kerk. Hierdie opvatting is aanvaar en dáárom het die owerheid die predikantstraktemente en sommige ander kerklike uitgawes gedra, sodat dit vir die gemeente nie nodig was om vir die traktemente van die predikante te sorg nie.

Die beginsel wat hiér geld is dat die traktement van die predikant nie gesien moet word as *loon of salaris* nie, want dit is nié betaling van gelewerde arbeid nie.[48] Die traktement van die predikant is slegs om te voorsien in sy lewensonderhoud, sodat hy al sy aandag aan sy dienswerk kan wy en hom nié hoef te bekommer oor stoflike dinge nie.[49] Uiteraard beteken dit dat die traktement van tyd tot tyd kan wissel maar die hoeveelheid van die traktement is nié die allesoorheersende nie – dit gaan slegs daarom dat die predikant 'n *stipendia justa* sal ontvang. Die beginsel bly egter staan dat die kerkraad van die gemeente wat die predikant beroep het, hierdie lewensonderhoud aan hom verskuldig is.[50]

Wat die uittrede uit die amp betref, is daar vir die predikant drie moontlikhede oop, naamlik *die verkryging van emeritaat* nadat hy vir die tydperk van sy lewe in die diens van die kerk gestaan het, of vanweë siekte; *die afsetting uit die amp* vanweë die feit dat hy hom in leer of lewe misgaan het; *die uittrede uit die amp* om oor te gaan na 'n ander lewenstaat.

By *die emeritaat* kom dit hierop neer dat die betrokke predikant slegs losgemaak word van sy gemeente of van sy vaste werkkring, omdat sy liggaamskragte òf vanweë ouderdom òf vanweë siekte, hom nié meer in staat stel om nog ten volle die diens van die Woord waar te neem nie. Dáárom behou hy die voorreg om nog die dienswerk van die predikant te verrig wanneer hy kan. In hierdie verband vind ons die samevatting van die posisie by Dordrecht 1618–19 wat stel:[51]

> "Zo het geschiedt, dat enige dienaars door ouderdom, ziekte of anderszins onbekwaam worden tot oefening van hun dienst, zo zullen zij nochtans desniettemin de ere en de naam eens dienaars behouden . . ."

Die afsetting kan binne die raamwerk van die kerkordes nooit anders wees as deur 'n bevoegde, meerdere vergadering nie. In Nederland het dit beteken die klassikale vergadering, dit wil sê dieselfde meerdere vergadering wat die predikant tot die dienswerk toegelaat het. Aanvanklik is deur die convent van Wezel 1568 en die sinodes van Emden 1571 en Dordrecht 1578 geoordeel dat die kerkraad alléén bevoeg is om dienaars van die Woord te skors, dit wil sê tydelik van hulle dienswerk te onthef. Middelburg 1581 oordeel dat die kerkraad hierin bygestaan moet word deur die kerkraad van die naasliggende gemeente. Wat die afsetting betref, is dit reeds te Wezel opgedra aan die klassis, hoewel dié vergadering dan nog nie bestaan nie. Emden 1571 bevestig dié reël. Joh Janssen[52] wys daarop dat ook partikuliere of provinsiale sinodes die afsetting van predikante hanteer het. Hy noem dan ook die voorbeeld dat die sinode van Dordrecht van 1618–1619 vyftien Remonstrantse predikante afgesit het, terwyl die provinsiale sinodes, in opdrag van die nasionale sinode, in hulle gesagsgebiede 'n verdere 200 Remonstrantse predikante afgesit het. Hier word dus die beginsel gestel dat die kerkraad alleen nie die reg het om 'n predikant af te sit nie, maar dat dit 'n reg is wat slegs aan die meerdere vergadering toekom.

Dan is daar ook nog *die ontheffing*, 'n moontlikheid wat reeds in 1571 in Frankryk gestel is en ook in art 12 van die Dordtse kerkorde voorkom. Hier is twee moontlikhede en dit is dat ontheffing plaasvind na 'n gesprek met die klassis waar die redes vir die "oorgaan na 'n ander lewenstaat" bespreek word. Die ander moontlikheid is dat die dienaar sy dienswerk verlaat deur te bedank sonder om die klassis daarin te ken. Hierdie tweede moontlikheid word besonder ernstig beskou omdat geoordeel is dat 'n predikant sy dienswerk lewenslank sal uitoefen. In die Franse en Skotse kerk is geoordeel dat so 'n dienaar van die Woord sensurabel is omdat hy 'n "droster en verraaier" is.[53] Die dienaar van die Woord wat om gewigtige redes toestemming van die klassis ontvang om na 'n ander lewenstaat oor te gaan, verloor al sy ampsbevoegdhede. Omdat die amp funksioneel is, kan iemand wat die dienswerk neerlê nié meer van die bevoegdhede behou wat deel van die dienswerk is nie.

Hieruit, sowel as uit die prosedure by die afsetting, blyk duidelik dat die toelating tot die amp én die handoplegging nié 'n soort *character indelibilis* aan die ampsdraer toeken, soos in die geval van Rome nie.[54] Zwingli net soos Luther en óók Calvyn het, vanweë hulle funksionele ampsopvatting, so iets soos 'n *character indelibilis* wat die reformatoriese dienaar van die Woord sou dra, ten ene male verwerp.[55]

Dan moet ook nog gewys word op *die gesag van die dienaar van die Woord en die geldigheid van sy dienswerk*. Omdat hierdie twee sake saamhang, kan dit gevolglik ook saam behandel word.

Die eerste vraag hier, is die vraag na die regmatigheid van die amp en die reg om die ampswerk te doen. In die Roomse kerk word die regmatigheid van die amp bepaal deur die leer van die apostoliese suksessie. Die hervormde vadere het egter nie in die opvolging van die apostels die regmatigheid van die amp probeer fundeer

nie, maar in die vraag of die ampsdraer wettig tot die amp geroep is. Daardie roeping, sowel die innerlike roeping deur God self as die uiterlike roeping deur die bevoegde vergaderings van die ampte, maak die amp regmatig en so het die amp 'n *ius divinum*, want die amp rus op God se verklaarde wil soos in die Skrif uiteengesit. Vir die regmatige ampsbediening vereis die hervormde vadere nie alleen die kerklike ondersoek (proponentseksamen) nie, maar ook die wettige beroep deur die kerkraad met die goedkeuring van die gemeente. Die hervormde vadere het met nadruk telkens gestel dat die beroep tot die dienswerk (en alles wat daarmee saamgaan), van die dienaar van die Woord 'n wettige ampsdraer maak.

Dit is egter interessant om daarop te let dat die beroep van die dienaar van die Woord nié 'n saak van die gemeente alléén was nie. Soos Ainslie dit stel:[66]

> "The minister was, as we have formerly noticed, usually to be appointed to a definite charge, to be placed as minister of a particular church or parish or congregation. And the people of that charge were to have their part in his election. But it was not a single congregation in its independence and isolation which would elect and authorize a minister. There were always to be some others who would take part representing the Church as a whole. It might be as electors or selectors, as was the case when representatives of the Church-State in a Swiss City Council had to give their approval to an appointment, or as when a Presbytery would be called upon to "sustain" a call. It would always be so at the solemn setting apart or ordination, when the candidate for the Ministry would be formally commissioned by delegated authorities, Colloquies, Presbyteries, Classes, Synods, Assemblies, Commissions, Commissioners or even Superintendents, all such standing for the Church as a whole. The people of the particular congregation which were electing one to be their minister, were not a mere independent congregation, but were part of the whole Church, and their very power of election was a part of the constitution of the Church, and the exercise of it had to be regulated by the principles and polity of the whole Church . . . . Men were made ministers with respect to the whole Church and not merely with respect to a single independent congregation. The Ministry was what belonged to the Church as a whole, and so none could be rightfully commissioned to it except by the whole Church through its lawful authorities."

Hiermee hang natuurlik die vraag saam of die kerk inderdaad die ware kerk is. Dáároor het die vadere nooit getwyfel nie, soos ook blyk uit die geloofsbelydenisse. As iemand deur die ware kerk, wettiglik en ordelik in die diens gestel is, moet hy as 'n ware dienskneg van Jesus Christus, die Heer van die kerk, beskou word.

Daarby, aangesien die prediking die konstituerende element van die dienswerk van die dienaar van die Woord is, word die regmatigheid en geldigheid van sy amp in die Calvinisme bepaal deur die vraag of hy inderdaad met daardie taak en opdrag besig is. Die ander ampsopdragte, soos die bediening van die sakramente, word ook regmatig uitgevoer as dit deur 'n dienaar van die Woord gedoen word.

Dáárom bepaal die kerkordes ook dat die sakramente alléén deur geordende predikante bedien mag word. Net so, kragtens die *ius divinum ministerii evangelici*, kan alleen 'n geordende predikant ander geroepe en verkose ampsdraers in die amp stel en alléén die geordende predikant is werklik in staat om die Woord in al sy omvang te bedien aan siekes, gevangenes, ou mense en dergelike meer.[57] Die uitgangspunt hier is dat die dienswerk van die dienaar van die Woord sy gesag én regmatigheid ontleen, nié aan die menslike kwaliteite van die persoon van die dienaar nie, maar omdat hy geroep en georden is om draer van *God se Woord* te wees. Joh Calvyn stel dit baie duidelik wanneer hy sê:[58]

> "Ek sê kortliks, dat indien dit die dienswerk van 'n ouderling is (en dit word sowel deur die Woord van God voorgeskryf, 1 Korintiërs 4:1, as deur die ou kerklike canones vereis) om die kerk te voed (klaarblyklik deur die prediking van die Woord) en om die geestelike koninkryk van Christus te bestuur, dat dan al die priesters wat geen ander werk of vergoeding het as om met die mis handel te dryf nie, nie alleen nié hulle plig doen nie maar dat hulle ook geen enkele wettige amp uitoefen nie."

In hierdie verband kom dan die vraag na vore of die persoon van die ampsdraer sy ampsverrigting ongeldig kan maak.

Dit is 'n baie ou vraag. Gedurende die Middeleeue het pous Hildebrand 1074–1085 bepaal dat die leke nié die sakramente van onwaardige priesters mag ontvang nie. Dié reëling het egter méér probleme geskep as opgelos en dit is laat vaar. In Engeland het Wycliff wéér die stelling herhaal, maar dit het nie 'n kerklike reël geword nie. In die kerke van die Hervorming het dieselfde probleem opgeduik. In die Lutheranisme het die Augsburgse Geloofsbelydenis van 1530 dié saak soos volg gereël:[59]

> "Obwohl die Kirche eigentlich die Versammlung der Heiligen und wahrhaft Glaubenden ist, so darf man doch, da in diesem Leben viele Heuchler und Schlechte darunter gemischt sind, die Sakramente gebrauchen, auch wenn sie von Schlechten verwaltet werden, nach dem Worte Christi: 'Es sitzen die Schriftgelehrten und Pharisaer auf dem Stuhle Moses usw'. Die Sakramente und das Wort sind wirksam wegen der Anordnung und des Befehles Christi, auch wenn sie durch Schlechte gespendet werden."

Ook in die Calvinisme is die standpunt gehandhaaf dat die effektiwiteit van Woord en sakrament nié bepaal word deur die geloof en lewenswandel van die predikant nie, maar deur die beloftes van God wat nooit in sy verbondstrou te kort skiet nie. Dit het nié beteken dat "slegte predikante" in die Calvinistiese kerke geduld is nie. Die teendeel is waar en daarom is die leer- én lewenstug ten opsigte van die predikante met sorg gehandhaaf.

Die regmatigheid en wettigheid van die amp van die dienaar van die Woord bestaan dáárin dat die kerk as 'n geheel die ampsdraer in die amp gestel het. Hierdie

proses sluit die proponentseksamens, die beroep én die ordening of bevestiging in.

Die amp is dan effektief vir sover die amp dan ook deur sy konstituerende element, die prediking van die Woord, bepaal word. Dan moet natuurlik in gedagte gehou word *dat die gawe van die Woord* 'n genadegawe van God is. Al wat die kerk kan doen is om predikante te ontvang, opdrag te gee en hulle leer- en lewenswerk te omlyn, maar die kerk kan die gawe van die geloof én die Woord nie meedeel nie, hoewel die kerk wel kan probeer om sulke manne, wat die gawe ontvang het, in die diens van die Woord te stel. Daarom vra die formuliergebed, na die bevestiging van die dienaar:

> "Ons bid U, wil hom deur u Gees hoe langer hoe meer bekwaam maak vir die diens waarvoor U hom bestem en geroep het, deur sy verstand te open om u Heilige Skrif te verstaan en hom woorde te gee tot opening van sy mond sodat hy met vrymoedigheid die verborgenhede van die evangelie kan openbaar maak en uitdeel."

So gesien rus die regmatigheid en wettigheid van die amp van dienaar van die Woord nie op een of ander formele suksessie of oordrag van gawes nie, maar in die feit dat Jesus Christus self deur die middele in sy kerk manne roep tot die diens van die Woord.

(b) *Die amp van die doktor of professor in die teologie*

Oor die amp van die *doktor* was daar in die kerke van die Hervorming nie altyd ewe veel duidelikheid nie. Selfs Joh Calvyn het hierdie amp nie altyd as 'n selfstandige amp gesien nie. In sy *Ordonnances Ecclésiastiques* het hy die *doktor* nié as 'n afsonderlike amp in dié kerkwet opgeneem nie. Vantevore het hy egter in die *Institutio Christianae religionis* dit egter wél as 'n aparte amp genoem. In die voetspoor van hierdie gedagte is te Wezel ook dié amp vasgestel.[60] Daarná het die sinode van Middelburg 1581 in art 7 bepaal:[61]

> "De diensten zijn vierderlei: der dienaren des Woords, der doktoren, ouderlingen en diakenen . . ."

en in art 13 vasgestel dat die doktore se ampsopdrag is om: "de Heilige Schriftuur uit te leggen, en de zuivere leer tegen de ketterijjen en dwalingen voor te staan." Hierdie formulering is later net so te Dordrecht 1618–1619 oorgeneem.[62]

Dit is egter opvallend dat die kerk in Nederland nooit die dienswerk van doktor só sorgvuldig geformuleer en omskryf het as wat die geval met die ander ampte was nie. Een van die redes hiervoor was dat die kerk nooit dié mate van seggenskap ten opsigte van die universiteite gehad het as wat die geval in Genève was nie. Die universiteite, wat owerheidsinstellings was, is deur die owerheid sorgvuldig binne die kader van sy eie bevoegdhede gehou en aan die kerk is dit nié gegun om sy eie beheer oor die teologiese professore en ander professore wat vir die voorbereidende vakke verantwoordelik was, uit te oefen nie.[63]

Dit is verder opvallend dat ten opsigte van die amp van doktor in die Nederlandse kerk nooit 'n reëling getref is vir die verkiesing tot en bevestiging in dié amp nie. Dit dui ook al reeds op die feit dat die doktorsamp nié in dieselfde mate tot 'n selfstandige amp in die ruimte van die kerk ontwikkel het, as die ander drie ampte nie. Dit is waarskynlik om dié rede dat die sinode van Den Haag in 1586 nié 'n formulier ontwerp het vir die bevestiging in die amp van doktor nie.

Henderson stel ten opsigte van Dordrecht 1618–19 en die opvatting wat dáár ten opsigte van die amp van doktor geheers het, dat die kerk dit geformuleer het dat hy nie alléén belang het by die vraag hoe die professore aan die universiteite aangestel sal word nie, *maar ook wat hulle sal leer*.[64] Hoewel die kerk hiér in sy nasionale sinode stel dat die amp van doktor onder die kerk ressorteer, erken die kerk egter óók die feit dat die universiteite as sodanig owerheidsinstellings is wat onder die gesag van die verskillende provinsiale staten staan. Terselfdertyd is dit duidelik dat die kerk nie alléén belangstelling toon vir die teologiese professore nie, maar óók vir die professore wat belas is met die onderrig van Grieks, Hebreeus en Filosofie. Hierdie manne, net soos die ander professore, moes na die kerk se opvatting, óók die belydenisskrifte van die kerk onderskrywe.[65] Daarom het die kerk ook 'n onderskeiding gemaak tussen die doktor wat bevoeg is om te preek (omdat hy voorheen 'n predikant was) en die doktor wat dié bevoegdheid nié het nie.[66] Hoewel die kerk, afgesien van die akademiese werksaamheid van die doktor, nie veel sê oor die ander aktiwiteite in die ruimte van die kerk nie, het Henderson in die besonder daaraan aandag gegee en bevind dat die doktor, selfs diégene wat nié voorheen predikante van die kerk was nie, op verskillende maniere op sinodale en klassikale vlak die kerk gedien het – hetsy as ampsdraers, hetsy as ontvangers van spesifieke kerklike opdragte. Opvallend is ook dat prof Maccovius wat teologiese professor te Franeker was, maar nooit 'n predikant in Nederland nie, opdrag ontvang om teologiese kandidate vir die proponentseksamen te eksamineer. Hier funksioneer die doktorsamp dus volkome selfstandig ten opsigte van die predikantsamp.[67] Uiteindelik kom Henderson tot die konklusie:[68]

> "To be sure, all the ramifications and implications of doctoral status were never defined by a general deliverance of the church, no mode of induction into the office was made a matter of synodical enactment, nor were the ecclesiastical rights and responsibilities of its holders defined beyond specific legislation in regard to specific cases."

Die kerklike amp van doktor, wat vir die toevloei van goed-opgeleide predikante 'n lewensvoorwaarde vir die kerk is, het in Nederland dus nooit tot ontwikkeling gekom nie. Die universiteit wat gedurende die Middeleeue grotendeels 'n suiwer kerklike instelling was, het in Nederland van die Hervorming 'n owerheidsinstelling geword. Dat die owerheid 'n teologiese fakulteit aan sy universiteite ingestel het waar predikante vir die kerk opgelei is en waar onder andere 'n vak soos sistematiese teologie van 'n duidelik-omlynde aard, deur owerheidsaangestelde teolo-

giese professore gedoseer is, was gedurende die sestiende en sewentiende eeu, wanneer die teokratiese ideaal nog lewe, glad nie so uitsonderlik nie.

Vir die kerk het dit egter wél probleme opgelewer, want hoewel die kerk verwag het dat die professore die belydenisskrifte van die kerk moes onderteken, was dié beslissing nie sonder meer afdwingbaar nie. Buitendien het die kerk ook geen kontrole oor die kwaliteit van die onderwys òf in die teologiese fakulteit òf in die ander fakulteite gehad nie. Die teologiese professore was dan ook vir sover hulle predikante was, manne wat van die kerk losgemaak is van hulle gemeentelike dienswerk, maar verder toegelaat is om die amp van dienaar van die Woord te behou. Hulle het dus op dieselfde vlak as die emeritus-predikant gestaan. Die kerk kon hoogstens 'n professor wat 'n dwaalleer verkondig sy "emeritaatsregte" ontneem en verder vertoë tot die owerheid rig om so 'n professor te ontslaan. Indien die owerheidsliggame so 'n versoek afgewys het, was dit die einde van die saak.

Vanweë hierdie omstandighede was daar nie juis sprake daarvan dat daar 'n ontwikkeling of selfs 'n nadere presisering van die amp van die doktor moontlik was nie. Juis vanweë hierdie situasie het die sinodes, wat aanvanklik die dubbele proponentseksamen wou afskaf, na die totstandkoming van die teologiese fakulteit aan die universiteit te Leiden in 1575, tóg die dubbele toelatingseksamen gehandhaaf om seker te wees dat alleen regsinnige proponente tot die diens van die Woord toegelaat sou word.

(c) *Die amp van regerende ouderling*

Die regerende ouderling wat op 'n deeltydse en tydelike basis sy dienswerk in die kerk en gemeente verrig, is één van die groot steunpilare van die gemeente en die kerk. Met die invoering van hierdie regerende ouderling het Joh Calvyn op 'n besondere manier 'n nuwe gestalte en lewenskrag aan hierdie Nuwe-Testamentiese amp of dienswerk gegee. In die Calvinistiese kerke het die regerende ouderling in baie opsigte die steunpilare geword wat die gemeentes gelei, vertroos en bymekaargehou het in voor- en teenspoed. Die organisatoriese krag van die Calvinistiese kerke lê dan ook vir 'n baie groot deel in die diens en toewyding van die regerende ouderling.

Die dienswerk van die ouderling word in die meeste Calvinistiese kerkordes sorgvuldig omlyn. Veral die convent van Wezel het met 'n dertiental artikels hierdie dienswerk in die kerk sorgvuldig omskrywe.[69] Hier word gestel dat die ouderlinge saam met die dienaars van die Woord die kerkraad vorm, en dat hulle dienswerk is om sorgvuldig oor die lidmate wat aan hulle sorg toevertrou is, opsig te hou deur reëlmatige huisbesoek. Vir dié doel moet die gemeente ook in ouderlingswyke verdeel word sodat die ouderling sy dienswerk sonder moeite kan doen. In die daaropvolgende kerkordes is die omskrywing van die dienswerk heelwat korter gestel. Die kerkorde van Den Haag 1586 het die finale formulering vasgestel wat dan ook in art 23 van die Dordtse kerkorde van 1619 teruggevind word.[70] Daarvolgens bestaan die dienswerk van die ouderling uit die opdragte–

- die regering van die gemeente saam met die dienaars van die Woord – waarin

die opsig en tug, die handhawing van die dissipline opgesluit lê;
- die opsig oor die ander ampsdraers; en
- die huisbesoek.

(i) Die regering en die handhawing van die dissipline of orde

Juis deur die regering van die ouderlinge moet die heerskappy van Jesus Christus oor sy gemeente verwerklik word, want die ouderlinge moet toesien dat die Woord van God die reël en die norm van die lewe van die gemeente is, sodat gemeente en kerk soos die liggaam van Christus in die wêreld sal leef. Daarom, soos die convent van Wezel ook aandui, moet die ouderling nie probeer om een of ander heerskappy te voer nie, want hulle is diensknegte van Christus wat in sy naam die gemeente regeer. Daardie *regeer* beteken om opsig te hou oor die geloof en lewenswandel van die gemeente en om die gemeente geestelik, in die geloof op te bou en toe te rus.

Dáárom word die regering nooit deur één ouderling alleen gedoen nie, maar altyd saam met die ander ouderlinge én die dienaar van die Woord. Saam met die dienaars van die Woord vorm die ouderlinge die kerkraad om–
- die gemeente met die Woord van God te regeer;
- die werk wat in die gemeente gedoen moet word, te reël; en
- in alle sake wat die gemeente raak, besluite te neem.

Belangrik is om daarop te let dat die formulier vir die bevestiging stel: ". . . dat hierdie dinge nie by een of twee persone alleen berus nie, maar by meer wat daarvoor gestel is." Die vraag kom dan na vore wat die minimum getal ouderlinge moet wees om saam met die dienaar van die Woord 'n kerkraad te vorm. Gewoonlik word dié minimum getal op *twee* gestel, maar dan word die diakens, wat vanweë hulle ampsopdrag nié normaalweg lid van die kerkraad is nie, as hulpouderlinge op die kerkraad betrek. Dit wil voorkom asof minder as drie ouderlinge nie 'n kerkraad kan vorm nie. Die rede waarom daar "meerdere ouderlinge" moet wees, is dat 'n té klein getal ouderlinge mag meebring dat persoonlike willekeur of persoonlike insigte die deurslaggewende op kerkraadsvergaderings sal word, in plaas van die Woord van God.

(ii) Die opsig oor die ander ampsdraers

Die opsig oor die ampsdraers is óók 'n belangrike opdrag van die ouderling en in die formulier vir bevestiging word dit so gesien dat die ouderling moet sorg dra dat niemand op 'n onwettige manier tot 'n dienswerk in die kerk toegelaat word nie. Dit was in die Nederlandse kerk soms nogal 'n probleem omdat die kerk so nou aan die owerheid gekoppel is. Selfs Calvyn het daarmee in Genève probleme ondervind. Daarom het die convent van Wezel ook die vereistes vir die diens van ouderling so skerp benadruk as hulle in art 54 stel:

> "Dat zij in leven onstraffelijk, in godsdienst zuiver, in godzaligheid uitstekende, in beleid van geestelijke voorzichtigheid, waartoe ook zeer dienstig is, dat zij

eenige kennis hebben van burgerlijke zaken. En vooral moeten zij geheel afgezonderd zijn van alle eergierigheid en grootschheid, ja van alle kwaad vermoeden van dusdanige gebreken."

Behalwe dat die ouderlinge dit moet doen, moet hulle óók, volgens die Dordtse kerkorde van 1619, art 23 toesien:

"dat de dienaren (van die Woord) mitgaders hun andere medehelpers en diakenen hun ambt getrouwelijk bedienen, . . ."

Dit beteken dat daar *wedersydse opsig oor mekaar* moet wees sodat daar gewaak kan word téén die heerssug en selfverheffing van die predikante én dat die evangelie reg verkondig sal word. *Die opsig oor die predikant* is 'n wesenlike deel van die ouderling se dienswerk. Soos die formulier vir die bevestiging dit stel:

". . . is hulle amp veral om toesig te hou oor die leer en wandel van die dienaars van die Woord, sodat alles mag strek tot stigting van die kerk en geen vreemde leer voorgedra word nie, soos ons lees in Handelinge 20:28 en 29, waar die apostel vermaan om goed wag te hou teen die wolwe wat onder die kudde van Christus mag inkom."

Hoewel dit waar is dat die dienaar van die Woord óók 'n dienskneg van Christus ter wille van die gemeente is, bly dié dienaar ook 'n sondaarmens en kan hy ook in sy opdrag faal. Om dit, so ver moontlik te verhoed, moet die ouderlinge opsig oor die dienaar van die Woord hou, sodat die gemeente altyd in geloof en liefde opgebou sal word. As die dienaar van die Woord faal, is dit in 'n sekere sin 'n aanklag téén die ouderlinge wat sorg moes gedra het dat dit nié gebeur nie. So word die ouderling 'n belangrike waarborg dat die gemeente van Jesus Christus nié in 'n "domineeskerk" sal ontaard nie. Waar dit wel gebeur, het die ouderlinge in hierdie deel van hulle dienswerk gefaal.

Die opsig oor die mededienskneg te is van dieselfde aard. Dit moet altyd *opsig wees volgens die eis en reël van die Woord van God.* Dit beteken dat die opsig in broederlike vertroue en begrip gehou moet word, want nie een staan bo die ander nie en terselfdertyd is almal ook nie gelyk nie – nòg in gawes, nòg in geloof, nòg in voortreflikheid, nòg in tekortkominge nie. Die doel van hierdie opsig is om mekaar tot sorgvuldige pligsbetragting aan te spoor. Daarom word die kwaliteit van die opsig bepaal deur die aanwysing van Matteus 18:15 verv. Om dié opsig reg te kan doen, sê die formulier vir bevestiging:

". . . is die ouderlinge *verplig* om die Woord van God ywerig te ondersoek en hulle gedurig te oefen in die oordenking van die verborgenhede van die geloof."

(iii) Huisbesoek deur die ouderling

Die huisbesoek van die ouderling word ook deur art 23 van die Dordtse kerkorde van 1619 gereël. Daar word gestel:

"Der ouderlingen ambt is . . . de bezoeking te doen, naardat de gelegenheid des tijds en der plaatsen, tot stichting der gemeente, zo voor als na het nachtmaal kan lijden, om bijzonder de lidmaten der gemeente te vertroosten en te onderwijzen, en ook anderen tot de Christelijke religie te vermanen."

Die convent van Wezel het aanvanklik geëis dat die ouderling *weekliks* sy wyk sal deurgaan (art 50), maar dié hoë frekwensie van huisbesoek is by Dordt 1619 verminder tot voor en na die nagmaal. Die doel van die huisbesoek is hier nie om opsig uit te oefen nie, maar om die gemeente met die evangelie te vertroos en te onderrig. In hierdie verband stel H Bouwman:[72]

"De Gereformeerden hebben van den aanvang af nadruk gelegd op de noodzakelijkheid van het huisbezoek, niet alleen om het Woord Gods aan de huizen tot alle menschen te brengen, maar ook en vooral, opdat de gemeente zich openbare als een heilige gemeente, en de leden zich schikken naar de orde en de tucht. Het ambt dient te waken dat allen wandelen naar het Woord."

So was die huisbesoek deel van die gemeentelike lewenspatroon, want Joh Calvyn reël dit al ten opsigte van die Geneefse situasie in 1541. Hoewel dit by Calvyn duidelik opsig-huisbesoek is om vas te stel wie die nagmaal mag gebruik, word die klem in die Nederlandse kerkordes veral op die vertroosting en onderwys gelê. Die huisbesoek word van sowel die ouderling as die predikant vereis – vgl Emden, art 25 en Dordrecht 1574, art 73 en Dordrecht 1578, art 71. Merkwaardig genoeg word dit vanaf Middelburg 1581 nie meer so eksplisiet ten opsigte van die predikant genoem nie. Tog bly dit deel van sy taak en is dit duidelik dat die huisbesoek deur predikant en ouderling 'n byna onontbeerlike korrelaat vir die regte verkondiging is. In 1652 het die provinsiale sinode van Friesland nog gestel:[73]

". . . predicanten syn censurabel, die de visitatien van hare gemeente versuymen ende verlaten."

Dit is interessant om vas te stel dat die ouderling óók sy huisbesoek moet uitbrei om ". . . anderen tot de Christelijke religie te vermanen." Hieruit blyk dat die kerk as volkskerk gesien en waardeer word en dat die ouderling óók 'n positiewe bydrae moet lewer tot die voortdurende kerstening van die hele volk.

(iv) Die verkiesing tot die amp

Om tot die amp van ouderling te kan kom, is volgens die reformatoriese vadere drie vereistes nodig, naamlik–

- 'n wettige verkiesing;
- die goedkeuring van die verkiesing; en
- die bevestiging.

Dieselfde beginsels geld hier, soos by die predikantsamp, behalwe dat daar ook nog die eksamen ingevoeg word.

Ten opsigte van die verkiesing geld die voorvereiste soos gestel in 1 Timoteus 3:1–7 en Titus 1:5–9, wat ook deur die Wezelse Artikels beklemtoon word. Hoewel hierdie eise in die opvolgende kerkordes nié meer spesifiek genoem word nie, het dit 'n vanselfsprekende voorvereiste vir die verkiesing tot ouderling gebly.[74]

Die verkiesing sélf het ook 'n wisseling ondergaan. Die convent van Wezel en die sinode te Emden het die gebruik van die Franse kerk gevolg waarvolgens die kerkraad die ouderlinge kies en daarna word die name vir goedkeuring aan die gemeente voorgehou.[75] Hierdie metode van verkiesing is gewysig op die provinsiale sinode van Dordrecht 1574, waar bepaal word dat die kerkraad 'n tweetal kandidate vir elke vakature aan die gemeente sal voorlê waaruit die gemeente dan één tot ouderling sal kies.[79] Met die nasionale sinode van Dordrecht 1578 word egter bepaal dat beide maniere van verkiesing toelaatbaar is en dit word dan so voortgesit tot by die kerkorde van Dordrecht 1618–1619.[77] By Dordrecht 1618–1619 word bepaal dat die diakens óók deel sal hê aan die verkiesing van die ouderlinge. In ieder geval kom dit daarop neer dat die kerkraad *met die medewerking van die gemeente* die ouderling tot sy amp kies.

Na die verkiesing word die name van die verkose ouderlinge aan die gemeente voorgedra vir goedkeurink. Hierdie goedkeuring van die verkose ampsdraers, wat byna 'n soort tuguitoefening is, word nié in die Skrif sélf aangetref nie en is dus 'n kerklike reëling ter wille van die goeie orde. Besware kan deur gemeentelede ingebring word teen die leer, lewe én ampsgawes (of gebrek daaraan) van die verkose ouderling. Voordat dié besware nie grondig deur die kerkraad behandel en afgehandel is nie, mag die verkose ouderling téén wie besware ingebring is, nie in sy amp bevestig word nie.

Daarná vind die bevestiging in die amp plaas, in die openbaar en wel tydens 'n gemeentelike godsdiensoefening. Aanvanklik is die openbare bevestiging, met die oog op die vervolginge, nie noodsaaklik geag nie, maar vanaf 1574 is dit noodsaaklik geag.[78] Voor die ingebruikneming van die formulier is die ouderlinge in hulle diens bevestig "met afvraging der getrouwigheid en gebeden tot God".[79]

Wat die *dienstermyn* betref, het Calvyn reeds bepaal dat die ouderlinge jaarliks moet aftree. Hierdie reëling is deur Calvyn ingevoer om te voorkom dat daar weer 'n groot groep beroeps-ampsdraers in die kerk sou ontstaan en daar ook in die hervormde kerk 'n hiërargie sou groei.[80] Die Geneefse bepaling het die moontlikheid oopgelaat dat *die bekwaamste ouderlinge* 'n verdere jaar kan dien. Aanvanklik is te Wezel geoordeel dat die ouderlinge jaarliks of halfjaarliks herkies moes word – met die moontlikheid dat nog 'n termyn toegevoeg kan word,[81] maar te Emden 1571 is die tweejaar dienstermyn ingestel,[82] en daarná is dit só onveranderd gehandhaaf met die aanvaarde formulering afkomstig van Middelburg se kerkorde.[83]

Oral word die moontlikheid oopgelaat vir die herkiesing vir nog een termyn.

2 Die amp van diaken

(a) *Die verkiesing*

Oor die metode van verkiesing en goedkeuring en bevestiging in die amp, kan baie

kortliks gehandel word, omdat reeds te Wezel bepaal word dat hulle op dieselfde manier as die ouderlinge gekies en bevestig sal word. *Die vereistes vir die amp* is egter anders as dié van die ouderling en hiervoor word dan ook skriftuurlike gronde aangegee by Wezel.[84] Die nadruk by die diaken val op eerlikheid en betroubaarheid,[85] terwyl die sinode van Dordrecht in 1578 op die vraag of 'n diaken of ouderling wat 'n "kwade en weerspannige huisvrouw" het daardeur ongeskik vir die amp is, antwoord:

> "dat men hem wel van dienst zal afhouden, dewijl de huisvrouw der kerk tot een ergenis wezen zou, doch zo hij nu in de dienst is, dat men hem niet afzetten zou."

Aanvanklik is te Wezel die moontlikheid geskep dat daar twee soorte diakens sou wees, naamlik diakens vir die armes én diakens vir die siekes,[86] maar dié onderskeiding is nié gehandhaaf nie. Aanvanklik is te Wezel ook die moontlikheid oopgelaat dat *vroulike diakonesse* gekies sou word, want daar word besluit:

> "Daar het ook bekwamelijk kan geschieden, oordelen wij, dat vrouwen van vermaarde proeven, en vroomheid en bejaard, tot dit ambt, naar het exempel der apostelen, wel mogen worden aangenomen."

Maar dié gebruik het géén werklike navolging gevind nie en nog eenmaal word oor die diakones gehandel onder die "partikuliere vragen" wat die sinode van Middelburg in 1581 moes beantwoord. Daar kom die volgende voor:[87]

> "Of het raadzaam ware het ambt der diakonessen weder in te voeren? Antwoord: Nee, om verscheiden inkonvenienten wille die daaruit zouden mogen volgen. Maar in tijden van pestilentie, of andere krankheden, zo daar enige dienst bij kranke vrouwen te doen is, de diakenen nie betamelijk, zo zullen zij die besorgen door hun huisvrouwen, of anderen, daartoe bekwaam zijnde."

G Voetius het ook die amptelike diakones afgewys en gestel dat die diakones behoort tot die kategorie van *die behulpsels*. Hulle beklee dus nié 'n amp nie, maar is helpsters by die versorging van die armes en dergelike meer en val dus in dieselfde kategorie as die voorlesers en kosters.[88]

(b) *Die konstituerende elemente van die dienswerk*

Die konstituerende element van die amp van diaken is die armversorging en wat dáármee saamhang.[89] Hierdie taak word in vier dele verdeel, naamlik:

- die insameling van die aalmoese of offergawes;
- die uitdeel van die aalmoese;
- die besoek en vertroosting van die armes;
- die administrasie en verantwoording ten opsigte van die aalmoese.

Aangesien elkeen van hierdie onderafdelings belangrike beginsels omvat, moet daar 'n bietjie breër op ingegaan word.

(i) Die insameling van die aalmoese

Die vraag na wáár die aalmoese gevind moet word vir die armversorging is 'n interessante vraag. Dit is ook belangrik omdat die amp van diaken, soos dit in die reformatoriese kerkreg verstaan is, *die een amp is wat nié sonder stoflike middele kan funksioneer nie*. Dit wil voorkom asof daar vanaf die begin twéé metodes was wat aangewend is om die aalmoese in te samel, naamlik 'n kollekte wat by die godsdiensoefening gehou is én 'n kollekte wat deur rondgang deur die gemeente, opgeneem is.[90] Die normale manier van insameling was egter die opneem van 'n kollekte tydens of net na die godsdiensoefening[91] en geleidelik het die gebruik veld gewen dat die kollekte opgeneem is by die kerkdeure na afloop van die godsdiensoefening.[92] Dit was die primêre bron van diakonale inkomste en daarnaas was daar wel uitsonderlike pogings om fondse te vind, oa die kollekte van huis tot huis,[93] die aanvaarding van testamentêre bemakings en legate.[94] Vanweë die feit dat in hierdie jare dit feitlik uitsluitlik die diakonieë was wat die armes versorg het, het die diakonieë wat in meeste gevalle nou saamgewerk het met die plaaslike owerhede, ook subsidies van die owerhede aanvaar.[95] Dit het ook heeltemal gekorreleer met die opdrag wat in die formulier aan die diakens gegee word "om te help toesien dat tot hulp van die armes baie goeie middele gevind kan word."

(ii) Die uitdeel van die aalmoese

Wat die uitdeling betref, was dit ook 'n vaste gebruik dat die diakens sal toesien dat die gawes nié verkwis sal word nie. Daarby moes die diakens nie net omsien na die armes van die gemeente sélf nie, maar ook na "vreemdelingen en buitelingen" – dit wil sê geloofsgenote of vreemdes wat ondersteuning nodig het. Die armes wat gehelp moet word, is in hoofsaak *weduwees, armes, bedruktes en behoeftiges*, dit wil sê gemeentelede wat gebrek het aan lewensmiddele wat nie op 'n ander manier versorg word nie.

In verband met die uitdeling, word van die diakens verwag om *weekliks* byeen te kom in 'n diakonale vergadering omdat die uitdeling alleen na so 'n vergaderingsbesluit kan geskied. Die diakonale vergadering het los van en selfstandig ten opsigte van die kerkraad opgetree, en in sommige gevalle is selfs bepaal dat dié vergadering deur 'n predikant gepresideer sal word.[96]

Dit was ook reël dat die diakens sélf die diakonale fondse sal bestee en dit nie aan ander oorlaat nie, sodat hulle ten alle tye rekenskap kan gee van die besteding.

(iii) Die besoek en vertroosting van die armes

Die besoek van die diaken is nie dieselfde as die huisbesoek van die ouderling of predikant nie. Allereers is dit om die omvang van die nood vas te stel en vervolgens om die armes te vertroos. Dié vertroosting word omskryf in die formulier: "Daarom is dit goed dat hulle nie alleen met uiterlike gifte nie, *maar ook met vertroostinge uit die Woord van God* aan die armes en ellendiges hulp bewys." Die diens van barmhartigheid wat deur die diaken verrig word, vind sy grond en motivering in die Skrif, in die verkondiging van die genadige vergewing van die sonde deur Jesus

Christus. Sonder die vertroosting uit die Woord van God vervlak die diakonale barmhartigheidsdiens tot bloot neutrale welsynsdiens wat kwalitatief anders is as die diakonale versorging. Omdat die vertroosting met die Woord van God 'n wesenlike deel van die amp van diaken is, daarom word die eis gestel dat die diaken 'n gelowige, vol van die Heilige Gees, moet wees.

(iv) Die verantwoording

Van die begin af was dit vereiste dat die diakens verantwoording sou doen aan die kerkraad ten opsigte van die diakonale fondse[97] en waar daar samewerking met die owerheid was, moes daar ook aan die owerheid verslag gedoen word.[98] Die feit dat die diakonale vergadering verslag aan die kerkraad moet doen, hang saam met die gedagte dat die kerkraad dié liggaam in die gemeente is wat die regeerbevoegdheid het en die taak om toe te sien dat *alles* ordelik geskied. Wat dit betref is die diakonale vergadering dus onder die toesig van die kerkraad gestel.

Ten slotte is dit van die diakens verwag om, net soos die ouderlinge en predikante, die belydenisskrifte van die kerk te onderteken.[99]

AANTEKENINGE

1 Calvyn se ampsleer word redelik volledig bespreek deur A J Bronkhorst, *Schrift en Kerkorde*, Den Haag 1947, p 177–206.
2 Vgl oa A F N Lekkerkerker, *Oorsprong en Funktie van het Ambt*, Den Haag 1971, p 150 verv.
3 Joh Calvinus, *Institutio christianae religionis*, IV. 3. 1 asook sy uiteensetting in sy kommentaar op Timoteus.
4 Vgl bevestigingsformuliere vir dienaars van die Woord en dié van die ouderlings en diakens.
5 Let op Efesiërs 4:11–12. Vgl ook J Calvinus, *l.c.*, IV, 3. 2 asook G P L van der Linde, *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel*, Potchefstroom 1965, p 51.
'n Mens moet daarop let dat die algemene priesterskap van die gelowiges en die besondere amp nie in mekaar se verlengstuk lê nie. Die amp is nié 'n verbesondering van die algemene priesterskap van die gelowiges nie. Tog is dit óók waar dat die amp alleen in die gemeente moontlik is want in die Nuwe Testament lees ons dat die gemeente betrokke is by die verkiesing van die ampsdraers, Handelinge 6:3 en 5; dat hulle vir die ampsdraers moet bid, Efesiërs 6:19 en 1 Tessalonisense 5:25, en dat hulle ook die werk van die ampsdraers moet beoordeel, 1 Tessalonisense 5:21. Die gemeente is nie onmondig nie. Die gemeente besit die salwing van die Heilige Gees, en daarom kan die gemeente ook dié gawes wat Christus vir die dienswerk gee, raaksien. Terselfdertyd moet die gemeente die dienswerk van die ampsdraers beoordeel.
Die amp is daar ter wille van die gemeente. Dit is egter nie die enigste charisma wat Christus aan sy gemeente gee nie. Die ampsdraer moet besef dat die openbaring van die Gees aan elkeen gegee word tot die opbou van almal 1 Korintiërs 12:7. Die dienswerk van die amp moet dus dáárop gerig wees dat die lidmate as lede van die een liggaam mekaar sal versorg (1 Kor 12:25). Vgl ook A F N Lekkerkerker, *a.w.*, p 140.
6 J Calvinus, *l.c.*, IV, 3, 13–14.
7 G P L van der Linde, *a.w.*, p 55. Oor dié hele aangeleentheid kan ook gelet word op: A D Pont, *Amp en Roeping*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jg 32, Pretoria sj, p 168–180.
8 Vgl die bevestigingsformuliere asook Joh Polyander, *Over de Roeping en de Functies der Kerkdienaren* uit *Synopsis of Overzicht van de Zuiverste Theologie*, vert D van Dijk, Enschede 1965, dl, 2, p 122. Vgl ook kerkorde van Dordrecht 1619, art 4.
9 Vgl Joh Polyander, *a.w.*, dl, 2, p 124. Die seën wat oor die ouderling en diaken uitgespreek word by die bevestiging, met die ophef van die hande, is prinsipieel dieselfde as die letterlike handoplegging.
10 J Polyander, *a.w.*, p 127.

11 Vgl Kerkorde van Dordrecht 1578, art 5.
12 G P L van der Linde, *a.w.*, p 58.
13 Dit is die basiese standpunt waarvan die *Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge* ook uitgaan.
14 Hier kan verwys word na I Timoteus 5:17, 1 Korintiërs 9:14; vgl ook die beredenerings van G P L van der Linde, *a.w.*, p 64–65.
15 Vgl J L Ainslie, *The Doctrines of Ministerial Order in the Reformed Churches of the 16th and 17th Centuries*, Edinburgh 1940, p 40–41.
16 *Die 76 Artikels van 1523*, art lcii: Hulle erken ook geen ander priester as dié wat die Woord van God verkondig nie.
17 *Ordonnances Ecclésiastiques*, art 3.
18 Vgl oa *Confessio Helvetica post.* 1556, art 18; *Confessio Scoticana*, 1560, art xxii; *Confessio Belgica* 1561, art 30.
19 Vertaal, lui dit soos volg: "Daarom wanneer vandag hierdie Woord van God in die kerk verkondig word deur middel van predikante wat wettig geroep is, glo ons dat die ware Woord van God verkondig is, en dit moet deur die gelowiges aanvaar word, nòg moet enige ánder Woord van God versin word of uit die hemel verwag word."
20 Vgl J L Ainslie, *l.c.*, p 52.
21 Vgl J L Ainslie, *l.c.*, p 139 vgg.
22 Vgl J Calvinus, *Inst*, iv, xix, 28.
23 Die prediking by die begrafnisse is in Nederland ontmoedig omdat dit aanleiding tot misbruike gegee het.
24 Die reëlmatige besoek by die lidmate is 'n gebruik wat van Calvyn afkomstig is. In 'n brief aan Olevianus in 1560 stel Calvyn: "Want, dit wat die volwassenes betref, bring ons jaarliks 'n besoek aan elke familie. Ons verdeel die verskillende dele van die stad tussen ons sodat die toestand van elke wyk in volgorde ondersoek kan word. Die predikant word vergesel deur 'n ouderling van die kerkraad. Dan word die nuwe inwoners ondersoek. 'n Mens gaan nie op hierdie manier te werk met betrekking tot diegene wat al vantevore besoek is nie, maar mens stel jouself op hoogte of die huisgesin vreedsaam en goed georden is, of daar rusies met die bure is, of hulle laks en sorgeloos is in hulle besoek van die prediking. Vgl R Schwarz, *Johannes Calvinus Lebenswerk in Seinen Briefen*, Bd III, S 1092.
25 Vgl die Kerkorde van Dordrecht 1619, art 7.
26 Vgl artikels van Wezel 1568, art 12.
27 Kapittel II, art 1 van die Wezelse artikels.
28 Art 19, vgl G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, 67.
29 Art 3 vgl G H Kersten, *a.w.* p 177.
30 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 122.
31 Hierdie beginsel word die eerste maal te Dordrecht 1574, art 14 geformuleer, daarna te Dordrecht 1578, art 7 herbevestig – waar veral gestel word dat rondreisende predikante nié aanvaarbaar is nie. Al uitsonderings vir die "reisende predikant" was slegs diégene wat 'n *vaste opdrag* gehad het om 'n nuwe gemeente(s) te versamel, vgl Middelburg 1581, art 7 en Den Haag 1586, art 7.
32 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 124. Hierdie artikel word dan deurentyd só herhaal tot by Dordrecht 1619, art 7.
33 'n Voorbeeld in hierdie verband is die humanis Desiderius Erasmus, 1469–1536, wat tot priester gewy was en dit sy lewe lank gebly het maar net éénmaal in sy lewe, direk na sy priesterwyding, 'n mis opgedra het.
34 Joh Jansen, *Korte Verklaring van die Kerkorde der Gereformeerde Kerken*, Kampen 1952, p 40.
35 Vgl J L Ainslie, *l.c.*, p 149: "The demand for a ministry trained in Sacred Learning has never ceased in the Reformed Churches. It might almost be said that it has become not merely the practise to require a training in divinity before candidates can be admitted to the Ministry, but a doctrine that for a right and full ministry such is necessary."
36 Dit is opmerklik hoe die kerke van die Hervorming *so gou as wat dit moontlik was*, teologiese opleidingsentra vir hulle studente opgerig het. Mens dink hier aan Zürich, die beroemde *Akademie* van Genève waar predikante vir die Franse kerk opgelei is; in Frankryk sélf die opleidingsentra te Saumur, Sedan, Montauban, Montpellier; in Nederland te Leiden; in

Engeland te Cambridge waar Bucer al in 1552 aangestel is en in Skotland te Edinburgh. 'n Mens kan byna die stelling maak dat *sonder* 'n teologiese opleidingsentrum, 'n hervormde kerk se groei en vooruitgang ernstig belemmer word. Histories word dié stelling deur ons eie geskiedenis bevestig.

Daar moet verder daarop gelet word dat *voortgaande studie* deur die predikant, juis ná sy bevestiging in die gemeente, van besondere belang geag is. Vgl in hierdie verband Emden 1571, art 4 van die partikuliere sake de *classicis conventibus* vgl G H Kersten, *a.w.*, p 54.

37 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 20 – Kap. II, art 26 van die Wezelse artikels.

38 Die "singuliere gaven" wat vereis word: godsaligheid (*pretas*): ootmoedigheid (= *humilitas*); sedigheid (= *modestia*); goeie verstand (= *excellens ingenium*); diskresie (= *prudentia*) én die gawe van welsprekendheid (= *eloquentia*). Hier word dus juis géén wetenskaplike gevormdheid gevra nie. Sien ook A D Pont, *Waar begin en waar eindig die amp?* artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jg 34. Pretoria s.j., p 48.

39 Kap II, art 8 van die Wezelse artikels. Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 16.

40 Vgl Joh Jansen, *a.w.*, p 26.

41 Vgl in hierdie verband óók: A D Pont, *Die Kerkwet en die Amp van Dienaar van die Woord*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*. Jaargang 17, Pretoria 1962, p 66 verv.

42 Vgl die beredenering hiervan in A D Pont, *a.w.*, p 74 verv.

43 Vgl die Kerkorde, van Den Haag 1586, art 8 waar verwys word na die beroeping "zonder konditie" – dws *sonder 'n bepaalde tydsduur, of vir 'n bepaalde termyn.*

44 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 157.

45 Vgl in hierdie verband ook A D Pont, *a.w.*, p 73. Die "status" van 'n predikant is iets wat met die kollegiale kerkreg na vore kom waar die predikant as 'n besondere figuur in die kerk gewaardeer word en waar die lidmate al meer en meer as "leke" gewaardeer word. In die reformatoriese kerkreg word dié gedagte nie aangetref nie, omdat die leer van *die algemene priesterskap* van die gelowiges dan nog lewend is. Vgl ook Joh Polyander, *a.w.*, p 113 verv.

46 Vgl Kap V, art 12 van die Wezelse artikels. G H Kersten, *a.w.* p 28. Vgl ook sinode van Emden, art 36 en 40 by G H Kersten, *a.w.*, p. 49.

47 Vgl ook Joh Jansen, *a.w.*, p 51.

48 Vgl hier oa Matt 10:10; Luk 10:7 asook 1 Kor 9:7–14 asook Gal 6:6–8.

49 Vgl in hierdie verband ook A B van N Herbst, *Verhouding van die Gemeente tot hulle predikant*, artikel in die *Almanak van die NHK*, Krugersdorp, 1966, p 48 verv.

50 Belangrik is hier die aanwysings van Paulus in 1 Kor 9:14.

51 Art 13 vgl G H Kersten, *a.w.*, p 180. Oor die aangeleentheid van die uittrede uit die diens van die Woord, vergelyk die beredenering in A D Pont, *a.w.*, p 78 verv.

52 Joh Jansen, *a.w.*, p 337–338.

53 Vgl A D Pont, *Die Kerkwet en die Amp van Dienaar van die Woord*, p 74.

54 A D Pont, *a.w.*, p 73.

55 J L Ainslie, *l.c.*, p 193

56 J L Ainslie, *l.c.*, p 233–234.

57 Vgl in hierdie verband die omskrywing van die ampsopdrag van die predikant volgens die Geneefse kerkorde en die Nederlandse kerkordes.

58 Johannes Calvinus, *Institutio*, IV.5.9.

59 H Bornkamm (hrsq) *Das Augsburger Bekenntnis*. Hamburg 1965, S.20. Dit is art 8.

60 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 17 verv.

61 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 123.

62 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 125.

63 Vgl R W Henderson, *The Teaching Office in the Reformed Tradition*, Philadelphia 1962, p 126.

64 W Henderson, *l.c.*, p 112.

65 R W Henderson, *l.c.* p 112 waar hy verwys na die *Post-Acta*, art 4–9.

66 Vgl oa R W Henderson, *l.c.*, p 108, asook G H Kersten, *a.w.*, p 100 waar hy verwys na die Ko van Dordrecht 1578, Kap III, art v.

67 Vgl R W Henderson, *l.c.*, p 121.

68 R W Henderson, *l.c.* p 126.

69 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 23 verv. Vgl in hierdie verband ook P S Dreyer, *Brandwagte van God*, Krugersdorp 1966.

70 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 158 en 159.

71 Art 14, Kerkorde van Den Haag, 1586.
72 H Bouwman, *Gereformeerd Kerkrecht*, Kampen 1970, p 556.
73 Aangehaal by H Bouwman, *a.w.*, p 557.
74 Vgl in hierdie verband die *Formulier vir die Bevestiging van Ouderlinge*.
75 Vgl artikels van Wezel, Hfst IV, art 5 en die kerkorde van Emden, art 14.
76 Art 27 en 28.
77 Dordrecht 1619, art 22.
78 Dordrecht 1574, art 30.
79 Slegs met Dordrecht 1574 word die vorm van die bevestiging in die kerkorde omskryf. In die opvolgende sinodale vergaderings word daar geen melding van gemaak nie.
80 Vgl Joh Jansen, *a.w.*, p 125.
81 Wezelse artikels, art 78.
82 Art 15.
83 Joh Jansen, *a.w.*, p 125, wys daarop dat die sinode van Middelburg 1581 die vraag moes beantwoord of 'n ouderling *lewenslank* gekies kon word. Hoewel 'n rapport, opgestel deur prof Danaeus, nie behandel kon word nie, is daarin gestel dat die Skrif nié leer dat die ouderlinge *altyd* in diens gebly het nie en om kerklike tirannie te vermy, is dit beter dat gehou word aan 'n bepaalde termyn.
84 Die verwysing is na 1 Timoteus 3:2, 4, 5 vgl art 63.
85 Vgl ook die *Formulier van die Bevestiging van Diakens*.
86 Dit is navolging van Joh Calvyn. vgl *Inst* iv. 3.9. Die voorbehoud te Wezel was dat dit 'n reëling vir die groot gemeentes sou wees vgl G H Kersten, *a.w.*, p 27.
87 Vgl G H Kersten, *a.w.*, p 145.
88 Joh Jansen, *a.w.*, p 115.
89 Die beroep op Handelinge 6 vir die instelling van en die inhoud van die amp, is eksegeties gesproke, problematies. Vgl hieroor oa A J Bronkhorst, *Schrift en Kerkorde*, Den Haag 1947, p 63 verv.
90 Vgl Nas Sinode van Dordrecht 1574, art xlix. G H Kersten *a.w.*, p 73.
91 Vgl hier G H Kersten, *a.w.*, p 113 waar besluit word dat die aalmoese "na die predicatie aan de kerk deuren" opgeneem moet word.
92 Vgl G D J Schotel, *De Openbare Eredienst der Nederl Hervormde Kerk in de Zestiende, Zeventiende en Achtiende Eeuw*, Leiden zj p 312.
93 Vgl J Reitsma en S D van Veen, *Acta der Provinsiale en Particuliere Synoden*, Groningen 1892, dl 2, p 227 en 2 dl 6, p 237.
94 J Reitsma en S D van Veen, *a.w.*, dl 7, p 53.
95 J Reitsma en S D van Veen, *a.w.*, dl 7, p 224.
96 J Reitsma en S D Veen, *a.w.*, dl 5, p 236.
97 Artikels van Wezel, art 61.
98 Kerkorde van Dordrecht 1574, art 36.
99 Kerkorde van Middelburg 1581, art 37.

HOOFSTUK 17

Die vergaderings

1 Inleidend

Art 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dat die ampte sáám 'n kerkraad vorm om "deur hierdie middel die ware godsdiens te onderhou en te sorg dat die ware leer oral versprei word en dat ook die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou kan word en dat ook die armes en bedroefdes volgens hulle nood gehelp en getroos kan word. *Deur hierdie middel* sal alles in die kerk goed en ordelik geskied . . .".

Wanneer die ampte in vergadering saamkom, neem hulle so deel aan die regering van die kerk deur Jesus Christus. Deur die vergadering waar gedagtes gewissel en ooreenstemming, op grond van die Woord, bereik word, word die gesag van Jesus Christus én die ampsdraer uitgeoefen.

Dit is duidelik dat art 30 'n skriftuurlike basis het, want die apostels tree op in 'n ampsgemeenskap en hulle word dan ook as *die twaalf* aangedui in Handelinge 6:2, 1 Korintiërs 15:5. Die diens van barmhartigheid word toevertrou aan *sewe* broeders, Handelinge 6:3. As Paulus aan die Filippense skryf, verwys hy gesamentlik na die ouderlinge én diakens, Filippense 1:2, en in Milete het Paulus die ouderlinge van Efese gesamentlik aangespreek, Handelinge 20:17 en 28. Die ampte wat in vergadering saamkom is die een middel waardeur Jesus Christus sy kerk regeer en die ampsdraers dra dus 'n *gesamentlike gesag én verantwoordelikheid.*

Die vergaderings van die ampte is die een groot middel wat in die Calvinistiese kerkordes ingevoer is om 'n menslike tirannie in die kerk te voorkom èn daarvoor te sorg dat dit sigbaar word dat Jesus Christus sélf sy kerk regeer. Hierdie regering vind plaas onmiddellik deur sy Gees en Woord en middellik deur die amp én die ampte wat in vergadering saamkom. Heinrich Heppe stel dit so:[1]

> "Der einzige Quell der Kirchengewalt ist Christus, welcher das unsichtbare Haupt der Kirche ist und dieselbe durch den Heil Geist allein regiert. Daher ist das innere und geistige Regiment, die autokratische *potestas dominica Christi*, durch welches die Kirche geleitet wird, ein schlechthin monarchisches. Dagegen die *potestas ministerialis*, durch welche die Kirche nach der von Christus gegebenen Ordnung sich selbst regiert, ist ebensowenig monarchischer als demokratischer, sondern aristokratischen Art, indem dieselbe von Christus nicht der Masse der Kirchenglieder, sondern einzelnen, welche dazu erwahlt sind, übertragen wurde und von einer in Presbyterien und Synoden bestehenden Vertrebung der Kirche (*ecclesia representativa*) ausgeübt wird."

Daarom is dit ook 'n prinsipiële vereiste dat alle vergaderings wat saamkom om die kerk te regeer, met Skriflesing en gebed geopen sal word. Daarin is die belydenis én

erkenning geleë dat dit Christus self is wat deur die instrument van die vergadering van die ampte, deur sy Woord en Gees regeer.[2]

In die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering word die plaaslike gemeente en kerkraad as die basis van die organisatoriese sisteem gesien. Die plaaslike gemeente word dan ook gesien as *die plaaslike en normale verskyningsvorm van die kerk*. Daar word die Woord verkondig, daar word die sakramente uitgedeel en ontvang, daar word die dissipline gehandhaaf én die tug geoefen. In die plaaslike gemeente is die merktekens van die ware kerk (art 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) sigbaar.

2 Plaaslike gemeente en algemene kerk

Wanneer nou gehandel word oor die vraag wát die verhouding van die plaaslike gemeente tot die algemene kerk is, dan is daar 'n verskil van mening oor hoe die verhouding gesien moet word. Hierdie vraag het in die negentiende eeu baie sterk na vore getree wanneer Abraham Kuyper met sy geesgenote uit die destydse Nederlandse Hervormde Kerk tree om die Gereformeerde kerke op te rig. Van die kant van die negentiende-eeuse Gereformeerdes is die argument gebruik dat die Nuwe Testament nét van 'n plaaslike gemeente of kerk praat, wat in homself volkome en komplete kerk is. Volgens dié siening ken die Nuwe Testament nie so iets soos 'n provinsiale of 'n nasionale kerk nie.[3] Daarom is daar maar één vergadering van die ampte waar die ampsdraers *kragtens hulle amp* byeenkom en dit is die kerkraadsvergadering. Die meerdere vergaderings ontstaan omdat die selfstandige, komplete kerke op grond van 'n akkoord of ooreenkoms 'n *konfederatiewe kerkverband* skep.[4] Die meerdere vergaderings word dan gevorm deur verteenwoordigers van die verskillende kerke, sodat hulle nie daar as verteenwoordigers van die amp teenwoordig is nie. Die gesag van die meerdere vergadering is dus die kumulatiewe gesag van die afvaardigende kerke. Die meerdere vergadering het dus 'n beperkte gesag, want dié gesag word deur die plaaslike kerke bepaal. Besluite van die meerdere vergaderings het in die plaaslike kerk alleen regskrag indien dit deur die plaaslike kerkraad aanvaar word.

Teenoor die opvattings van Kuyper en die manne van die sg "Doleansie-kerkreg" het manne soos Ph J Hoedemaker en andere die stelling na vore gebring dat die kerk die liggaam van Christus is. Die plaaslike gemeentes is dus nie konfederatief met mekaar verbind nie, maar is organies met mekaar verbind tot die een landskerk, die openbaring van die liggaam van Christus in 'n bepaalde land. Ten opsigte van die meerdere vergaderings sien Hoedemaker dit as volledige vergaderings van die ampte waar die ampte saamkom om die kerk as 'n geheel te regeer. Die meerdere vergaderings se gesag ontleen hulle aan die feit dat dit 'n toestroming van die amp is om die kerk as 'n geheel te regeer, net soos die kerkraad die plaaslike gemeente regeer.[5] Met ander woorde sowel die plaaslike gemeente as die nasionale kerk is volledig *kerk*.

Hier is daar dus nie sprake van 'n kerkverband wat deur die verskillende volledige en autonome kerkgemeentes sélf gestig of gevestig word nie. Die argument is

veel eerder dat daar één liggaam van Christus *is*, en daardie liggaam kom primêr tot openbaring in die plaaslike, selfstandige maar nié outonome gemeente en in die landskerk as 'n geheel. Reeds Antonius Walaeus het gestel:[6]

> "Deze zichtbare kerk wordt op twee wijzen beschouwd, hetzij als enige bijzondere vergadering van een dorp, stad of provincie . . . of als enige oecumenische en universele vergadering."

Daarmee saam kan ook verwys word na art 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waar gestel word:

> "Ons glo intussen dat die regeerders van die kerk al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van *die liggaam van die kerk*, in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie . . ."

Hier is dit tog duidelik dat *die liggaam van die kerk* nie nét die plaaslike gemeente is nie, maar óók die geheel van ál die gemeentes, dit wil sê *die kerk*. Van hierdie liggaam, *die kerk*, mag die plaaslike gemeente hom vanweë die organiese verband, blykens art 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, nié losmaak nie.

Dit blyk óók uit 'n suiwer historiese argument. As in 1559 die Franse kerk se eerste sinodale vergadering gehou word, word daar nie éérs 'n beslissing geneem dat al die gemeentes saam, deur middel van hulle verteenwoordigers, nou 'n kerkverband vorm nie. Die ampte met hulle regeerbevoegdheid kom daar saam om die Franse kerk te regeer en te lei en ontwerp dan sowel 'n geloofsbelydenis as 'n kerkorde vir die nasionale kerk. Nòg die geloofsbelydenis, nòg die kerkorde was ontwerpbeslissings wat nog éérs deur die plaaslike kerkraadsvergaderings goedgekeur moes word. Kragtens die sinodale gesag, die kumulatiewe gesag van die amp wat byeengekom het, hét die geloofsbelydenis en die kerkorde gesag.

In Nederland is die situasie ook interessant en tekenend. Aanvanklik ontstaan daar losstaande gemeentes. Maar by die gemeentes was daar van die begin af die neiging om saam te snoer in één kerk met sy meerdere vergaderings. By die sinodale vergaderings wat gehou is vanaf 1563, is daar nie by één sprake daarvan dat daar 'n kerkverband gestig moet word nie. Opvallend is dit dan ook dat die aanvaarding van die Nederlandse Geloofsbelydenis nêrens in 'n sinodale notule vermeld word nie, behalwe dat dit in 1566 by die sinode van Antwerpen hersien is.[7] Die opvatting van die Doleansie-kerkreg dat die belydenisskrifte die basis van die konfederatiewe ooreenkoms tussen die outonome gemeentes vir die stigting van 'n kerkverband is, word nie deur die geskiedenis bevestig nie. As die gemeentes in die suidelike Nederlande, as gevolg van die Spaans-Roomse vervolging verdwyn, word wéér 'n nuwe begin gemaak om 'n sinodale vergadering te skep by Wezel 1568 wat in 1571 by Emden verwesenlik word. Maar by Emden is daar nié sprake van 'n "herstigting" van die kerkverband nie. Die Emdense sinode stel in art 4 egter –

"Men sal oock de Nederlandtsche Kercken-dienaars, die in dese versamelinghe niet en zijn, vermanen, dat sy in die selve onderschrijvinghe (dit is van die Geloofsbelydenis) bewillighen: T'selve salmen oock alle anderen doen, die van nu voortaen, tot den dienst des Woorts beroepen sullen worden, eer sy in haren dienst treden."

Hier stel die sinode uitdruklik dat sy besluit nie alleen geldigheid het vir die aanwesiges nie, maar ook vir dié wat afwesig is. Die sinode gaan nog verder en begin met 'n verdeling van die gemeentes in klassikale vergaderings. Die sinode neem dus besluite vir *die hele kerk* en nie net vir die teenwoordige gemeentes nie. Hier word dit duidelik dat die sinode 'n regeervergadering van die ampte is wat vir die hele kerk, binne sy bevoegdheidskring, besluite neem.

Hier kan ook verwys word na die opvatting van H G Kleyn wat stel:[8]
"Maar waar de eenheid der Algemeene Kerk normaal moet geacht worden behoort zij echter voort te vloeien uit de Plaatselijke Gemeenten; alleen bij de Gemeente is de Kerkelijke Macht, en de Algemeene Kerk ontvangt die macht uit de samenwerking der bijzondere Gemeenten. In zekeren zin brengen zij die eenheid niet tot stand, want juist hunne aaneensluiting is het gevolg van de verplichting om een te zijn, zoodat men alleen in betrekkelijken zin van een vrijwillig contrakt kan spreeken, maar feitelijk treedt zij toch in het leven door aaneensluiten."

Wanneer die verskillende klassikale vergaderings (en dus nie die kerkraadsvergaderings nie) die notules van Emden aanvaar, dan beteken dit nie dat daarmee 'n kerkverband aanvaar word nie, maar dat die sinodale vergaderings regmatiglik beslissings namens die hele kerk kan neem. Dit is interessant om in hierdie verband op enkele van Gisbertus Voetius, 1589–1676, die groot kanonikus van die sewentiende eeu se opvattings te let. Hy stel dat die landskerk óók 'n *ecclesia instituta* is en dat daar met reg van 'n nasionale en selfs provinsiale *kerk* gepraat kan word. Sonder om die selfstandigheid van die plaaslike gemeente af te wys, sê Voetius dat die gemeente 'n onderafdeling van die nasionale kerk is. Hy maak hier gebruik van die begrip *unio ecclesiarum in corpus synodicum*.[9]

In die Calvinistiese kerkordes word die selfstandigheid en verantwoordelikheid van die gemeentes voortdurend gehandhaaf. Die meerdere vergaderings se bevoegdhede én die areas waarin hulle beslissings neem vir die hele kerk of die gemeentes van die kerk, word sorgvuldig omskryf sodat daar nié 'n hiërargie van vergaderings sal wees nie.

Die sinode van Dordrecht 1578 het bepaal dat daar vier vergaderings van die die ampte in die kerk sal wees naamlik:

- die kerkraadsvergadering;
- die klassikale vergadering;
- die provinsiale of partikuliere sinode; en
- die nasionale sinode.

Ten opsigte van al die vergaderings van die kerk, geld die algemene beginsel dat op al hierdie vergaderings slegs oor kerklike sake gehandel sal word "naar de wijze der kerkregeering".[10] Hierdie bepaling is in die besonder daarop gemik om die vergaderings daarvan te weerhou om oor politieke aangeleenthede te handel. Sou dit gebeur, kon dit aan die owerhede weer 'n opening gee om hulle met kerklike sake te bemoei. Hier word dus ook gesê dat die vergaderings van die ampte saamkom *om die kerk te regeer* en hulle hele aandag moet dáárby wees.

Verder beteken die sinsnede "naar de wijze der kerkregeering" óók dat die verskillende meerdere vergaderings streng by hulle bevoegdhede en opdrag moet bly en hulle nie aan grens-oorskrydende besluite skuldig moet maak nie. Daarby beteken dit ook dat ál die vergaderings hulle werk moet afhandel en besluite moet neem volgens–

- die aanwysings van die Woord van God;
- die voorbeeld van die apostels; en
- die voortdurende gewoonte van die kerk.[11]

Verder word ten opsigte van die meerdere vergaderings óók vasgestel:[12]

> "Men sal gheene zaken tot grooter versamelinghen brenghen dan die in den minderen niet en hebben konnen afghehandelt werden, ofte die de kercken in het ghemeyne aangaan."

Dié sake wat die mindere vergadering nie kan afhandel nie word mettertyd aangedui as die "zware zaken" wat wel by 'n kerkraadsvergadering aanhangig gemaak kan word, maar waaroor 'n kerkraadsvergadering alléén nie uitsprake kan gee nie, soos byvoorbeeld leerkwessies of die tug van predikante. Dit is egter opvallend om te sien hoe meerdere vergaderings sake, wat wél deur 'n kerkraadsvergadering afgehandel kan word en op hulle agenda verskyn, sonder debat terugverwys na die mindere vergadering.

Die sake wat "de kercke in het ghemeyne aangaan" en wat die opdrag van die meerdere vergaderings is, word sorgvuldig in die kerkordes omskryf. Die onderskeiding in *meerdere en mindere vergaderings* dui nooit op 'n hiërargiese statusverskil tussen die vergaderings nie. Die klassis is byvoorbeeld 'n *meerdere* vergadering alleen omdat by die klassis 'n meerdere of breëre verteenwoordiging van die amp is, èn omdat die klassis 'n meerdere of breëre bevoegdheid het om oor sake te handel wat nie binne die bevoegdheid van 'n kerkraadsvergadering lê nie. Maar dié *meerdere bevoegdheid* is sorgvuldig omskrywe en, op die keper beskou, is dit 'n bevoegdheid om besluite te neem wat slegs ten doel het om die kerkraad by te staan sodat die ware godsdiens onderhou kan word en die ware leer oral versprei kan word. Só gesien is die meerdere vergadering 'n hulp en bystand van die kerkraad.

3 Die kerkraadsvergadering

(a) *Die totstandkoming*

'n Kerkraadsvergadering is alleen moontlik waar daar reeds 'n vergadering van gelowiges bestaan. So bepaal die nasionale sinode van Dordrecht, 1578, art 64:

"Niemant en sal in de gheymeynte ontfanghen worden dan die voorheen van den Kerkenraet ofte ymmers eenen Dienaer ende Ouderlinck van de hoofdsomme der Christelicker leere ondervraeght sy . . . ens"

'n Gemeente word gevorm deur gedoopte lidmate wat 'n openbare belydenis van geloof afgelê het. Omdat hierdie gelowiges nie los van mekaar kan bestaan nie, word hulle saamgevoeg en dan word 'n kerkraadsvergadering ingestel sodat aan die gemeente Woord en sakrament bedien kan word.[13]

'n Kerkraad is in 'n gemeente 'n noodsaaklike voorvereiste, volgens art 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Wanneer vir die eerste maal 'n groep gelowiges vergader om 'n gemeente te vorm sal, volgens die kerkorde van Dordrecht, 1578, art 11, 'n kerkraad gekies word onder leiding van die dienaar van die Woord wat 'n opdrag het om 'n gemeente in die lewe te roep. Normaalweg word aanvaar dat met die verkiesing en bevestiging van die gemeentelike ampsdraers, 'n nuwe gemeente tot stand gekom het.

(b) *Die arbeidsveld*

Die werksopdrag van die kerkraad word baie duidelik in die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 30 omskrywe en dit is om toe te sien:

- dat die Woord van God reg gepreek en die sakramente bedien word volgens hulle instelling (art 29) sodat die ware godsdiens onderhou word en die ware leer oral versprei kan word;
- die kerklike dissipline gehandhaaf word sodat die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou word; en
- dat die armes en bedroefdes gehelp en getroos word.

Die werksopdrag van die kerkraadsvergadering word ook aangedui wanneer die omvang en inhoud van die dienswerk van die verskillende ampte omskryf word, want die beginsel is dat die ampsdraer nie alléén sy dienswerk verrig nie, maar gesamentlik.

Bo en behalwe die opdrag van die kerkraad, soos in die geloofsbelydenis omlyn, moet die kerkraad óók predikante vir die gemeente beroep en hulle onderhou, laasgenoemde weer in samewerking met die owerheid. In sommige gemeentes het die owerhede 'n groot seggenskap in die beroep van predikante gehad omdat die owerhede vir die traktemente verantwoordelik was. Daardeur is die vryheid van die kerk dikwels beperk.

Verder moes die kerkraad in samewerking met die gemeente, ook ouderlinge en diakens kies, toesig hou oor die skool en ook toesig hou oor die diakonie, want die kerkraad was die verantwoordelike liggaam.

Verder moes die kerkraad sorg dat alles ordelik in die gemeente geskied en kosters, voorlesers en dergelike aanstel. Ook moes hulle sorg dat daar op gesette tye verteenwoordigers van die amp na die klassikale vergadering gestuur is.

(c) *Die samestelling of lede van die kerkraad*

Die kerkraadsvergadering staan onder die voorsitterskap van 'n predikant en waar daar meer as een predikant is, sal hulle om die beurt die voorsitterstoel inneem.[14] Aangesien die kerkraadsvergadering steeds die Woord van God as norm en reël vir al sy besluite het, is die leiding van die dienaar van die Woord wat die Skrifte moet uitlê, byna vanselfsprekend. Die aard van die amp van die dienaar van die Woord en die goeie orde wat gehandhaaf moet word, maak ook dat die dienaar van die Woord die voorsitter van die vergadering sal wees.

Die kerkraad word dan gevorm deur die dienaar(s) van die Woord en die ouderlinge wat by uitstek die regeeropdrag ontvang het. In die Nederlandse Calvinistiese kerk het die diakens nie sittingsreg op die kerkraadsvergadering en die meerdere vergaderings gehad nie, omdat geoordeel is dat hulle nie 'n skriftuurlik-verantwoorde opdrag het om die gemeente en kerk te regeer nie.

Hierin het die Nederlandse kerk enigermate afgewyk van die situasie in die Calvinistiese kerk in Frankryk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1564 art 30, in navolging van die *Confessio Gallicana*, art 29, stel:

> "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word.
> Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook *ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm.*"

Die Franse *Discipline Ecclésiastique* 1559, art 3, 5 en 6 stel dat die diaken normaalweg lid van die kerkraad is en ook van die meerdere vergadering van die kerk, en hierdie opvatting word ook konsekwent in die latere kerkordelike reëlings van die Franse kerk gehandhaaf.

In Nederland word egter 'n ander pad gegaan. Met die sinode van Emden 1571 word nog in art 6 bepaal:

> "In een iegelijke kerk zal men tezamenkomsten of konsistoriën der dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen hebben, die ten minste alle weken eenmaal gehouden zullen worden, ter plaatse en tijd, die elke gemeente zal achten bekwaamste en gelegenste te wezen."

Waarskynlik op grond van art 2 van die Emdense kerkorde, waar bepaal is dat die eenheid van die leer beklemtoon sal word deur die ondertekening van die Nederlandse én Franse kerkordes, het die Emdense sinode hierdie pad gegaan. Maar dit is nié so gehandhaaf nie, want op die provinsiale sinode van Holland en Zeeland wat in 1574 te Dordrecht gehou is, word in artikel 4 'n nadere verklaring van Emden, art 6 gegee. Daar word gestel:

> "Tot verklaring des 6en artikels van Emden, dat in een iegelijke kerk en tezamen-

komsten der dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen wezen zal, verstaan de broeders dat de dienaars en ouderlingen op zich zelf en de diakenen op zichself tezamen komen zullen om een iegelijk zijn zaken te verhandelen. Doch in plaatsen waar weinig ouderlingen zijn, zullen de diakenen een deel der konsistorie *mogen wezen*, en de diakenen in de konsistorie geroepen zijnde, zullen gehouden wezen te komen."

Hier word dus uitdruklik vasgestel dat *die kerkraad* bestaan uit die predikant(e) en die ouderlinge. Dit waarskynlik vanweë die oorweging dat alleen dié ampsdraers 'n duidelik-omskrewe opdrag het ten opsigte van die regering van die kerk en die handhawing van die leer en die dissipline. Die moontlikheid word oopgelaat dat die diaken wel in uitsonderingsgevalle as hulp-ouderling sal kan fungeer waar die getal ouderlinge klein is. Hierdie moontlikheid word deurentyd gehandhaaf.[15]

Die moontlikheid bestaan wél dat die diakens ten opsigte van spesifieke aangeleenthede deelneem aan die werksaamhede van die kerkraad, onder andere ten opsigte van die beroep van predikante deur die kerkraad.[16] Terwyl die diaken normaalweg nie sitting op die kerkraad gehad het nie, is daar wél van die begin af reëlings getref vir die hou van weeklikse diakonale vergaderings waar die werk van die diakens gereël is.[17]

Wat die meerdere vergaderings betref het die diakens daar, omdat hulle nie lede van die kerkraad was nie, ook geen sitting gehad nie. In hierdie verband kon slegs een uitsonderingsgeval gevind word uit die jaar 1586 tov die sinode van Noord-Holland waarvan opgeteken staan:[18]

"Ende alsoo vuyt het classis van Heerlem eenen diaken in de plaetse van eenen ouderlinck is gesonden, heeft de vergaederinghe, om dyer oorsaecken van haerluyden voertgebrachte lettende, voer desen tyt sulcx laten passeeren, mits conditien dat naemaels hetselfde in egeen consequentie sal getrocken worden."

By die sinode van Emden, 1571, word in navolging van die Franse gebruik tog nog die moontlikheid oopgelaat dat die diaken ook sitting op die klassikale vergaderings sal hê. In die *Aanhangsel van die Acta*, waar oor die samestelling van die meerdere vergaderings gehandel word, word gestel: Cap II, art 7:[19]

"Uit elke Classis zullen gezonden worden twee Dienaars, met zoo veel Ouderlingen of Diakenen, of immers een Dienaar, met een Ouderling of Diaken."

Hierdie situasie is verander deur die beslissing wat die provinsiale sinode van Dordrecht in 1574 gegee het, waar die diaken se sittingsreg op die kerkraadsvergadering afgewys word.

Die normale situasie word gevind, onder andere, by die kerkorde van Middelburg 1581, art 30 wat ten opsigte van die meerdere vergadering bepaal het:

"De classikale vergaderingen zullen bestaan uit ettelijke genabuurde kerken, dewelke een dienaar en een ouderling . . . daarhenen afvaardigen zullen."

Gedurende die reformatoriese tyd en solank die presbiteriaal-sinodale kerkordelike reëlings in die Nederlandse kerk gegeld het, was die diakens nié normaalweg lede van die kerkraad nie en het hulle ook nie deelgeneem aan die werksaamhede van die meerdere vergaderings van die kerk nie. Hulle werksaamhede is gereël op die diakonale vergaderings en vandaar het die diakens met of sonder die samewerking van die plaaslike owerhede die armversorging in hulle gemeente behartig.

Nadat die sinode van Dordrecht 1574 die samewerking met die owerheid aanvaar het,[20] het dit met die kerkorde van Den Haag 1586 al so uitgegroei dat een of twee van die plaaslike owerheidspersone of magistrate wat ook lidmate van die gemeente is, sitting op die kerkraadsvergaderings gegee is met die reg om aan die besprekings deel te neem. Hiermee het die samewerking van die kerk met die owerheid baie intiem geword en is dit so gehandhaaf en voortgesit deur die sinodes van Den Haag 1586, art 36 en Dordrecht, 1619, art 37.

(d) *Die gesag van die kerkraad*

Die gesag van die kerkraad word enersyds beperk deur die gemeente wat die reg het om sy stem uit te bring by die verkiesing van kerkraadslede; wat 'n beroepe predikant kan weier en beslissings kan neem in verband met die aanvaarding van lidmate. Daarby kan elke gemeentelid hom op 'n meerdere vergadering beroep in 'n dissiplinêre beslissing van 'n kerkraad.

Aan die ander kant word die gesag van die kerkraad beperk deur die klassikale vergadering wat die reg het om predikante toe te laat én af te sit, én om toe te sien of 'n kerkraad ál sy pligte nakom en om toe te sien dat alles ordelik geskied wanneer 'n gemeente gestig word.

4 Die meerdere vergaderings

Soos reeds gestel, word in die presbiteriaal-sinodale sisteem soos dit in Nederland ontwikkel is, 'n drietal meerdere vergaderings aangetref. Dit is die klassikale vergadering en daarnaas 'n tweetal sinodale vergaderings, naamlik die provinsiale of partikuliere sinode en daarnaas die nasionale sinode. Hierdie vergaderings is duidelik van mekaar onderskei en het elkeen sy spesifieke arbeidsveld gehad sodat daar nie oorvleueling van werksaamhede was nie. Hierdie meerdere vergaderings moet prinsipieel gesien word as *uitbreidings van die gemeentelike kerkraad om aan dié aangeleenthede aandag te gee wat 'n wyer omvang het as wat normaalweg op die terrein van die kerkraadsvergadering lê.* Maar dié vergaderings moet nié gesien word as "hoëre" vergaderings nie, want die presbiteriaal-sinodale sisteem is prinsipieel téén elke vorm van hiërargie gekant, soos duidelik blyk uit beginsel wat as art 1 in die Franse kerkorde van 1559 geformuleer is, daarna te Emden oorgeneem word en uiteindelik as art 84 van die Dordtse kerkorde van 1618–19 sy plek gevind het. Verder moet daarop gelet word dat al die meerdere vergaderings samekomste is van die amp in die kerk wat met die regering van die kerk belas is. Met ander woorde die meerdere vergaderings is *regerende vergaderings*, vergaderings van die ampte wat byeenkom ter wille van die regering van die kerk. Hier

word uitgegaan van die standpunt dat Christus sy kerk middellik deur die amp en deur die ampte in vergadering regeer. Vir die regering van die kerk is die teenwoordigheid van die regeeramp op die meerdere vergadering belangrik en nié juis veelheid van *ampsdraers* nie. Soos reeds aangetoon, word in die Nederlandse presbiteriaal-sinodale sisteem, nié diakens op die meerdere vergaderings aangetref nie, omdat aan die diakens nie 'n regeeropdrag verleen is nie. Die armversorgingopdrag is as suiwer plaaslik van aard beskou en daarom is daar ook geen vergadering vir diakens gereël wat aan die diakens die geleentheid gegee het om op 'n breër of landelike vlak die armversorging te reël nie.

Met die instelling van die meerdere kerklike vergadering is die independentisme, of wel soewereine onafhanklikheid van die plaaslike gemeente áfgewys en word die eenheid van die kerk gehandhaaf sonder om weer in 'n hiërargie, soos in die Roomse stelsel, te verval.[21] In die Franse kerkorde van 1559 word dus getrag om enersyds teenoor die vyandige owerheid en staat 'n selfstandige kerklike organisasie, wat álle plaaslike gemeentes omvat, te vestig. Andersyds is getrag om die verhouding tussen die gemeentes onderling te reël. In daardie reëling word van die begin af die metropolisgedagte en daarmee elke vorm van 'n hiërargiese ordening van gemeentes afgewys.

5 Die verhouding van die kerkraad tot die meerdere vergaderings

Volgens die kerkordes het die meerdere vergadering almal 'n sorgvuldige omskrewe arbeidsveld. Dáárdie arbeidsveld kan, in die algemeen, aangedui word as al dié sake wat die kerk as 'n geheel raak en dié wat nie deur 'n kerkraadsvergadering alléén afgehandel kan word nie. Nou is die vraag wat presies die kwaliteit van die meerdere vergadering is, én wat sy gesag is. Dit word deur twee sake bepaal, naamlik–

- die afvaardiging; en
- die amp.

(a) *Die afvaardiging*

Die meerdere vergaderings is in wese 'n samekoms van die ampte vir die uitoefening van hulle regeertaak in en van die kerk. As sodanig is die meerdere vergadering slegs 'n kwantitatiewe uitbreiding van die kerkraad. Maar omdat dit onmoontlik is om ál die ampsdraers op die meerdere vergadering saam te trek, daarom word 'n afvaardiging uit elke kerkraad na die meerdere vergadering gestuur en daarom voorsien van geloofsbriewe én opdragte.[22] Met die afvaardiging neem die amp uit elke kerkraad of klassis sy plek in op die betrokke meerdere vergadering en is die meerdere vergadering op dié manier 'n samekoms van die amp uit die kerkrade van die verskillende plaaslike gemeentes. Dit is belangrik om daarop te let dat die afvaardiging die verteenwoordigende bevoegdheid het nét ten opsigte van dié meerdere vergadering waarheen hulle gestuur word. Ná die afloop van die meerdere vergadering is hulle weer "gewone" ouderlinge en predikante. Dié reëling bestaan om daarmee elke sweem van hiërargievorming uit te skakel.

(b) *Die amp*

Die tweede kenmerk van die meerdere vergadering is dat dit óók 'n vergadering van die amp is. Hierdie faset moet besonder benadruk word, anders word die meerdere vergadering eerder 'n *demokratiese* byeenkoms, terwyl dit in die kerk primêr om die *Christokrasie*, dit wil sê die Christusregering deur middel van die amp gaan. Tereg stel Bronkhorst dan ook:[23]

> "Is het synodelid primair afgevaardigde, dan legt dit een te zwaar accent op de vrijheid der gemeenten; is hij ook ter synode als ambtsdrager bezig (zij het ook niet in een hooger ambt) dan blijft de blik allereerst gericht op den Heer."

Met ander woorde die sinodelid of die lid van die klassikale vergadering kom ter vergadering ómdat hy ampsdraer is, verteenwoordiger van die regeeramp.

Omdat volgens die presbiteriaal-sinodale sisteem álle ampsdraers gelyk is, daarom kan één van twee weë gegaan word by die samestelling van die meerdere vergadering, naamlik:

(i) Alle ampsdraers van die mindere vergadering kom na die meerdere vergadering. Dan is daar nie meer sprake van *afvaardiging* nie en is die meerdere vergadering 'n toestroming van die amp (dws álle ampsdraers) ter wille van die regering van die kerk. Dit kan mens 'n *kerkraadsinode* noem, en 'n voorbeeld hiervan is byvoorbeeld die Algemene Kerkvergaderings wat in 1853 te Rustenburg en Potchefstroom gehou is.

(ii) Omdat 'n kerkraadsinode meestal 'n praktiese onmoontlikheid is, kom slegs enkele ampsdraers na die meerdere vergadering. Maar dan moet die ampsdraers wat op die meerdere vergadering kom, óók die ander ampsdraers wat tuisbly verteenwoordig en deur hulle gemagtig wees om namens hulle te spreek. Dan het ons 'n *afgevaardigde-sinode* en dan is die amp nié meer genoeg nie, maar kom die moment van die afvaardiging ook daarby.[24]

Die kwaliteit van die meerdere vergadering word dus tegelyk bepaal deur die feit dat dit bestaan uit afgevaardigde verteenwoordigers van die mindere vergadering én van die amp. Daarom is daar geen groot verskil tussen die kerkraad en die meerdere vergadering nie.

Die enigste formele verskil is dat by die kerkraad die kwaliteit van afvaardiging ontbreek. Met ander woorde, die sinodale vergadering is maar *'n groot kerkraad*, terwyl die kerkraad van 'n plaaslike gemeente *die plaaslike kerkraad* is. Só gesien is die meerdere vergadering 'n gekombineerde kerkraadsvergadering en in dié kumulatiewe sin van die woord is die sinodale gesag méér as dié van die kerkraad,

Tereg wys Bronkhorst daarop dat dit in die presbiteriaal-sinodale sisteem egter nié primêr gaan om die vryheid van die plaaslike gemeente al dan nie, máár om die gesag van die Woord van Jesus Christus in sy *ekklesia*.[25] As die sinodale of meerdere vergadering se gesag dáárin lê dat dit 'n vergadering van die afgevaardigde regeeramp is wat sy besluite neem volgens die leiding van die Heilige Gees én die

Woord, dán het daardie sinodebesluite vansélf gesag en hoef dié besluite nie nog weer agterná bekragtig te word deur kerkraadsbesluite om dit bindend te maak nie.

Dáármee word die besluite van die sinode nie onfeilbaar nie, maar dit bly staan dat die sinodale besluit as bindend aanvaar moet word, óók sonder die kerkraad se goedkeuring van die besluit, want anders word 'n middelpuntvliedende moment in die kerklike orde ingebou wat voortdurend dié orde bedreig.

Wanneer oor die verhouding, plaaslike gemeente (kerkraad) en meerdere vergadering gehandel word, dan moet die volgende beklemtoon word:

1 Die presbiteriaal-sinodale sisteem van kerkregering trag om in sy ordening tot uiting te bring dat Jesus Christus sélf sy kerk regeer deur sy Woord en Gees.
2 Daarom word ook elke vorm van hiërargie bestry, sowel tussen gemeentes, as tussen die ampte én die ampsdraers.
3 Die anti-hiërargiese element in hierdie sisteem beteken nié dat die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente oorbeklemtoon moet word in die rigting van die outonomie van die plaaslike gemeente, soos in die Doleansie-kerkreg in Nederland gebeur het nie.
4 Die amp as sodanig het gesag, maar die één ampsdraer het nié gesag oor die ander nie.
5 Die grootste gesag in die kerk van Christus lê nié by die veelheid van plaaslike kerkrade nie, maar in die verteenwoordigende sinodale vergadering wat met die provinsiale en klassikale vergaderings én die plaaslike kerkraad skakel. Die hoogste gesag lê by Christus en sy Woord en dáárdie Woord moet deur die kerk gelees, ondersoek, bely en gehoorsaam word. Dit is die hoogste *onmiddellike gesag* of mag in die kerk *en die grootste middellike gesag* lê by die sinodale vergadering.[26]

Uitgaande dus van die standpunt dat Jesus Christus onmiddellik sy kerk regeer deur die Gees en Woord, en middellik deur die amp, deur die presbiteraat, het die hervormde vadere die gesag in die kerk in die hande van die sinodale vergadering gelê. Die sinodale vergadering is immers die samekoms van die presbiteraat wat so goed as moontlik die amp én die kerkraad verteenwoordig. Dáár, in die nasionale sinode, lê die hoogste middellike gesag in die kerk in 'n bepaalde land.

6 Die klassikale vergadering

(a) *Die instelling*

Hierdie vergadering word vir die eerste maal kerkordelik gereël deur die Emdense kerkorde 1571, waar in artikel 8 bepaal word:

> "Benevens deze konsistoriën zullen ook alle drie of zes maanden classikale verzamelingen gehouden worden, van sommige kerken die bijeen gelegen zijn, naar hare gelegenheid en nooddruftigheid."

Die vergadering waarin die kerkrade van verskillende gemeentes wat naby mekaar geleë was, byeenkom, was ouer as die Emdense kerkorde self. Reeds in die Neder-

landse vlugtelinggemeentes in Engeland en ook in die Franse hervormde kerk, word dergelike vergaderings aangetref wat die benaming *colloquia* of *colloques* dra. Daarom is ook by die convent van Wezel 1568 die instelling van klassikale vergaderings in die vooruitsig gestel. Die bedoeling was van die begin af dat die verskillende kerkrade bymekaar sou kom in 'n gemeenskaplike vergadering om mekaar op dié manier by te staan. Aan hierdie aanduidings van die convent van Wezel het die Emdense sinodale vergadering gehoor gegee. Wat die grootte van die klassikale vergadering betref, is nooit 'n vaste reël neergelê nie, maar oor die algemeen is 'n klassikale vergadering gevorm deur die afgevaardigdes van die amp uit vyf tot tien kerkraadsvergaderings.[27]

(b) *Arbeidsveld*

Die belangrikste taak van die klassikale vergadering sou, volgens die Emdense kerkorde, die opsig oor die werksaamhede van die kerkraadsvergadering wees. Dit word soos volg geformuleer:[28]

> ". . . de voorzitter . . . zal een ieder afvragen: of in hunne gemeente kerkeraad gehouden wordt; of de Christelijke straf in zwang gaat; of zij strijd hebben met enige ketters; of zij eenige twijfel hebben in de hoofstukken der leer; of er goede zorg over de armen gedragen wordt en ook over de scholen; of zij tot regering der kerken de raad en hulp hunnen medegezellen behoeven; en diergelijke zaken meer."

Met die provinsiale sinode van Dordrecht 1574 is vir die eerste maal 'n indeling van klassikale vergaderings gemaak en word 'n veertiental klassikale vergaderings, binne die ressort van die provinsiale sinodes van Holland en Zeeland, in vooruitsig gestel met die verwagting dat daar nog meer sal kom. Hier word terselfdertyd vasgestel dat die klassikale vergaderings *maandeliks* moet byeenkom en terselfdertyd word hiér aan die klassis die opdrag gegee:[29]

> "De dienaars, die nu in de dienst der kerken zijn, en nog niet geëxamineerd, noch wettelijk geroepen en gezonden zijn, zullen van de classis geëxamineerd worden, alsof zij noch nooit gediend hadden, en ingeval zij onbekwaam gevonden worden, in leer of leven, zo zal men ze van hun dienst opschorten of suspenderen, totdat zij bekwaam zijn. En zo zij bekwaam zijn of in hen enige hoop van bekwaamheid gespeurd wordt, zo zal men hen met voortgaande, behoorlijke korrektie van haar voorgaande ongeschiktheid, en lichtvaardigheid op enige tekst der Schriftuur een predikatie laten doen, om hun gaven te horen; de konfessie en artikelen doen onderschrijven, in de gehoorzaamheid en tezamenkomst verbinden door een van de ministers laten presenteren, en een forme van konsistorie in de gemeente stellen, daar men ze gebruiken wil."

Hier word die beginsel neergelê dat die klassikale vergadering dié kerklike vergadering is wat die predikant moet toelaat tot die amp, opsig moet hou oor sy leer

en lewenswandel en indien nodig, volgens die beginsels van die dissipline van die kerk, die onbekwame predikant òf moet teregwys, òf uit die amp moet verwyder.

Die arbeidsveld van die klassikale vergadering word by die sinode van Dordrecht 1578 soos volg gestel: dat die klassikale vergadering die opsig sal hou oor die werk van die kerkraadsvergadering deur vas te stel–

- of die gewone kerkraadsvergaderings gehou word;
- of die Christelike dissipline in die gemeente gehandhaaf word;
- of daar stryd met ketters is;
- of die gemeente en kerkraad nie twyfel oor enige hoofstuk van die leer nie;
- of die armes en die skole na behore versorg word;
- of daar vir die regering van die gemeente hulp van die kant van die klassikale vergadering verleen moet word.

Hier word dus, van meet af aan, 'n duidelike vorm van opsig oor die werk van die kerkraad aangelê en word op dié manier die handhawing van die dissipline in die kerk bevorder.

Afgesien van die opdrag wat die klassikale vergadering het ten opsigte van die afneem van die proponentseksamen en die toelating van kandidate tot die diens van die Woord én ook die taak om tugsake te hanteer, moes die klassikale vergadering uit sy midde ook nog twee predikante en twee ouderlinge benoem wat die vergadering op die provinsiale sinode moet verteenwoordig.

Hieruit blyk dit dus dat die klassikale vergadering primêr *'n opsighoudende vergadering is* wat die taak het om toe te sien dat die kerkraadsvergaderings en ampsdraers van die gemeentes in sy ressort hulle opdrag en dienswerk na behore vervul. Op dié manier is die klassikale vergadering 'n uiters belangrike vergadering omdat dáár die opsig gehou word oor die primêre werk van die kerk, naamlik die regte verkondiging van die evangelie, die bediening van die sakramente volgens hulle instelling en die handhawing van die kerklike dissipline. Hierdie opsig word te Dordrecht 1618 ook nog in art 44 uitgebrei deurdat 'n kerklike visitasie gereël word waardeur 'n tweetal van die oudste en geskikste predikante in die klassis opdrag ontvang om elke jaar alle gemeentes in die ressort van die klassis te besoek om vas te stel of alles in die gemeente na wense verloop.

Ten laaste was dit ook deel van die opdrag van die klassikale vergadering om toe te sien dat die uitbreiding van die kerk en evangelie binne sy ressort ordelik geskied. Daarom moes die klassikale vergadering, waar nodig die voortou neem met die totstandkoming van nuwe gemeentes en het hy selfs die bevoegdheid om in gevalle waar nog geen kerkraadsvergadering bestaan nie, sélf tydelik daardie werk te doen, sodat 'n gemeente gevestig kan word.

(c) *Samestelling*

Aanvanklik, by die convent van Wezel 1568, en ook die sinode van Emden 1571, word nog nie presies aangedui hoe die klassis saamgestel sal word nie. Dit is egter wel duidelik dat die regeerampte van die kerkraadsvergaderings binne die ressort van die klassis daar verteenwoordig sal wees.

Met die sinode van Dordrecht 1578 word vasgestel dat van elke kerkraadsvergadering één predikant en één ouderling op die klassikale vergadering teenwoordig sal wees. Aangesien daar meerdere predikante in die gemeentes kan dien, word hulle nie uitgesluit uit die klassikale vergadering nie, maar het dan géén stemreg op dié vergadering nie, behalwe, so word te Dordrecht 1618, art 42, bepaal, waar aangeleenthede ter sprake kom wat hulle gemeentes of persoon direk raak.

Verder word die prosedure vasgestel dat met elke byeenkoms van die klassikale vergadering daar 'n nuwe voorsitter gekies word én dat 'n voorsitter nie tweemaal na mekaar in dié hoedanigheid mag dien nie. Na afloop van die vergadering verval die voorsitter en skriba se funksies. Uit die feit dat die voorsitterskap streng moet wissel én die feit dat daar géén kontinueringsliggaam van die klassikale vergadering bestaan as die vergadering nie in sitting is nie, blyk hoe sorgvuldig aandag gegee is aan die verwydering van alles wat wéér 'n hiërargie van ampsdraers of vergaderings in die hervormde kerk kan laat posvat.

7 Die provinsiale of partikuliere sinode

Met die vestiging van die hervormde kerk in Nederland was daar natuurlik nie dadelik die moontlikheid dat in elke provinsie van die land 'n provinsiale sinode tot stand sou kon kom nie. Die convent van Wezel 1568 en die sinode van Emden 1571 was van oordeel dat daar aanvanklik drie provinsiale sinodes moes wees, naamlik één vir die vlugtelinggemeentes in Duitsland en Oos-Friesland; één vir die vlugtelinggemeentes in Engeland en één vir die bestaande gemeentes in Nederland. Vanaf 1572, as die Spaanse juk afgeskud word en met die groei van die hervormde kerk, het die instelling van meerdere provinsiale sinodes op Nederlandse bodem moontlik geword. Die eerste provinsiale sinode wat byeengekom het, was dié van Noord-Holland in 1572 en daarop het die instelling van die ander provinsiale sinodes gevolg.[30]

(a) *Samestelling*

Die provinsiale sinodes wat, volgens die aanduiding van die sinode van Emden 1571, *jaarliks* moes byeenkom, is gevorm deur 'n verteenwoordigende afvaardiging uit elke klassis, te wete twee predikante en twee ouderlinge per klassis. Ook hier geld die reël dat alleen die verteenwoordigende afgevaardigde stemgeregtig is, hoewel ander ampsdraers wat nie afgevaardig is nie, wél die byeenkoms van die sinode mag bywoon en selfs daar die woord mag voer.

Met die provinsiale sinode se samestelling word *dus die beginsel van die representatiewe verteenwoordiging ingevoeg*. Waar elke kerkraad nog op die klassikale vergadering verteenwoordig word, is alleen die klassis op die provinsiale sinode verteenwoordig. Wat die nasionale sinode betref, word dié weer saamgestel deur 'n verteenwoordigende afvaardiging uit die provinsiale sinodes. Die beginsel dat élke kerkraad 'n verteenwoordiger of meer op die provinsiale en nasionale sinodale vergadering het, het dus in hiérdie sisteem nié gegeld nie. Dit het meegebring dat die provinsiale sinodes en ook die nasionale sinodes *wat getalle betref*, klein vergade-

rings was. Selde het dit gebeur dat 'n provinsiale sinode uit méér as veertig man, twintig predikante en twintig ouderlinge, bestaan het. In die reël was daar minder, omdat dit selde gebeur het dat die afgevaardigde ouderlinge almal die geleentheid benut het om die vergaderings by te woon.[31]

Alleen afgevaardigdes met behoorlike geloofsbriewe, kon op die provinsiale sinode sitting neem. Reeds by Dordrecht 1578 is daar sprake van "geschreven instruktiën" wat die afgevaardigdes moet saambring en wat dan deel word van die agenda van die vergadering.

Wanneer die provinsiale sinode se sitting afgehandel is, moes die afgevaardigdes die notule van die sinode in hulle klassikale vergadering bekendmaak. Die klassikale vergadering het dan die taak gehad om te sorg dat die besluite van die provinsiale sinode in daardie ressort nagekom word. Deel van die opsigtaak van die klassikale vergadering, was juis die toesien dat die besluite van die provinsiale sinode nie verontagsaam is nie. Vir hierdie opsigtaak was die klassikale vergadering weer verantwoording verskuldig aan die provinsiale sinode, soos blyk uit art 49 van die kerkorde van Dordrecht 1618–1619.

(b) *Arbeidsveld*

Die arbeidsveld van die provinsiale sinode was in volgorde: *die leer, die kerkorde en die "partikuliere zaken"*.[53] Die provinsiale sinode was dus nié 'n opsigvergadering soos die klassis nie, maar eerder 'n vergadering wat die taak het om die kerk in die provinsie te regeer deur vas te hou aan die geformuleerde en aangenome suiwere leer, die dissipline in sy ressort te handhaaf én om uitspraak te doen oor die "zware zaken" ten opsigte van leer en lewe in en van die kerk, wat voor die sinode gelê is.

Die provinsiale sinodes het hulle veral besig gehou met die regspraak oor dié aangeleenthede wat die klassikale vergaderings nie kon afhandel nie. Die belangrikheid van die provinsiale sinode het egter daarin gelê dat die verskillende klassikale vergaderings daar tot 'n eenheid saam verbind is. Terselfdertyd was die provinsiale sinode dié kerklike liggaam wat as verteenwoordigend van die kerk, met die provinsiale owerhede moes handel. Veral in die periodes waar die burgerlike owerheid die byeenkoms van 'n nasionale sinode verhinder het, byvoorbeeld in die tyd 1619–1816, was die provinsiale sinode 'n uiters belangrike liggaam omdat dit dan, in dié noodtoestand, 'n groot deel van dié werk moes doen wat eintlik die werk van die nasionale sinode was. Daarby was die provinsiale sinode die liggaam wat opdrag gehad het om deur middel van korrespondensie die kontak te handhaaf met die ander provinsiale sinodes in die land.

8 Die nasionale sinode

Oral in Europa waar die Hervorming in 'n land geseëvier het, is daar ook so gou as moontlik in 'n nasionale sinode byeengekom. Die eerste poging om die pad te effen vir die byeenkoms van 'n nasionale Nederlandse sinode, was die convent van Wezel 1568 wat reeds die hoop uitgespreek het dat daar jaarliks 'n nasionale sinodale

vergadering gehou sou kon word. Maar eers in 1571 was dit moontlik om die eerste nasionale sinode te hou en wel nog buite die grense van Nederland in Emden. Dáár is gereël dat die nasionale sinode elke tweede jaar moet vergader. Hieraan kon egter nie uitvoering gegee word nie vanweë die oorlogstoestande wat in Nederland geheers het, en die eerste nasionale sinode op Nederlandse bodem, was dié wat te Dordrecht in 1578 gehou is. Daar word dan bepaal dat die nasionale sinode elke drie jaar sal byeenkom en daardie reëling is nooit weer gewysig nie. Vanweë die teenkanting van die owerheid, aan wie 'n groot seggenskap in kerklike aangeleenthede gegee is, het daar van die uitvoering van dié besluit nie veel gekom nie. Ná 1578 is die volgende sinode in 1581 te Middelburg gehou, daarná eers vyf jaar later, dié te Den Haag in 1586 en dan twee-en-dertig jaar later dié te Dordrecht 1618–19. Ná die sinode van 1618–19 het dit tot 1816 geduur voordat die nasionale sinode wéér in sitting byeengekom het, maar dan is dit in 'n totaal ánder bedeling.

(a) *Samestelling*
Die nasionale sinode is saamgestel deur 'n verteenwoordigende afvaardiging van elke provinsiale sinode, te wete twee predikante en twee ouderlinge. Ook hier word die beginsel van representatiewe verteenwoordiging gehandhaaf en dit terwyl daar miskien 'n saak uitgemaak kan word dat elke kerkraadsvergadering op 'n *nasionale* sinode verteenwoordig móét wees. Die grootte van die kerk in Nederland het egter só 'n reëling prakties onuitvoerbaar gemaak, en daarom is vasgehou aan die representatiewe verteenwoordiging waardeur die nasionale sinode weliswaar 'n betreklike klein vergadering was, wat getalle betref, maar wat om daardie sélfde rede óók in staat was om doeltreffend te werk en te funksioneer.

(b) *Arbeidsveld*
Die nasionale sinode was 'n vergadering van groot belang, juis vanweë die opdrag en werkterrein wat aan dié vergadering toegewys is. Dié opdrag was die vasstelling en handhawing van die belydenis, die handhawing van die dissipline en die vasstelling van die kerklike orde, die inrigting van die openbare erediens en die neem van maatreëls wat die algemene welstand van die kerk bevorder. Die agenda van die nasionale sinode se werksaamhede sal dus opgemaak word uit dié aangeleentheid in hierdie verband én aangeleenthede wat nié deur die provinsiale sinodes afgehandel kon word nie.

Ten opsigte van die werkwyse van die sinodes, wys Jansen daarop dat in hierdie verband niks gereël was nie. Die eerste sinodes tot en met dié van Den Haag 1586 het elke punt op die agenda aan die orde gestel, daaroor debat gevoer en dan 'n beslissing gevel. By Dordrecht 1618–19 is egter 'n besonder omslagtige prosedure gevolg. Die afvaardiging van elke provinsiale sinode is as 'n kommissie beskou wat as kommissie sy oordeel oor elke agendapunt uitgebring het en net één stem gehad het. So was daar by Dordrecht agtien kommissies, nl elf binnelandse kommissies wat bestaan het uit 'n kommissie van die teologiese professore, die kommissie van

die Waalse afgevaardigdes en nege kommissies van die provinsiale sinodes. Daarnaas was daar sewe buitelandse kommissies, vir die afvaardiging van elke stad of land één kommissie. Elke kommissie het dan rapport uitgebring oor elke agendapunt en dié is aan die vergadering voorgelê. Hieruit het die moderamen 'n eindrapport opgestel wat dan min of meer die meerderheidsmening weergegee het en waaroor dan gestem is. By gewigtige aangeleenthede is ál dié rapporte voorgelees sodat die vergadering se werkswyse besonder omslagtig was. Hoewel getrag is om die werk te bespoedig, het dit géén positiewe resultaat gehad nie. Die feit dat ná die vergadering nooit weer 'n nasionale sinode in hierdie bedeling gehou is nie, het meegebring dat hierdie werkswyse nie 'n vaste gewoonte geword het nie.

AANTEKENINGE

1 H Heppe, *Die Dogmatiek der evangelisch-reformierte Kirche*, editio Bizer, Neukirchen 1958, 531.

2 Vgl Dordtse kerkorde 1619, art 32.

3 Vgl oa D Jacobs, *De verhouding tusschen de Plaatselijke en de Algemeene kerk in de eerste drie eeuwen*, Leiden 1927, p 62 en ook S Greijdanus, *Schriftbeginselen van kerkrecht inzake meerdere vergaderingen*, Enschede zj, p 12. Die skriftuurlike argument is dat Paulus altyd die meervoud *kerke* gebruik wanneer hy van méér as een gemeente praat – 1 Kor 16:1 en 19; 2 Kor 8:1; Gal 1:2 en 22, 1 Tess 2:14. Die uitsondering is Hand 9:31. "In die hele Judea ,Galilea en Samaria het *die kerk* 'n tyd van rus en vrede belewe," en dan ook Gal 1:13: ". . . dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het." Van Gereformeerde kant word dan betoog dat hier na die gemeente van Jerusalem alléén verwys word, wat deur die vervolginge verstrooi is, maar dan nog nie in verskillende plaaslike kerke gereorganiseer is nie. Dan word Galasiërs 1:22 daarby gebring en gesê dat ongeveer drie jaar ná die vervolginge, waarna verwys word in Galasiërs 1:13 en Handelinge 9:31, dan het daar inderdaad verskillende, plaaslike onafhanklike kerke ontstaan. Daarom kan *ekklesia* nooit 'n versamelnaam wees vir afsonderlik-georganiseerde kerke in 'n bepaalde gebied nie.

4 Die argument is dat die verskillende plaaslike kerke verplig is om so 'n konfederatiewe verband te vorm op grond van die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 28 wat stel: "Ons glo . . . aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van diegene wat verlos word, en daarbuite geen heil is nie . . . dat niemand, wat sy stand of status ook al is, in selftevredenheid hom van die vergadering afsydig mag hou nie; almal is juis verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar."

5 Ph J Hoedemaker, *De Kerk en het Moderne Staatsrecht*, Eerste stuk, Amsterdam 1904. Interessant is oa die skriftuurlike argument wat vir hierdie siening aangevoer word deur Herman Ridderbos, *Paulus*, Kampen 1966, p 534 verv. Hy stel dan: ". . . de eenheid niet het produkt is van de samenstellende delen, maar aan die laatste juist ten grondslag ligt. In de plaatselijke gemeente openbaart zich de ene en algemene kerk van Christus. Daarin ligt enerzijds haar zelfstandigheid, anderzijds de noodzakelijkheid zich mede door andere gemeenten te laten bepalen en gezeggen. Want zoals het beeld van de veelheid van de leden en het ene lichaam, Rom 12:1 en 1 Kor 14, een richtlijn vormt voor het verkeer in de plaatselijke gemeenten, zo niet minder voor de verhouding van deze gemeenten onderling. Want Christus heeft niet vele lichamen, maar het ene lichaam van Christus moet zich in de eenheid en samenstemming van heel de kerk, plaatselijk en generaal, openbaren, vgl Ef 4:1-6. Op p 536 stel hy: De grondstructuren van de gemeente als lichaam van Christus vormen ook hier de duidelijke richtlijnen voor heel de kerk. Daarom ontstond er met het wegvallen van de laatste apostel geen vacuum en vallen de plaatselijke gemeenten niet als afzonderlijke "lichamen" uiteen, maar hebben zij het onderlinge verband en gezag te bewaren, overeenkomstig het wezen en de roeping der kerk als het lichaam van Christus."

6 Joh Polyander cs, *Synopsis of Overzicht van de Zuiverste Theologie*, vert door Dirk van Dijk, Enschede zj, dl 2, p 92.

7 Die Nederlandse Geloofsbelydenis is deur Guido de Brés opgestel in Frans. Dit is 'n ver-

werking van die Franse Geloofsbelydenis van 1559. In die nag van 1–2 November 1561 is 'n eksemplaar van die Geloofsbelydenis, saam met 'n brief aan koning Filip II van Spanje, oor die muur van die kasteel by Doornik gegooi. Hoe hierdie Geloofsbelydenis die instemming van die destydse gemeentes onder die kruis of van die leiers van die Hervorming in die suidelike Nederlande verkry het, kan nie meer vasgestel word nie. Tog was verskillende van die sinodes daarmee besig en in 1566 is die Geloofsbelydenis hersien. Die Nederlandse vertaling daarvan dateer uit 1562. Eers die sinode van Emden 1571 besluit om ter wille van die eenheid van die leer dat almal die belydenis moet onderteken.

8 H G Kleyn, *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente*, Dordrecht 1888, p 20.

9 Voetius se opvattings word gevind in sy *Politica Ecclesiastica*. 'n Sorgvuldige opsomming en beredenering van sy standpunt word gevind by M Bouman, *Voetius over het gezag der Synode*, Amsterdam 1937, veral p 11–158.

10 Sinode van Dordrecht, 1578, art 17.

11 Artikels van Wezel, 1568, art 11.

12 Sinode van Dordrecht, 1578, art 18. Dit is interessant om daarop te let dat hier van *grooter versamelinghen* gepraat word. Eers Middelburg, 1581, verwys na *meerdere* vergaderings. Met die begrip "grooter versamelinghe" is dit duidelik dat dit 'n vergadering is wat "groter" as die kerkraadsvergadering is en dan groter omdat daar 'n groter of breër verteenwoordiging van die *regeeramp* in vergadering byeen is. Die "mindere vergadering" is nie hiërargies gesproke "minder" nie, maar ten opsigte van die verteenwoordiging van die regeeramp.

13 Die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 27, 28, 29 is hier van belang.

14 Vgl in hierdie verband GPL van der Linde, *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel*, Potchefstroom 1965, p 97.

15 Vgl kerkorde van Dordrecht, 1619, art 38.

16 Dordrecht 1578, art 3 en Dordrecht 1619, art 4.

17 Dordrecht 1574, art 33; Den Haag 1586, art 37 en Dordrecht 1619, art 40.

18 J Reitsma en S D van Veen, *Acta der Provinciale en Particuliere Synoden*, Groningen 1892, dl 1, p 133.

19 G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 54.

20 Dordrecht 1574, art 5.

21 H Bouwman, *Gereformeerd Kerkrecht*, Kampen 1970, dl 1, p 253.

22 Omdat in hierdie sisteem daar nié 'n kontinueringsliggaam vir die meerdere vergadering bestaan nie (soos die Algemene Kommissie vandag), was dit nié moontlik om vóóraf, deur middel van beskrywingspunte wat opgestuur word, 'n agenda saam te stel nie. Die *opdragte* aan die afvaardiging was dus, om dit so te stel, die beskrywingspunte wat aan die meerdere vergadering voorgelê is.

23 A J Bronkhorst, *Schrift en Kerkorde*, Den Haag 1947, p 261.

24 Vgl hier ook M Bouwman, *a.w.* p 86 verv.

25 A J Bronkhorst, *a.w.*, p 262.

26 A J Bronkhorst, *a.w.*, p 265.

27 Joh Jansen, *a.w.*, p 187.

28 G H Kersten, *a.w.*, p 54.

29 G H Kersten, *a.w.*, p 66.

30 Joh Jansen, *a.w.*, p 206.

31 Joh Jansen, *a.w.*, p 209.

HOOFSTUK 18

Die leer, die sakramente en die ander seremonies

1 Die leer en die belydenis

Die vraag wat hier na vore kom, is hoe die belydenis in die presbiteriaal-sinodaal gestruktureerde kerk funksioneer. Dat die belydenis 'n belangrike rol speel, staan vas, maar dit is nie altyd so presies duidelik wat die funksie van die belydenis is nie.

(a) *Historiese opmerkings*

Om oor hierdie saak duidelikheid te kry, is dit miskien die maklikste om allereers 'n paar historiese opmerkings te maak. 'n Geloofsbelydenis word normaalweg omskryf as 'n belydenis van geloof wat vir openbare gebruik opgestel word en wat gesaghebbend bepaalde geloofsartikels bevat, wat van sentrale betekenis beskou word, en wat die sentrale waarhede van die Christelike geloof uitspel. 'n Geloofsbelydenis kan dus òf al die skriftuurlike leerstukke probeer saamvat, òf slegs enkeles. 'n Geloofsbelydenis kan ook kort en populêr gestel wees vir die onderrig van die jeug of vir die gebruik by die doop, soos die Twaalf Artikels en die Niceens-Konstantinopelse Geloofsbelydenis of dit kan 'n meer uitvoerige en teologiese uiteensetting wees waar die sentrale waarhede van die Skrif in geformuleer word, soos meeste hervormde belydenisse.

Die geloofsbelydenis kom voort uit die skriftuurlike gedagte dat die gelowige Jesus Christus moet bely (Matt 10:32–33). Die belangrike moment in die geloofsbelydenis is dat dit uit die geloof voortkom, dit gaan nooit die geloof vooraf nie. In 'n sekere sin was die kerk nooit sonder geloofsbelydenisse nie, want die doopformule, die instellingswoorde van die nagmaal, Petrus se belydenis dat Jesus die Christus is, gaan aan die meer formele belydenisse vóóraf.

Die kerk self, die liggaam van Christus, word gebou op die Woord van God. Maar dan moet ons ook onthou dat dit die Woord is soos dit deur mense bely is. Die geloofsbelydenis is dus die gelowige se aanvaarding en verstaan van die Woord van God. Met ander woorde, waar daar geloof is, is daar ook 'n belydenis van daardie geloof.

Daardie belydenis hoef nie noodwendig 'n skriftelike belydenis te wees nie, want dit kan óók 'n herhaling wees van Petrus of Stefanus se belydenis of die belydenis van geloof in die drieënige God, soos dit in die doopformule voorkom. Dié oorspronklike belydenisse is in die geskiedenis van die kerk geleidelik uitgebou. Voorwaarde vir 'n belydenis om gesag te hê, is dat dit volgens of ooreenkomstig Gods Woord moet wees én dat dit deur 'n gesaghebbende kerklike vergadering soos 'n sinode of konsilie aanvaar moet word.

Tog moet goed onthou word dat die belydenis *nooit* op dieselfde vlak kan staan as die Heilige Skrif nie. Die Skrif is die Woord van God, die belydenis is die ge-

lowige se antwoord op die Woord van God. Of om dit so te stel: die Skrif is die *norma normans*, die geloofsbelydenis is die *norma normata*. Die Skrif is die *regula fidei*, die geloofsbelydenis die *regula doctrinae*. Die Skrif het 'n goddelike en daarom absolute gesag, die belydenis 'n kerklike en daarom betreklike gesag. Die Skrif bepaal die geloof én lewe van die kerk, lidmaat én ampsdraer, die geloofsbelydenis bepaal die inhoud van die openbare verkondiging.

Die geloofsbelydenis is op sy beste 'n kort samevatting van die sentrale waarhede van die Skrif soos dit in die kerk verstaan en bely word. Dit is 'n hulpmiddel om die Skrif te verstaan, want dit sistematiseer kortliks die inhoud van die evangelie en dit is 'n maatstaf waarmee die afwykende leer en lewenspraktyk bepaal kan word. In die vorm van 'n kategismus is dit 'n belangrike middel om die opgroeiende jeug in te lei in die sentrale waarhede van die evangelieboodskap.

In die vroeë kerk is die geloofsbelydenis gebruik om die grens te trek tussen gelowig en ongelowig, later bepaal dit die grens tussen die ortodokse geloof en kerk aan die een kant en die ketter of schismatikus aan die ander kant. In die tyd van die Kerkhervorming trek dit die grense tussen die ware en die valse kerk, maar ook tussen ware kerk en ware kerk, soos in die geval van die Lutherse en Calvinistiese kerke. In dié sin dus beskryf die geloofsbelydenis die grense van die kerk.

In die tyd van die Kerkhervorming kry ons twee soorte geloofsbelydenisse. Die één soort is 'n uiteensetting van die Bybels-verantwoorde geloof en word dan gebruik as 'n apologie of verweerskrif, soos bv die Franse geloofsbelydenis en die Nederlandse geloofsbelydenis. Die ander soort is die kategismus wat 'n meer opvoedende doel in die oog het, soos Joh Calvyn se Kategismus van Genève of die Heidelbergse Kategismus van die Paltz.

Die belydenisskrifte van die Hervorming sluit aan by die Griekse en Latynse belydenisse van die kerk, maar voeg daaraan toe Augustinus se leer van sonde en genade en ook leerstukke oor die antropologie en die soteriologie – veral ten opsigte van versoening en regverdigmaking. Hierdie belydenisskrifte steun veral op die Pauliniese briewe en lê klem op die middelaarskap van Jesus Christus en wat dit vir die gelowige beteken. Terloops kan daarop gewys word dat die Lutherse en Calvinistiese belydenisskrifte eintlik net verskil ten opsigte van die leerstukke oor die wet van God en dan die aard en werking van die sakramente, veral oor die praesentia realis Christi in die nagmaal.

Dit is egter opvallend dat Joh Calvyn in sy tussenkerklike werksaamhede nie baie klem gelê het op die presiese eenstemmigheid en eensluidendheid van die belydenisskrif nie. Daarom was Calvyn bereid om die Lutherse *Confessio Augustana* te onderteken, hoewel hy die geloofsbelydenis nie baie hoog aangeslaan het nie.[1] Vir Calvyn was die Woord van God, die evangelie van Christus die pura et sana doctrina egter van wesenlike belang en nooit was hy bereid om daaraan te kort te doen nie.[2] Maar dan het dit gegaan om die werklike en wesenlike waarheid van die Woord van God. Daarom kon Calvyn wel samewerking vind met die Lutherane, maar terselfdertyd onversetlik bly teenoor Rome en die Wederdopers.[3]

Wanneer nou oor die funksionering van die belydenis gehandel word, dan is dit

miskien goed om te let op die wyse waarop die Nederlandse Geloofsbelydenis in die kerk aanvaar is. Soos reeds vermeld is dié geloofsbelydenis deur Guido de Brès opgestel in navolging van die Franse geloofsbelydenis. Dit word die eerste maal wêreldkundig nadat die geloofsbelydenis in die nag van 1 en 2 November 1561 oor die muur van die kasteel by Doornik gegooi is.

Waarskynlik is dit gedurende 1561 ook deur die gemeente van Antwerpen goedgekeur en het as gevolg daarvan ook 'n tyd lank die naam: die Geloofsbelydenis van Antwerpen gedra. In 1563 het die provinsiale sinode van Armentières al gestel dat alle kerkraadslede hierdie geloofsbelydenis moes onderteken. Dit is gedoen uit die oortuiging dat hierdie geloofsbelydenis die sentrale waarhede van Gods Woord reg onder woorde gebring het. Gedurende Junie 1565 verwys die sinode wat te Antwerpen gehou is, na die "geloofsbelydenis van die kerke van hierdie land." Hoe wyd dit verstaan moet word, is moeilik om te bepaal. Dieselfde sinode het ook besluit dat aan die begin van elke sinodale vergadering hierdie geloofsbelydenis gelees moes word om enersyds die eenheid in dieselfde geloof so te betuig, én om vas te stel of daar nog iets aan die geloofsbelydenis toegevoeg of verander moet word. Dit het meegebring dat in 1566 geringe veranderings aangebring is in art 15, en dan veral oor die verhouding van die erfsonde en die doop en ook in art 36 wat oor die owerheid handel. In die hersiene vorm het die eerste nasionale sinode te Emden in 1571 die geloofsbelydenis aanvaar en is dit deur al die lede van die sinode geteken om die eenheid in die leer te bewys. By die convent van Wezel in 1568 is nog alleen mondelinge instemming met die geloofsbelydenis en die kategismus gevra. Emden vra skriftelike ondertekening en vra ook dat alle predikante wat nie by Emden teenwoordig is nie, dieselfde sal doen. Buitendien word dán bepaal dat almal wat as dienaar van die Woord in die kerk toegelaat sal word, ook die geloofsbelydenis en kategismus moet onderteken. Die daaropvolgende nasionale sinodes het dié standpunt gehandhaaf.

Hieruit word dit duidelik dat die belydenis, met die loop van die tyd, 'n effens gewysigde funksie gekry het. Aanvanklik was die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n apologie, 'n verweerskrif gerig aan die owerheid om, teenoor die leer van die Roomse kerk, duidelik aan te dui wat die regte en suiwere Bybelse leer was, en terselfdertyd het dit teenoor die rewolusionêre Wederdopers afgegrens en aangedui wat die suiwere leer in ooreenstemming met die Woord van God is.

Die algemene mening was dat almal wat die geloofsbelydenis onderteken het, aan die leer van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus gebind was, tensy 'n ondertekenaar met 'n beswaarskrif of gravamen kon aantoon dat 'n belydenisskrif in stryd met die Skrif self is.

Die sinode van Dordrecht 1618–1619 het die Nederlandse Geloofsbelydenis nagesien en verklaar dat eenparig vasgestel is dat die geloofsbelydenis regsinnig is en in alles met die Woord van God ooreenstem. Daarop is die Franse teks van 1566 nagesien en goedgekeur, soos dit in Antwerpen vasgestel is. Daarna is die Nederlandse vertaling van 1580, van die hand van Arent Cornelissen aanvaar en is 'n Latynse vertaling van die hand van Festus Hommius goedgekeur. Dit kom dus

daarop neer dat hierdie nasionale sinode die geloofsbelydenis soos De Brès dit opgestel het en soos dit deur verskillende sinodes gewysig en verbeter is, met algemene stemme aanvaar het. Aangesien dit 'n opdrag van 'n sinode is om 'n belydenis op te stel of te aanvaar en goed te keur, het die Nederlandse Geloofsbelydenis die Heidelbergse Kategismus én die Dordtse Leerreëls so die belydenis van die Nederlandse kerk geword. Dáármee het die sinode vasgestel wat na sy oortuiging die evangelium Christi, die pura et sana doctrina is.

(b) *Die funksie van die belydenisskrifte*

Hierdie belydenisskrifte of formuliere van enigheid (of eenheid in die geloof) is deur alle predikante aanvaar en dit sou in die vervolg ook deur alle predikante, wat tot die diens van die Woord wil toetree, onderteken moet word. Dié predikante wat dié formuliere nié wou onderteken nie, soos die Remonstrantse predikante wat die Dordtse Leerreëls nie aanvaar het nie, moes die dienswerk verlaat.

Die ondertekening van die formuliere was aanvanklik, soos reeds aangetoon, niks méér as slegs 'n onderskrywing nie. Met verloop van tyd is *die manier waarop* die belydenisskrifte onderteken is, deur 'n proponentsondertekeningsformule nader omlyn én gepresiseer. Volgens die Dordtse ondertekeningsformule verklaar die proponent:

> ". . . oprechtelijk en in goeden consciënte voor den Here, met deze onderteekening, dat wij van harte gevoelen en geloven dat alle artikelen en stukken der leer . . . in alles met Gods Woord overeenkomen. Beloven derhalve dat wij de voorzeide leer naarstelijk zullen leeren en getrouwelijk voorstaan . . ."

Daarmee word *deur die belofte van die proponent* die formuliere van enigheid *die norm én die reël van die prediking en van sy dienswerk*. Dit beteken nié dat die formuliere nou bokant die Skrif verhef of op gelyke vlak met die Skrif gestel word nie, maar dat die dienswerk en die prediking van die dienaar van die Woord binne die grense van die leer sal bly soos dié formuliere van enigheid dit uitdruk. Hier is ook nie sprake van gewetensdwang óf van beperking van die teologiese ondersoek en studie nie, want die proponent verklaar "oprechtelijk en in goeden consciëntie" dat die formuliere van enigheid *in alles met Gods Woord overeenkomen.*

Indien 'n dienaar van die Woord in die loop van sy studie of Skrifondersoek tot die oortuiging kom dat daar in die formuliere van enigheid sake voorkom wat *nie* volgens die Skrifte is, dan moet hy twee dinge doen:

- hy moet homself daarvan weerhou om sy besware téén die belydenisskrifte sonder meer openbaar te maak in die gemeente of sodanige plekke en geleenthede waar hy oor hierdie saak nie behoorlik te woord gestaan kan word nie;
- hy moet sy besware deur middel van 'n gravamen of andersins onder die aandag van die bevoegde vergaderings van die ampte bring.

Wanneer die dienaar van die Woord (of enige ander ampsdraer of lidmaat) só

sy besware na vore bring, dan beteken dit dat die Skrif alleen die bron én die maatstaf is waarmee die beswaar beoordeel kan word. Juis hierdeur word dit baie duidelik dat die belydenisskrifte nie langs of selfs bo die Skrif gestel word nie, maar dat dit geld as die menslike antwoord op die onfeilbare Woord van God.

Indien 'n dienaar van die Woord egter sonder 'n gravamen die inhoud en waarheid van die belydenisskrif aanval, dán funksioneer die belydenisskrif egter as die norm en reël waarmee sy afwyking gemeet word. Buitendien is so 'n optrede gelyk aan woordbreuk, in die lig van die proponentsfomule en dit is op sigself voldoende om die dienaar ongeskik vir sy dienswerk te maak.

So lank as die belydenisskrifte nié deur 'n gravamen bevraagteken word nie, bly dit die norm en die reël vir die prediking en die gesaghebbende aanduiding in die kerk van waar die grense van die kerk lê. Indien iemand óór daardie grens gaan, versteur hy die eenheid van die geloof en die eensgesindheid wat vir die kerk onontbeerlik is. Gedurende die negentiende eeu word dit in die Nederlandse kerk duidelik watter kerkverwoestende magte op die kerk losgelaat word as die vergaderings van die ampte nie meer bereid is om *die eenheid in die leer* in die kerk te handhaaf nie. Dán verloën die kerk eintlik die waarheid wat hy moet uitdra.[4]

2 Die doop

Die vraag aan watter kinders die doop bedien moet word, word van Wezel tot Dordt nogal verskillend beantwoord. Die Artikels van Wezel praat alleen van "de kinderen" in art 82. Die sinode van Dordrecht 1578 stel die bedoeling van Wezel vas as daar bepaal word dat "de kinderen der Christenen" gedoop moet word (art 59), terwyl Middelburg 1581 praat van "de kinderen van gedoopte Christenen" (art 39). Den Haag 1586 en Dordrecht 1619 keer egter terug na die begrip *de kinderen der Christenen.*

Hierdie stelling is in 'n sekere sin baie ruim en dit het, uit die aard van die saak nogal vrae opgelewer. Joh Jansen gee 'n interessante uiteensetting van die historiese gegewens wat soos volg saamgevat kan word.[5] Reeds in 1571 word by Emden die vraag gestel of kinders van Roomse ouers gedoop mag word. In sy antwoord verwys die sinode na 'n bestaande advies van die teologiese professore van Genève wat gestel het dat, terwyl die situasie in 'n sekere sin nog vloeibaar was, die kinders van Roomse ouers gedoop mag word indien daardie ouers reformatories gesind was en bereid was om hulle kinders volgens die hervormde opvattings en leer op te voed en groot te maak. Dit was ongeveer dieselfde wat Joh Calvyn aan John Knox van Skotland op 'n soortgelyke vraag, geantwoord het. In 1578 het die sinode van Dordrecht op so 'n vraag hierdie antwoord gegee:[6]

> "Of men allerlei mensenkinderen, als van hoereerders, afgesneden papisten en anderen diergelijken, zonder onderscheid dopen zal? Antwoord: Overmits de doop de kinderen, die in het verbond Gods staan, toekomt, en het gewis is, dat deze kinderen buiten het verbond niet zijn, zo zal men ze van de doop niet weren.

Alzo nochtans, dat zij op behoorlijke wijze gedoopt worden, en van die gepresenteert, die op de afvraging in de forme des doops begrepen, antwoorden en de leer toestaan."

Dan is dit interessant dat Calvyn in 1553 aan Farel wat dan in Neuchâtel werk, stel dat waar die Hervorming reeds deurgewerk het, alleen die kinders van lidmate van die kerk gedoop moet word. Dit word dan die min of meer algemeen geldende reël. Tog kan ook nog op die volgende gelet word. Daar word geoordeel dat "onverskillige ouers" se kinders wél gedoop mag word, maar alleen na vermaning van die ouers. Die kinders van ouers wat onder sensuur is, mag wel gedoop word, maar dan moet die doopgetuies die doopbelofte aflê en die verantwoordelikheid aanvaar dat die kinders reg opgevoed word. Indien die ouers na boete en berou weer volle lede is, neem hulle vanselfsprekend dié verantwoordelikheid weer op hulle.

Op die vraag of kinders van mense wat met die formulier van die ban afgesny is, gedoop mag word, oordeel die sinodes van Dordrecht van 1574 en 1578 en Middelburg 1581 dat daardie kinders nóg verbondskinders is en gedoop mag word. Hier word dit duidelik dat *die leer van die verbond* én *die gedagte dat die kerk volkskerk is* 'n groot invloed op die doppraktyk gehad het.[7] 'n Belangrike rol in die beantwoording van hierdie vrae word gespeel deur 1 Korintiërs 7:14. Opvallend is dat Dordrecht 1619 van oordeel is dat heidenkinders wat deur gelowiges aangeneem word, nié deur hulle aanneming as verbondskinders beskou kan word en daarom ook nie gedoop kan word nie. Die skriftuurlike basis vir hierdie opvatting is Genesis 17:7 en die Heidelbergse Kategismus, art 74 en die NGB, art 34.

Volgens die hervormde vadere kan die doop alleen deur 'n dienaar van die Woord bedien word. Reeds by Wezel 1568 word in art 81 gestel:

"Dewijl de sacramenten met een onafscheidelijke band zijn vereenigd met de dienst des Woords, zoo moet ongetwijfeld bij een ieder worden gehouden, dat derzelven bediening behoort tot het ambt der predikanten; diensvolgens voelen wij, dat de doop alleen van een dienaar des Woords mag bediend worden."

Interessant is dat die sinode van Middelburg van 1581, art 3 self stel:

"Het zal niemand, alhoewel hij een doktor, ouderling of diaken is, geoorloofd zijn de dienst des Woords of der sakramenten te betreden, zonder wettig daartoe beroepen te zijn."

Hierdie beginsel word konsekwent gehandhaaf en in die hervormde kerke word so iets soos 'n "nood-doop" nie erken of aanvaar nie.

Wat die doop van ander kerke of sektes betref, is beslis onder andere te Middelburg 1581 dat wanneer die doop bedien is deur 'n wettig geordende ampsdraer in die Naam van die drieënige God en slegs water gebruik is, dan word daardie doop aanvaar. Hiermee word die ou beginsel erken wat ook deur Augustinus geformu-

leer is, wat stel dat wanneer in Naam van die drieënige God gedoop word en daar 'n bedoeling is om te doop, dat daardie doop dan erken word.

By die hervormde vadere was dit 'n vaste gebruik om die kindjie so gou as moontlik ná die geboorte te doop, Dordtse kerkorde 1619, art 56. Dié beginsel word al deur Dordrecht 1574, art 57 neergelê en daar word gestel dat die doop alleen vanweë "eenighe zware oorsaecke" wat deur die kerkraad beoordeel moet word, uitgestel mag word.

Die doop mag alléén tydens 'n godsdiensoefening bedien word en enige vorm van privaat-doop word skerp afgewys.

By die kinderdoop moes die formulier gebruik word wat deur Petrus Datheen en Gaspard van der Heijden in 1566 opgestel is en aan die Psalmberyming van Datheen toegevoeg is. Die teks van die formulier is feitlik op elke sinodale vergadering behandel. Merkwaardig genoeg het nie één van die sinodes 'n min of meer amptelike teks vasgestel nie. Die sinode van Dordrecht 1619 het die teksuitgawe van 1611 nagegaan sonder om dit egter formeel goed te keur.

Die formulier vir die doop van volwassenes is deur Dordrecht 1619 vasgestel. In die provinsies Holland, Gelderland en Friesland het daar so 'n formulier bestaan en ook een in Zeeland, wat deur Hermannus Faukelius geredigeer is. Die formulier van Zeeland met die vrae soos dit in die formulier van Holland voorgekom het, is deur Dordrecht 1618–1619 aanvaar.

3 Die nagmaal

Kerkregtelik gesproke is daar by die nagmaal in die presbiteriaal-sinodale sisteem eintlik net drie belangrike beginsels wat na vore kom.

(a) *Die toelating*

Die nagmaalstafel staan nie oop vir elkeen wat maar wil aansit nie. Die beginsel wat van die begin af in die kerk gegeld het dat alleen belydende lidmate, dws gelowiges wat na kategese in die openbaar belydenis van geloof afgelê het, word ook in die Calvinistiese kerke gehandhaaf. Wezel 1568, art 87 stel al:

> "Men zal niemand tot des Heeren heiligen avondmaal toelaten, dan die vooraf belijdenis des geloofs gedaan heeft en zich aan de kerkelijke tucht onderwerpt."

Deur die doop, so is geoordeel, word 'n mens *lidmaat* van die kerk. In opvolging van die doopbelofte van die ouers word die kind by die huis én deur die kerk onderrig in die Bybelse waarheid. Daarop volg dan die openbare aflegging van die geloofsbelydenis. By die convent van Wezel 1568 word in art 90 ook nog gesê:

> "Maar het is niet vreemd, dat men de jongelingen, die in de categismus zijn uitgeleerd, *voor de volle gemeente onderzoeke* volgens het Formulier van den Kleinen Catechismus; waar men ook bij zal voegen de hoofdstukken van den grooten Catechismus en *zulks acht dagen* voor het houden des avondmaals."

Die ondervraging voor die gemeente is deur die sinode van Dordrecht 1574 verander na 'n ondervraging voor die kerkraad óf 'n kommissie uit die kerkraad. Daarna is in 'n godsdiensoefening geantwoord op vrae wat gestel is, en daarna is die gekatkiseerde lidmate tot die nagmaal toegelaat.

Wat die ander lidmate betref, is alleen diegene met 'n "vrome lewenswandel" toegelaat. Nuwe lidmate wat van elders kom, moes eers 'n *attestasie* of getuigskrif dat hulle waardige gelowiges is, aan die kerkraad afgee. Sodra die kerkraad dié getuigskrif aanvaar het, kon hulle ook nagmaal gebruik. Hier het die gedagte gegeld dat die kerkraad en veral die ouderlinge moet toesien dat die nagmaal nie ontheilig word, deurdat "onwaardige lidmate" daaraan deelneem nie.

Normaalweg was die gebruik dat almal wat nagmaal wil gebruik, agt dae vóór die nagmaal hulle name aan die kerkraad gegee het. Alleen diegene wat dan deur die kerkraad toegelaat is, kon nagmaal gebruik. Die voorbereiding vir die nagmaal het twee, soms drie weke vóór die viering 'n aanvang geneem. In die voorbereidingstyd is alle bruilofte, feesmaaltye en komediese opvoerings én die bywoning daarvan verbied. Gedurende die voorbereidingstyd het die dienaars van die Woord én die ouderlinge huisbesoek gedoen om die lidmate uit te nooi na die nagmaal.

Volgens die nasionale sinode van Dordrecht 1578 moes daar ook op die twee Sondae voorafgaande aan die nagmaal, voorbereidingsdienste gehou word. Niemand was veronderstel om dié godsdiensoefeninge asook die godsdiensoefening op Saterdagmiddag voor die nagmaal, waar die katkisante belydenis van geloof afgelê het, te versuim nie.[8]

(b) *Die nagmaalsviering*

Die presiese manier van die nagmaalsviering word nié deur die sinodes omskryf nie omdat geoordeel word dat dit tot die "middelmatige dinge" behoort. So was dit lank 'n vraag of die nagmaal bedien sal word terwyl die lidmate staan, of by die dienaar van die Woord verbybeweeg of aan 'n tafel plaasneem. Die sinode van Dordrecht 1574 het die sit aan die tafel die "voechelyckste" geag, terwyl Dordrecht 1578, art 69 skerp die moontlikheid om die nagmaal knielende te ontvang afwys, omdat dit weer die bygeloof kan aanwakker.

Die sinode van Dordrecht eis dat by die bediening van die nagmaal daar eers gepreek sal word en daarna moet die formulier by die tafel voorgelees word. Die nagmaalstekens moes *gewone brood* wees én wyn. Die vaste gebruik was om 'n gemeenskaplike beker te gebruik, hoewel daar soms tot drie of vier bekers gebruik is.[9]

Die dankseggings- of nabetragtingsdiens was nie 'n algemene vereiste nie en in baie gemeentes is in die middag ná die nagmaalsviering weer voortgegaan met die gewone kategismusprediking. Tog was 'n dankseggingsdiens 'n taamlike algemene gewoonte.

(c) *Reëlmaat van die nagmaal*

In die vroeë kerk is die nagmaal elke Sondag bedien. In die Hervormingstyd is

gepoog om hierna terug te keer. Dit is bekend dat Joh Calvyn gepleit het dat dit *maandeliks* gevier sal word, maar die stadsraad het slegs 'n *kwartaallikse* viering toegelaat.

Aanvanklik is in Nederland getrag om 'n twee-maandelikse viering in te stel (Dordt 1574, art 69), maar later word dit *twee-* of *drie-maandeliks*. Dordrecht 1619 bepaal dat dit op die paasdag, pinksterdag en Kersdag gevier moet word bo en behalwe die twee-maandelikse viering. Oor die algemeen het dit in Nederland deur gewoonte 'n kwartaallikse viering geword.

Uiteraard is die nagmaalsviering in die kerkgebou gehou, onder die opsig van 'n kerkraad. Waar daar nié 'n kerkraad was nie, kon "voorlopige ouderlinge en diakens" aangewys word om 'n nagmaalsviering moontlik te maak, volgens Dordrecht 1619, art 64.

Daar het heelwat vrae ontstaan oor die sg "kranken-communie", die bediening van die nagmaal aan siekes. Die sinode van Middelburg 1581 het daartéén beslis, maar oor die algemeen het dit 'n enigsins omstrede saak gebly.

4 Begrafnisdienste of lijkpredicatiën

Dit is opmerklik dat in die Nederlandse hervormde kerke begrafnisdienste, in navolging van die Geneefse gebruik, afgeskaf is. So het die sinode van Dordrecht 1578, art 58 gestel:

> "Overmits het gebruik der lijkpredikaties zeer zorgelijk is, zo gevoelen wij, dat ze in de plaatsen, daar zij niet zijn, niet behoren ingevoerd te worden. Maar daar ze gewoonlijk zijn gehouden te worden en het getal der dienaren genoegzaam is, dewelke mitsgaders de ouderlingen dezelve oordeelen, niet onnut te zijn, zullen ze geduld worden ter tijd toe, dat zij ter bekwamer gelegenheid zonder ergernis zullen mogen afgezet worden. Nochtans met deze waarschuwing, dat zij meer een vorm hebben van een ongepremediteerde vermaning dan van een predikatie, dewelke van den gebeden begonnen en met dankzegging gesloten word. Dat men ook in dezelve der afgestorvenen lof niet verkondige. Het zal ook der dienarem ambt zijn zorg te dragen, dat het gebruik der klokken, dewelke in het pausdom zo in het verscheiden als in het begraven der mensen geluid worden, weggenomen worde.

Dit is opvallend dat waar hier begrafnisdienste toegelaat word, die sinode van oordeel is dat die dienaar van die Woord nie mag preek nie, maar alleen 'n "ongepremediteerde vermaning", dit wil sê 'n onvoorbereide toesprakie mag hou. 'n Begrafnisdiens word dus geheel en al nie as 'n gewone of selfs 'n buitengewone godsdiensoefening beskou nie. Dit word geheel en al na die familie terugverwys en dit is nie 'n aangeleentheid wat die gemeente beroer nie.

Die sinode van Middelburg 1581 het die "dankzegging bij de begrafenis der doden" wat onder die liturgiese geskrifte, na die kategismus, opgeneem was, weggelaat. Die sinodes van Den Haag 1586 en Dordrecht 1619 het net so die begrafnis-

diens afgewys, omdat dit as 'n familie-aangeleentheid beskou is. Die groot beswaar was teen die Roomse gebruike met hulle gebede vir die afgestorwene en hulle "lijkpredicatie" wat grotendeels 'n lofrede oor die afgestorwene was, in plaas daarvan dat die erns van die dood aan die lewendes voorgehou is. Daarby wou die vadere verhoed dat daar iets van die leer van die vagevuur en al die buite-Bybelse opvattings wat daaraan vasgeknoop is, in die hervormde kerk 'n vastrapplek sou kry. Voortdurend het die vergaderings van die ampte dan ook gewaarsku en gedreig dat die begrafnisdienste afgeskaf moet word. Tiperend van dié houding is die besluit van die provinsiale sinode van Suid-Holland gehou te Delft in Augustus 1596:[10]

> "Sullen de ghedeputeerde des synodi de classis in welke de lyckpredicken gheschieden, ernstich vermanen deselve, volghende de kerckenordeninghe generael, naer te laten ende goede toesicht te nemen, off de meeninghe des synodi naerghecommen wordt, bysonder dewyl men bevindt, dat soodanich werck een consequentie maeckt in andere kercken, ende de dienaers in groote moeyte ghebracht werden."

So is die begrafnisdiens heeltemal buite die orde en ritme van die gewone gemeentelike lewe gestel.

5 Vas- en biddae

Die Dordtse sinode 1619, art 66 het die vas- en biddae behou. Hierdie dae is 'n erfenis uit die Roomse kerk. Hierdie gebruik is ook deur die owerheid erken en afgekondig sodat dit landswyd onderhou kon word. Die formulering van Dordt 1619 wys daarop dat dit normaalweg in samewerking met die owerhede afgekondig is.

Die vasdag was 'n dag waarop 'n minimum geëet en gedrink is om sodoende "die vlees" te bedwing sodat ernstiger aandag aan die gebed en die toenadering tot God bewerkstellig kon word. Die gebruik om te vas op bepaalde dae is in die hervormde kerk vasgehou om die erns van 'n saak te beklemtoon, en so is 'n vas- en biddag reëlmatig gehou voordat 'n dienaar van die Woord vir 'n gemeente beroep is. Dordt 1619 bepaal dat dergelike vas- en biddae deur die owerheid "aangesteld en geheiligd" moet word op versoek van die dienaars van die Woord in tye van "oorlog, pestilentie", moeilike tye, vervolging van die kerk "en andere algemene zwarigheden". Op sulke dae het die gemeente in die kerkgebou byeengekom *en daar die hele dag gebly*, geen voedsel of drank gebruik nie. Daar is op so 'n dag twee maal gepreek, terwyl tussen die twee godsdiensoefeninge uit die Skrif voorgelees is. Hierdie gebruik word van Wezel 1568 aangetref wat bepaal het (art 17):

> "Daarentusschen oordeelen wij, dat men naar het voorbeeld der apostelen, een dag zal instellen tot een plegtig vasten en bidden, opdat God met zijn H Geest wil bijzijn en zegenen het oordeel, en de stemmen des volks en ook de verkiezing en beproeving der ouderlingen . . ."

Daarna is dit so deur al die nasionale sinodes opgeneem in die kerkordes, hoewel nie met presies dieselfde bewoording nie.

6 Die Sondag en die Christelike feesdae

Gedurende die Hervorming was daar 'n sterk aandrang om die eindelose ry Christelike fees- en gedenkdae wat die Roomse kerk ingestel het, af te skaf. Farel en Viret het in Genève, reeds voor Calvyn daar begin werk het, hulle beywer om die feesdae afgeskaf te kry, terwyl Martin Bucer in Straatsburg dieselfde gedoen het.[11] John Knox in Skotland het dié gebruik nagevolg. Die bedoeling was om die Sondag as enigste Christelike feesdag te handhaaf. In Calvyn se Genève is daar nie eers op al die Christelike feesdae gepreek nie. So is byvoorbeeld op die Sondag vóór Kersfees wél oor die geboorte van Jesus Christus gepreek, maar op Kersdag self, as dit op 'n preekdag in die week geval het, is die gewone volgstof behandel. So is dit bekend dat Calvyn met 'n geleentheid op 25 Desember normaalweg voortgegaan het met sy uitleg van Deuteronomium en op dié dag die huwelikswet behandel het. Die algemene opvatting was dat die feesdae menslike instellings was en dat die feesdae net aanleiding gee tot losbandigheid en heidense feestelikhede.

So het die sinode van Dordrecht, 1574, art 53 bepaal:
"Aangaande de feestdagen, nevens de Zondag, op de welke men zich van de arbeid pleegt bijzonder te onthouden, en in de tempel te vergaderen, is besloten, dat men met de zondag alleen tevreden zal zijn. Doch zal men de gewoonlijke materiën van de geboorte Christi, zondags vóór de Kerstdag in de kerk behandelen, en het volk van de afdoening dezes feestdag vermanen, en ook van dezelfde materie op de Kerstdag prediken, indien hij valt op een preekdag. Men zal ook op Paas- en Pinksterdag van de verrijzenis Christi en zending des Heiligen Geestes leren mogen, het welk in de vrijheid der dienaren staan zal."

Hierdie kerklike opvatting is nié deur die owerheid gedeel nie en die owerheid het die Christelike feesdae elk met 'n verdere vakansiedag vermeerder. Die gevolg was dat Dordrecht 1578 in art 75 uitvoerig op die saak teruggekom het en gestel het:

"Het ware wel te wensen, dat de vrijheid van zes dagen te arbeiden, van God toegelaten, in de kerk gehouden en de Zondag alleen gevierd mocht worden. Nochtans, dewijl sommige andere feestdagen door autoriteit der overheid onderhouden worden, te weten de Christdag (= Kersfees) met de navolgende, idem de tweede Paasdag en tweede Pinksterdag en in sommige plaatsen de jaarsdag en Hemelvaartsdag, zo zullen de dienaren naarstigheid doen, dat zij met predikatiën in dewelke zij inzonderheid van de geboorte en verrijzenis Christi, zending des Heiligen Geestes, en dergelijke artikelen des geloofs, de gemeente leren zullen de onnutte en schadelijke lediggang in een heilige en profijtelijke oefening veranderen. Hetzelfde zullen de kerkendienaars in die steden doen, daar meer feestdagen door de autoriteit der overheid onderhouden worden. Hierentussen zullen

alle kerken arbeiden, dat het gewoonlijk gebruik aller feestdagen, behalve de Christdag (dewijl Pasen en Pinksteren op de Zondag komen) zoveel mogelijk is en op het allervoeglijkst afgedaan worde."

Die owerheid het hom egter in hierdie saak nie deur die kerk laat lei nie. Die sinode van Middelburg 1581, art 50 aanvaar dan ook hemelvaartdag as 'n dag waarop gepreek sal word, maar dring nog daarop aan dat die owerheid oorreed moet word om die Christelike feesdae af te skaf. Den Haag 1586, art 60 wys daarop dat op bevel van die owerheid ook nuwejaarsdag, wat kerklik as die dag van die besnydenis van Jesus Christus gevier is, en hemelvaartdag vakansiedae is waarop gepreek kan word. Dordrecht 1619 het vasgestel dat op die *eerste* en *tweede* Kersdag, paasdag en pinkster gepreek moet word, asook op die besnydenis (= nuwejaarsdag) en hemelvaartdag.

Dit is opvallend dat die kerk nié daarin kon slaag om die heidense konnotasie met bepaalde Christelike feesdae te vernietig nie. So het rondom Kersfees die Kersboom, die Kersvader en die gee van geskenke wat uit die Germaanse heidendom met sy middel-winterfees ter ere van Wodan kom, behoue gebly. Vanuit die Roomse erfenis kom die sterk beklemtoning van Maria en die Christus-kind in die stal omgewe deur Josef, die wyse manne uit die Ooste, die os en die donkie.[12]

Rondom paasfees was daar in die Roomse kerk 'n reeks van feeste wat voorafgegaan is deur 'n vastetyd van sewe weke of veertig dae, wat veral vanuit Konstantinopel algemene aanvaarding gekry het. Die bedoeling was om gedurende dié veertig dae gedurig die aandag te hou op die lyding van Jesus Christus én om goeie werke te doen. Die vaste het strenger geword na die laaste week voor paasfees. Die laaste of groot week is ingelui met palmsondag, die herdenking van Jesus se intog in Jerusalem. Die opvolgende Woensdag was 'n dag van rou, want op die dag is, volgens tradisie, Jesus deur Judas uitverkoop. Vanaf dié Woensdag tot paas-Sondag is die kerkklokke ook nie meer gelui nie. Dan het die sg "wit Donderdag" gevolg. Op dié dag is al die boetelinge wat op palmsondag kwytskelding van alle kerklike straf ontvang het, weer in die gemeenskap van die kerk opgeneem. Op dié dag is ook die voetwassing van die dissipels deur Jesus gedenk. In die Middeleeue is op dié dag die voete van armes en siekes gewas deur biskoppe en ander hoë kerklui en is aan die armes brood, klere en geld uitgedeel. Op goeie Vrydag is die dood van Christus gedenk.[13] Uit die heidendom het daar verskillende paasgebruike oorgebly. Die Germaanse volkere het in dieselfde tyd as wat in die Ooste die pasga gevier is, feeste ter ere van Ostera (vandaar die Engelse benaming: Easter), die godin van die liefde gevier.[14] Dit het meegebring dat rondom die fees allerlei uitspattighede voorgekom het. Van dié gebruike het in die tyd van die Hervorming veral die gewoonte oorgebly om vir paasfees nuwe klere te koop, spesiale voedsel voor te berei soos paaskoek, terwyl ook paasvure (oorspronklik ter ere van Ostera) aangesteek is. Die gebruik om eiers met Paasfees te eet, hang saam met die opvatting dat die eier die simbool van die heelal en die opstanding is. Die eier-etery was ter ere van Ostera maar het vandaar behoue gebly. Oor die algemeen was paasfees

egter 'n uitbundige voorjaarsfees.

In die vroeë hervormde kerk in Nederland was dit die gewoonte om op die tweede Woensdag voor paasdag oor die dood van Jesus Christus te preek. Op die Woensdag voor paassondag is dan gehandel oor die begrafnis. Gedurende dié lydenstyd het die hervormde lidmate geen vermaaklikheid of feeste aangebied of bygewoon nie, en is die week voor paasfees toegewy aan voorbereiding en die oordenking van die lyding en sterwe van Christus. As gevolg van hierdie ritme is daar in baie min gemeentes op goeie Vrydag gepreek. Paasfees self is natuurlik die oudste, Christelike feesdag en is altyd met groot vreugde gevier.

Die Sondag was by uitstek die Christelike feesdag, die viering en herdenking van die opstanding van Jesus Christus op die eerste dag van die week, en in die kerk is sy eie karakter aan hierdie dag gegee.[15] Bouwman wys daarop dat die streng Sondagsopvatting dat op dié dag géén werk hoegenaamd gedoen mag word nie, eintlik van die Engelse Puriteine afkomstig is.[16] Hulle invloed het in Nederland deur die gedagtes van die Nadere Reformasiebeweging deurgewerk. Die Puriteine het die rus op die Sondag as deel van die godsdiens beskou en alle nie-geestelike werksaamhede en tydverdryf verbied. Ten opsigte van Calvyn se opvattings verklaar Bouwman:[17]

> ". . . dat er eerst dan van zonde sprake is, zoo het-geen wij op Zondag verrichten de godsdienstige samenkomsten stoort, of door zijn stoffelijken aard ons van het geestelijken aftrekt."

Die Dordtse sinode 1619 het oor die Sondag besluit:[18]

"1 In het vierde gebod der goddelijken wet is iets ceremonieëls en iets moreels.
2 Ceremonieël is geweest de rust van den zevenden dag na de schepping en de strenge onderhouding van denzelfden dag, die het Joodsche volk in't bijzonder opgelegd was.
3 Moreel, dat een zekere en gezette dag den godsdienst zij toegeëigend, en daartoe zoveel rust, als tot den godsdienst en de heilige overdenking daarvan nodig is.
4 Omdat de sabbat der Joden afgeschaft is, moeten de Christenen den Zondag solemnelijk heiligen.
5 Deze dag is sedert de apostelen in de Christelijke kerk altijd onderhouden geweest.
6 Dezelve dag moet alzoo den godsdienst toegeëigend worden dat men op denzelven moet rusten van alle slaafsche werken (uitgezonderd degene, die de liefde en de tegenwoordige noodzakelijkheid vereischen) mitsgaders van alle zoodanige recreatiën, die den godsdienst verhinderen."

Oor die algemeen is die Sondag oral waar die Hervorming geseëvier het, beskou as

die dag waarop kerktoe gegaan moet word en verder was dit 'n rusdag. Dit was juis die kwaliteit van die "rus" wat in die dae van die Hervorming en in die sewentiende eeu in Nederland omstrede was. In die sewentiende eeu het Gisbertus Voetius en Johannes Cocejus en hulle volgelinge vir tagtig jaar oor die kwaliteit van "die rusdag" stryd gevoer. In Nederland het die owerheid baie moeite gedoen om die Sondag 'n Christelike feesdag te maak. Tevergeefs is gepoog om herberge, winkels, en dergelike te sluit en om die opvoering van toneelstukke, samekomste van rederijkers en komediante, oefeninge van die skutterskorpse, die hou van huweliksfeeste en danspartye te verbied.

Op Sondae is daar normaalweg twee maal gepreek. Die oggendgodsdiensoefening het gewoonlik om 07h30 begin en is later verskuif na 08h00. Die middagdiens is gewoonlik kort na 12h00 gehou en die "avondgebed" om 15h30 of 16h00. Normaalweg is daar ook op Dinsdag- en Woensdagoggend gepreek en dan ook Vrydagnamiddag.

Met die oggenddiens het die voorsinger 'n kwartier of meer voor die aanvang van die godsdiensoefening die voorlesersbank betree en die gemeente die voorsang, 'n psalm of die gesang van Utenhove: "O God, die onze Vader zijt," laat sing. Daarna het die voorleser oorgeneem en die hoofstuk van die Bybel waaruit gepreek sou word voorgelees, asook die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels van die geloofsbelydenis. Waar nodig het hy ook die diensformuliere voorgelees.

Daarna het die godsdiensoefening begin met die sing van die beryming van die Tien Gebooie. Dan het die gebed voor die prediking gevolg. Normaalweg is verwag dat hier die formuliergebed gebid sou word, maar dit was nie verpligtend nie. Daarna het die prediking gevolg en dan weer die formuliergebed na die prediking. 'n Slotpsalm het die godsdiensoefening afgesluit. Normaalweg is alleen voor en na die godsdiensoefening gesing.

Met die koms van die Hervorming was daar 'n besliste behoefte aan 'n nuwe liedboek. Aanvanklik is veral van Luther se Duitse Psalmberyming gebruik gemaak, terwyl daar ook vertalings gemaak is van Roomse, Latynse kerkliedere soos die Te deum laudamus, die Stabat mater en die Christe qui lux es et dies.

Willem van Zuylen van Nijeveldt het in 1540 'n beryming van die Souter (Psauter = Psalms) uitgegee en dié *Souter-liedekens* was besonder populêr, hoewel dit nie in die openbare godsdiensoefening gebruik is nie. In die eerste godsdiensoefeninge in die geheim is veral die Psalmberyming van Jan Utenhove gebruik wat hy vir die Londense vlugtelinggemeente opgestel het. In 1561 was daar al 'n honderdtal berymde Psalms van sy hand. Daarby is 'n vertaling van die Psalmberyming van Marot en Beza ook gebruik. Die mees algemene Psalmberyming wat in die godsdiensoefening gebruik is, was dié van Petrus Datheen wat in 1566 verskyn het te Frankenthal. Datheen het slegs die Franse beryming van Marot en Beza in Nederlands verwerk. Marot se Psalmberyming net soos die Souterliedekens het "wêreldse wysies" gebruik en eers later is beroemde komponiste soos Claude Goudimel, Louis Bourgeois en Claude le Jeune gevra om die musiek vir die Franse beryming te skryf. Datheen se Psalmberyming het van die laasgenoemde musiek

gebruik gemaak.

Datheen se Psalmberyming is in 1568 deur die convent van Wezel aanbeveel en sy Psalmberyming het tot 1773 die algemene in die godsdiensoefening gebly. 'n Beter Psalmberyming, die van Marnix van St Aldegonde, wat hy in die jare 1580–1591 geskryf het, kon nie daarin slaag om Datheen se swakker beryming te verdring nie.

Naas die Psalmberyming, so het Dordrecht 1619 bepaal, sou in die godsdiensoefening slegs gesing kan word die beryming van die Tien Gebooie, die Twaalf Artikels, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon én dan ook die gesang van Utenhove: "O, God, die onze Vader zijt". Opmerklik was dit egter dat ondanks die sinodale bepaling, heelwat gesange tog in die godsdiensoefening gesing is, veral dié wat deur Datheen agter in sy Psalmboek opgeneem is. So is in Friesland baie lank ook nog gesange van Luther gesing. Tog is, oor die algemeen, die kerklike lied in die godsdiensoefening tot die sing van berymde Psalms beperk.[19]

Met die Hervorming is aanvanklik *die orrel* uit die kerkgebou geweer. Hoewel Luther en die Engelse "Hervorming" die orrel behou, is dit in die Paltz, Switserland, Frankryk en Nederland nie meer in die godsdiensoefening gebruik nie. Zwingli wou nie net die orrel nie, maar álle kerksang verbied terwyl Calvyn, alleen na aarseling, die kerklike lied in die godsdiensoefening aanvaar het.

In Nederland het die provinsiale sinode van Dordrecht 1574 die orrel afgewys, want in art 50 word gestel:

> "Aangaande het spelen der orgelen in de gemeenten houdt men, dat het gans behoort afgezet te wezen, volgens de leer van Paulus 1 Kor. 14:19. En alhoewel men het alsnog in sommige van deze kerken alleen in het einde der predikatiën gebruikt, op het scheiden van het volk, zo dient het nochtans meest om te doen vergeten wat men voorheen gehoort heeft, en is te bezorgen, dat het hierna tot superstitie gebruikt zal worden, gelijk het nu tot lichtvaardigheid dient.

In 1578 bepaal die sinode van Dordrecht, art 77, dat die orrel so gou as moontlik verwyder moet word, en so word dit gehandhaaf. Die orrels is egter nié uit die kerkgeboue verwyder nie, maar het voor en na die godsdiensoefening gespeel. Eers gedurende die sewentiende eeu is met behulp van die plaaslike owerhede geleidelik weer begin om die gemeentesang met orrelspel te begelei. Aan die einde van die sewentiende eeu is die orrel weer oral in gebruik.

Die Sondagse namiddagdiens was van die begin af heeltemal gewy aan die uitleg van die Kategismus. Dit was dan ook die geleentheid wanneer almal wat kon, kerktoe gegaan het.[20] Aanvanklik is verskillende kategismusse in die kerk gebruik, maar die provinsiale sinode van Dordrecht 1574 het besluit dat, ter wille van die eenheid in die leer, alleen die Heidelbergse Kategismus gebruik sou word.

Voor en na die Sondagmiddagdiens het die kinders in die gemeentes die onderrig uit die Kategismus ontvang en is veral aandag gegee aan die vrae wat op die preekstoel behandel is.

7 Die huweliksbevestiging

Die huwelik was en is, volgens die Roomse opvatting, 'n sakrament en daarom 'n suiwer kerklike aangeleentheid. Daarom het die owerheid hom nooit met die huwelik of die huweliksreg bemoei nie, maar dit in die hande van die kerk gelaat.

Daarom gebeur dit dat na die Hervorming, die hervormde kerke ook alles wat met die huwelik saamgehang het, moes hanteer. In die kerke van die Hervorming is egter geoordeel dat die huwelik nie 'n suiwer kerklike aangeleentheid was nie. Die provinsiale sinode van Dordrecht 1574, art 5 het dan ook gestel dat die huwelik deels kerklik, deels politiek is, en daarom is by die owerheid aangedring om 'n huwelikswet te maak waar uitsluitsel gegee sou word oor sulke sake soos egskeiding, verbode grade van bloedverwantskap en dergelike meer.

Die owerheid op sy beurt was nié geneë om hieraan te voldoen nie en die huweliksluiting is heeltemal aan die kerk oorgelaat. So gebeur dit dat selfs persone wat nié aan die kerk behoort nie, na die kerk moes gaan om te kan trou. In daardie gevalle is die huwelik wel gesluit deur die predikant, maar nie kerklik bevestig nie. Slegs Jode is deur 'n owerheidskommissaris in die huwelik bevestig. So het dit in Nederland gebly tot na die Franse Rewolusie en in 1848 het die Nederlandse owerheid die huweliksluiting oorgeneem.

Gewoonlik is die huwelik op Sondag, voor of na die preek bevestig. Hoewel die sinode van Dordrecht, 1574, art 81 meen dat dit beter is om nie op Sondag huwelike te bevestig nie, het dié gebruik bly staan. Slegs op nagmaalsondae en op besondere vas- en biddae is daar geen huwelike bevestig nie. Daar was egter geen beletsel om op ander dae as die Sondag in die huwelik te tree nie.

Die huwelik is altyd met die formulier bevestig. Die formulier is Datheen se vertaling van die een wat in die Paltz gebruik is en dateer uit 1566. In sy verwerking het Datheen ook dele uit die huweliksformulier van Joh á Lasco bygewerk. Die formulier van die Paltz is op sy beurt 'n verwerking van die formuliere van Calvyn en Martin Micron van die Nederlandse gemeente van Londen. Calvyn se formulier gaan weer terug op 'n ouer Geneefse formulier wat deur Farel opgestel is.[21]

Afgesien van die huweliksluiting op Sondag wat egter nie deel van die gewone godsdiensoefening was nie, is die huweliksluiting nie as 'n gewone of buitengewone godsdiensoefening beskou nie. Dit was hoofsaaklik 'n familieaangeleentheid waarby die dienaar van die Woord die huwelik gesluit en bevestig het.

Hoewel daar in die Nederlandse kerke 'n genoegsame hoeveelheid besluite geneem is oor verbode grade van bloedverwantskap, wie in die huwelik mag tree en wie nie, of geskeide persone weer mag trou en wat die gronde vir egskeiding is, word dit nie hier aangehaal nie.[22]

AANTEKENINGE

1 C Augustijn, *Kerk en Belijdenis*, Kampen 1969, p 31.
2 W Nijenhuis, *Calvinus Oecumenicus*, Den Haag 1959, p 301.
3 W Balke, *Calvyn en de Doperse Radicalen*, Amsterdam 1977, p 219 verv.
4 Vgl oa D Nauta, *De Verbindende Kracht van de Belijdenisschriften*, Kampen 1969. Interessant

is die pleidooi van C Augustijn teen die "belydenisdwang" wat hy in die Gereformeerde Kerken in Nederland van vandag meen te ontdek. Vgl C Augustijn, *a.w.*, p 67 verv. Dit is opvallend dat die GKN deesdae skerp afwykings van die pura et sana doctrina, soos geformuleer in die belydenisskrifte, sonder meer verdra. Dit sal in die GKN presies dieselfde kerkverwoestende effek hê as wat dit in die Nederlandse Hervormde Kerk tot vandag toe het.

5 Joh Jansen, *Korte Verklaring van de Kerkorde der Gereformeerde Kerken*, Kampen 1952, p 245.

6 G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 115.

7 Vgl in hierdie verband oa G Oorthuys en P J Kromzigt, *Grondslag en Wezen der Kerk*, Wageningen 1933 asook S J Botha, *Die Volkskerk*, Pretoria-Kaapstad 1973.

8 G D J Schotel, *De Openbare Eeredienst der Nederl Hervormde Kerk*, Leiden zj p 265–366.

9 G D J *Schotel*, *a.w.*, p 98 verv.

10 J Reitsma en S D van Veen, *Acta der Provinciale en Particuliere Synoden*, Groningen 1894, dl 3, p 92.

11 Joh Jansen, *a.w.*, p 287.

12 G D J Schotel, *a.w.*, p 207.

13 G D J Schotel, *a.w.*, p 222 verv.

14 G D J Schotel, *a.w.*, p 231 wys daarop dat Ostera verband kan hou met die Fenisiese Astaroth of Astarte, die Romeinse Venus en die Griekse Aphrodite.

15 H Bouwman, *Gereformeerd Kerkrecht*, Kampen 1970, dl 2, p 465 verv gee 'n uitvoerige uiteensetting oor die Sondag en wat daarmee saamhang.

16 G D J Schotel, *a.w.*, p 476–477.

17 H Bouwman, *a.w.*, p 477.

18 Aangehaal by H Bouwman, *a.w.*, p 477.

19 Vgl G D J Schotel, *a.w.*, p 322 verv.

20 G D J Schotel, *a.w.*, p 327.

21 Vgl H J Barger, *Ons Kerkboek*, Groningen 1900, p 246 verv.

22 In hierdie verband kan gelet word op die uitvoerige gegewens van H H Bouwman, *a.w.*, p 511 verv.

HOOFSTUK 19

Die sensuur en die kerklike vermaning

1 Inleidende opmerkings

Dit is opvallend dat die handhawing van die kerklike dissipline, die skepping van 'n bepaalde hervormde lewenstyl veral te danke is aan die werk van die Geneefse hervormer, Johannes Calvyn. Heelwat van die middele wat Calvyn gebruik om die kerklike dissipline te verwerklik, het hy òf reeds by tydgenote in gebruik gesien, òf van elders oorgeneem.[1] Die belangrike rede waarom Calvyn so sterk op die handhawing van die dissipline gestaan het, was sy vaste oortuiging dat die verkondiging van die Woord en die bediening van die sakramente nie sonder gevolge mag of kan wees nie. Daarom het Calvyn ook nie die handhawing van die dissipline as 'n nota ecclesiae genoem nie, want volgens hom was die notae ecclesiae die regte verkondiging én aanvaarding van die Woord, die viering van die sakramente volgens hulle instelling, én die regte verstaan en gebruik van die sakramente.

Dit hang saam met Calvyn se beskouing dat die regverdigmaking en die heiliging onlosmaaklik met mekaar verbind is. Deur die regte verkondiging word ons tot Jesus Christus gebring en word Hy ons eiendom.[2] Sodoende ontvang die gelowige die regverdigmaking waar die gelowige om Christus ontwil, met God versoen word. Terselfdertyd ontvang die gelowige die heiliging wat óók omskryf kan word as die nuwe geboorte, die bekering of die boetvaardigheid.[3] Die regverdiging word dan die middel en die heiliging die doel van die vernuwing van die mens.

Nou is dit vir Calvyn 'n vasstaande saak dat hierdie vernuwing van die gelowige sondaar sigbaar en duidelik moet word. Vir Calvyn is dit belangrik dat die mens hom sal inspan om heilig en vroom te lewe, dat hy 'n lewe sal leef wat voortvloei uit die bekering en nuwe geboorte.[4] Die nuwe lewe mag nie slegs innerlik-geestelik ervaar word nie, maar dit moet ook elke dag weer in die gewone, daaglikse lewe sigbaar word.

Calvyn se klem op die sigbare en duidelike heiliging van die lewe bring ook mee dat hy sterk klem lê op die prediking van die wet. Die fondament van die geloof, so stel Calvyn, is die genadige beloftes van God en daarop rus die wet. Daarom praat Calvyn ook van die triplex usus legis. Daar is die usus paedagogicus, die usus politicus en die usus normativus.[5] Vir Calvyn is die usus normativus die belangrikste, want dit is die toepassing van die wet in die lewe van die gelowiges. Dit is juis vir die gelowiges nodig omdat hulle voortdurend die wil van God beter moet leer ken en daarby het die gelowiges die exhortatio nodig, want die wet bring hulle by hulle doel: die geheiligde lewenswandel waarin God verheerlik en die naaste gedien word.[6]

Juis hiér kom die dissipline en tug na vore wat tot die moederlike taak van die kerk behoort. Want die kerk ontvang, baar en voed nie alleen die gelowige nie, maar neem hom onder sy sorg en leiding gedurende sy aardse lewe. Dit is dus die

taak van die kerk om toe te sien dat iets van die geheiligde lewenswandel van die gelowige sigbaar word. Daarom is die handhawing van die tug en die dissipline die onveranderbare korrelaat van die gepredikte Woord.

Dit gaan vir Calvyn egter nie net om die geheiligde lewenswandel van die *enkeling-gelowige* nie, maar óók om die heiliging van *die gemeenskap*. In die gemeenskap is die primêre dan die gemeenskap van die gelowiges, die gemeente. In die gemeente word die Woord verkondig wat die geloof wek, voed en opbou. Die geloof weer skenk die regverdigmaking en die heiliging. Daardie genadegawes is op hulle beurt weer kerkvormend, want die gelowiges word nie alleen verenig met Jesus Christus nie, maar ook met sy liggaam op aarde, die kerk. Saam met mekaar vorm die gelowiges die gemeenskap van die heiliges.[7] Hierdie gemeenskap van gelowiges moet mekaar, volgens die Skrif, bystaan en opbou en dit op geestelike én stoflike vlak – soos uiteengesit in Calvyn se siening van die tertius usus legis. Daarom sê Calvyn is die kerk nie alleen daar om die Woord te verkondig en die sakramente te bedien nie, maar dit is ook 'n nuwe gemeenskap waar die oorspronklike verhouding tussen God en mens enersyds, en mens en mens andersyds, deur Jesus Christus herstel is. So moet en sal daar vanuit die kerk 'n vernuwende invloed op die hele gemeenskap inwerk tot voordeel van die gemeenskap.

Volgens Calvyn se siening is die dissipline en die tug noodsaaklike voorwaardes om die nuwe gemeenskap wat die kerk is, tot stand te bring en in stand te hou. So stel hy dat die tug nodig is, sodat die goeie in die kerk nie deur die slegte bederf sal word nie.

In die praktyk het dit beteken dat Calvyn sterk klem daarop lê dat die doctrina evangelii ook deur die vitae fructus gevolg moet word. As dit nie onder oë gehou word en die tug en dissipline gehandhaaf word nie, is dit "'n vervloekte slapheid."[8]

Verder lê hy klem daarop dat die handhawing van die tug en die dissipline 'n suiwer kerklike aangeleentheid is waarmee die owerheid hom nie behoort te bemoei nie.

Derdens stel Calvyn dat die kerk in hoofsaak bestaan uit gelowiges wat bewus is van wat dit beteken, mense wat hulleself ook vrywillig aan die opsig en tug onderwerp het.

Wat die tug self betref, het Calvyn steeds beklemtoon dat die tug net so kerklik hanteer moes word as wat die Woord bedien is. Dit beteken dat die tug deur kerklike ampsdraers bedien moes word, terwyl die enigste maatstaf van die tug die Woord van God is én moet wees.

2 Begripsomskrywing

Wanneer daar oor *tug* en *dissipline* gepraat word, is dit belangrik om dié twee woorde ook sorgvuldig te presiseer. Wat daarmee bedoel word, kan al afgelei word as die Nederlandse Geloofsbelydenis, art 29 gelees word, waar staan:

"Die kenmerke om die ware kerk te kan uitken, is die volgende:
- dat die kerk die evangelie suiwer preek;

- dat dit die sakramente suiwer bedien; soos Christus dit ingestel het;
- dat dit die kerklike tug gebruik om die sondes te straf.

Kortom: *dat almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken.*"

Bouwman[9] wys daarop dat die woordjie *tug* afkomstig is van die Middelnederlandse stam *tien*, wat die betekenisinhoud het van *om te trek, om op te voed.* Daar lê dus in die woord die betekenis van opvoed, onderhou, kweek of laat groei. Omdat in die laat-opgroei-proses daar ook afwyking en 'n skeefgroei kan wees, wat reggestel of reggemaak moet word, daarom kry die woord tug dan ook die betekenis van *teregwysing, bestraffing, straf* om die verkeerde te bekamp en die goeie of aanvaarbare te bevorder. So gesien, beteken tug dan: *doelgerigte leiding om iemand gewoond te maak aan dit wat goed is en weg te hou van dit wat verkeerd is.* In daardie doelgerigte leiding lê dan ook die moontlikheid van teregwysing, bestraffing én straf opgesluit.

Die woord *dissipline*, afkomstig uit Latyn, dra die betekenis van *onderrig, opleiding* en vandaar kan dit ook verwys na 'n *skool*, soos 'n filosofiese skool, of na 'n plek van opleiding en uiteindelik kan dit ook 'n gewoonte beteken. Hier val die klem óók op die opleiding in vaste bane, en daarmee dus gepaard die gesistematiseerde lewenspatroon met sy teregwysing en straf as die grens van die toelaatbare oorskry word.

In die lig hiervan kan dan gestel word dat tug en dissipline die betekenis het van: *opvoeding en opleiding, handhawing van 'n duidelik-omlynde orde, bestraffing van die verkeerde, die afwykende, die sonde.*

Die tug kan dan op twee maniere toegepas word, òf deur 'n woord van vermaning, teregwysing of bestraffing, òf anders deur 'n daad, 'n tughandeling.

Nou moet daarop gelet word dat die Heidelbergse Kategismus stel (vraag en antwoord 83):

"V. Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?
A. Die verkondiging van die heilige evangelie én die Christelike ban of uitsluiting uit die gemeente. Met albei hierdie handelinge word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit."

Die verkondigde Woord vanaf die kansel en elders, het dus óók 'n element van tug in hom in so ver as wat daardie Woord, reg verkondig, ook 'n opvoedende, opleidende, teregwysende én bestraffende moment in homself het. Maar as van die *kerklike tug* gepraat word, word normaalweg nié na die verkondigde Woord as 'n stap in die tug verwys nie. Die kerklike tug verwys na dáárdie woorde en dade in die kerk wat as logiese uiteinde òf die bekering van die sondaar, òf die uitsluiting uit die gemeente tot gevolg het.

Die tug is 'n voluit kerklike handeling wat tot die terrein van die geestelike lewe behoort, en dit het die bedoeling om die heiliging van die lewe van die enkelinggelowige én die gemeenskap van die gelowiges te lei, te bevorder en te beskerm.

Daarom is die tug ook handhawing van *die orde* wat daar in die lewe van die enkeling en die gemeenskap moet wees.

Die grond vir die tug, die riglyne vir die tug en die doel van die tug word almal en altyd deur die Woord van God alléén bepaal, want dit gaan dáárom dat "almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp, en Jesus Christus as die enigste Hoof erken."

3 Die doel van die tug

Aangesien die doelwitte van die tug nie uitvoerig en as sodanig in die verskillende kerkordes wat bespreek is, genoem word nie, is dit nodig om weer na Joh Calvyn terug te keer om uit sy geskrifte vas te stel wat hy as die drie doelwitte van die tug stel. By Calvyn word dan drie doelwitte aangetref.[10]

(a) *Die eer van God, van Christus en van die kerk*

Dit is die teologies-ekklesiologiese doelwit. Calvyn se argument is dat as die kerk die liggaam van Christus is, dan moet alle verdorwenheid uit die liggaam geweer word sodat die kwaliteit van die liggaam nie skadelik reflekteer op die Hoof nie. In hierdie verband verwys Calvyn ook na die nagmaal en stel dat die ampte moet toesien dat die nagmaal nie onteer word deur onwaardiges nie.

(b) *Die voorkoming van die bederf van die goeies deur die slegtes*

Dit is die pedagogies-pastorale doelwit. Hier verwys Calvyn spesifiek na 1 Korintiërs 5:6 en 1 Korintiërs 5:11. In sekere sin kan hier gepraat word van die mediese aspek van die tug.

(c) *Die noodsaaklikheid om die sondaar tot inkeer te bring*

Dit is ook 'n pedagogies-pastorale doelwit. Hier verwys Calvyn na 2 Tessalonisense 3:14 en 1 Korintiërs 5:5. Dit is en bly vir Calvyn belangrik dat die sondaar gered moet word. Daarom lê hy baie klem op hierdie doel.

Plomp wys daarop dat die drie doelwitte soms deur Calvyn saamgevat word wanneer hy sê dat die kerk se potestas iurisdictionis in wese niks anders is as 'n orde om die geestelike regering in en van die kerk in stand te hou nie. Die geestelike regering is die regering deur en met die Woord. Wanneer dit in stand gehou word, dán sal die kerk nie oneer aan sy Heer bewys nie, dan sal die goeie mense nie deur die slegtes bederf word nie, en dan sal die sondaars werklik tot inkeer en bekering kom.[11]

4 Die ampte belas met die tuguitoefening

Aangesien Jesus Christus self sy kerk regeer en vir die regering van sy kerk gebruik maak van die dienswerk van mense, is dit vanselfsprekend dat die ampte wat tot hierdie dienswerk geroep en bevestig word, ook die tug sal uitoefen. Die ampte sáám vorm die kerkraad wat na die eis en reël van Gods Woord die gemeente lei

en regeer. In Matteus 16:19 en Johannes 20:21 word die tuguitoefening spesifiek aan die opsiener opgedra.

In die lig van die opvattings in die verskillende kerkordes is alléén die regeeramp met die tug belas. Dit beteken dus die dienaar van die Woord en die ouderling wat saam met mekaar die kerkraad vorm. Aangesien die diaken géén regeeropdrag het volgens hierdie kerkordelike sisteem nie, is hy ook nie lid van die kerkraad nie, en dus ook nie belas met die formele tuguitoefening nie.

5 Die heimlike en openbare sondes

Calvyn en op sy voetspoor feitlik al die presbiteriaal-sinodale kerkordes, maak na aanleiding van Matteus 18:15–17 'n duidelike onderskeid tussen *die heimlike* en *die openbare sondes*. Matteus 18 stel:

> "As jou broer iets verkeerds teen jou gedoen het, *gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is*. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen. Maar as hy nie luister nie . . ."

Die eerste vraag is wat onder "iets verkeerds" verstaan moet word. Die convent van Wezel 1568, art 105 verwys al na "de leer en leven", terwyl Emden 1571, art 26 praat van

> "Daarom, indien iemand in de reinheid der leer gedwaald of in de oprechtheid des levens gezondigd zal hebben, zo verre als het verborgen en zonder openlijke ergernis toegegaan is, zo zal men de regel onderhouden, welke Christus uitdrukkelijk voorschrijft (Matt 18)".

Daardie formulering het feitlik onveranderd behoue gebly. Daarmee het saamgegaan die onderskeiding in heimlike of verborge sondes, wat geen openbare of algemene ergernis veroorsaak het nie. Die onderskeiding tussen *heimlik* of *verborge* en *openbaar*, is en was nie so maklik om te trek nie. Die sinode van Dordrecht 1578 het oor dié saak in die beantwoording van die partikuliere vragen, 54, gestel:

> "een openbare zonde is, die openbaarlijk voor een iegelijk begaan wordt, of die op een plaats, welke van nature publiek is, hoewel dat ze weinig mensen zien, gedaan wordt; of die door de hardnekkigheid des zondaars uit heimelijk openbaar wordt; of ten laaste, als zij om haar gruwelijkheid de openbare straffing waardig geacht wordt. Alzo zijn de zonden Davids tegen Uria, Ananias en Saffira tegen de Heiligen Geest openbaar gemaakt en voor openbare zonden gestraft geweest."

Dit is egter duidelik dat die grens hier nié so maklik getrek kan word nie. Aan die ander kant is dit ook duidelik dat hiermee verhoed wil word dat die lidmaat sommer met elke klagtetjie na die kerkraad gaan. Hiermee word die verantwoordelikheid van élke gelowige ten opsigte van sy broeder beklemtoon.

In feite is hier nog nie werklik van tug sprake nie, maar méér van opsig wat in die broederlike vermaning, teregwysing, bestraffing uitmond. Bouwman wys daarop dat 'n kerkraad nie 'n klag van 'n lidmaat mag aanvaar vóórdat nie voldoen is aan hierdie skriftuurlike eis nie.[12]

Wanneer die persoonlike vermaning geen gevolg het nie, of wanneer 'n openbare sonde begaan is, dan moet dit aan die kerkraad gemeld word. Die doel van die bekendmaking is sodat die kerkraad ondersoek kan instel of die klagte gegrond is of nie. As dit ongegrond is, word die lidmaat wat aangekla is, vrygespreek. Indien die aangeklaagde skuldig bevind word, moet hy bestraf word. Die doel van die bestraffing is om die sondaar tot berou te bring. Om dit te kan bereik, kan die sondaar die gebruik van die nagmaal ontsê word. As die sondaar egter tot berou én skuldbelydenis kom, dán moet daar versoening plaasvind. Indien die sondaar weier om sy skuld te erken en hardnekkig in sy sonde volhard, dan moét die vermaning oorgaan in die ontsegging van die gebruik van die nagmaal.

6 Versoening

Aangesien die bedoeling van die kerklike tug is dat die sondaar tot berou en inkeer moet kom, moet daar ook voorsiening wees vir versoening. In die gewone, burgerlike reg moet 'n oortreding, nadat dit bewys is, gestraf word. Deur die straf word die reg wat verbreek is deur die oortreding, herstel. In die kerklike wêreld is belydenis van sonde én berou aanleiding tot die vergewing van die sonde. Die genade herstel die reg wat verbreek was na belydenis van sonde. Die vraag ontstaan watter *voorwaardes* daar moet wees vir versoening. In hierdie verband stel die sinode van Middelburg 1581, art 63 dat daar "zekere tekenen der boetvaardigheid" moet wees. In hierdie verband het die convent van Wezel 1568, art III gestel dat "een duidelijke proeve en bewijs van boetvaardigheid" nodig is voordat daar van werklike versoening sprake kan wees.[13] Hier word duidelik dat die skuldbelydenis en berou deur die houding en gedrag van die sondaar bevestig moet word. As daar dus twyfel bestaan of die sondebelydenis opreg is, dan moet die versoening nog uitgestel word. Daarom stel die sinode van Dordrecht 1578, art 99:

> "Degenen, die zware zonden begaan hebben, die der kerke schandelijk zijn, of ook die van de overheid gestraft behoren te worden, al is het, dat zij met woorden boetvaardigheid bewijzen, zullen zij nochtans van de gemeenschaps des avondmaals, om de ergernis weg te nemen en hun boetvaardigheid te beproeven, afgehouden worden. Doch hoe dikwijls en hoe lang dit geschieden zal, zal in het goeddunken des kerkeraads staan."

By Dordrecht 1619, art 75 word dan nog verder bepaal dat die kerkraad moet oordeel of dit tot opbou van die gemeente sal wees om die openbare sonde ook in die openbaar te versoen. Die versoening moet in ieder geval só gebeur dat dit ook tot opbou van die gemeente sal wees.

7 Ontsegging van die gebruik van die nagmaal

Die reëling dat die ontsegging van die gebruik van die nagmaal 'n vaste onderdeel van die tug en die dissipline-handhawing is, is 'n gebruik wat Joh Calvyn in die Geneefse kerkordes ingeskryf het, en vandaar het dit 'n algemene gebruik geword. Die belangrike rede waarom die ontsegging van die gebruik van die nagmaal 'n tugmiddel word, hang weer saam met Calvyn se opvatting van die nagmaal. Vir Calvyn was dit baie belangrik dat die nagmaal nie ontheilig sal word nie. Daarom moes almal wat deur hulle lewenstyl toon dat hulle nié aan Jesus Christus behoort nie, ook weggehou word van die nagmaal, die besondere gemeenskapsoefening van die gelowige met sy Heer. Alleen *beproefde lede* van die liggaam van Christus mag aan die nagmaal aansit.[14] Daarom bepaal die Geneefse kerkorde (Art 148) ". . . sodat niemand na die nagmaal sal kom wat nie minstens weet wat die grondslag van sy verlossing is nie." Die kerkraad het dan ook die opdrag gehad om die lidmate wat in die leer of lewe hulle misgaan het, te vermaan. Indien dié lidmate hulle nie aan die vermaning steur nie, moet hulle die gebruik van die nagmaal ontsê word. Hierdie gebruik word ook deur die sinode van Emden geformuleer waar gestel word:[15]

> "Zo wie hardnekkiglijk de vermaningen der konsistorie verwerpen zal, die zal men van de gemeenschap des nachtmaals afhouden, en afgehouden zijnde, is het dat hij na vele vermaningen geen teken van berouw, bewijst, zo zal dit de voortgang zijn tot de uitsluiting."

Die sinode van Middelburg 1581, art 62 noem 'n tweede rede waarom 'n lidmaat die gebruik van die nagmaal ontsê moet word, naamlik ". . . die openbare of anderszins een grove zonde heeft begaan . . ."

Joh Jansen[16] wys daarop dat die ontsegging van die gebruik van die nagmaal die voorlopige ekskommunikasie of klein ban genoem word. Die tweede stap van die tug, in engere sin, is dan die definitiewe ekskommunikasie of groot ban. Die ontsegging van die gebruik van die nagmaal dra dus 'n duidelike tugtigende karakter.

8 Die afsnyding of ekskommunikasie

Indien die lidmaat wat die gebruik van die nagmaal ontsê is, hom nog hardnekkig verset téén die handelinge van die kerkraad, dan moet die volgende stap volg. Die kerkordes bepaal egter dat die gesensureerde óók nog voortdurend of verskillende male vermaan moet word sodat hy tot inkeer, berou en skuldbelydenis kan kom. Dit gaan immers in die hele proses om die behoud van die sondaar. As daar egter géén reaksie ten goede van die kant van die lidmaat is nie, dan, soos die Dordtse kerkorde, 1619, art 74 dit stel: ". . . zal men ten laatste tot de uiterste remedie, namelijk de afsnijding, komen volgens de forme naar den Woorde Gods daartoe gesteld." Die uiterste remedie is dat die sondaar afgesny word ex communione ecclesiae, dit wil sê: uit die gemeenskap van die kerk.

Die afsnyding moet dan geskied met die gebruikmaking van die *Formulier van die*

Ban. Aanvanklik het daar nie 'n formulier hiervoor bestaan nie, waarskynlik omdat in die liturgie van die Paltz, waarvandaan meeste van die diensformuliere gekom het, dit nie bestaan het nie. Die sinode van Emden, 1571, was die eerste nasionale sinode wat hieroor aanwysings gegee het. Daar word dan in art 31 gestel dat as die sondaar, na vermanings, nie tot bekering kom nie–

> ". . . zo zal eens zulke hardnekkige mens, verbanning en afsnijding van het lichaam van Christus, voor de gemeente verkondigd worden. De kerken dienaar zal het gebruik en het einde (= doeleinde) des bans in het brede verklaren, en zal de gelovigen vermanen, dat zij geen al te gemeenzame en onnodige konversatie en gezelschap met de verbannene hebben, maar zijn gezelschap schuwen, tot dien einde voornamelijk, opdat de verbannene of uitgeslotene beschaamd zijnde, ernstiglijk bedenke zich te bekeren."

Hoewel hierdie praktyk dus omskryf word, was daar tog behoefte aan 'n formulier. Daarom het die provinsiale sinode van Vlissingen en Rotterdam by die nasionale sinode van Middelburg daarop aangedring dat 'n "form van excommunicatie" opgestel moet word.

Daar word dan 'n formulier opgestel wat aanbeveel word vir gebruik. Dit is 'n korter formulier as die huidige een en in 'n sekere sin ook heelwat skerper. Daar word, onder andere, gestel:[17]

> "Wij geven hem den Satan over, opdat zoo 't mogelijk is, de wijsheid en kracht, zoo van het vleesch als van den Satan, dien hij te veel gehoorzaam geweest is, getemd en gedood zijnde, hij zich zelven den H Geest onderwerpe en naar denzelve leve en alzoo ten laaste de eeuwige zaligheid verkrijge."

Hierdie formulier het nie algemene aanvaarding gevind nie, met die gevolg dat by die nasionale sinode van Den Haag 1586 daar weer 'n vraag was vir 'n formulier van die ban én 'n formulier om die geëkskommuniseerde, na berou en skuldbelydenis, wéér op te neem.

Daarop het die sinode waarskynlik die bestaande twee formuliere laat opstel en uitgee en in 1590 vir die eerste maal gepubliseer.

Die *Formulier van die Ban* gaan uit van die standpunt dat die kerkraad, in naam van Jesus Christus en met die stilswyende goedkeuring van die gemeente, die ban hanteer. Die ban beteken dan uitsluiting uit die gemeente van Christus. Skriftuurlik staan die formulier heeltemal op die aanwysings van Matteus 18 en kan ook gesê word dat alle onnodige hardheid vermy word.[18] Die *Formulier vir die Heropname* vind sy teologiese basis in die vergewing van die sonde om Jesus Christus ontwil.

Die sondaar wat afgesny word, staan buite die kerk én buite Christus. Tog is dit nie die laaste woord oor die sondaar nie, maar 'n voorlaaste woord. Selfs in die afsnyding word nog die evangelie van God tot die sondaar gehoor. Omdat die afsnyding ook uitsluiting uit die kerklike gemeenskap is, mag die lidmate nie 'n

al te vertroulike omgang met die afgesnedene hê nie. So wil die kerk die besmettende werking van die sonde beperk en ook die skyn vermy dat die sonde geduld word. Terselfdertyd, in die lig van 2 Tessalonisense 3:15, kan die geëkskommuniseerde nie as 'n vyand behandel word nie, maar wél as 'n gevalle broeder. Met ander woorde, ook die afgesnedene staan nie buite die belangstelling van die kerk nie, want die kerk wil juis hê dat die sondaar hom sal bekeer en terugkeer na die gemeenskap van die kerk. Dáárom is daar ook 'n *Formulier vir die Heropname*.[19]

Interessant is dat die Dordtse kerkorde 1619, art 77 bepaal dat die ekskommunikasie alleen na advies van die klassis kan plaasvind. Dit word so gereël sodat die kerkraad beskerm kan word teen sy eie willekeur.

9 Sensuur oor die ampte

Die ampsdraer is, net soos elke lidmaat van die gemeente, onderworpe aan die gewone tughandelinge as hy hom sou misgaan in leer en lewe, nl die ontsegging van die gebruik van die nagmaal en, by volharding in sy verkeerdheid, die afsnyding of ekskommunikasie.

Vir die ampsdraer kom daar egter twee verdere sake by–

- die tydelike skorsing uit die amp;
- die afsetting uit die amp.

Die tydelike skorsing en die afsetting van ouderlinge en diakens én die tydelike skorsing van dienaars van die Woord was, in die begin, binne die bevoegdheid van die kerkraad. Die sinode van Middelburg het egter bepaal dat 'n kerkraad dit nie alléén kan doen nie, maar die oordeel van die "naastgelegene gemeente" moet ook verkry word (art 64).

Die afsetting van 'n dienaar van die Woord kan nie deur die kerkraad alleen hanteer word nie. Indien 'n ampsdraer hom aan "enige openbare schelmstukken en booze daden" skuldig gemaak het, kan hy sonder "het oordeel der klassen" afgesit word (art 113). In alle ander gevalle moet die klassis eers die saak beoordeel. Maar die sinode van Emden (art 33) het daardie reg alléén aan die klassis gegee. So het die saak bly staan. Dieselfde liggaam wat die predikant tot die dienswerk toelaat, kan hom ook weer afsit uit die dienswerk.

Joh Jansen[20] wys daarop dat dit, in die Nederlandse kerk slegs beteken het dat *die meerdere vergadering* die reg van afsetting het. Die reg word egter nie tot die *klassis* beperk nie, want met verskillende geleenthede het sinodale vergaderings dienaars van die Woord afgesit. Die sterkste voorbeeld was seker die sinode van Dordrecht 1618–1619 wat vyftien Remonstrantse dienaars van die Woord afgesit het en daarna opdrag aan die provinsiale sinodes gegee het om 'n verdere tweehonderd Remonstrantse dienaars van die Woord af te sit.

In die meeste kerkordes kom daar, na die voorbeeld van die Geneefse orde én die Artikels van Wezel (wat die Geneefse lys van "domineeszonden" oorgeneem het) 'n sondelys voor van, soos Dordrecht 1619, art 80 dit noem, "grove zonden, die waardig zijn met opschorting of afstelling van de dienst gestraft te worden . . ." Dit is, volgens Dordrecht, nie 'n volledige sondelys nie, want daar word dan ook

gestel: "al de zonden en grove feiten, die de bedrijver voor de wereld eerloos maken, en in een ander gemeen lidmaat der kerk de afsnijding waardig zouden gerekend worden." Hierdie sondes is byna vanselfsprekend, maar kan tog 'n oomblik soos dit in die Dordtse kerkorde, art 80 voorkom, hier getabuleer word:

- Valse leer of ketterij. Dit is nié 'n enkele dwaling nie, want kettery is altyd 'n dwaling waarin volhard word. Dit moet dus 'n opsetlike en bewuste afwyking van die leer en belydenis van die kerk wees en as sodanig 'n herroeping óf weerspreking van die belofte wat in die proponentsformule vervat is.
- Openbare scheurmaking, dit is 'n oortreding op ondergeskikte punte van erediens of kerkregering wat 'n skeuring in die kerk veroorsaak. 'n Ketter dwaal volhardend ten opsigte van fundamentele leerstukke, maar skeurmakers verbreek die gemeenskap van die kerk op 'n ondergeskikte punt;
- Openlijke blasphemie of wel godslastering;
- Simonie. Dit is na aanleiding van die voorbeeld van Simon die towenaar in Handelinge 8:18–25. Dit beteken om geestelike gawes of kerklike regte en voorregte vir geld te koop of te verkoop;
- Trouweloze verlating zijns dienstes of indringing in eens anders dienst;
- Meineed of valse eedswering;
- Echtbreuk;
- Hoererij;
- Dieverij;
- Geweld of wel aanranding in een of ander vorm;
- Gewoonlijke dronkenschap;
- Vechterij;
- Vuil gewin, dit wil sê as 'n dienaar op 'n oneerlike manier probeer om sy (finansiële en ander) inkomste te verhoog.

Die tweede sondelys wat by Wezel uitgespel is en waaroor die dienaar van die Woord slegs vermaan moet word, word in die latere kerkordes nie herhaal nie, waarskynlik omdat dit as vanselfsprekend beskou is. Oor die moontlike herstel van ouderlinge, diakens en dienaars van die Woord in die amp sê die kerkorde van Dordrecht 1619 niks nie. Die sinode van Emden art 34 bepaal dat, nadat die afgesette ampsdraer hom weer met die kerk versoen het, moet die kerkraad, in die geval van ouderlinge en diakens en die klassis in die geval van die afgesette dienaar van die Woord oordeel of hy weer tot die diens toegelaat sal kan word.

Afsetting uit die amp beteken dus nié afsnyding nie, maar slegs dat die ampsdraer uit sy dienswerk weggeneem word. Hy bly dus na die afsetting uit die amp 'n gewone lidmaat van die gemeente – onder die opsig en regering van sy kerkraad.

10 Die Censura Morum of Christelike sensuur

In die Dordtse kerkorde word die tug en dissiplinebepalings afgesluit met 'n artikel wat stel (art 81):

"De dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen zullen onder hen de Christe-

lijke censuur oefenen, en malkander van de bediening huns ambts vriendelijk vermanen."

Dit gaan hier spesifiek om die beklemtoning van die verantwoordelikheid wat die lede van die kerkraad ten opsigte van mekaar het. Dit is dieselfde as wat art 43 stel waar aan die einde van die meerdere vergaderings nog gehandel moet word oor "diegenen, die iets strafwaardigs in de vergadering gedaan, of de vermaning der mindere samekomsten versmaad hebben."

Hierdie reëling dateer al vanaf die convent van Wezel en met die sinode van Dordrecht 1578 is hierdie saak van die Christelike sensuur so in die kerklike ordes opgeneem. In sy oorsprong kom hierdie gebruik van Calvyn, wat dit so in Genève ingevoer het. Die bedoeling van die artikel is egter baie duidelik, want die lede van die vergadering moet mekaar "van de bediening huns ambt *vriendelijk vermanen*." Ook hier het die beginsel gegeld dat alles tot eer van God en tot opbou van die gemeente gedoen moet word.

AANTEKENINGE

1 Vgl hier J Plomp, *De Kerkelijke Tucht bij Calvijn*, Kampen 1969, p 320–321. Daar verklaar hy dat die enigste oorspronklike moment wat Calvyn by die handhawing van die dissipline invoer die jaarlikse huisbesoek was.
2 Joh Calvinus, *Institutio christianae religionis*, 1559, Bk 3.11.1 en 4.1.1.
3 Joh Calvinus, *Institutio*, 3.2.8.
4 Joh Calvinus, *Institutio*, 3.3.3. en ook Kommentaar op Ef 4:20.
5 Joh Calvinus, *Institutio*, 2.7.6.
6 Vgl hier weer J Plomp, *a.w.*, p 328.
7 Joh Calvinus, *Institutio*, 4.1.3.
8 Joh Calvinus, *Institutio*, 4.1.13.
9 H H Bouwman, *Gereformeerd Kerkrecht*, Kampen 1970, dl 2, p 598–599.
10 Hulle word nie alleen in die *Institutio* genoem nie, maar ook in sy *Confession de Foy* van 1537 én in sy Kategismus van 1537.
11 J Plomp, *a.w.*, p 116 verv. Vgl hier ook die Dordtse Kerkorde, art 71.
12 H H Bouwman, *a.w.*, p 619. Hy stel selfs: De private vermaningen zijn het fundament der kerkelijke tucht. Het verloren gaan der bijzondere broederlijke vermaning heeft het verval van de kerk ten gevolge.
13 In die teks van die artikels van Wezel wat ek gepubliseer het, word tov art III die volgende sin weggelaat wat wél by G H Kersten, *Kerkelijk Handboekje*, Utrecht 1961, p 35 aangetref word: Wat voorts de schrikkelijke schanddaden en schelmstukken aangaat, zullen de schuldigen zelfs indien zij aan de vermaningen gehoor gegeven hebben, nochtans voor enige tijd van de gemeenschap worden geschorst, totdat zij een duidelijke proeve en bewijs van boetvaardigheid zullen gegeven hebben.
14 Vgl in hierdie verband J Plomp, *a.w.*, p 145–146.
15 Dié reëling vind mens óók by die Londense kerkorde van 1554 en die Franse kerkorde van 1565.
16 Joh Jansen, *Korte Verklaring van de Kerkorde*, Kampen 1952, p 325.
17 Aangehaal by H H Barger, *Ons Kerkboek*, Groningen 1900, p 234.
18 Vgl A D Pont, *Opsig en Tug met verwysing na die Afsnyding deur die Ban*, Pretoria 1973, p 9 verv.
19 Vgl in hierdie verband ook die Dordtse kerkorde 1619, art 77–78.
20 Joh Jansen, *a.w.*, p 337.

HOOFSTUK 20

Die verhoudiug tussen kerk en owerheid volgens die Nederlandse kerkregtelike opvattings

1 Inleidend

As oor die verhouding tussen kerk en owerheid in die sewentiende eeu nagedink word, dan is één saak baie duidelik. Die Nederlandse kerkregtelike denke en ontwikkeling vanaf 1568 was daarop gerig om 'n eiesoortige kerklike ordening én kerklike reg te skep en te bou langs die burgerlike orde en reg. Dit het nie beteken skeiding van kerk en burgerlike owerheid nie, maar samewerking en saamgaan met dié voorbehoud dat sowel die kerk as die burgerlike owerheid sy eiesoortige selfstandigheid sal behou. Die uitgangspunt vir die kerkregtelike denke en vormgewing in Nederland was beslis die opvattings van die Geneefse hervormer Johannes Calvyn. Hier kan die tipering van Dankbaar 'n oomblik aangehaal word.[1]

> "Men noemt de regering van Genève in Calvijns dagen gewoonlijk een theocratie, een godsregering. Dat is in zover juist, dat ernaar gestreefd werd, zowel van kerkelijke als van overheidszijde, de dienst van God in het publieke leven tot uitdrukking te brengen. De kerk wilde niet de plaats der overheid innemen, maar stond erop, dat de overheid naar de verkondiging der kerk had te luisteren, het Woord Gods te gehoorzamen, de ware religie te beschermen en de afgoderij en valse godsdienst uit te roeien . . .
> Calvijn wilde, dat de staat en het openbare leven onder een godsregering zouden staan, maar dat de kerk volkomen vrij zou zijn om datgene, wat zij in haar eigen leven als een goddelijk gebod zag, ten uitvoer te leggen."

Net soos Calvyn self in Genève, moes die vadere in Nederland ervaar dat dié ideaal nie maklik verwerklikbaar was nie. Die stryd teen die Spaanse oorheersing van Nederland het nié beteken dat in die nasionale verset almal altyd deur dieselfde ideale besiel en gedra is nie. Reeds in daardie tyd word dit duidelik dat daar 'n duidelike Calvinistiese groep was wat die stryd teen Spanje as 'n geloofstryd én 'n vryheidstryd gesien het, en wat 'n oorwinning probeer behaal om sodoende die Calvinistiese teokratiese ideaal in Nederland te verwerklik. Hulle opvattings word weergegee deur artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Daarvolgens word gestel dat die owerheid deur God ingestel is én dat die owerheid in alles aan Gods wil gehoorsaam sal wees, en veral daarin deur die ware kerk te beskerm en die valse godsdiens teen te staan en uit te roei. Daarby was dit die taak van die kerk om die owerhede aan hulle pligte, soos dit in die Heilige Skrif voorkom, te herinner en daarop aan te dring dat die owerhede dit sal uitvoer.

Langs die Calviniste staan die hoëre adel en die stedelike regentefamilies. Veral

die stede en hulle regente het, vanuit die Middeleeue, 'n sterk selfstandige bestaan opgebou. Hierdie regente en ook die hoë adel, was oor die algemeen nie Calviniste nie. Hulle denke en opvattings is méér bepaal deur die Humanisme van Erasmus én die denkbeelde van die voor-Calvinistiese Nederlandse Sakramentariër-beweging. In daardie kringe het dus 'n meer humanistiese, godsdienstig meer verdraagsame gees geheers, terwyl hulle vroomheid en godsdiens meer individualisties was, nie so sterk aan die kerk en die kerklike belydenisskrif gebonde nie. Met die geleidelike vrywording van Nederland het daar in die nuwe bedeling allerlei spanninge na vore gekom. Dit word veroorsaak deur die feit dat die verskillende provinsies in 'n soort federale verband saamgesnoer word, waar elke provinsie 'n groot deel van sy gesag behou. Met die *Unie van Utrecht* wat op 23 Januarie 1579 gesluit word tussen die provinsies Holland, Zeeland, Gelderland, Utrecht en Groningen waarby Friesland en Overijssel hulle aansluit, word in art 13 bepaal:

> "Ende soveel 't poinct van de Religie aangaet, sullen hun die van Holland en Zeeland draghen na haarlieder goetduncken, ende d' andere provincien van deser Unie sullen hun mogen reguleren na inhoudt van de Religions vrede bij de Eerts-hertoge Matthias . . . ofte daerinne generalyck ofte particulierlyck als sulcke ordre stellen als sij tot rust ende welvaert van de Provincien, Steden en particulier Leden van dien ende conservatie van een ygelyck Geestelick ende weereldlick sijn goet ende gerechtigheit dienlick vinden sullen, sonder dat hem hierinne bij eenighe andere provincien eenich hynder ofte belet ghedaen sal moghen worden, mits dat een yder particulier in sijn Religie vrij sal moghen blijven, ende dat niemand ter cause van de Religie sal mogen achterhaelen often onderzoeken, volghende die voorz. Pacificatie tot Ghent gemaekt."

Dit is duidelik dat ook wat die godsdiens betref die verskillende provinsiale staten die laaste sê sal hê, en nie die generale staten nie. Want die generale staten het eintlik net jurisdiksie of seggenskap oor dié dinge wat die provinsies bereid was om aan die generale staten oor te dra. Dit was hoofsaaklik militêre en politieke aangeleenthede. Na die Unie van Utrecht 1579 was dit duidelik dat die kerk met 'n reeks van owerhede te make het, dit wil sê: die provinsiale staten én die stedelike magistrate of regente. Daarmee word die organisatoriese eenheid van die hervormde kerk in Nederland feitlik onmoontlik en was dit ook by wyse van uitsondering dat 'n nasionale of algemene sinode gehou is.

Die hervormde kerk in Nederland is as *bevoorregte kerk* erken, maar langs die kerk is verskillende groepe soos Doopsgesindes, Lutherane en selfs Roomses geduld. Die bevoorregte kerk het veral op stoflike vlak in 'n afhanklikheidsposisie van die owerheid gekom, omdat die owerheid al die oorspronklike Roomse kerklike besit oorgeneem het. Die bevoorregte kerk is wel die gebruik van die kerkgeboue toegesê maar het, behalwe die offergawes en skenkings van die lidmate, geen verdere inkomste gehad nie. Daarom het die kerklike vergaderings dit as 'n plig van die owerhede gesien om die traktemente van die dienaars van die Woord te betaal.

Die owerheid se aanvaarding van hierdie plig, het egter beteken dat die verskillende owerhede, wat die traktemente betaal het, ook medeseggenskap by die beroep van dienaars van die Woord en die uitvoering van hulle pligte wou hê. Dit het juis op hierdie punt beteken dat die kerk in 'n afhanklikheidsposisie ten opsigte van die owerhede geraak het.

Hier was dus volop moontlikhede vir spannings en botsings tussen kerklike en burgerlike owerhede, omdat die grense nog nie duidelik getrek was nie. Dit het veral in die Remonstrantse twiste aan die begin van die sewentiende eeu baie duidelik geword. Van die kant van die Remonstrante het Wtenbogaert, Hugo Grotius en Vedelius die standpunt gestel dat die Christelike owerheid die hoogste en laaste gesag is ten opsigte van alle burgerlike en kerklike aangeleenthede.[2] Hulle het die Calvinistiese opvatting verwerp dat die burgerlike en die kerklike bestel twee groothede is wat langs mekaar kan bestaan. Dit het tot gevolg dat die Calviniste verplig was om hulle opvattings sorgvuldig uiteen te sit. Hierop moet nou gelet word.

2 Die heerskappy van God en wat dit in die kerklike en burgerlike wêreld beteken

Die uitgangspunt van die Calviniste is dat die burgerlike bestel en die kerklike wêreld aan twee verskillende koninkryke behoort, die koninkryk van die wêreld enersyds, en die koninkryk van die genade andersyds. Beide koninkryke dank hulle bestaan aan God, maar is tog van verskillende aard.

Die koninkryk van die wêreld is skepping van God en Hy regeer en onderhou die wêreld en alles in die wêreld is aan sy almagtige wil onderworpe. Vanaf die sondeval egter, is daar by die mens 'n verset teen die goddelike heerskappy en daardie sondigheid is die vernaamste kenmerk van die wêreld. In hierdie wêreld, ondanks die verset van die mens, het God die owerheid ingestel as "stadhouer van God." Die owerheid met sy swaardmag én gesag is die middel waardeur God sy wil in die wêreld deurvoer. Al sou die owerheid dit alles goed doen, kan die owerheid nie die sonde ophef of die rebellie van die mens teen die wet en wil van God verminder nie. Al wat die owerheid kan doen, is om die sonde en die mens te beteuel.

Ook Christus neem aan dié regering en instandhouding van die wêreld deel. Maar tog is die koninkryk van die genade sy eie ryk, omdat Christus deur sy verlossingsdaad die Middelaar van die nuwe verbond geword het. Hy is die Hoof van almal wat deur sy genade in die nuwe verbond opgeneem is. In die kerk word al die mense wat deur die werking van die Heilige Gees en die verkondiging van die Woord tot die geloof gekom het, saamgevoeg. Die kerk is die sigbare volk van God op aarde, die uitverkorenes, die lede van die nuwe verbond.

God wil, so word dan gestel, in en deur altwee ryke tot op die jongste dag regeer. Dit beteken dat die koninkryk van Christus nog nie in volmaakte of voltooide vorm op aarde is nie. Dáárdie koninkryk word egter wel in die kerk sigbaar, veral daar waar die gelowiges na die eis van Gods Woord en gedra deur die beloftes leef. Uit die lewe van die gelowiges word duidelik dat die kerk wel *in* die wêreld, maar

nie *van* die wêreld is nie.

Die karakter, die aard en die natuur van dié twee ryke, is van so 'n aard dat hulle nié vermeng kan word nie. Hier word dus 'n duidelike dualisme geleer, want daar is 'n onoorbrugbare kloof tussen die wêreld en die kerk, tussen die onheiliges en die heiliges al is dit só dat in laaste instansie God sélf Hoof en Heer van altwee ryke is.

Wanneer nou gehandel word oor die ordening van die kerklike gemeenskap, is die uitgangspunt dat *die kerk in die wêreld maar nie van die wêreld is nie.* Aan die een kant is dit so dat die kerk 'n menslike gemeenskap is, maar omdat dit 'n gemeenskap van gelowiges is, geld daar tog ander norme. Johannes Calvyn leer dat die kerk sy oorsprong vind in God se soewereine handele met die mens. Die feit dat die mens in die kerk saamgebring word, berus op 'n soewereine wilsbesluit van God wat mense tot die ewige lewe uitverkies. Die kerk is dus 'n gemeenskap van gelowiges, en ideaal gesien, van uitverkorenes.[3] In Nederland is daar in die sewentiende eeu tog 'n aksentverskuiwing. Die kerk word nou primêr gesien as 'n gemeenskap van gelowiges wat in gemeenskap met Christus leef. Hierdie kerk leef onder die heerskappy van God maar Gods heerskappy word eers duidelik waar Hy geloof skep, en waar daar geloofsdade is.

Hierdie kerkbegrip vat die sigbare én onsigbare kerk saam. Die *sigbare kerk* is die sigbare kant van die kerk wat in die wêreld intree, terwyl die onsigbare kant verborge bly. Gisbertus Voetius stel dat die verborge werklikheid van die kerk die geestelik-mistieke gemeenskap met Christus in die geloof is, gekoppel met die geloofsgemeenskap van die gelowiges met mekaar. Hierdie *geloofsgemeenskap* word wél van tyd tot tyd sigbaar in die godsdiensoefening waar die gemeente rondom Woord en sakrament byeen is.

Omdat die mens nie volkome álles kan sien en ervaar nie, daarom kan ook die gelowige mens nie altyd onderskei of ál die gelowiges wat lede van die kerk is, werklike gelowiges is nie. Daarom is die sigbare kerk altyd 'n *corpus permixtum* waaraan ware gelowiges en skyngelowiges behoort. Vanweë die feit dat die sigbare kerk so 'n *corpus permixtum is*, daarom het die kerk 'n vaste orde, kerkregering en dissipline nodig. Die kerk is nog op pad na die voleinding en is nog steeds besig om die gelowiges bymekaar te maak. Omdat die kerk nog in die wêreld is, daarom is die kerk ook vol gebreke en tekortkominge. Juis om die kerk by te staan, moet die kerk in die wêreld na *'n vaste orde* regéér word.

Hier word dus gestel dat lidmaatskap van die volk van God 'n lewende geloof veronderstel. Nou skenk God aan die kerk uiterlike middels waardeur daardie geloof gewerk en gesterk kan word. Die kerk se taak is om die evangelie te verkondig, die vergewing van die sonde om Christus ontwil. Omdat daar egter ook ongelowiges is, moet die kerk ook oor die toorn van God en die verdoemenis preek om so die hardnekkiges tot inkeer te bring.

Saam met die Woord gaan die sakrament om die geloof van die gelowige sondaars te bevestig, sodat hulle kan besef dat God se genade ook vir hulle bedoel is. Tog kan diegene wat nog nie belydenis van geloof afgelê het of 'n sondige lewenswandel volg of 'n verkeerde on-Bybelse leer aanhang nie, tot die sakramente toege-

laat word nie. Dáárom moet die tug en dissipline noulettend gehandhaaf word.

So word *die kerklike gesag* omskrywe en word gestel dat alle kerklike gesag in opdrag van Jesus Christus hanteer word wat die sleutelmag aan die kerk gegee het. So word die kerklike gesag dan onderskei in die *potestas ministerii* waaronder die Woord- en sakramentsbediening verstaan word, die *potestas ordinis* waaronder die gesag van die kerklike vergaderings om na die eis en reël van Gods Woord die kerk te orden verstaan word, en dan ook die *potestas jurisdictionis* waaronder die handhawing van die dissipline en tug verstaan word.

Die kerklike gesag is egter nie 'n eiemagtige gesag wat inherent in die kerk gegee is nie, maar dit is slegs 'n onderdeel van die koningsheerskappy van Christus. Die gesag word uitgeoefen in die geloof dat die Heilige Gees dié optrede so sal lei dat dit tot die uitbreiding van die Godsryk sal bydra. Met ander woorde, die kerklike gesag is maar 'n onderdeel van die Christusheerskappy in sy kerk. Die kerklike gesag wil dus niks anders bereik as om die heerskappy van Christus in sy kerk te bevestig nie, en daarom is die Woord van God die uitgangspunt én die norm van alle kerklike handele. In hierdie lig kan dan gestel word dat God deur die *potestas ministerii* sy kerk op aarde wil versamel, die gelowiges in die gemeenskap met Homself en met mekaar wil bring. Die *potestas iurisdictionis* sluit hierby aan, want dit is betrokke op die ordening van die sigbare kerk wat as 'n heilige gemeenskap verstaan moet word en wat dus diensbaar aan God en in gehoorsaamheid aan sy Woord gehou moet word. Die *potestas ordinis* is daardie gesag wat die sigbare kerk so moet orden – dat die Woord, die evangelie van Jesus Christus inderdaad sy loop kan hê, sodat dit gehoor én gehoorsaam sal word.

Hoewel die kerklike orde en regering vir die kerk en die kerklike gemeenskap noodsaaklik is, is dit nié heilsnoodwendig nie. Vir die gelowige is die geloof in God wat gewek en onderhou word deur die evangeliewoord heilsnoodwendig. Deur die geloof ontstaan die gemeenskap met Christus. Die kerklike orde en regering is dus nié van primêre belang nie. Tog is die kerk wat georden is na die eise van Gods Woord, waar die evangeliewoord gehoor en gehoorsaam word, tog 'n poging om die gemeenskap van die gelowiges op aarde te verwerklik.

Vir die Nederlandse Calviniste van die sewentiende eeu was die begrippe *kerk* en *kerkregering* ten nouste met mekaar verbind. Met die omskrywing van die begrip "kerk" is die grondslae van die kerklike gemeenskap omlyn, terwyl die begrip kerkregering dan wil aandui langs watter geordende bane die kerklike gemeenskap in die wêreld moet leef.

So wou die Nederlandse Calviniste aandui dat die kerklike gemeenskap na die wil van Christus moet leef om so 'n goeie getuie van Christus in die wêreld te wees. Terselfdertyd wou hulle beklemtoon dat die kerklike gemeenskap onlosmaaklik aan Christus én aan sy Woord verbind is. Christus is Hoof en Heer van sy kerk en Hy alléén het reg in sy kerk. Daarteenoor moet die gelowiges in die wêreld die reg en die vryheid hê om in gehoorsaamheid aan Gods wil hulle lewe in die wêreld te leef. As hierdie sentrale waarhede en grondliggende beginsels aangetas word, word die kerk verniel en beskadig.

3 Die ordening van die burgerlike gemeenskap

Hier geld die uitgangspunt dat kerk en wêreld aan twee ryke behoort wat altwee onder die heerskappy van God staan, maar wat tog grootliks van mekaar verskil. Dit het beteken, soos Gisbertus Voetius dit gestel het: *Ecclesia est in politia, non est contra* . . . Dit beteken dat die kerk nié oor die burgerlike owerheid mag heers nie, ook nie op gelyke voet met die burgerlike owerheid moet probeer staan nie. Net so is 'n oorheersing van die kerk deur die wêreldlike owerheid vir die kerk onaanvaarbaar.

Volgens die Skrif is die kerk en die burgerlike gemeenskap twee eiesoortige wêrelde wat elkeen vanweë sy inherente eiesoortigheid dus andersoortig as die ander is.

In die kerk as die *regnum Christi*, is die kerkregering die sigbare middel waardeur Christus sy heerskappy uitoefen. Daarom geld in die kerk primêr die goddelike reg.

In die wêreld geld ander norme. Daar het God die mens vrygelaat om bepaalde politieke strukture te bou of om bestaandes te verander. Belangrik is hier dat 'n owerheid sal regeer wat die reg het om in sy eie naam wette te maak, orde te skep en die gemeenskap te regeer. Vir die owerheid is dit verder noodsaaklik dat die onderdane hom sal erken en gehoorsaam. Tog het die owerheid 'n bevoegdheid om ook te beveel en te dwing as die onderdane sy wette oortree.

Kragtens sy gesagsposisie, moet die owerheid 'n geordende samelewingspatroon skep waar botsings tot 'n minimum beperk word en waar rus en vrede, wet en orde gehandhaaf word.

Die heerskappy van God in die wêreld is, uit die aard van die saak, nié so direk sigbaar nie. Die wêreldlike gemeenskap, gebind aan 'n bepaalde volk in 'n bepaalde vaderland, dra die stempel van 'n eiesoortige en suiwer menslike orde. Daardie orde word grotendeels deur historiese ontwikkeling bepaal en trag om owerheid en onderdaan in 'n sinvolle gemeenskapsorde saam te voeg. Tog is dit óók die taak van die wêreldlike gemeenskap om al meer en meer die Godsheerskappy te verwerklik. Dit kan gebeur as die owerheidspersone hulle belangrike funksies en poste in die samelewing ook sien as 'n dienswerk wat hulle van God ontvang het. Die owerheid is immers 'n *vicarius Dei*, en dit verplig eintlik die owerheid om hulle regering in diens van die wil van God te stel. As die owerheid hierin te kort skiet, is dit die taak van die kerk om die owerheid te herinner aan sy gehoorsaamheid aan die wil van God. Daarmee word ook gestel dat in laaste instansie die gesag van die owerheid bepaal word deur die owerheid se binding aan die goddelike wil en wet.

Vir die kerk is die presiese struktuur van die wêreldlike gemeenskap nie van oorheersende belang nie, solank die bogenoemde beginsels maar gehandhaaf word.

Wat die kerk, volgens die Woord van God, van die burgerlike owerheid verwag, word as't ware uitgespel in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Daarvolgens is dit deel van die taak en opdrag van die owerheid om God se heerskappy in die wêreld te bevorder. Dit het beteken om die ware kerk met krag te bevorder en te verdedig. As die burgerlike owerheid hom sou buig voor die goddelike gebod, kan die kerk nie anders as om die owerheid te steun nie. Dit doen die kerk deur die

gesag van die owerheid te erken, deur die owerheid te gehoorsaam en te eer vanweë sy uitvoering van sy goddelike opdrag. Die Christelike owerheid sal van sy kant, afgesien daarvan dat die owerheidspersone 'n voorbeeldige lewe lei en ook getroue lidmaat van die kerk is, die kerk verdedig en bevorder. As die owerheid dit nalaat, is die kerk verplig om die owerheid te herinner aan sy opdrag en taak.

Tog bly dit duidelik dat die kerklike en wêreldlike gesag verskillend is wat nie aan mekaar ondergeskik is nie. Die een word nie deur die ander bepaal nie, maar kerk en owerheid kry elk sy opdrag en taak van God.

Die een kan die ander niks beveel nie omdat beide, as diensknegte van God, die opdragte van God moet uitvoer. Kerk en owerheid moet saam arbei om die heerskappy van God te verwerklik. Die owerheid het 'n *potestas circa sacra externa* om daarmee die regte en vryhede van die kerk te waarborg, en die kerk by te staan sodat die evangelie sy loop kan hê.

Soos Guilielmus Apollonius dit in sy *Ius Maiestatis circa sacra sive Tractatus Theologicus de jure Magistratus circa res ecclesiasticas* van 1642 gestel het:

> "Wat die ordening van die kerk in die burgerlike lewe betref, soos die uiterlike verhoudinge van die kerk, is dit nie eintlik 'n kerklike saak nie, maar iets wat by die burgerlike owerheid tuishoort. Tog mag die owerheid nie in al die uiterlike dinge van die kerk beslissend ingryp nie. Want baie van dié uiterlike dinge behoort eintlik tot die binnekerklike aangeleenthede wat suiwer kerklik en geestelik van aard is. Want waar die uiterlike kerk ondanks sy uiterlike vorm die hemelse koninkryk van Christus versinnebeeld . . . daar word die openbare prediking van die evangelie en die aanbieding van die woord van die koninkryk van God ook sélf die koninkryk van die hemel genoem. Net so lê tog in die uiterlike regering van die kerk die hemelse en geestelike regering van die kerk."

Wat die kerk van die Christelike owerheid verwag, is dat die owerheid sal saamwerk sodat die kerklike dissipline, orde en regering ongehinderd kan voortgaan en dat die regte en vryhede van die kerk vasstaan.

4 Die onderskeid tussen kerk en owerheid

Volgens die Calvinistiese predikante het die owerheid die opdrag om die Wet van God na te leef én toe te pas. Die taak van die predikant is om die owerheid voortdurend daaraan te herinner watter pligte die owerheid, vanweë sy amp, volgens die Skrif moet nakom. Dit beteken egter nie dat die *potestas externa objectiva seu politica circa ecclesiastica* van die owerheid dáárdeur van die kerk en sy ampte se uitsprake afhanklik is nie. Die owerheid het sy eie beslissingsreg oor hoe hy sy potestas sal gebruik en daar kan die kerk alléén adviseer, maar nie iets afdwing nie. Die owerheid het die vryheid om sy ampspligte uit te voer soos hy dit goed dink. Tog word van die Christelike owerheid verwag en, in sekere sin, vereis dat hy éérs na die Skrif sal luister om daarna die beslissings te neem.

Die owerheid is dus glad nie aan die kerk onderworpe nie, maar alleen aan die lex Dei. Soos Voetius dit in sy Politica Ecclesiastica I stel, is die owerheid alleen aan God gehoorsaamheid en onderwerping verskuldig en nie aan die goddelike boodskapper, dit is die ampsdraer, nie. Tog moet die owerheid na die boodskapper luister. Die burgerlike owerheid is alleen aan die geestelike onderworpe in so verre as wat die gesag van God deur sy diensknegte tot geldigheid gebring word.

Om enige verwarring tussen kerk en owerheid te vermy, word dit oor die algemeen afgewys dat óf 'n kerklike ampsdraer ook 'n burgerlike amp, of 'n burgerlike owerheidspersoon ook 'n kerklike amp sal beklee. Dit word as deel van die *ius divinum* beskou en met 'n beroep op die Nuwe Testament word geoordeel dat elke ampsfunksie die mens so in beslag neem dat hy nie nog tyd of geleentheid kán hê om nog 'n verdere amp te beklee nie. Geleidelik het dit egter verander en is slegs geoordeel dat 'n dienaar van die Woord nie op een of ander manier ook burgerlik-politieke gesag moet hê nie, terwyl dit verwelkom is as 'n owerheidspersoon 'n kerklike amp soos dié van ouderling of diaken beklee het.

5 Die plig en taak van die owerheid ten opsigte van die kerk

Oor die algemeen word gestel dat die primêre taak van die owerheid ten opsigte van die kerk is om die ware godsdiens en kerk te beskerm en, indien nodig, ook te verdedig. Verder moet die owerheid alles wat die kerk, in die uitvoering van sy taak, hinder, so ver moontlik uit die weg ruim. Die kerk moet dus openlik toegelaat word om in die openbaar sy werk te verrig. Daarby moet die kerk toegelaat word om sy gesag, orde en tug in sy volle omvang uit te oefen, en van die owerheid word verwag om daardie reg ook met wetgewing vas te lê en te beskerm.

Die openbare erkenning van die kerk moet dan ook die begin van 'n samewerking tussen kerk en owerheid word. Daardie samewerking beteken nooit dat die owerheid 'n ius in sacra verkry nie; want die geheel van die kerklike lewe staan in die kader van die regnum spirituale. As die owerheid dus géén regte het ten opsigte van die prediking of die sakramentsbediening nie, dan het die owerheid óók nie die reg om ampsdraers te beroep en ook nie die reg om saam te praat wanneer oor die kerklike orde gehandel word nie. Die owerheid het slegs van Godsweë opdrag om alles in sy vermoë te doen om die uitbreiding en groei van die kerk te bevorder.

Die taak van die owerheid is om die openbare lewe te orden en te regeer en die owerheid moet toesien dat alles geskied tot welsyn van die volk. Daarom moet die owerheid ook die volk beskerm teen alles wat die volk skade wil aandoen. In die uitvoering van hierdie taak, moet die owerheid ook die goddelike reg van die kerk om sy eie sake na die eis van Gods Woord te reël, respekteer en beskerm. So word die verkiesing en die bevestiging van ampsdraers as 'n eksklusiewe reg van die kerk gesien. Die stand en posisie van die ampsdraer in die openbare lewe, is egter 'n saak waaroor die owerheid moet beslis.

Tog beteken dit nie dat die owerheid elke en alle kerklike uitsprake kritiekloos moet aanvaar nie. Die owerheid het die volste reg om van die kerk te vra om bepaalde uitsprake òf verder te fundeer, òf in hersiening te neem. As die owerheid dit

doen, moet dit uiteraard gebeur vanuit die gehoorsaamheid aan die Woord en die vrees van die Here.

'n Verdere punt waar kerk en owerheid kan saamwerk lê rondom die sinodale vergadering. Dit is interessant hoe die samewerking aangedui is. Aan die kerk is die uitsluitlike reg toegesê om die sinode byeen te roep. Maar dié reg kan eintlik nie sonder die toestemming van die owerheid uitgeoefen word nie. Daarby word die reg aan die Christelike owerheid toegeken om, wanneer dit nodig is 'n sinode byeen te roep, al sou die kerk nie so iets noodsaaklik ag nie. Andersyds kan die kerk, as dit dringend noodsaaklik is dat 'n sinode gehou moet word om dwaalleringe, partyskappe of dreigende skeurings te beoordeel, sonder die toestemming van die owerheid vergader, as die owerheid op 'n onbillike wyse weier om sy toestemming daarvoor te gee.

Die vraag *hoe* die owerheid aan 'n sinodale vergadering deelneem, is nie altyd gelykluidend beantwoord nie. Tot en met 1619 is aanvaar dat die owerheid 'n reg het om op die sinode teenwoordig te wees en daaraan deel te neem. Dit het egter nie beteken dat die owerheid daar die "laaste woord" het nie, want dit sou 'n onderwerping aan die owerheid beteken. Daarom is beslis dat die politieke kommissarisse op 'n sinode dieselfde regte en voorregte as 'n ander, kerklike sinodelid het. Geleidelik egter is gevoel dat die owerheid, deur middel van politieke kommissarisse, géén reg op sitting in die sinodale vergadering het nie, omdat dit 'n vergadering van die ampte van die kerk is.

Die groot rede waarom die politieke kommissarisse wél op die sinodale vergadering aanvaar is, is dat die owerheid op dié manier kennis kan dra van die kerklike handelinge en besluite. Sodoende kan daar ook betyds voorkom word dat allerlei politiek-staatkundige sake op 'n sinode behandel sal word. Hier is dit die taak van die politieke kommissarisse om toe te sien dat alleen kerklike sake op 'n kerklike manier op 'n sinodale vergadering behandel word. Verder moes die kommissarisse ook toesien dat die sinode ongehinderd, sonder versteurings sy werk kan doen. Terselfdertyd kan die kommissarisse ook bepaalde vrae, waarmee die owerheid worstel, aan die sinode voorlê sodat die sinode die owerheid kan adviseer. Die owerheid het, deur middel van sy politieke kommissarisse nié die reg om die sinode in die uitvoering van sy taak te belemmer nie, tensy die sinode duidelik besig is om op verkeerde bane te beweeg. Dán kan die owerheid die sinode opskort, sodat die kerk as 'n geheel wéér oor die besluite en koers van die sinode kan besin. Die uitgangspunt is egter dat die owerheid nie die kerklike vryheid mag onderdruk nie. Die deelname van die owerheid aan die sinodale vergadering word normaalweg verdedig deur die stelling dat die owerheid custos et defensor ecclesiae is.

Verder is dit die taak van die owerheid om die sinodale besluite amptelike geldigheid te gee. Die sinodale besluite of canones het, vanuit die kerklike reg gesien, 'n eie gesag kragtens die potestas ordinis wat die kerk besit. Die owerheidsbekragtiging van die besluite is dus nie wesenlik of noodwendig nie, maar is slegs deel van die owerheid se taak om 'n sodanige ruimte in die wêreldlike gemeenskap vir die kerk te skep dat die kerk kan groei en vooruitgaan. Daarby, as die owerheid die

besluite van die sinode sanksioneer, dan kan die sinodale besluite, indien nodig, afgedwing word. Die uitgangspunt hier is dat die Christelike owerheid die kerk in die openbare lewe moet beskerm en dat hy ook die gesag van die kerk moet ondersteun en sterk.

Dit geld ook van die houding van die owerheid ten opsigte van die tuggesag en tugbevoegdheid van die kerk. Die owerheid mag hom net met die kerklike tug bemoei wanneer die kerk uitdruklik die wêreldlike owerheid se hulp inroep. In so 'n geval mag die owerheid nie die kerk se versoek ignoreer nie. Die rede is dat die owerheid enersyds die kerklike orde as 'n goddelike instelling moet waardeer, en andersyds is dit die plig van die owerheid om toe te sien dat die lidmate van die kerk hulle aan die kerklike gesag onderwerp. Dit is veral nodig as 'n kerklike ampsdraer hom teen die kerklike sensuur verset. Die owerheid het hier 'n plig om toe te sien dat die kerklike tug gerespekteer en gehoorsaam word. Indien die kerk op sy beurt nalatig is om bv 'n ketterse predikant aan te spreek, is die owerheid bevoeg om 'n klassis of 'n sinode byeen te roep, sodat hulle 'n kerkraad kan dwing om op te tree. So kan die owerheid ook sorg dat alles in die kerk ordelik voortgaan. Deur so op te tree, tree die owerheid nie in die plek van die kerklike vergaderings nie, maar verplig slegs die kerklike vergaderings om hulle dienswerk, wat hulle nagelaat het, te doen. Slegs wanneer die kerk so verdorwe geraak het dat hy hom nie meer aan sy eie orde hou nie, kan die owerheid direk in die kerk ingryp.

6 Die reg van die kerk om hom teen 'n onderdrukkende owerheid te verset

Die Nederlandse Kerkhervorming wat hand aan hand gegaan het met die opstand teen Spanje, het tot 'n baie groot mate voortgekom uit 'n reg tot weerstand en verset teen 'n onderdrukkende owerheid. Nadat die Nederlande hulle onafhanklikheid verkry het, was dit nodig om duidelikheid te kry oor die regte én die noodregte van die kerk ten opsigte van die owerheid.

As mens let op die algemene opvatting oor die reg tot opstand, dan word dit duidelik dat *niemand*, gedurende die sestiende en sewentiende eeu, aan die kerk of aan sy ampsdraers die reg toegesê het om aktief in opstand teen 'n landsowerheid te kom nie. Daardie reg word slegs toegesê aan owerheidspersone, en dan word daardie reg òf gebaseer op grond van die bepaalde regsorde van 'n bepaalde land, òf op grond van bepaalde noodregte wat die natuurlike reg bied, òf dit word gebaseer op afleidings wat uit bogenoemde moontlikhede gestel word. Nêrens word in die Calvinistiese kringe 'n reg tot opstand gestel wat direk by die volk self lê nie, hoewel juriste soos Buchanaeus, Languet en Hotman dit wel probeer aantoon. Wanneer Calvinistiese teoloë in dié rigting skryf, dan is dit opvallend dat hulle dan altyd van die volk skryf as 'n burgerlike gemeenskap en *nooit* as 'n kerklike gemeenskap nie.

In Nederland, wanneer die stadhouer, die adel, die regente en die stedelike magistrate, in opstand teen Spanje kom, dan doen hulle dit as owerheidspersone en nié primêr as kerkmense nie. Dit is dan ook duidelik dat die reg tot opstand en wat daarmee saamhang, nie logieserwyse voortvloei uit die grondbeginsels van die re-

formatoriese godsdiens, sy leer of sy kerklike ordening nie. Die Nederlandse opstand was juridies verantwoord met 'n beroep op die grondslae van die openbare reg, en dan veral die regte en privileges van die owerheidspersone wat die opstand gelei het. Daardie regte en privileges en die hele juridiese argument ter verdediging van die reg van opstand, was gebaseer op die reëls van die natuurreg en die volkereg, soos dit destyds verstaan is.

Oor die algemeen het die Calvinistiese teoloë soos Voetius, Trigland, Appollonius en andere, geargumenteer dat die kerk en sy ampsdraers nié die bevoegdheid of die gesag besit om aktief in opstand teen 'n owerheid te kom nie. Die vraag hoe 'n kerk, ampsdraers en lidmate, hulle moet gedra teen 'n onderdrukkende en tirannieke owerheid, hang vir 'n groot deel af van wat die owerheid doen.

Die owerheid word altyd as tiranniek en onderdrukkend gekwalifiseer waar die owerheid sy opdrag om dienskneg van God te wees verloën. Maar selfs al sou die owerheid die goddelike reg verloën en opsy stoot, dan moet die kerk nóg die owerheid as owerheid erken. Daar is alleen 'n reg tot opstand as dit van die burgerlike gemeenskap uitgaan. Die kerk en sy ampsdraers besit nie daardie reg nie.

Die gelowiges en die kerk besit alleen *'n passiewe reg tot weerstand.* Daardie reg vind sy oorsprong in Handelinge 5:29: "Ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense." Slegs in die geval van 'n direkte konfrontasie, kan die plig om die owerheid gehoorsaam te wees opgehef word met die beroep op die gewete, dit wil sê met die beroep op die gehoorsaamheid aan God en sy wil. Hieruit vloei die reg van passiewe gehoorsaamheid voort. Dit is opvallend dat hier geen onderskeid gemaak word tussen die individuele gelowige en die kerk nie. Die argument is dat die innerlike eenheid én die verbondenheid van die enkeling-gelowige met die gemeenskap van die gelowiges beteken dat die enkele gelowige nié individualisties kan of mag optree nie, maar dat die beslissing hier in die hande van die gemeenskap van die gelowiges lê.

Nou blyk dit dat die tirannie van die owerheid of sy onderdrukkende maatreëls gewoonlik die enkele gelowige of ampsdraer tref, en nie die kerk as openbare liggaam nie. Die onderdrukking van die kerk geskied nie ánders as dat die las op 'n meerderheid of 'n groot getal van gelowiges en ampsdraers neerkom nie. Tog weet en glo die gelowiges dat in so 'n geval die owerheid se mag begrens is, dit kan slegs so ver gaan as wat God dit toelaat.

Duidelik is dit dat die reg tot passiewe weerstand slegs lydelike verset en lyding vir die gelowige beteken en nié aktiewe, daadkragtige verset en optrede nie. Hier geld die woord van die goddelike belofte dat in die nederigheid en swakheid die krag van Christus se koninkryk sal blyk. Hier geld die woord van Ambrosius: *Arma ecclesiae sunt preces et lacrymae, et tantum patiendo se opponit.*

Word die kerk so deur 'n onderdrukkende owerheid belas en belemmer, beteken dit nié dat die kerk sy vryheid en bestaansreg moet prysgee nie. Die kerk is, in laaste instansie, alléén aan Christus gehoorsaamheid en onderdanigheid verskuldig. As die owerheid gebooie sou uitvaardig of bevele gee waarmee die owerheid in kerklike aangeleenthede indring of intree, en as daardie owerheidsoptrede géén

gronde in Gods Woord het nie, dan het daardie gebooie en bevele in die lewe van die kerk geen geldigheid nie.

Indien die owerheid met geweld teen die kerk optree, is die kerk verplig om dan na weë en middele te soek om die kerklike gemeenskap en die kerklike lewe tóg te handhaaf én aan die gang te hou. So kan die kerk besluit om sy godsdiensoefeninge onopvallend of selfs in die geheim net vir 'n paar mense te hou. As dit ook nie meer moontlik is nie, moet die gelowiges dit oorweeg om uit die land weg te trek om sodoende hulle vryheid om God te dien, volgens die voorskrif van sy Woord, elders uit te oefen.

In hierdie verband stel Jacobus Trigland in sy *Dissertatio Theologica De Civili et Ecclesiastica Potestate et Utriusque ad se invicem tum subordinatione tum Coordinatione*, 1642:

> "Wanneer die owerheid nie meer die ware godsdiens wil toelaat nie en die gelowiges verhinder om hulle godsdiens uit te leef, dan mag die ampsdraers van Christus tog nie hulle dienswerk neerlê of die kudde van Christus wat aan hulle toevertrou is, verlaat nie. As 'n ampsdraer deur 'n regmatige beroep en roeping deur Christus in 'n bepaalde gemeente geplaas is, moet hy daar sy Heer Christus en sy gemeente dien, so goed as moontlik."

Terselfdertyd mag die kerk nie ophou om tot God te bid om tot sy redding te kom nie, en terselfdertyd moet die kerk aanhou om die owerheid te vra om hom sy vryheid te gee en die beskerming waarop die kerk geregtig is. As die wêreldlike owerhede hieraan geen gehoor gee nie, moet die kerk altyd onthou dat die mag van God die mag van die owerheid kan beteuel en selfs daardie onderdrukkende owerheid kan vernietig. Buitendien leer die geskiedenis dat aardse maghebbers die bestaan en voortbestaan van die kerk nie werklik kan belemmer nie.

Ten slotte kan daarop gewys word dat hierdie argument dat die kerk 'n reg tot lydelike verset het, voortvloei uit die standpunt dat die kerk 'n eiesoortige liggaam in die wêreld is. Die kruisgemeentes in die vroeë dae van die Hervorming in Nederland, word dan gesien as 'n bewys dat die kerk en die gemeente van Christus onafhanklik van die owerheid kan bestaan. Vir die lewe van die kerk is die afhanklikheid van Christus en die gehoorsaamheid aan sy Woord die enigste lewensvoorwaardes. Daarom moet die kerk ook altyd met die grootste versigtigheid daarteen waak dat hy nie vir sy bestaan en voortbestaan homself afhanklik maak van een of ander burgerlike of wêreldlike gegewene nie. Die kerk as liggaam van Christus, moet so aan sy Hoof en Heer verbonde bly dat dit die enigste werklike voorwaarde vir sy bestaan én voortbestaan is. Enigiets wat daardie verbondenheid òf verswak òf belemmer, *moet* uit die kerklike lewe geweer word, anders verloën die kerk self die enigste voorwaarde van sy bestaan.

AANTEKENINGE

1 W F Dankbaar, *Calvijn, zijn weg en werk*, Nijkerk zj, p 93 verv. Hy haal dan ook Calvyn aan waar hy stel: Niet door de slechtheid der mensen berust het gezag over alle dingen op aarde

bij koningen en andere vorsten, maar door de goddelijke voorzienigheid en Gods heilige ordinantie . . . Dit leert ook Paulus (Rom 13:1) dat de vorsten dienaren van God zijn, tot lof van hen die goed doen en tot wraak voor de kwaden . . . De overheden zijn gezanten van God, aan wie zij eens van de bediening van hun ambt rekenschap moeten afleggen."

2 Hier kan verwys word na Wtenbogaert se uiteensetting in sy *Tractaet van 't Ampt*, Grotius se *De imperio summarum potestatum circa sacra* en Vedelius se *De Episcopatu Constantini Magni seu de Potestate Magistratuum Reformatorum circa res Ecclesiasticas.*

3 Vgl in hierdie verband B J Milner Jnr, *Calvin's Doctrine of the Church*, Leiden 1970. Uiteraard is daar meerdere samevattings van Calvyn se ekklesiologie wat geraadpleeg kan word.
Die uiteensetting hier is grotendeels gebaseer op die geskrifte van die sewentiende-eeuse Nederlandse teoloë Gisbertus Voetius, Guilielmus Apollonius, Jacobus Tringland en Nicolaus Vedelius. Verder kan die volgende werke ook nagegaan word, wat vir die opstel van hierdie hoofstuk gebruik is: J Bohatec, *Calvins Lehre von Staat und Kirche*, Breslau 1937. I A Diepenhorst, *De Verhouding tusschen Kerk en Staat in Nederland*, Utrecht 1946.
I N Figgis, *Studies of Political Thought from Gerson to Grotius*, Cambridge 1931.
E Conring, *Kirche und Staat nach der Lehre der niederländischen Calvinisten in der ersten Hälfte des 17 Jahrhunderts*, Neukirchen-Vluyn 1965.

Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg

Prof dr AD Pont

HAUM

HAUM